# DIE ROL VAN KOINONIA IN KLEINGROEPE IN DIE OPBOU VAN DIE GEMEENTE

deur

WILLEM JACOBUS DU PLESSIS

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROFESSOR J P J THERON

JUNIE 1999

*******

**Aan Marthie en Albert**

# **Bedankings**

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle waardevolle insette by die voltooiing van hierdie studie:

Wyle Professor Louis Heyns wat vir twee jaar as promotor opgetree het. Dit was met skok dat ek op 16 Januarie 1999 van sy afsterwe verneem het. Ek het net die hoogste agting vir die bekwame wyse waarop hy my met hierdie studie begelei het. Dit was 'n voorreg om onder sy leiding te kon studeer.

Professor Jaques Theron wat op kort kennisgewing as promotor moes oorneem. Ek het waardering vir die wyse waarop hy die taak voortgesit het. Sy deernis vir die moeilike situasie waarin ek myself skielik bevind het, het my gehelp om die studie te kon voltooi.

Neline White vir die moeisame werk om die manuskrip te proeflees en die taalversorging te doen. Haar belangstelling en entoesiasme vir die studie was 'n riem onder die hart.

Aan my vrou, Marthie en seun Albert(12) vir hulle volgehoue entoesiasme en ondersteuning oor die afgelope nege jaar van verdere studie.

Ten slotte kom al die eer ons Hemelse Vader toe, dit is U wat die brandende liefde vir die kleingroep in my hart geplaas het, en die vlam van koinonia aan die brand gehou het. Aan U kom toe die lof en aanbidding van my hart. Hierdie studie behoort aan U!

***SOLI DEO GLORIA***

## ***Samevatting***

Die probleemstelling van hierdie studie is naamlik: "Kan die groei of bestaan van kleingroepe in 'n gemeente 'n invloed hê op die vlak van koinonia wat die gemeente beleef." Hierdie vraag het relevant geword omdat die mens waarmee die kerk werk, gedurig verander.

Sedert die "verligting" van die sewentiende eeu lewe ons in 'n tyd wat as die "modernisme" bekend staan. Die modernisme word gekenmerk deur die beklemtoning van die rasionele en individualisme van die individu. Sedert die tweede wêreldoorlog het daar 'n verskuiwing begin plaasvind van 'n "modernistiese" na 'n "postmodernistiese" samelewing. Die postmodernis ontgogel deur die onvermoë van die modernisme om vrede in die wêreld te verseker het 'n behoefte na "community" of koinonia begin ontwikkel. Dit het weer belangrik geword om iewers te behoort. Die tradisionele bedieningspraxis wat baie gesteun het op die beginsels van die modernisme is besig om ontoereikend te word vir die uitdagings van die postmodernistiese mens.

Die doel van hierdie studie is om 'n bedieningspraxis te ondersoek en te beskryf wat die behoefte na koinonia aan spreek - daardie diep innige omgang van mense met mekaar in liefde. Die term verwys na die diep lewens en lotsverbondenheid wat 'n christelikegeloofsgemeenskap met mekaar behoort te deel. Die tradisionele bedieningspraxis het die ideaal na koinonia in die erediens gesien. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat dit nie haalbaar is nie. 'n Nuwe bedieningspraxis waarin die kleingroep prominent figureer is eerder die ruimte waarbinne koinonia beleef kan

word. Dit beteken dat die studie 'n paradigmaskuif voorstaan van 'n tradisioneel "verkondigings" of "Herder-kudde-model" na 'n "liggaams"- of "charismatiesemodel".

Die doel van die studie is om die postmoderne mens te lei na geloofsvolwassenheid, dit is die uiteindelike doel van 'n gemeentebouprogram. Hierdie groei na geloofsvolwassenheid is 'n pastorale proses waar lidmate deur 'n egte belewing van koinonia in 'n kleingroep, wat as 'n verlengde familie funksioneer, groei na geloofsvolwassenheid. Die studie steun die "selgemeentemodel" as bedieningspraxis om die groei na geloofsvolwassenheid in 'n gemeente te fasiliteer. Hierdeur sal koinonia as een van die wesenskenmerke van die kerk weer tot sy reg kom in die kerk.

## Summary

This study deals with the problem statement: "Can the growth or existence of small groups within a congregation influence the level of community experienced within that congregation?" The question is relevant because the church works with ever-changing human beings.

Since the "revolution" of the seventeenth century, we have been living in a period of "modernism" characterised by the emphasis being placed on rationalism and individualism. Since the Second World War a shift has taken place from a "modernistic" to a "post-modernistic" society. Post-modernistic man, disillusioned by the inability of the modernistic world to ensure peace, has developed a need for community. Involvement with other people and the need to belong has once again become important. Traditional ministry, based on the principles of modernism, has become inadequate to fulfil the challenges and requirements of post-modernistic man.

The purpose of this study is to investigate a ministry practice which will address these requirements of community – namely a deep and profound relationship of caring between people. The term refers to a strong bond of common destiny which people should experience within a religious community. Traditional practices of ministry upheld the belief that this ideal of community could be attained within religious services. The premise of this study is that such a level of community is not achieved within traditional ministry practices. A new practice, in which small groups feature prominently, would be more conducive to a spirit of community. The study suggests a

paradigm shift from the traditional model of "gospel preaching" or "pastoral-herd", to a more physical or charismatic model.

The purpose of this study is to guide post-modernistic man towards religious adulthood, which is the ultimate goal of a congregational building program. This is a pastoral process where members of the congregation grow towards adulthood through a fervent experience of community within a small group, functioning as an extended family. The study promotes the "cell-church model" as appropriate ministry practice to facilitate the congregation's growth towards religious adulthood. Through this approach, community will once more take its rightful place as one of the quintessential features of the church.

UNISA
253.7 DUPL
0001735542

**Title of thesis:**

**The role of koinonia in small groups in the building up of the local church**

**Key terminology:**

Church concept, ecclesiology, concept of officialdom, congregational building, pastoral process, religious adulthood, religious growth, practical-theological eccesiology, comparative ecclesiology, church model, modernism, post-modernism, koinonia, community, spirituality, small group, Bible study group, cell, cell group, cell group church.

# INHOUDSOPGAWE


**Hoofstuk 1** 25

*Inleiding en probleemstelling* 25

*1. Inleidende opmerkings* 25

*2. Navorsingdoelstelling* 28

*3. Probleemstelling* 29

*4. Navorsingsdimensies* 30

4.1 Die sosiologiese dimensie 30
4.2 Die ontologiese dimensie 31
4.3 Die teleologiese dimensie 31
4.4 Die epistomologiese dimensie 32
4.5 Die metodologiese dimensie 34

4.5.1 Die Prakties-teologiese vertrekpunt van die navorsing 34

4.5.1.1 Wat is Praktiese Teologie 35

4.5.2 Die posisie van die navorser in die navorsing 37

4.5.3 Die wyse van navorsing: Analise en Interpretasie 38

4.5.3.1 'n Deduktiewe strategie 38

4.5.3.2 'n Induktiewe strategie 39

*5. Konstrukomskrywing* 41

5.1 Koinonia 41
5.2 Kleingroep of selgroep 42
5.3 Gemeentebou 42
5.4 Kerkbegrip 43
5.5 Ampsbegrip 43

*6. Hipotese stelling* 44

*7. Operasionalisering* 44

## Hoofstuk 2 47

*'n Prakties Teologiese ekklesiologie met die oog op 'n kleingroepbediening* 47

*1. Inleiding* 47

*2. Probleemstelling* 48

*3. Kerkbegrip* 49

3.1 Kerkbegrip in die Ou Testament 49

3.1.1 Israel as volk 50

3.1.1.1 Religieus 50

3.1.1.2 Eties 50

3.1.1.3 Polities 50

3.1.2 Die posisie van die land in Israel se verhaal 51

3.1.2.1 Omgewingsfaktore 52

3.1.2.2 Demografiese Faktore 52

3.2 'n Nuwe Testamentiese kerkbegrip 52

3.2.1 Die kerk as die volk van God 54

3.2.2 Die kerk as nuwe skepping 55

3.2.3 Die kerk as liggaam van Christus 56

*4. Ampsbegrip* 57

4.1 'n Ou Testamentiese Ampsbegrip 57

4.1.1 Die Koning in die Ou Testament 59

4.1.2 Die Priester in die Ou Testament 60

4.1.3 Die profeet in die Ou Testament 61

4.1.4 Konklusie 61

4.2 'n Nuwe Testamentiese ampsbegrip 62

4.2.1 Amp of bediening 64

4.2.1.1 Amp 64

4.2.1.2 Bediening 64

4.2.2 Die charismata en die "amp" 65

4.2.3 Die "amptelike" bedieninge 69

4.2.3.1 Apostels 69

4.2.3.2 Profete 70

4.2.3.3 Herders en leraars, ouderlinge en opsieners 71

4.2.3.4 Evangeliste 71

4.2.3.5 Diakens 72

4.2.4 Slotopmerkinge rondom die ampte 73

*5. Gevolgtrekkings* 74

**Hoofstuk 3** 77

*'n Prakties Teologiese ekklesiologie met die oog op 'n kleingroep-bediening met spesiale verwysing na 'n vergelykende ekklesiologie en die gebruik van modelle* 77

*1. Inleiding* 77

*2. Dulles se vergelykende ekklesiologie* 78

*3. Dulles se siening van die kerk binne Rooms Katolieke verband* 79

*4. Model en Metafoor* 80

4.1 Waarde van 'n metafoor 81

4.2 Gevare van metafore 82

*5. Kerkmodelle* 82

5.1 Die kerk as Instituut 83

5.1.1 Teologiese uitgangspunte 83

5.1.2 Metafore en ekklesiologie 84

5.1.3 Siening van Kerkeenheid en Ekumene 86

5.1.4 Ampsbeskouing 86

5.1.5 Kommunikasiestyl 87

5.1.6 Kenmerke van Erediens en prediking 87

5.1.7 Evangelisasiestyl 88

5.1.8 Maatskaplike betrokkenheid 88

5.1.9 Sterkpunte van die model 88

5.1.10 Swak punte 89

5.2. Die Kerk as Herout (Kerugmatiese model) 89

5.2.1 Teologiese uitgangspunte 89
5.2.2 Metafore en ekklesiologie 91
5.2.3 Siening van kerkeenheid en ekumene 92
5.2.4 Ampsbeskouing 92
5.2.5 Kommunikasiestyl 92
5.2.6 Kenmerke van die erediens en prediking 93
5.2.7 Evangelisasiestyl 93
5.2.8 Maatskaplike betrokkenheid 94
5.2.9 Sterk punte 94
5.2.10 Swak punte 95

5.3. Die Kerk as liggaam (Charismatiese model) 95

5.3.1 Teologiese uitgangspunte 95
5.3.2 Metafore en ekklesiologie 96
5.3.3 Siening van kerkeenheid en ekumene 98
5.3.4 Ampsbeskouing 98
5.3.5 Kommunikasiestyl 99
5.3.6 Kenmerke van die erediens en prediking 99
5.3.7 Evangelisasiestyl 100
5.3.8 Maatskaplike betrokkenheid 100
5.3.9 Sterk punte 100
5.3.10 Swak punte 101

5.4 Die kerk as dienskneg (Transformasiemodel) 102

5.4.1 Teologiese uitgangspunte 102
5.4.2 Metafore en ekklesiologie 103
5.4.3 Siening van kerkeenheid en ekumene 104
5.4.4 Ampsbeskouing 104

5.4.5 Kommunikasiestyl 104
5.4.6 Kenmerke van die erediens en prediking 105
5.4.7 Evangelisasiestyl 105
5.4.8 Maatskaplike betrokkenheid 106
5.4.9 Sterk punte 106
5.4.10 Swak punte 106

5.5 Dulles se gemeenskap van dissipels 106

5.5.1 Kritiese samevatting van die dissipelskap model 109

Hoofstuk 4 112

*Gemeentebou as 'n pastorale proses: Die ontwikkeling van Geloofsvolwassenheid* 112

*1. Inleiding* 112

*2. Probleemstelling* 113

*3. Basiese uitgangspunt van hierdie hoofstuk* 114

*4. Konstrukte waarmee hierdie hoofstuk werk* 115

4.1 Gemeentebou 115
4.2 Pastorale proses 119

4.2.1 Die herdermetafoor 120

4.2.2 Die diensknegmetafoor 120

4.2.3 Die paraklese-metafoor 121

4.2.3.1 Die eskatologiese dimensie 122

4.2.3.2 Die pneumatologiese dimensie 123

4.3 Geloofsvolwassenheid 124

*5. Die proses van ontwikkeling tot geloofsvolwassenheid* 127

5.1 'n Prakties - teologiese ekklesiologie 128

5.1.1 Die kerk as instituut 130

5.1.2 Die verkondigingsmodel 130

5.1.3 Die liggaamsmodel 132

5.1.4 Die transformasiemodel 133

5.1.5 Konklusie 134

5.2 'n Basisteorie vir die groei na geloofsvolwassenheid 134

5.2.1 Visie 135

5.2.2 Verbintenis (Commitment) 137

5.2.3 Koinonia 138

5.2.4 Diens-diakonia 143

*6. Gevolgtrekkings* 144

Hoofstuk 5 145

*Koinonia as wesenskonsep in die opbou van die gemeente* 145

*1. Inleiding en probleemstelling* 145

1.1 Wat is koinonia 146
1.2 Teoretiese uitgangspunte 151

*2. Konsep koinonia nader omskryf* 153

2.1 Gemeinschaft versus gesellschaft 153

2.1.1 Kerk as "Gesellschaft" 154
2.1.2 Kerk as "Gemeinschaft" 155

2.2 Koinonia as wesenskenmerk van die kerk 156
2.3 Aanvullende koinonia - verbande 156

2.3.1 Die as van die wiel - die individuele gelowige 157
2.3.2 Die wiellaers - die huwelik en gesin 157
2.3.3 Die naaf - die kleingroep 158
2.3.4 Die speke - bedienings in groter groepe 158
2.3.5 Die band van die wiel: die erediens 159

*3. Koinonia in die Skrif* 160

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Koinonia in die Ou Testament | 160 |
| 3.2 | Nuwe Testament | 161 |
| 3.2.1 | Koinonia by Paulus | 163 |
| 3.2.2 | Koinonia in Handelinge | 164 |
| 3.2.3 | Koinonia in 1 Johannes | 165 |
| 3.2.4 | Koinonia en die huiskerk in die Nuwe Testament | 166 |
| 3.3 | Samevatting | 167 |
| *4.* | *Die paradoks van koinonia* | 168 |
| 4.1 | Spiritualiteit en die verlies aan koinonia | 175 |
| *5.* | *Die moderne mens en sy verhouding tot koinonia* | 176 |
| 5.1 | Die modernistiese denksisteem | 176 |
| 5.2 | Die postmodernistiese denksisteem | 180 |
| *6.* | *Die rol van die kleingroep in koinonia* | 182 |
| *7.* | *Koinonia en spiritualiteit* | 186 |
| 7.1 | Koinonia en aanbidding | 191 |
| 7.2 | Aanbidding en die kleingroep | 192 |
| *8.* | *Koinonia in ekklesiologiese perspektief* | 192 |

8.1 Koinonia en die "kerk as familie metafoor" 195

*9. Fases van koinonia* 198

9.1 Ontdekkings fase 198
9.2 Konflik fase 199
9.3 Stabiliserende fase 201
9.4 Terminerings fase 202

*10. Koinonia en die uitbou van die gemeente* 203

*11. Die invloed van koinonia op kerk groei* 205

*12. Slotopmerkings* 208

Hoofstuk 6 210

*Die kleingroep as bedieningspraktyk om koinonia te fasiliteer tot die opbou van die gemeente* 210

*1. Inleidende opmerkinge oor kleingroepe* 210

1.1 Wat is 'n kleingroep 215

*2. Historiese aanloop 217*

*3. Kleingroepe in die Skrif 226*

3.1 Kleingroepe in die Ou Testament 226
3.2 Kleingroepe in die Nuwe Testament 227

3.2.1 Die huiskerk in Handelinge 230
3.2.2 Die huiskerk in die Pauliniese geskrifte 230
3.2.3 Argeologiese getuienis 232

*4. Die wese en die funksionering van 'n effektiewe kleingroep 233*

4.1 Die funksies van 'n kleingroep 235

4.1.1 Die ondersteuning na geestelikegroei 235
4.1.2 Die ontwikkeling van eenheid en koinonia 236

4.1.2.1 Ontdekking of wittebroodfase 237
4.1.2.2 Konflikfase 237
4.1.2.3 Stabiliseringsfase 238
4.1.2.4 Termineringsfase 238

4.1.3 Die mobilisering vir "commitment" en bediening (die missionêre gerigtheid van die kleingroep) 239

4.2 Obserwasies van Kirkpatrick en Robert Leslie 239

| | | |
|---|---|---|
| 4.3 | Die beginsels vir die funksionering van 'n suksesvolle Kleingroep | 241 |
| 4.3.1 | Die beginsel van identifisering | 241 |
| 4.3.2 | Aanvaarding | 242 |
| 4.3.3 | Ontdekking | 243 |
| 4.3.4 | Die groep moet gerig wees op Christus | 243 |
| 4.4 | Kleingroepdinamika | 244 |
| 4.4.1 | Kommunikasiepatrone | 244 |
| 4.4.2 | Verwagtinge | 244 |
| 4.4.3 | Konsensus | 245 |
| 4.5 | Die selgemeentemodel | 245 |
| *5.* | *Die kleingroep en die fundamentele nood van die gemeenskap* | 249 |
| *6.* | *Die kleingroep as verlengstuk van die familiegroep* | 251 |
| *7.* | *Die kleingroep en koinonia* | 254 |
| *8.* | *'n Kritiese blik op kleingroepe* | 257 |
| 8.1 | Doelwitte | 263 |
| 8.2 | Leierskap | 264 |
| 8.3 | Lidmaatskap | 264 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.4 | Verbintenis of kontrak | 264 |
| 8.5 | Groepstruktuur en proses | 265 |
| 8.6 | Affiliasie met 'n organisasie | 265 |
| 8.7 | Konsultasie | 266 |
| 8.8 | Spesiale probleme | 266 |
| *9.* | *Positiewe opmerkinge oor kleingroepe* | 267 |
| *10.* | *Die kleingroep in prakties teologiese perspektief* | 269 |
| 10.1 | Waarom groei die belangstelling in kleingroepe | 274 |
| *11.* | *Diversiteit van kleingroepe* | 275 |
| *12.* | *Invloed van omgewingsfaktore op die kleingroep* | 275 |
| *13.* | *Die kleingroep in die makrokerk konteks* | 277 |
| *14.* | *Die kleingroep in kleingemeente-konteks* | 279 |
| *15.* | *Kleingroepe in gemeentebou perspektief* | 281 |

HOOFSTUK 7 284

*Bedieningspraktyk, 'n vergelyking tussen drie*

*kleingroep modelle* 284

*1.* *Inleidende opmerkinge* 284

*2.* *Die kerk met kleingroepe of gedeeltelike kleingroepbbediening*284

*3.* *Die sel model* 285

3.1 Die "cell-church" model van Ralph Neigbour 286

3.1.1 Die Neighbourmodel skematies voorgestel 289

3.1.2 Gevolgtrekkings 290

3.2 Die "Meta church" model van Carl George 291

3.2.1 Die Carl George model skematies voorgestel 294

3.2.2 Gevolgtrekkings 296

3.3 Die selgemeente model van Marius Potgieter 296

3.3.1 Die Potgieter model skematies voorgestel 300

3.3.2 Gevolgtrekkings 300

HOOFSTUK 8 302

*Samevatting en gevolgtrekkings* 302

*1. Samevatting* 302

*2. Gevolgtrekkings* 305

*3. 'n Eietydse koinoniale diensmodel* 307

3.1 Koinoniale diens-na-bo 311

3.2 Koinoniale diens-na-binne 312

3.3 Koinoniale diens-na-buite 312

3.3.1 Outentisiteit 313

3.3.2 Empatie 313

3.3.3 Kontekstuele bewustheid 313

3.4 Koinoniale diens-na-vore 313

Geraadpleegde werke 317

# Hoofstuk 1

## *Inleiding en probleemstelling*

### *1. Inleidende opmerkings*

Die kerklike situasie in Suid-Afrika het die afgelope aantal jare dramaties verander. Vir dekades was die kerk 'n landelik-georiënteerde kerk, waar die kerkgebou letterlik en figuurlik die middelpunt van die samelewing was. Maar hierdie tyd is vir altyd verby. Verstedeliking en die verandering van 'n homogene kerklike gemeenskap na 'n gemeenskap van diversiteit het 'n wye verskeidenheid gemeente-tipes tot gevolg gehad.

Wat die meta-konteks betref, dit wil sê die konteks waarbinne die kerk homself bevind, het daar ook heelwat veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind. Na dekades van "blanke"- dominansie, beleef ons 'n nuwe Suid-Afrika met nuwe uitdagings. Waar sekere basiese norme en waardes deur wetgewing beskerm was, kan die kerk nie meer op die wetgewer staatmaak om die burgers teen sedelike- en etiese verval te beskerm nie. Die "postmoderne" mens met die klem op "my"- regte wil nie meer deur wetgewing voorgeskryf word wat om te lees, kyk of doen nie.

Die vraag kan nou gevra word: Is die kerk nog relevant vir die "postmoderne" mens van vandag? Potgieter meen dat die kerk nie meer die deursneemens aanspreek nie. "Talle mense het geen band meer met die kerk nie en dit maak geen verskil aan hulle

nie. 'n Groot deel van die Christene in Suid-Afrika ervaar die kerk as iets op die kantlyn van hulle lewens" (Potgieter 1995:2).

Hoe gaan die kerk hierdie probleem aanspreek, sonder om soos die kerk in Wes-Europa totaal irrelevant vir die mens te word? Die kerk staan voorwaar voor besondere uitdagings om in 'n nuwe situasie steeds kerk van Jesus Christus te wees.

Om hierdie probleem van kerkverval aan te spreek het die "gemeentebou"- beweging in Suid-Afrika tot stand gekom. Hierdie beweging is grootliks gestimuleer deur die "Church Growth"- beweging van die VSA. Baie leraars en gemeentes het die gemeenteboubeweging as die oplossing vir die probleme van die kerk gesien. Ander het dit weer as 'n bedreiging vir hulle paradigma gesien. Ons taak is nou om die gemeenteboubeweging teologies te fundeer om sodoende te verhoed dat dit nie weer net 'n "program" word sonder enige diepte nie. Gemeentebou moet nie bloot die doen van nuwe dinge wees nie, maar moet 'n wesensverandering in die "lewe" van die gemeente tot gevolg hê!

'n Verdere "gevaar is dat die kerk en die gemeente net met homself of met sy eie groepering van mense besig bly. Dan word hy slegs op groter skaal 'n kliek met die nadelige gevolge daarvan ook op groter skaal sigbaar met 'n langer en nadeliger uitwerking" (Hendriks 1990:125). Gemeentebou mag nie die kerk lei om net na binne te groei nie, daar behoort 'n balans te wees tussen die opbou en uitbou dimensies van gemeentebou.

Daar is tans 'n groepering binne die gemeentebou beweging wat besig is om na 'n nuwe bedieningspraktyk vir die kerk te soek. As die kerk dan nog relevant vir die toekoms wil wees, sal die kerk na sy bedieningspraktyk moet kyk. Die sel- of kleingroep konsepte het skielik weer 'n oplewing wêreldwyd begin beleef. Ook hier ter lande het die "Cell Church" en "selgemeente"- beweging vinnige opgang gemaak sedert die vroeë negentigs. Talle gemeentes het besluit om van 'n sogenaamde "program gebaseerde" kerk na 'n "sel gebaseerde" kerk om te skakel. Baie met sukses en ander weer met minder sukses.

Die kleingroep is egter nie 'n uitvindsel van ons tyd nie en kan reeds in kern in die Skrif gevind word. Na die voorkoms van die basiese christelike gemeenskap in die Nuwe Testament, kry ons sporadiese verwysings na kleingroepe tot en met die agtiende eeu toe daar in die bediening van Wesley 'n oplewing van kleingroepe was. Maar dit was in die vyftigerjare van hierdie eeu waar die waarde van die kleingroep weer herontdek is en nou weer in die laat tagtigs en begin negentigs met nuwe ywer toegepas word.

Daar is tans drie verteenwoordigende modelle wat gebruik word. Ralph Neighbour met sy "cell church"- model, wat hoofsaaklik in die pinkster- en charismatiese groepe byval gevind het, en in 'n mindere mate in die gereformeerde kringe. Dan is daar die "meta-church" model van Charl George wat nie werklik hier in Suid-Afrika gebruik word nie en dan laastens die "selkerk model" van Marius Potgieter wat maar eintlik 'n vergereformeerde “Cell church" model is.

Die vraag is nou, wat is die enkele faktor wat die kleingroep konsep so 'n geslaagde konsep maak as dit reg toegepas word? Die hipotese word gemaak dat die vlak van koinonia wat in so 'n kleingroep ervaar word, van deurslaggewende belang is vir die sukses van daardie groep. Dit wil voorkom asof dit juis die soeke na gemeenskap is wat mense na 'n kleingroep trek, en dan ongetwyfeld lei tot 'n groei in geestelike volwassenheid in die kerk. Die teenoorgestelde blyk ook waar te wees: Die bestaan van kleingroepe in 'n gemeente het 'n uitwerking op die vlak van koinonia wat in die gemeente beleef word.

In die lig van hierdie inleidende opmerkinge kan die tema van hierdie studie soos volg geformuleer word:

**"Die rol van koinonia in kleingroepe in die opbou van die gemeente"**

## *2. Navorsingdoelstelling*

Die doel van hierdie studie is om die domein van die kleingroep te bestudeer, maar meer spesifiek om die rol van koinonia in kleingroepe uit te wys. Daar word baie na koinonia of die "gemeenskap van die gelowiges" in die kerk verwys, maar min verstaan die betekenis daarvan vir die kerk. Die doel is om die kerk weer sensitief te maak vir die waarde van koinonia in die opbou van die gemeente en om die gebrek daaraan in die tradisionele bedieningspraktyk uit te wys.

Hierdie studie het dus ten doel om 'n nuwe "paradigma" te ondersoek: 'n paradigma waar koinonia as een van die wesenskenmerke van die kerk weer 'n sentrale plek in

die lewe van die kerk moet inneem. Hierdie skuif wil koinonia in 'n sekere bedieningspraxis kom plaas, waar daar ruimte is vir die funksionering van kleingroepe. Dit beteken dat die studie 'n standpunt gaan inneem rondom watter ekklesiologiese model die beste geskik sal wees om die rol van koinonia in kleingroepe te akkommodeer.

Hierdie studie wil ook kennis neem van die "mens" waarmee die kerk vandag werk. Dit word algemeen aanvaar dat daar 'n verskuiwing in die "denke" van die mens besig is om plaas te vind. Die samelewing ondergaan 'n skuif van dominerende "modernistiese" na 'n "postmodernistiese"- tyd. Die doel van hierdie studie is om rekening te hou met hierdie skuif en die besondere bedieningsbehoeftes wat die sogenaamde "postmoderne"- mens vra, aan te spreek.

### *3. Probleemstelling*

Soos reeds gesê, gaan hierdie studie homself besig hou met die domein van die kleingroep. Aangesien daar reeds heelwat navorsing oor die kleingroep gedoen is, wil hierdie studie afgebaken word na die rol van koinonia in kleingroepe in die opbou van die gemeente.

Die studie wil verder konsentreer op die vraag:

**Kan die groei of bestaan van kleingroepe in 'n gemeente 'n invloed hê op die vlak van koinonia wat in daardie gemeente beleef word?**

Hieruit kan die volgende vrae geformuleer word:

1. Het die "kerk"- en "ampsbegrip" waarmee 'n kerk werk, 'n invloed op die belewing van koinonia in 'n gemeente?
2. Watter kerkmodel is die beste geskik om die kleingroepkonsep te akkommodeer?
3. Wat is die betekenis van gemeentebou in die konteks van hierdie studie?
4. Kan hierdie studie omtrent die rol van koinonia in kleingroepe inpas by die doelwitte van 'n gemeentebouprogram?
5. Wat is koinonia, en hoe funksioneer dit in die gemeente?
6. Is daar 'n korrelasie tussen koinonia en die vlak van spiritualiteit van 'n kleingroep?
7. Watter rol speel koinonia in die kleingroep?
8. Hoe moet 'n kleingroep funksioneer om die verhoging in die vlak van koinonia te fasiliteer?

## *4. Navorsingsdimensies*

Die studie vind plaas binne die konteks van die geesteswetenskappe en daarom gaan gepoog word om die vyf navorsingsdimensies wat Mouton en Marais uitwys, vir die doel van hierdie studie te internaliseer.

### 4.1 Die sosiologiese dimensie

Die navorsing vind binne 'n sekere konteks plaas. Die kleingroep is nie net 'n kerklike verskynsel nie, maar ook 'n sosiologiese verskynsel wat wyer as die kerklike

konteks uitkring. Die studie gaan egter beperk wees tot die voorkoms van die kleingroep binne die kerklike konteks. Koinonia is ook 'n sosiologiese konsep - alle mense wil iewers behoort. Daarom is daar tans 'n nuwe impetus na "community" in die Amerikaanse samelewing. Hierdie soeke na "community" is dan nie net gerig op 'n "religieuse"- behoort nie. Hierdie studie gaan op die rol van koinonia binne die kerklike konteks konsentreer.

### 4.2 Die ontologiese dimensie

Die ontologiese dimensie vra na die "syn" of die werklikheid wat bestudeer word. "Wanneer ons praat van die ontologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing, het ons daarom die werklikheid wat deur die geesteswetenskaplike bestudeer word, in gedagte. Ons wys voorts na hierdie werklikheid as die navorsingsdomein van die geesteswetenskappe" (Mouton & Marais 1985:12).

Die navorsingsdomein van hierdie studie is reeds afgebaken as die domein van die kleingroep en die funksionering van koinonia daarin. Die kleingroep as domein-verskynsel funksioneer egter nie in 'n vakuum nie. Daarom moet daar ook van die plek van die navorsingsdomein binne die meta-konteks kennis geneem word.

### 4.3 Die teleologiese dimensie

Die teleologiese dimensie spreek die doel van die navorsing aan. Aangesien daar reeds aan die navorsingsdoelwit aandag gegee is, volstaan die navorser met daardie uiteensetting.


### 4.4 Die epistomologiese dimensie

Volgens Mouton en Marais is hierdie waarskynlik die "sleuteldimensie" van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:12). Die epistemiese status van wetenskaplike uitsprake is uiters belangrik. Anders gestel, daar word 'n hoë premie op die werklikheidsgetrouheid van die navorsing geplaas. "Die epistomologiese dimensie is dus in 'n belangrike sin die beliggaming van die wetenskaplike ideaal: die soeke na waarheid" (Mouton & Marais 1985:14).

Die epistomologiese dimensie vra dus na die paradigma waarin gewerk word. As ons na die navorsingsonderwerp en- doel kyk, mag ons vra na die navorsingsgeldigheid van so 'n onderwerp. Is ons hier met wetenskap besig of nie? Hoort hierdie navorsing tuis by die teologie en by name die Praktiese Teologie? Hierdie studie hoort beslis by die Praktiese Teologie en die skrywer vereenselwig hom met die uitspraak van Hendriks as hy sê: "Van al die teologiese vakdissiplines strek die Praktiese Teologie hom die verste uit om die mens in al sy verhoudinge te verstaan" (Hendriks 1990:19).

Dit is egter nodig om hierdie studie as wetenskaplike handeling te verantwoord:

Hierdie studie het ten doel om 'n aspek van 'n paradigmaskuif wat tans in die bedieningspraxis besig is om plaas te vind, te beskryf. Thomas Kuhn in sy boek "The structure of scientific revolutions" beskryf die proses van die paradigmaskuif baie deeglik. Skematies kan die skuif so voorgestel word:




Die studie identifiseer as ou paradigma die sogenaamde "herder-kudde"- model waar daar volgens die navorser min ruimte vir die beleef en uitleef van koinonia is. Die algemene siening binne die "herder-kudde"- model is om koinonia as 'n element van die erediens te beskryf. Die teendeel is egter waar, soos ons in die hoofstuk oor die modelle sal sien, omdat die "herder-kudde" model of die verkondigingsmodel soos dit ook bekendstaan, nie juis geskik is vir die belewing van koinonia nie. Daar het dus algaande anomalieë begin ontstaan in die siening van die tradisionele model van kerklike praxis. Om Kuhn se metafoor te gebruik: Die ou paradigma was gereed om in die rewolusie fase in te gaan. 'n Wetenskaplike "rewolusie" ontstaan wanneer daar soveel anomalieë bestaan dat die geldigheid van 'n paradigma bevraagteken word (Kuhn 1962:19). Algaande het daar 'n nuwe paradigma tot stand begin kom wat vanuit die "liggaam-van-Christus"- metafoor gekonstrueer is.

Hierdie studie het die keuse gemaak vir die "liggaam-van-Christus-model". Die liggaamsmodel blyk ook die beste basis te bied vir die funksionering van kleingroepe in die gemeente.

Die studie berus verder op 'n dialogiese omgang tussen die Praktiese Teologie en die sosiologie. Dit wil egter ook die normatiewe inset van die Skrif erken as wesenlike deel van beide die teologiese-en die kerklike praxis.

## 4.5 Die metodologiese dimensie

Die metodologiese dimensie skets die werkwyse wat met die studie gevolg word. Die "hoe" van die studie word hierdeur aangespreek.

> Hoe moet wetenskaplike navorsing beplan, gestruktureer en uitgevoer word om te beantwoord aan die eise van wetenskaplikheid. Streng etimologies beteken metodologie niks anders as die logika onderliggend aan die implimentering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid nie (Mouton & Marais 1985:16).

### 4.5.1 Die Prakties-teologiese vertrekpunt van die navorsing

Die doel is nie om hier 'n volledige oorsig van al die verskillende sieninge oor wat Praktiese Teologie is, weer te gee nie, maar slegs aan te dui vanuit watter prakties-teologiese vertrekpunt die navorsing die navorsingsprobleem benader.

Die prakties-teologiese perspektief waaruit die studie benader word, is die "Praktiese Teologie as handelingswetenskap".

> Omdat die praktiese teologie handelingswetenskap is, beteken dit dat bepaalde handelinge, die situasie waarin dit voltrek word, die kritiese beoordeling daarvan en die vraag na moontlike wysiginge in die praktiese teologie aan die orde gestel sal word. Die praktiese teologie neem daarom die bestaande praxis ernstig op, dink daaroor na, formuleer teorieë, beoordeel dit en ontwerp nuwe teorieë indien nodig (Heyns & Pieterse 1990:42).

**4.5.1.1 Wat is Praktiese Teologie**

Tradisioneel was Praktiese Teologie bedryf vanuit die "hermeneutiese" benadering. "Kuyper en die ander voorstanders van die hermeneutiese benadering het die Skrif vanuit die perspektief van die kerk se amptelike handelinge en dienste bestudeer. Uit die skrif het hulle dan afleidings gemaak oor hoe die kerk in en deur sy amptelike handelinge die heil van God in die wêreld kan bemiddel" (Cloete 1998:3). 'n Nuwe benadering het algaande op die toneel verskyn wat die praktiese teologie as 'n handelingswetenskap getipeer het. Die leidende figuur in hierdie nuwe rigting was Firet wat as een van die mees toonaangewende praktiese teoloë van die twintigste eeu bestempel is. Hy sien die praktiese teologie soos volg:

> De moderne praktische theologie sal een wetenschap zijn die het gebeuren tussen God en mens, voorzover dat geschiedt in het spanningsveld van tussenmenslijke relaties, naar zijn strukturen en funkties ondersoekt (Firet 1970:327).

Heitink sluit nou by hierdie siening oor praktiese teologie aan:

> Onder praktische theologie als handelingswetenschap wordt hier verstaan de empirisch-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne sameleving (Heitink 1993:18).

Heyns en Pieterse definieer die praxis van die praktiese teologie verder:

> Die praxis kan kortliks saamgevat word as 'n konkrete handeling of handelinge van enkelinge of groepe in die kerk of samelewing wat in diens van die Koninkryk van God staan... (Heyns & Pieterse 1990:29).

Pieterse gaan sover om te beweer dat alle gelowiges die evangelie deur hulle totale omgang met mekaar en die wêreld kommunikeer of bemiddel:

> Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit...Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hul lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei (Pieterse 1993:7).

In hierdie studie word die rol van koinonia in die kleingroep in die opbou van die gemeente bestudeer. Die studie strek verder as die amptelike handelinge van die kerk wat deur die amptelike vakke en diakonologie in die gereformeerde tradisie veronderstel word. Die navorsing omvat die handelinge van die kerk as die liggaam van Christus in hierdie wêreld. **Die rol van koinonia in kleingroepe in die opbou van die gemeente** hoort dus tuis in die praktiese teologie as handelingswetenskap.

### 4.5.2 Die posisie van die navorser in die navorsing

In die navorsing is die navorser nie 'n objektiewe buitestaander nie, maar om Garbers se terminologie te gebruik "'n intersubjektiewe binnestaander" (Garbers 1996:292). Die navorser is dus 'n subjektiewe deelnemer midde in die navorsingsproses. Die navorser se subjektiwiteit as binnestaander word deur die volgende bepaal:

- Die navorser is 'n leraar van die Ned. Geref. Kerk vir die afgelope veertien jaar. Volgens Garbers sal die navorser 'n ingewyde in die kultuur van die Ned. Geref. Kerk wees (Garbers 1996:292). Dit het vir die navorser oor die afgelope veertien jaar duidelik geword dat die bedieningspraxis van die Ned. Geref. Kerk in 'n krisis is. Empiriese ondersoeke in die kerk het duidelik uitgewys dat die kerk nie meer die lidmaat op grondvlak bereik nie. Kerkspieël IV wys duidelik 'n afname in lidmaatgetalle, sowel as 'n baie swak erediens bywoning van die oggenddiens van 36,01% (Smuts 1994).

- Tweedens is die navorser 'n leraar van die Ned. Geref. Gemeente Dalpark. Dalpark is 'n tipiese voorstedelike gemeente aan die Oos Rand. Vir die afgelope vyf jaar is die kleingroepmodel in die gemeente geïmplimenteer met dramatiese gevolge vir die belewing van koinonia van die groepslede. Die reaksie van lidmate op die belewing van koinonia in die kleingroep was een van die redes vir die aanpak van hierdie studie.

In die lig hiervan beskou die navorser homself as 'n intersubjektiewe binnestaander in die navorsingsproses.

### 4.5.3 Die wyse van navorsing: analise en interpretasie

**Analise**: Met analise of ontleding in die navorsingsproses word bedoel die uiteensetting van samestellende dele, dit wil sê die isolering van die veranderlike faktore wat iets konstitueer.

**Interpretasie**: Met interpretasie of sinteses in die navorsingsproses word bedoel die verbinding van die samestellende dele tot 'n geheel; die verbande en samehang tussen veranderlikes word gerekonstrueer. Dit lei tot insig in die oorsake en aanleidende faktore van verskynsels.

Die navorsing is die analise en interpretasie van die inligting voorhande. Analise en interpretasie vind egter op twee wyses plaas. Met ander woorde, die data vir analise en interpretasie kan op twee wyses gesistematiseer word:

#### 4.5.3.1 'n Deduktiewe strategie

Met 'n deduktiewe strategie begin die navorser met 'n duidelike konseptuele raamwerk: 'n model, teorie of tipologie. Hierdie raamwerk begelei die navorsingsontwerp en vorm die raamwerk vir die analise en interpretasie. Hierdie strategie hoort by verklarende studies. Garbers definieer hierdie strategie as volg:

> In die geval van deduktiewe logika word daar geredeneer vanaf die algemene na die besondere - die toepassing van 'n teorie in 'n besondere geval. Wat navorsing betref, beteken dit dat die navorser die projek begin met 'n duidelike konseptuele raamwerk, byvoorbeeld 'n teorie. Hierdie raamwerk, oftewel teorie lei op redelik rigiede wyse die konseptualisering, operasionalisering en data-insameling en vorm uiteindelik die verwysingsraamwerk vir die ontleding van interpretasie (Garbers 1996:286).

Mouton en Marais definieer deduksie as volg:

> In 'n deduktiewe argument lei ware premisses noodwendig tot ware konklusies; die waarheid van die konklusies is reeds implisiet of eksplisiet in die waarheid van die premisses vervat (Mouton & Marais 1985:111).

**4.5.3.2 'n Induktiewe strategie**

Met 'n induktiewe strategie begin die navorsing sonder 'n duidelike konseptuele raamwerk. Die data wat verkry word is uiteindelik in verbande, samehange en patrone georden, ontleed en geinterpreteer. Hierdie sistematiese ordening lei dan na 'n nuwe konseptuele raamwerk, teorie of model. Dit is dus hipotese-genererend en verkennend van aard. Garbers definieer hierdie strategie as volg:

> Wanneer daar vanaf spesifieke ervarings na algemene waarhede, vanaf feite na teorie geredeneer word, praat ons van induktiewe logika. Vir die navorser beteken dit dat die navorsingsprojek met geen eksplisiete konseptuele raamwerk begin word nie. Die navorsing word breedweg gelei deur algemene hipoteses of vermoedens (Garbers 1996:287).

Mouton en Marais definieer induksie as volg:

> In 'n induktiewe argument lei ware ondersteunende getuienis (soos in die premissis uitgedruk) slegs tot hoogswaarskynlike konklusies, dit wil sê in 'n induktiewe argument bied die ondersteunende stellings slegs graduele steun (van min na baie) aan die konklusie(s) (Mouton & Marais 1985:111).

Heyns en Pieterse meen dat prakties-teologiese navorsing van ***één*** of ***beide*** bogenoemde metodes gebruik kan maak in die navorsingsproses.

> Deduktiewe denke funksioneer waar die resultate van ander teologiese dissiplines in die proses van teorievorming in ag geneem word. Induktiewe denke funksioneer waar empiriese ondersoeke gedoen word en nuwe teorieë op grond daarvan geformuleer word. Geen voorkeur mag aan die een of die ander werkswyse gegee word nie. Die aard van die teorie en die omstandighede sal bepaal watter werkswyse gevolg sal word. In talle gevalle soos byvoorbeeld die diagnose van die huisdokter, is beide nodig. Albei is onontbeerlike stukke gereedskap en word dikwels saam gebruik (Heyns & Pieterse 1990:29).

Hierdie is 'n studie wat op beide metodes steun. Aan die eenkant is dit 'n verkennende (induktiewe) studie wat die verskynsel van koinonia in die praktyk wil navors en aan die anderkant is dit ook 'n beskrywende studie (deduktief) wat die rol van koinonia in die kleingroep wil beskryf. Die doel is dus om die hele domein van die kleingroep as bedieningspraxis vir die kerk te verken en die rol van koinonia daarin na te vors.

Die uitgangshipotese van die studie is om te beweer dat die implimentering van kleingroepe in 'n gemeente 'n betekenisvolle bydrae gaan maak in die belewing van koinonia.

## *5. Konstrukomskrywing*

Daar is sekere konstrukte wat sentraal staan in hierdie studie. Dit sal egter nodig wees om hierdie konstrukte behoorlik te konseptualiseer om sodoende mee te help met die metingsgeldigheid van die studie. Mouton en Marais sê tereg dat die metingsgeldigheid verkry word deur konstrukgeldigheid (Mouton & Marais 1985:8). Die volgende konstrukte staan sentraal en word hier kortliks beskrywe:

### 5.1 Koinonia

Koinonia is een van die twee sentrale konstrukte waarmee hierdie studie werk. Koinonia is die Bybelse term vir "gemeenskap". "Dit is 'n tegniese term vir die diep lewens- en lotsverbondenheid wat die Christelike geloofsgemeenskap behoort te kenmerk" (Burger 1991:99). Koinonia is ook een van die wesenskenmerke van die kerk wat volgens die hipotese van hierdie studie nie in die tradisionele bedieningspraktyk tot sy reg gekom het nie. Daar bestaan na die mening van die skrywer 'n wanpersepsie oor die betekenis en rol van koinonia in die kerk vandag. Hierdie studie gaan poog om koinonia in die regte perspektief te stel.

## 5.2 Kleingroep of selgroep

Die kleingroep of selgroep is die tweede sentrale konstruk waarop hierdie studie fokus. Die kleingroep is 'n Bybelse konsep wat in onbruik geraak het in die kerk. In die vyftigerjare het daar weer 'n opbloei in die gebruik van kleingroepe ontstaan. Tans is daar 'n hele nuwe beweging wêreldwyd om kleingroepe binne die kerk aan te wend. Daar is selfs sprake in die literatuur dat die kerk van die toekoms nie sonder die bestaan van kleingroepe sal kan voortbestaan nie. Dit beteken, dat wat die gebruik en funksie van die kleingroep betref, 'n paradigmaskuif in die kerk sal moet plaasvind.

Hierdie studie wil krities na die kleingroepkonsep kyk as 'n nuwe paradigma vir die skepping van koinonia in die kerk. Daar is dus vir die skrywer 'n noue samehang tussen die kleingroep en koinonia.

## 5.3 Gemeentebou

Hierdie studie wil 'n bydrae maak tot die gemeenteboubeweging wat al vir etlike jare in die kerk funksioneer. Gemeentebou in die konteks van hierdie studie is nie maar bloot die "doen van nuwe dinge" nie, maar het 'n bepaalde fokus.

Gemeentebou is die proses om lidmate te lei na "geloofsvolwassenheid". Dit is die uiteindelike doel van hierdie studie. Dus nie die daarstel van 'n nuwe paradigma of bedieningspraktyk omdat die oue uitgedien is nie, maar om 'n bydrae te lewer tot die opbou van die gemeente na geloofsvolwassenheid. Die hipotese waarmee hierdie studie werk, is dat die kleingroep die aangewese plek is om koinonia te skep waardeur die mense pastoraal gelei word tot geloofsvolwassenheid.

### 5.4 Kerkbegrip

Kerkbegrip vra die vraag: "Wat is die kerk?". Kerkbegrip bepaal uiteindelik die model waarmee gewerk word. Dit is bepalend vir hierdie studie om 'n keuse te maak vir 'n ekklesiologiese model waarbinne die kleingroepkonsep geakkommodeer kan word. Die studie kies die "liggaam-van-Christus-model". Dit veronderstel 'n paradigmaskuif van die sogenaamde "herder-kudde"- model na 'n "liggaams-model".

### 5.5 Ampsbegrip

Ampsbegrip as konsep vir hierdie studie verwys na die funksionering van die ampte binne die gekose kerkmodel. Hierdie studie het die keuse gemaak om weg te beweeg van die term "amp", wat nie 'n Bybelse term is nie. Die studie verkies om eerder die term "bediening (diakonia)" te gebruik wanneer na die ampte binne die kerk verwys word. Die ekklesiologiese model wat gebruik word bepaal dus die siening van die

ampsbegrip. Vir die studie is dit belangrik om die hele nuwe paradigma reg te verstaan.

## *6. Hipotese stelling*

1. Dit is die hipotese van hierdie studie om te beweer dat 'n gemeente sy vlak van koinonia kan verhoog deur 'n bedieningspraktyk van klein- of selgroepe te ontwikkel.
2. Dit is 'n verdere hipotese dat koinonia in kleingroepe die doelwit van 'n gemeentebouproses kan word ten einde lidmate te lei tot geloofsvolwassenheid.
3. 'n Suksesvolle kleingroepbediening moet rekening hou met die kerk- en ampsbegrip waarmee gewerk word.
4. Die hipotese is dat die "liggaam-van-Christus-model" die beste geskik is vir die daarstelling van 'n kleingroepbediening waarin koinonia tot sy reg sal kom.

## *7. Operasionalisering*

Die studie bestaan uit agt hoofstukke wat hier net kortliks saamgevat word.

### Hoofstuk 1

Hierdie is die inleidende hoofstuk wat die studie binne die raamwerk van geesteswetenskaplike en prakties teologiese navorsing plaas.

**Hoofstuk 2**

Hierdie hoofstuk sit die Kerk- en Ampsbegrip waarmee hierdie studie werk uiteen, sodat die ekklesiologiese model verantwoord kan wees.

**Hoofstuk 3**

In hierdie hoofstuk word die ekklesiologiese modelle bespreek. Die studie maak ook 'n keuse vir die liggaamsmodel as ekklesiologiese uitgangspunt.

**Hoofstuk 4**

Hierdie studie staan in die kader van die "gemeentebou". Gemeentebou beteken, in die konteks van hierdie studie, die proses van groei na geloofsvolwassenheid.

**Hoofstuk 5**

Die hele koinoniakonsep word in hierdie hoofstuk volledig bespreek. As sentrale konsep van die studie, wil hierdie hoofstuk die posisie en rol van koinonia in die kleingroep bespreek.

**Hoofstuk 6**

In hierdie hoofstuk word die kleingroepkonsep bespreek. Dit is 'n wye konsep en daarom gaan die klem hoofsaaklik val op die voorkoms van kleingroepe in die kerk.

**Hoofstuk** 7

In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om drie kontemporêre kleingroepmodelle te beskryf en hulle geldigheid as nuwe bedieningspraktyk vir die kerk te toets.

**Hoofstuk 8**

Hierdie is 'n bondige samevatting van die studie met gevolgtrekkings, en die formulering van 'n eietydse koinoniale diensmodel vir die kerk.

# Hoofstuk 2

## *'n Prakties Teologiese ekklesiologie met die oog op 'n kleingroep-bediening*

### *1. Inleiding*

Die probleem waarmee hierdie studie homself besig hou is die vraag of kleingroepe die vlak van koinonia in 'n gemeente kan verhoog. Die konsepte van koinonia en kleingroepe sal in verdere hoofstukke volledig bespreek word. Hierdie hoofstuk wil meer konsentreer op die ekklesiologiese onderbou waarbinne die kleingroepkonsep kan funksioneer.

Die vraag na die rol van koinonia in kleingroepe vereis 'n ondersoek na die ekklesiologiese uitgangspunte waarmee hierdie studie werk. In hierdie verband sal die volgende sake bespreek moet word:

1. Wat is die kerkbegrip waarmee hierdie studie werk?
2. Wat is die ampsbegrip waarmee hierdie studie werk?
3. Watter ekklesiologiese model sal 'n kleingroep-bediening die beste akkommodeer sodat koinonia ten beste kan funksioneer?

## *2. Probleemstelling*

Dit het nodig geword dat die kerk van Christus weer opnuut sal besin oor sy amp-strukture sowel as die kerkbegrip waarmee gewerk word, gesien in die lig van die groter behoefte na koinonia in die kerk. Hierdie besinning het akuut nodig geword in die lig van die pad van institusionalisme wat die kerk begin loop en in 'n sekere sin verstar geraak het binne 'n enkele bedieningsmodel, die sogenaamde "herder-kudde-model". Hierdie studie sal poog om te bewys dat die verkeerde toepassing van die herder-kudde-model nie koinonia in 'n gemeente bevorder nie, maar eerder laat afneem. Hendriks meen dat die kerk 'n paradigmaverskuiwing moet ondergaan (Hendriks 1991(a):38).

As basishipotese sien Hendriks die probleem van die gereformeerde kerke se amps-tradisie as 'n tradisie wat vasgevang sit in 'n vorm van reduksionisme.

> Dit is 'n reduksionisme wat halfhartig na die Ou Testamentiese gegewens kyk, en hoofsaaklik by 'n bepaalde denkskema aansluit (die sogenaamde munus triplex.) As gevolg van die invloed van kultureelsosiologiese faktore het 'n bepaalde hiërargies georiënteerde bedieningspraktyk ontwikkel wat in die status quo verskans is (Hendriks 1991(a):38).

Die hermeneutiese uitgangspunt waarmee hierdie studie werk is om 'n nuwe paradigma vanuit die praxis te ondersoek en aan die hand van die Skrif te beoordeel. Hierdie nuwe paradigma behels 'n nuwe waardering vir die posisie en plek van die ampte binne 'n verantwoordelik ontwikkelde kerkbegrip wat ruimte laat vir die uitleef

van koinonia binne 'n kleingroepkonsep. Dit beteken dat daar vanuit die Skrif 'n basis geformuleer moet word om ons kerkbegrip en ampsbegrip binne 'n nuwe paradigma te akkommodeer. Die Ou en Nuwe Testament sowel as die praxis is ons kenbron, sonder om die proses van reduksionisme te gebruik om weer 'n verskraalde basisteorie te formuleer.

Tereg meen Hendriks dat ons teologies vanuit die eskatologie moet dink (Hendriks 1991:38). Die beginsels van 'n Prakties Teologiese Ekklesiologie moet ontleen word aan die hele proses van die heilsgeskiedenis as koninkrykgerigte verbondsgeskiedenis, sowel vanuit die praxis wat voor hande is.

## *3. Kerkbegrip*

In 'n bespreking rondom kerkbegrip is dit nodig om 'n onderskeid te maak tussen Ou- en Nuwe Testament.

### 3.1 Kerkbegrip in die Ou Testament

'n Ou Testamentiese kerkbegrip kan nie geformuleer word as ons nie 'n grondige begrip van twee aspekte van Israel as verbondsvolk het nie:

a) Israel as volk - 'n verbondsgemeenskap.

b) Die betekenis van die "land" in Israel se geskiedenis.

Hierdie twee konsepte is onontbeerlik om Israel as volk van God te verstaan:

### 3.1.1 Israel as volk

Na die sondeval het God nie die mens vernietig nie, maar Hy "kies" om die mens te verlos en te herstel. God se plan het ingehou dat Hy uiteindelik vir Hom 'n "volk" uitgekies het. Hierdie sogenaamde uitverkiesing het gestalte begin kry in die roeping van Abraham.

In die roeping van Abraham is daar twee elemente wat ons aandag verg:

a) Die belofte van 'n nageslag.

b) Die belofte van 'n land.

Hierdie nageslag of volk sou heilig wees aan die Here. Israel of die volk van God word dan ook geroep om anders te wees as die ander nasies:

**3.1.1.1 Religieus is die volk anders omdat hulle 'n lewende God aanbid, teenoor die afgode van die volke rondom hulle.**

**3.1.1.2 Eties is die volk anders omdat hulle nie die feodale magstrukture van die nasies gehad het nie, maar die familiale struktuur, met sy groot klem op die gesin.**

**3.1.1.3 Polities was die mag gesentreer in die groepering van oudstes en nie 'n monargie soos die nasies nie.**

Israel was nie bloot God se plan vir die voortbestaan van sy belofte nie, maar Israel as volk het God se "paradigma" geword. Israel is God se grondplan vir alle sosiale en gemeenskapsverhoudinge, en so word Israel God se eerste "gemeente", prototipe van die Nuwe Testamentiese gemeente (Hendriks 1990:22).

Israel, anders gestel, word God se representant in die wêreld. Verder vorm die gesin in die Ou Testament die sleutelgroep in die verhouding van Israel as volk tot God. Hendriks stel dit as volg:

> Die Israelitiese samelewing is georden in konsentriese sirkels van al groter wordende familie eenhede. Die sosio-ekonomiese politieke en ook geestelike samelewingsordeninge is grotendeels van hierdie grondplan afgelei (Hendriks 1990:22).

Om die Ou Testament te verstaan sal die posisie van Israel as volk eers goed begryp moet word alvorens ons 'n kerkbegrip uit die Ou Testament kan aflei.

### 3.1.2 Die posisie van die land in Israel se verhaal

Die land in Israel se verhaal is ewe belangrik vir die formulering van 'n kerkbegrip vanuit die Ou Testament. Die tweede aspek van God se belofte aan Abraham was die belofte van 'n land. Die verlange na 'n land vorm 'n spanningslyn deur die hele boek Genesis.

Die verhaal van die land het daartoe bygedra om die volk op 'n besondere manier nader aan mekaar te trek om God se verbondsgemeenskap te vorm:

#### 3.1.2.1 Omgewingsfaktore

Die vyandige omgewing het die mense nader aan mekaar gedwing.

#### 3.1.2.2 Demografiese Faktore

Dit het die verspreiding van die volk in die land geraak - klein samelewingsgroepies. Die land het die volk na mekaar toe getrek. Samewerking was 'n voorvereiste vir oorlewing. Dit het alles meegewerk tot die vorming van 'n "verbonds- of geloofs-gemeenskap". Die land het ook gedien as 'n geestelike termometer in die volk se verhouding tot God.

Die teologiese grondslag van die kerk in die Ou Testament vind ons dus in Israel as geloofsgemeenskap. As geloofsgemeenskap was Israel God se paradigma vir die ander volke. In die geloofsgemeenskap kan ook die wet en die kultus onderskei word as die wortels van die Ou Testamentiese kerkbegrip.

### 3.2 'n Nuwe Testamentiese kerkbegrip

In die Ou Testament was Israel se verbondsgeskiedenis God se paradigma van sy genade. God het hierdie paradigmatiese verhouding voortgesit in en deur sy seun Jesus Christus.

Wat die land vir die volk in die Ou Testament beteken het, het God in die Nuwe Testament kom voortsit in die "koinonia" van die gemeente.

Jesus het die mens in sy totaliteit aan die kruis kom verlos van sy weg van sonde. Elke mens wat die soendood van Christus aanvaar, word ingelyf in die nuwe "verbondsgemeenskap" van God, wat nou die gemeenskap van die gelowiges genoem word. Hierdie vereniging as geloofsgemeenskap is die "liggaam van Christus".

> In die middelaarswerk van Jesus Christus vind ons nou 'n paradigma van God se genade. As tweede Adam word Hy die volkome verteenwoordiger van God, die beeld van God, aan wie die heerskappy oor die aarde toevertrou is. Hy is die hoof van die kerk (Hendriks 1990:24).

Hierdie aanhaling vat die wese van die Nuwe Testamentiese kerkbegrip saam. Dit sentreer in die persoon en werk van Christus wat as hoof van die kerk vir Hom 'n geloofsgemeenskap versamel. Hendriks gaan verder om dit nog duideliker te stel:

> Die rol van Israel se lewe in die land word nou oorgeneem deur die koinonia en die diakonia wat die Gees in die kerk as liggaam gee. Hierdie koinonia en diakonia, wat optimaal beleef word in die sakrament en erediens, word die ruimte waarin die gemeente in en deur hulle bedieninge paradigma van God se genade in hierdie wêreld is (Hendriks 1990:24).

Om 'n Nuwe Testamentiese kerkbegrip goed te verstaan, moet ons besef dat daar in die Nuwe Testament met beelde na die kerk verwys word. Dit sou verkeerd wees om maar net een beeld of metafoor uit die Nuwe Testament te neem en 'n volledige kerkbegrip daarop te bou. Daar kom ongeveer tagtig beelde van die kerk in die Nuwe

Testament voor, tog is sommige van die beelde ryker as ander. Vir die doel van hierdie studie gaan daar kortliks by drie van die beelde stilgestaan word.

### 3.2.1 Die kerk as die volk van God

Die beeld van die kerk as die volk van God staan in noue verband met die hele Ou Testamentiese siening van die volk van God. God wat met Israel 'n verbond sluit by Sinai om vir die volk 'n God te wees, en dan die eis dat Israel God se volk moet wees. Die verbond het die inhoud van "redding" gekry:

> Voluit moet gehandhaaf bly dat die verbond die redding beteken van die sondige (d.w.s. afvallige) skepping (Theron 1987:38).

Theron gaan verder om te sê:

> Met die oog op hierdie redding kies God vir Hom 'n verbondsvolk uit die volke tot heil van die volke (Theron 1987:38).

Waar die volk Israel eksklusief die "volk van God" in die Ou Testament was, word die kerk in die nuwe verbond die nuwe eskatologiese volk van God. Die kerk in die Nuwe Testament het egter nou 'n meer universele karakter waarby Israel inbegrepe is. Theron stel dit so:

> In die nuwe verbond gaan in sy nuutheid, dus die ou verbond in vervulling (Theron 1987:38).

Dit is dan ook duidelik uit die Nuwe Testamentiese getuienis dat die eskatologiese volk van God in die Nuwe Testament die kerk is. Vergelyk 2 Kor. 6:16, Hebr. 8:8 en Openb. 21:3.

In hierdie beeld van die volk van God speel Moses 'n belangrike rol. Net so word Jesus Christus dan ook die tweede Moses in die Nuwe Testament genoem, en word daar baie parallelle tussen Moses en Christus getrek in die Nuwe Testament waarby nie hier uitvoerig stilgestaan kan word nie.

### 3.2.2 Die kerk as nuwe skepping

'n Tweede beeld van die kerk in die Nuwe Testament is die van 'n nuwe skepping. In die vorige beeld het ons kortliks verwys na Christus as 'n tweede Moses. In hierdie beeld figureer Christus as 'n tweede Adam. Christus word as 'n antitetiese parallel van Adam gestel (vergelyk Fil. 2).

In 2 Kor. 5:17 word die kerk uitdruklik genoem 'n nuwe skepping: "....as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping; die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword."

Daar funksioneer heelwat skeppingsterminologie in die Nuwe Testament. Hier gaan net volstaan word met die opmerking dat hierdie 'n baie ryk beeld is wat eskatologies verstaan moet word.

### 3.2.3 Die kerk as liggaam van Christus

Die derde beeld vir die kerk, nl. die kerk as liggaam van Christus, figureer vandag baie sterk in die gemeentebou kringe:

1 Kor. 12:27: "Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik."

Hierdie beeld suggereer 'n intieme band tussen Christus en sy kerk. Die beeld word ook aangevul met 'n ander beeld van Christus as die hoof van die liggaam. In hierdie verband moet ons nie die twee beelde vermeng deur die hoof as die "kop" van die liggaam te beskou nie. Christus as hoof van die liggaam beteken eerder die hoof van 'n organisasie. Die liggaam is dus nie verdeel in die kop as Christus en die liggaam of torso as die kerk nie.

In hierdie beeld word Christus ons representant. Die kerk is dan korporatief deel van die liggaam van Christus. As Christus dan ons representant is, beteken dit dat ek "in" Christus al die heilsweldade deelagtig word:

-As Christus sterf, sterf ek saam met Hom.

-As Christus opstaan, staan ek saam met Hom op uit die dood.

Die beeld van die kerk as die liggaam van Christus is 'n baie ryk beeld. Daarin is opgesluit die eenheid en verskeidenheid binne die kerk, waarmee met die kerk as instituut wel deeglik rekening moet hou.

Die doel van hierdie bespreking was nie om 'n uitgewerkte studie te lewer rondom die beelde nie, maar eerder om net die kernmomente kortliks uit te lig vir die waarde wat dit vir hierdie studie verder inhou, veral gesien in die lig daarvan dat die "liggaam-van-Christus-beeld" 'n sentrale plek inneem in die kleingroepkonsep.

## *4. Ampsbegrip*

Ons kan eers by 'n skrifgefundeerde ampsbegrip uitkom as ons 'n duidelik omskrewe kerkbegrip geformuleer het. Dit was die uitgangspunt van die vorige punt. In hierdie punt wil die skrywer weereens die Ou en Nuwe Testamentiese siening van die amp skei omdat hy van oordeel is dat ons nie 'n lyn kan trek tussen die ampte in die Ou Testament en die in die Nuwe Testament nie.

### 4.1 'n Ou Testamentiese ampsbegrip

'n Ou Testamentiese ampsbegrip sal wel deeglik rekening moet hou met die plek van die geloofsgemeenskap in die Ou Testament.

Israel as geloofsgemeenskap het verskil van die ander gemeenskappe en volke van daardie tyd. Al was Israel aan dieselfde invloede as die ander nasies blootgestel, was hulle tog anders. Hierdie andersheid begin by Sinai en God se verbondsluiting met Israel. Hier ontstaan 'n alternatiewe gemeenskapsmodel wat godsdienstig, polities en ekonomies van die nasies verskil het.

Israel het 'n geregtigheidspolitiek aangeneem wat skerp verskil het van die hiërargiese magstrukture van omliggende volke. Dit wil iets sê van die ampsbeskouingsinhoud van Israel: In Israel se verbondspolitiek was almal gelykwaardig voor God. Die verbondsgemeenskap moes juis daarteen waak dat 'n "Elite-groep" nie spesiale voorregte in die gemeenskap verkry het nie.

Dit wil dus voorkom asof die Ou Testamentiese ampsbegrip nie 'n hiërargiese struktuur was nie, en dat almal gelykwaardig was voor God.

Kloppers noem Israel die "ebed-Jahwe" - die kneg van die Here (Kloppers 1988:21). Hieruit wil dit voorkom dat Israel as verbondsgemeenskap in diens van God gestaan het. "Uit sy diensvolk moes God sekere individue roep om Sy wil in woord en daad aan die volk te bemiddel" (Hendriks 1990:25).

Al was die hele volk in diens van God, was daar dus sekere individue wat as sogenaamde "bemiddelaars" opgetree het. Ons kan die volgende identifiseer: Moses, die rigters, priesters, konings en profete.

Hierdie bemiddelaars was bloot "dienaars" wat God se wil aan die volk bemiddel het. Hendriks sê dat hierdie bemiddelingsrol "tegnies" by Moses begin, wat by uitstek as die "ebed-Jahwe" bekend staan. Moses as kneg van God word later aangevul deur Josua wat op sy beurt opgevolg is deur die tydperk van die rigters. Die rigters het veral in krisistye in die volkslewe van Israel gefunksioneer.

'n Kenmerk van die Ou Testamentiese geloofsgemeenskap was die aanvanklike afwesigheid van die monargie. Die monargale struktuur van regering was weer baie prominent by die ander nasies. Uiteindelik was die druk vanuit die volk om "soos die ander nasies" te wees, wat die instelling van die monargie in Israel bewerk het. Dit blyk tog nodig te wees om die munus triplex kortliks hier te behandel, omdat dit vanuit die Ou Testament, deur die lewe van Christus, sy neerslag in ons huidige ampsbegrip gevind het. Hiermee wil die skrywer nie beweer dat 'n reguit lyn vanuit die Ou Testament na die Nuwe Testament en dan na vandag getrek kan word nie.

### 4.1.1 Die Koning in die Ou Testament

Die koningskap was 'n vreemde verskynsel in Israel. Die volk wou egter 'n koning hê soos die ander nasies.

Die koning as amp het egter in wese alreeds bestaan voor die formele instelling van die koningskap. Die amp was reeds in Moses en later in Samuel beliggaam. Eers na Samuel se dood het daar 'n meer prominente verskuiwing na 'n formele koningsamp plaasgevind. In Saul se tyd was die gesag nog by Samuel gesetel.

Die koning moes die geregtigheid van God laat seëvier. Hy was God se rentmeester hier op aarde. Die koning was egter meer as net God se rentmeester of goewerneur - hy simboliseer ook God se teenwoordigheid op aarde. Die koning was die beskermer van God se volk, sy geloofsgemeenskap. In hierdie sin was die koning ook "ebed-Jahwe" of God se dienskneg.

Dis duidelik dat Moses en Samuel baie goed in hierdie beskrywing pas en daarom kan hulle die voorlopers van die monargie genoem word.

Uiteindelik het die monargie sy hoogtepunt bereik by Dawid (Ps 51), wat by uitstek die kneg van die Here was. Na Dawid het die monargie egter verval, omdat die koning meer as die kneg van die Here wou wees.

### 4.1.2 Die Priester in die Ou Testament

Die priester was verantwoordelik vir die instandhouding van die offeraltaar. Hy moes orakels gee, want mense wou sekere dinge weet: die hantering van die sogenaamde "Urim-timum"

Die priesters het die toegang tot die geloofsgemeenskap beskerm. As dienskneg was die priester betrokke by die bestuur van die gemeenskap. 'n Verdere diens van die priester was die onderrigting van mense in die verstaan en die uitleef van die "Tora" (lees veral Lev. 10:10-11 in hierdie verband).

In die geskiedenis van Israel het die onderrigting van die volk deur die priesters soms skeefgeloop en dit het verkeerde leiding aan die volk beteken, wat soms tot rampspoedige gevolge vir die volk gelei het. Dit onderstreep maar net die verantwoordelikheid van die amp, ook in die Ou Testament.

### 4.1.3 Die profeet in die Ou Testament

Die profeet was God se mondstuk by die volk. Ons kan die profeet ook bestempel as God se spreekbuis. Hy het sy oor by God gehad en het as sodanig die "Coram Dei" of spreke van God hanteer.

Die verskil tussen die priester en die profeet kan as volg aangedui word:

> Priester: Hy het sy "**oor by die mens**" en sy "**mond by God**" gehad.
>
> Profeet: Hy het sy "**oor by God**" en sy "**mond by die mens**" gehad.

Dit het behels dat die profeet 'n baie noue verhouding met God moes gehad het, en daarom is die profeet ook dikwels genoem die "man van God".

### 4.1.4 Konklusie

Vanuit die bespreking oor die drie Ou Testamentiese diensgestaltes, wat nie 'n poging tot volledigheid is nie, moet ons konkludeer dat die arbeid of diens binne die geloofsgemeenskap 'n primêre dienskarakter vertoon het. God is die hoof en alle diens is gedoen met 'n verantwoordelikheid aan God.

Tereg sê Hendriks in hierdie verband:

> Hierdie dienswerk is gerig op die opbou van die volk van God sodat die volk se lief en leed 'n demonstrasie model, en as sodanig 'n paradigma van God se genade in die wêreld kan wees (Hendriks 1990:26).

Verder stem ons saam met Hendriks as hy sê dat daar in die Ou Testament geen klinkklare skema is ten opsigte van die amp nie. Ons kan eenvoudig nie 'n lyn vanuit die Ou Testament na die Nuwe Testament trek en ooreenstemmende ampte vir die Nuwe Testament aflei nie (Hendriks 1990:27).

Die Ou Testament, het ons in die punt oor die kerkbegrip gesê, is God se paradigma, wat uiteindelik sy kulminasiepunt in Christus vind. Die dienskarakter van die Ou Testamentiese ampsbegrip kulmineer in Jesus Christus wat by uitstek die kneg van God geword het in sy versoeningsdaad aan die kruis.

### 4.2 'n Nuwe Testamentiese ampsbegrip

Die woord "amp" kom nie in die Nuwe Testament voor nie (Holmberg 1980:187). Daar word wel in die Nuwe Testament van sogenaamde bedieninge gepraat. Die Nuwe Testament kan myns insiens ook nie as 'n bloudruk dien om 'n universele ampsbegrip af te lei nie. Dit wil eerder voorkom asof ons in die Nuwe Testament 'n punt van oriëntasie vind, waaruit 'n ampsbeskouing vir vandag afgelei kan word.

In Gereformeerde kringe word algemeen na Christus se ampsbediening verwys om daaruit 'n geldige ampsbeskouing vir vandag te formuleer. Die oriënteringspunt vir hierdie optrede vind ons in die Heidelbergse Kategismus antwoord 31, waar die

sogenaamde "munus triplex" vir ons uiteengesit word. Dit wil sê dat Christus se ampsbediening onderskei kan word in drie bedieninge: Priester, Profeet en Koning.

Die Gereformeerde siening wil vanuit Christus se ampsbediening die amp van gelowige konstateer as priester, profeet en koning. Van Ruler het hieroor baie insiggewende sieninge. Hy het weer geen ruimte vir die amp van gelowige in die kerk nie, maar hy maak ruimte vir so 'n amp in die wêreld (Van Ruler 1971:146). Alhoewel hierdie studie nie met hierdie uitgangspunt van Van Ruler saamstem nie, gee dit tog vir ons nuwe insigte in die problematiek van 'n ampsbeskouing vir die tyd waarin ons leef.

Tereg meen Hendriks dat die uitgangspunt van die munus triplex 'n verskraling is van die skrifbeginsels oor die amp.

Hier moet egter eers 'n verheldering kom oor twee begrippe wat gebruik word. Alhoewel die woord "amp" nie in die Skrif voorkom nie, is dit die woord wat algemeen gebruik word. Die Nuwe Testamentiese woord waarvan "amp" afgelei is, is natuurlik "diakonia" wat met diens of bediening vertaal sou kon word. Die vraag is nou: Watter woord moet nou voorrang geniet in ons ampsbeskouing: "amp" of "bediening"?

## 4.2.1 Amp of bediening

### 4.2.1.1 Amp

Die woord "amp" word dikwels negatief verstaan omdat dit die indruk kan wek van 'n hiërargiese ampstruktuur, soos ons by die Roomse tradisie aantref. Reeds in die gedeelte waar ons die Ou Testamentiese ampsbegrip bespreek het, het die studie probeer aantoon dat die verbondspolitiek van Israel 'n "gelykheid" van almal voorgestaan het. Ook die dienskarakter van die "ebed-Jahwe" dui op 'n afkeer van enige hiërargiese struktuur.

### 4.2.1.2 Bediening

Daarenteen staan 'n woord soos "bediening" juis eerder 'n dienskarakter as 'n hiërargie voor. Die Nuwe Testament ken nie 'n woord soos "amp" nie, maar net die Griekse woord "diakonia" of "diakonos".

Alhoewel ons die woord "bediening" verkies, sit daar tog 'n betekenis in die woord "amp" wat suggereer dat ons nie hier maar bloot met 'n diens te doen het soos al die ander in die kerk nie, maar dat hierdie diens op 'n ander vlak lê. In hierdie verband sê Versteeg:

> Allen in de kerk geroepen tot dienen, maar niet by allen draagt dit dienen een ambtelijk karakter. Ieder ambt is een dienst, maar niet ieder dienst is een ambt (Versteeg 1988:49).

Daar moet egter gewaak word om nie weer die woord te oorspan, soos Van Ruler stellig doen nie.

Van Ruler meen dat die verkiesing tot die amp die ampsdraer in 'n posisie nader aan God plaas as waar die leek hom bevind. Hy praat daarvan as die "geweld" van die uitverkiesing tot die amp (Van Ruler 1971:144). Vir Van Ruler verloor die ampsdraer feitlik sy persoonlikheid en word 'n instrument van God. Hy gaan sover om te sê:

> Maar het ambt stelt me in een tegenover met de mensen. Ik doe wel m'n uiterste best, om een gewoon mens te zijn. Maar dat lukt toch nooit helemaal (Van Ruler 1971:144).

Hierdie uitgangspunt ten opsigte van die amp by Van Ruler neig juis weer na 'n soort van 'n hiërargie. Ons kan wel nog praat van amp, maar dit mag duidelik nie die skrifbeginsels van 'n bediening oorskat nie.

### 4.2.2 Die charismata en die "amp"

Op Pinksterdag word die Heilige Gees uitgestort. Die Gees begin 'n nuwe werk in die gemeenskap van gelowiges, waar alle gelowiges die Heilige Gees ontvang. Hiermee saam bring die Heilige Gees ook die charismata of gawes, wat Hy uitdeel aan elke gelowige soos Hy wil. Die Gees werk dus primêr in die gelowiges in die nuwe verbond, ook genoem "die nuwe volk van God" of "geloofsgemeenskap".

Hierdie gemeenskap van gelowiges is vir Paulus die kerk, die korporatiewe liggaam van gelowiges, aan wie die Heilige Gees gegee is. Binne die kerk, ook by Paulus die liggaam van Christus genoem, vind die bediening plaas deur middel van die charismata.

Rudolph Sohm sê dat die kerk, organisatories gesien, nie ontstaan het uit die konteks van die sinagoge of kultiese assosiasies nie, maar dat die kerk "sui-generis", 'n charismatiese organisasie is (Holmberg 1980:189). Dit wil sê die Heilige Gees struktureer self die kerk deur die distribusie van die "charismata".

Vir Paulus is die kerk volgens 1 Kor. 12 -14 die:

"Liggaam van Christus"

Elke gelowige het 'n besondere plek in hierdie liggaam. Tereg sê Versteeg dat nie elke gelowige dieselfde diens in die liggaam het nie (Versteeg 1988:50). Elke gelowige is toegerus met sy of haar besondere gawe tot die opbou van die liggaam van Christus.

Die doel van hierdie gawes is om die kerk as liggaam van Christus korrek te laat funksioneer. Ellis vat die funksies van die Heilige Gees in hierdie verband goed saam:

1. Doop in die Heilige Gees
2. Vrug van die Heilige Gees.
3. Gawes van die Gees.
4. Wedergeboorte van die individu.

(Ellis 1989:4)

Die eerste funksie, die doop in die Heilige Gees, bring volgens Ellis die gelowige in die liggaam in en die vrug van die Gees is vir hom die wese en karakter van Christus wat deurslaan in die lewe van die gelowige. Maar die gawes van die Gees is die funksies van die Heilige Gees wat Paulus met "bediening" sal verklaar (Ellis 1989:415).

Ellis onderskei verder 'n verskeidenheid van "gawes" wat aan die liggaam gegee is (Ellis 1989:415):

1. Die geïnspireerde Woord.
2. Gawe van onderskeiding.
3. Leierskap.
4. Geloof.

Hierdie afbakening is vir die skrywer baie eng gestel. Tereg sê Versteeg dat elke gelowige in die kerk sonder uitsondering 'n gawe ontvang het volgens Ef. 4:7-16 (Versteeg 1988:51).

Die probleem is dus nie die feit dat elke gelowige 'n gawe ontvang het nie, maar kan ons by Paulus 'n uitgewerkte ampsbeskouing bemerk? Sohm sê nee, by Paulus kry ons nie 'n uitgewerkte ampsbeskouing nie - om die waarheid te sê, geen formele siening van die amp nie ( Holmberg 1980:189-190).

Sohm sien by Paulus net 'n vrye bediening van die charismata. Hy baseer sy sienings veral op 1 Kor. 12, wat as die locus classicus vir die gawes geneem word. Elke

gelowige sal dan 'n gawe ontvang, maar mag dit reeds die volgende dag verloor het. Die Gees neem en gee soos Hy wil.

1 Kor. 12 kan egter nie uitsluitlik aan ons 'n volledige siening van die charismata gee nie en daarom sal die hele korpus van die Pauliniese geskrifte ons moet lei.

Wat wel waar is, is dat Paulus 'n groter klem op die gawes lê as die gemeente in Jerusalem. Dit sluit natuurlik nie die funksionering van die gawes in Jerusalem uit nie.

Ons kan egter verder nie met Sohm saamstem oor die "vrye" charismatiese bediening wat hy aan Paulus toedig nie. 1 Korintiërs was juis geskryf om die wangebruik van die gawes aldaar aan te spreek. Om 'n meer korrekte beeld van die charismata en amp by Paulus te verkry sal ons die volgende onderskeid moet tref:

1. **1 Kor. 12-14**, gee 'n uiteensetting van die gawes.
2. **Ef. 4:7-16**, gee meer insig in die "amptelike" gawes by Paulus.
3. **Timotheus en Titus en die Pastorale briewe** brei verder uit en gee verdere inligting in verband met die sogenaamde "amptelike" gawes, nl. "diakonos" en "presbuteros".

'n Meer korrekte siening oor die charisma sou dus wees om te aanvaar dat God aan elke gelowige deur die Heilige Gees 'n gawe gee volgens sy wil. Hierdie "gawes" is niks anders nie as bedieninge aan die liggaam: die kerk. Die hoofdoel van die gawes is om te dien en daardeur word die liggaam opgebou. (Ef. 4:7-12)

Hieruit kan ons nou die volgende onderskeid tref:

1. **Algemene gawes** - aan elke gelowige gegee met die doel om te dien tot opbou.
2. **Besondere gawes** - aan sekere gelowiges gegee om die "Heiliges toe te rus" (Ef. 4:12) vir hulle diens. Tereg meen Hendriks dat ons hierdie "gawes" as leidinggewende en lerend-toerustende bedieninge kan tipeer (Hendriks 1990:32).

Alle gawes of bedieninge is dus gelykwaardig, maar verskil net in uitgangspunt.

### 4.2.3 Die "amptelike" bedieninge

Om 'n volledige ampsbegrip vanuit die Nuwe Testament te formuleer, moet ons na wat Hendriks noem die "leidinggewende en lerend-toerustende bedieninge" gaan kyk - kortliks verwys na as die "amptelike" bedieninge. Die locus classicus vir hierdie bedieninge is Ef. 4:7-12.

#### 4.2.3.1 Apostels

Die woord apostel beteken "gestuurde" en is hoofsaaklik gebruik om die twaalf dissipels mee te identifiseer. Alhoewel daar konsensus is dat die apostel as "amp" nie meer voortgaan nie - omdat 'n apostel 'n ooggetuie moes gewees het - leef die gees van die amp nog steeds voort waar ons elkeen as "gestuurdes" na die wêreld toe gestuur word (Joh. 20:21).

**4.2.3.2. Profete**

Die vraag is hier of ons in die Nuwe Testament 'n voortsetting het van die Ou Testamentiese profete amp. In hierdie verband sê Hendriks die volgende:

> Profete in die Nuwe Testament moet nie gelyk geskakel word met die profete van die Ou Testament nie. Dit fungeer op 'n heel ander vlak (Hendriks 1990:33).

Profesie is wel duidelik nie toekomsvoorspelling nie, maar dit wil tog voorkom asof die gawe van profesie in die Nuwe Testament 'n "spesialis" gawe is. Paulus noem dit 'n uitnemender gawe as tale, 'n soort goddelike mededeling aan die gelowiges.

Dit wil egter voorkom asof die gawe van profesie tog meer inhou as bloot woordverkondiging. Versteeg meen dat die afwesigheid van die "profetiese amp" in ons huidige ampspatroon 'n beperkende uitwerking het:

> De beperking betreft wel de afwesigheid van het ambt van profeet en het ambt van evangelist (Versteeg 1988:69).

Dit is die uitgangspunt van die skrywer dat die kerk weer intensief sal moet gaan kyk na die amp van profeet om te sien of ons nie 'n verskraling van die amp in ons huidige ampsbeskouing het nie.

### 4.2.3.3 Herders en leraars, ouderlinge en opsieners

Ons stem saam met Hendriks dat hierdie vier terme nou verwant is aan mekaar.

> Oor die algemeen kon ons sê dat 'n mens na herders en leraars verwys wanneer hulle 'n bepaalde bediening beoefen, en na opsieners en ouderlinge wanneer hulle optree binne die konteks van die organisatoriese struktuur van die gemeente (Hendriks 1990:33).

Herder-bediening verwys na herderwerk om leiding te verskaf, en om dwaalleer te bekamp. In hierdie sin is ouderling en opsiener ook 'n "herder" (Hendriks 1990:33).

"Die gawe van leraar te wees is onlosmaaklik verbonde aan woordbediening en verkondiging" (Hendriks 1990:33).

Hierdie groep bedieninge staan dus duidelik in die lig van:

1. Leiding gee.
2. Lerend toe te rus.

### 4.2.3.4 Evangeliste

Daar is min gegewens oor die evangelis in die Nuwe Testament. Paulus moedig Timotheus aan om die werk van 'n evangelis te doen. Dit wil voorkom asof die evangelis, soos die apostel, betrokke was by sendingwerk wat behels het woord-verkondiging en toerusting van die gelowiges. Aangesien hierdie wel 'n duidelike

bediening in die Nuwe Testament is, behoort daaroor veel meer navorsing gedoen te word. Versteeg sluit die amp van evangelis in by sy uitspraak oor beperkinge in ons huidige ampspatroon.

Versteeg meen dat die evangelis 'n nuttige opvolgaksie kan loods nadat Paulus 'n gemeente besoek het (Versteeg 1988:60). Dit blyk dan ook die bedoeling te wees van Paulus se uitspraak in Tit. 1:5: "Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het."

Filippus in Hand. 21:8 word ook 'n evangelis genoem en dit wil voorkom asof hy 'n bepaalde funksie vervul het waarvoor hy gekwalifiseerd was. Hy was ook een van die sewe diakens.

Tereg meen Versteeg:

> Ook van de evangelisten is beslist niet te zeggen, dat hun ambt volgens het Niewe Testament een einde geworden heeft of een einde zou vinden (Versteeg 1988:60).

#### 4.2.3.5 Diakens

Dit is uit skrifgegewens baie duidelik dat die "diakonos" in die Nuwe Testament nie 'n hulpamp vir die ouderling was nie:

> In de eerste plaats is aan de gegewens in de pastorale brieven op geen enkele wijze te ontlenen, dat de diakenen dienaren zijn van de oudsten (Versteeg 1988:68).

Alhoewel die diakenamp 'n duidelik onderskeibare groep in die pastorale briewe is, word dit nie in Ef. 4:11 genoem nie, terwyl dit wel in Fil. 1:1 genoem word, saam met opsieners. Dit is dus duidelik dat die diakens 'n groep op hulle eie was, en nie van die ouderlinge afhanklik was nie. Van vroeg reeds het die diakens hulle toegespits op die barmhartigheidswerk in die gemeente.

#### 4.2.4 Slotopmerkinge rondom die ampte

Dit is belangrik om die plek van die "besondere" ampte binne die kerk te verstaan. Ons het reeds gesê dat, volgens die charismatiese bedieningstruktuur van Paulus - waarby die skrywer sterk aansluiting vind - elke gelowige 'n gawe of 'n "bediening" het. In hierdie struktuur is sommige uitgesonder om volgens Ef. 4:11-12 die gelowiges toe te rus. Hierdie groep "gawes" of ampte het dus as leidinggewende en lerendtoerustende bediening 'n besondere doel in die liggaam van Christus.

Ef. 4:11-12

> 11 En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.
>
> 12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Tereg meen Hendriks dat dit in wese niks anders is as gemeentebou nie. Hierdie bedieninge, sê hy, is daar ter wille van die gemeente en nie andersom nie. Die bedieninge, of te wel ampte, het 'n dienskarakter (Hendriks 1990:35).

Die gesag van die bedieninge is nie in die "amp" geleë nie, maar in die Here self.

> Daar is dus nooit sprake van roem nie (dit is immers 'n gawe), ook nie van 'n hiërargiese sisteem nie, aangesien God aan elkeen 'n gawe gee om die gemeente mee te dien (Hendriks 1990:35).

Die "amp" as gawe aan die gemeente het dus geen doel in homself nie, maar vind sy doel in die charisma (Versteeg 1988:57).

### *5. Gevolgtrekkings*

5.1 In hierdie hoofstuk het die skrywer probeer om aan die uitgangspunt van die studie getrou te bly, nl. om te waak teen 'n reduksionisme van skrifgegewens waaruit 'n basisteoretiese bespreking moet volg. Die doel was om skrifgetrou na die kerkbegrip en ampsbegrip te gaan kyk.

5.2 Dit het baie duidelik geword in die hoofstuk dat daar 'n noue samehang bestaan tussen kerkbegrip en ampsbegrip. Sonder 'n goed gefundeerde kerkbegrip is dit onmoontlik om 'n ampsbegrip te formuleer.

5.3 Sonder 'n goed gefundeerde kerk- en ampsbegrip is dit ook onmoontlik om 'n kleingroepbediening te fundeer.

5.4 Dit het in hierdie studie duidelik geword dat die tradisionele ampsbegrip soos wat dit binne die Ned. Geref. Kerk funksioneer, in 'n bepaalde teologiese denkpatroon vasgevang geraak het - die sogenaamde "munus triplex"- as sou dit dan die enigste ampte wees wat aan Christus toegereken kan word en waarvandaan ons uiteindelik 'n eie ampsbediening afgelei het.

5.5 Vervolgens kan gesê word dat die drie besondere "ampte" in die kerk, nl. leraar (lerende ouderling), ouderling en diaken, 'n verskraling van die ampsbegrip is, wat dringend verdere besinning moet geniet, veral gesien in die toename van kleingroepbedieninge in die kerk en die meegaande leierskap wat teologies gefundeer moet word. Verder ook gesien teen die lig van die feit dat sekere ampte, bv. die van profeet en evangelis, tans totaal afwesig is in 'n tradisionele ampsbegrip.

5.6 Die probleem van "amp" of "bediening" verdien ook verdere opheldering. Alhoewel die skrywer die woord "bediening" verkies, moet ons maar nog die woord "amp" vir die onderskeidingsbetekenis daarvan gebruik.

5.7 Dit het ook duidelik geword dat 'n bedieningspatroon wat die "gawes" van die gelowiges gaan ontken, nie Bybels verantwoordbaar is nie. Om dit meer duidelik te stel: die verkeerde siening van die "herder-kudde-model" moet in die kerk vervang word met 'n nuwe model, ongeag of ons hierdie model die "liggaamsmodel" wil noem. Wat wel belangrik is, is dat ons nie langer die eenheid van die kerk kan ontken, wat

weer verdeel is in 'n verskeidenheid van "gawes" wat diensbaar moet word in die kerk nie. (Die modelleteorie sal in die volgende hoofstuk meer volledig bespreek word)

5.8 Die "ampte" of "bedieninge" in die kerk is geen doel in sigself nie, maar vind hulle doel in die charisma.

5.9 Dit beteken dat die sogenaamde leidinggewende en lerend-toerustende bedieninge 'n duidelike opdrag tot toerusting in Ef. 4:12 het. Die bedieninge moet die "heiliges" toerus om hulle gawes tot diens aan te wend in die kerk. Dit behoort een van die sentrale beginsels van die hele gemeenteboukonsep te wees.

5.10 Die vraag wat die volgende hoofstuk wil beantwoord, is die vraag watter model van kerkwees hierdie kerkbegrip en ampsbegrip die beste sal kan akkommodeer.

# Hoofstuk 3

## *'n Prakties Teologiese ekklesiologie met die oog op 'n kleingroep-bediening met spesiale verwysing na 'n vergelykende ekklesiologie en die gebruik van modelle*

### *1. Inleiding*

Die vorige hoofstuk het gekonsentreer op 'n prakties-teologiese ekklesiologie met die oog op 'n goed gefundeerde kerk- en ampsbegrip gerig op 'n kleingroepbediening. Die gevolgtrekking was duidelik dat koinonia ten beste tot sy reg kan kom binne 'n kerkbegrip wat ruimte laat vir die funksionering van die liggaamsbeginsels vir kerkwees.

Hierdie hoofstuk wil dit verder neem na 'n ondersoek van huidige ekklesiologiese modelle en hulle geskiktheid vir die bevordering van koinonia. In hierdie ondersoek sal die studie konsentreer op die vergelykende ekklesiologie van Dulles wat uit 'n Rooms-Katolieke perspektief waardevolle gesigspunte vir die verstaan van ekklesiologiese modelle vir ons kom gee het.

Burger maak die volgende opmerking:

> Ons dilemma word dalk ten beste opgesom deur Loren Mead se stelling dat die Christendom – era van die kerk vir goed verby is en dat ons eenvoudig nog nie 'n nuwe model vir kerkwees in die 21ste-eeu het nie (Burger 1995:1).

## *2. Dulles se vergelykende ekklesiologie*

Dulles gebruik die term vergelykende ekklesiologie om daarmee op 'n sistematiese wyse na punte van ooreenkoms en verskil van verskeie ekklesiologiese uitgangspunte te gaan kyk.

Vir hierdie proses van vergelyking het hy vyf belangrike uitgangspunte geneem en binne 'n ekklesiologiese raamwerk beoordeel. Dit het hom tot die konklusie gebring dat 'n gebalanseerde ekklesiologie nodig is waar al vyf hierdie uitgangspunte in berekening gebring is.

Dulles gebruik die term "modelle" as hy na die vyf uitgangspunte verwys. Hy sê dat ons die kerk nie anders kan sien as 'n misterie nie (Dulles 1985:17). 'n Misterie soos die kerk, is 'n realiteit waarvan 'n mens nie direk kan praat nie. Om oor die kerk te kan praat, moet sekere analogieë getrek word ten opsigte van ons ervaring met die wêreld. Hierdie analogieë voorsien ons van modelle. Om die kerk dan beter te verstaan kan ons ook nie weer met net een model werk nie, maar met verskeie modelle terselfdertyd.

Hendriks meen tereg dat die kerkmodelle aan ons 'n bruikbare verwysingsraamwerk bied vir 'n kerkbegrip (Hendriks 1992:12).

Hierdie studie gaan ook probeer aantoon dat die klem van die modelle die bevordering van koinonia in die gemeente beïnvloed. Sekere modelle is beter geskik om die Bybelse eis na koinonia te akkommodeer.

### *3. Dulles se siening van die kerk binne Rooms-Katolieke verband*

Om die modelleteorie te verstaan is dit nodig om kortliks na die tipiese Rooms-Katolieke kerkbegrip te gaan kyk voordat ons die modelle van die kerk as sodanig bestudeer.

Na aanleiding van Robert Bellarmine (Dulles 1985:16), is die Roomse siening van die kerk dat dit 'n tipe "menslike" gemeenskap is, 'n "coctus hominum". Die ware en enigste kerk is 'n gemeenskap van mense wat:

1. Saamgevoeg is deur hulle belydenis van dieselfde Christelike geloof.
2. Die samevoeging plaasvind omdat hulle dieselfde sakramente gebruik.
3. En laastens onder een sentrale gesag staan hier op aarde naamlik die pouslike gesag. Hierdie gesag word dan daarna afgewentel na die wettige pastors.

Die kerk is dus in die Roomse tradisie 'n "sigbare werklikheid".

Dulles verskil van hierdie siening. Hy sien die kerk - en hy sê daar is wye eenstemmigheid daaroor binne Rooms-Katolieke kringe - as 'n "geestelike gawe" en daarom is die kerk 'n vereniging of gemeenskap van mense wat met mekaar deur die genade van Jesus Christus 'n eenheid vorm.

"Although this communion manifests itself in sacramental and juridical structures, at the heart of the church one finds mystery" (Dulles 1985:17).

### *4. Model en Metafoor*

Om die begrip "modelle" beter te verstaan moet ons duidelikheid kry oor die betekenis van die twee woorde: model en metafoor. "'n Metafoor is 'n beeld, beeldspraak" (Hendriks 1992:12). Hendriks gaan voort om te sê:

> Dit is belangrik om te besef dat die kerk in bepaalde kontekstuele situasies dikwels sekere metafore in die Bybel gebruik. 'n Mens vind dat daar oor en oor uit sekere Skrifgedeeltes gepreek word. Die betrokke metafoor spreek dan baie direk en leidinggewend tot daardie kerk se situasie. Wanneer so 'n beeld dan oor en oor gebruik word, word die gemeentes se kerkbegrip in terme van die beeld gevorm. Die beeld word gewoonlik ook uitgebrei en eintlik verder ontwikkel as wat die Bybel dit self gebruik. Dan word so 'n beeld 'n model. 'n Model veralgemeen dus en orden in die proses die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld (Hendriks 1992:13).

Heyns en Pieterse sê die volgende oor modelle:

> In die teorie-praxis-verhouding word modelle veral op twee maniere aangewend, naamlik as konkretisering van die teorie en eerste abstraksievlak van die praxis. Modelle word gebruik as konkretisering van die prakties-teologiese teorie in sy op-weg-wees na die kerklike praxis. In hierdie soort modelle word die teorie aanskoulik en/of meer verstaanbaar voorgestel (Heyns & Pieterse 1990:36).

Wanneer 'n beeld of 'n metafoor dus refleksief en kripties aangewend word om ons teoretiese verstaan van die werklikheid te verdiep, word dit 'n "model" genoem. Die

doel van modelle is om "verduidelikend" op te tree, bv. deur gelykenisse. Verder word modelle gebruik om "ontdekkend" op te tree. Die model wil jou dus lei tot nuwe teologiese insigte.

Vorster meen daar is drie vereistes waaraan 'n nuwe kerkmodel getoets behoort te word. Hy vra dan die vraag of die nuwe model 'n verbetering is en of dit verdieping bring ten opsigte van:

1. Die gelowige se ervaring van God se heerskappy.
2. Die gelowige se belewing van geloofsgemeenskap as volk van die koninkryk.
3. Die gelowige se roepingsvervulling om in die wêreld sigbare tekens van die koninkryk op te rig. (Vorster 1993:529)

### 4.1 Waarde van 'n metafoor

1. Metafore verhelder die wese van die kerk, daarom dat Christus hoofsaaklik deur middel van metaforiese taal gepreek het.
2. Metafore, soos reeds gesien, speel 'n baie belangrike rol in die hedendaagse ekklesiologie.
3. Tereg meen Dulles dat simboliek belangrik is, want volgens hom is dit 'n samebindende faktor vir die geloofsgemeenskap. Die gereformeerde tradisie daarenteen gaan mank aan sinvolle simboliek in hulle kerkbegrip.
4. Metafore is beelde van die kerk waarmee die gewone lidmaat kan identifiseer.
5. 'n Gemeenskap van gelowiges wat lojaal is en 'n "verbintenis" (Burger 1991:73) het ten opsigte van die kerk, word saamgesnoer met kerklike simbole.

6. Bybelse beelde van die kerk soos byvoorbeeld: die kerk as kudde van Jesus Christus, kerk as bruid van Christus, kerk as volk van God, ensovoorts, het die gevolg dat mense meer intens hulle betrokkenheid by die kerk beleef.
7. Dulles meen dat beelde uiters belangrik is vir die kerk se prediking, liturgie en die algemene "esprit de corps" (Dulles 1985:22).

### 4.2 Gevare van metafore

1. Metaforiese beelde is onvolledig om die volheid van 'n teologiese beginsel weer te gee.
2. Metaforiese beelde kan hoogstens 'n enkele aspek ophelder.
3. Daarom moet daar gewaak word om nie 'n teologiese uitgangspunt van die kerk op net een metafoor te bou nie.
4. Die gevaar bestaan dat die metafoor later meer word as wat die oorspronklike doel was.

## *5. Kerkmodelle*

Wat nou volg is 'n bespreking van vier van die ekklesiologiese of kerkmodelle. Alhoewel Dulles 'n vyfde model beskryf, gaan ons net vier van die modelle van nader bekyk.

## 5.1 Die kerk as instituut

### 5.1.1 Teologiese uitgangspunte

Hierdie model het die Rooms–Katolieke kerk oorheers in die jare 1550 tot 1950 (Hendriks 1992:14). Die institutêre model soos ons dit by Rome vind, word hoofsaaklik getipeer vanuit sy sigbare strukture - die kerk as instelling staan dus voorop.

In hierdie model speel die regte en die gesag van die ampte 'n groot rol. 'n Goed georganiseerde struktuur is belangrik vir die wese van die kerk. Dulles stel dit so: "It will become clear, that the Church of Christ could not perform its mission without some stable organizational features" (Dulles 1985:34).

Die reformasie het die Roomse kerk weer genoop om indringend na die struktuur van die kerk te gaan kyk en in die proses weer 'n sterk gesagdraende hiërargie daar te stel, met die klem op die sigbare gestalte van die kerk.

Die tipiese uitgangspunt van die Rooms-Katolieke kerk (die van Robert Bellarmine) was om die kerk te beskryf vanuit drie uitgangspunte:

- Belydenis van ware geloof.
- Deelname aan die sakramente.
- Onderdanigheid aan die amptelike kerkleiding.

(Hendriks 1992:14)

Teologies maak hierdie model skeiding tussen natuur en genade. Die mens is deur die sonde verdorwe en moet "van bo" ingestorte genade ontvang (deur middel van die sakramente).

In hierdie model oorheers die Christologie. Die versoening van Christus staan sentraal. Maar hierdie versoening kan uitgedeel word deur hulle wat as "ampte" die sleutelmag ontvang het (Hendriks 1992:15). Paulus het die primaat ontvang en van hom af het alle pouse afgeleide gesag wat weer op sy beurt die mag delegeer deur 'n hiërargiese sisteem van biskoppe en priesters. Die pous word ook beskou as die "stadhouer van Christus" of "vicarius Christi' (Hendriks 1992:16).

### 5.1.2 Metafore en ekklesiologie

In die institutêre ekklesiologiese model word die magte en die funksies van die kerk in drie verdeel:

- Lering.
- Heiligmaking.
- Regering (Juridiese aspek).

> This division of powers leads to further distinctions between the Church teaching and the Church taught, the Church sanctifying and the Church sanctified, the Church governing and the Church governed. In each case the Church as institution is on the giving end (Dulles 1985:37).

Die institutêre model is dus by uitstek 'n eenrigting model. Die kerk as instituut is in 'n "gee" situasie en die lidmaat as 'n leek is in 'n "ontvang" situasie. Dit wil sê 'n van "bo na onder" regeringsisteem. Dit onderstreep net weer die hiërargiese ekklesiologie waarmee hierdie model werk.

Daar bestaan geen demokrasie in hierdie model nie. Die leek het ook geen verteenwoordiging in die regeringsisteem nie. Die volle kerklike gesag is in die hande van die "regeerders" wat hulle geledere alleen uitbrei deur middel van koöpsie.

Biskop Emile de Smedt van Brugge het 'n drieledige skema daargestel ten opsigte van die kerkbegrip van hierdie model:

- **Klerikale uitgangspunt.**
  - Die gesag en die mag is gesetel in die amp. (Veral die hoër ampte in die hiërargie.)
- **Juridiese gesigspunt.**
  - Die juridiese outoriteit van die kerk stem baie ooreen met die van die staat.
- **Triomfantiese gesigspunt** van die kerkbegrip.
  - Die kerk as die leërmag teen Satan.

(Dulles 1985:39)

Die kerkbegrip van hierdie model gee aan die instituut baie mag wat konkreet aangewend kan word. Verder is die kerk die enigste kanaal waardeur die leek deel van God se genade kan ontvang. In so 'n model word die lidmate baie passief, want

alles word van "bo" na "onder" gedoen. Die leek doen niks en ontvang net die ingestorte genade deur middel van die sakramente.

### 5.1.3 Siening van kerkeenheid en ekumene

Die institutêre model is nie oop vir ekumene nie. Die probleem lê weereens by die kerkbegrip. Net een "ware" kerk word aanvaar, naamlik die Rooms-Katolieke kerk. Binne so 'n kerkbegrip is daar nie ruimte vir enige ander "kerke" nie. Hierdie siening het tog versag na die Tweede Vatikaanse Konsilie.

Vaticanum II het tog "beperkte" erkenning verleen aan kerklike gemeenskappe wat buite die Roomse kerk val, veral die Ortodokse en Oosterse kerke (Dulles 1985:40,41,42). Aangaande die protestantse kerke het Vaticanum II niks gesê nie.

### 5.1.4 Ampsbeskouing


Die institutêre model word gekonstateer vanuit die amp. Ampte besit totale en finale outoriteit in die kerk. Die regeermag lê vir die model binne die "goddelike reg" wat aan die ampte verleen word. Dit wil sê hulle kry hulle outoriteit, so word beweer, direk van God.

Die amp het dus ongekende mag en gesag binne hierdie model. Die drievoudige mag van prediking (lering), heiliging en regering is gekonsentreer in die top van die hiërargiese piramide – die pous. Die pous wentel sy gesag af na die biskoppe en die priesters.

Sy lering word dus aanvaar op grond van sy posisie en nie op grond van sy besondere gawes nie.

### 5.1.5 Kommunikasiestyl

Die kommunikasiestyl is tipies van bo waar die gesag gesetel is, na onder waar die "leke" is:




(Hendriks 1992:15)

### 5.1.6 Kenmerke van Erediens en prediking

Die erediens is baie eensydig waar net die ampte aan die kultus deelneem. Die lidmate ontvang net, maar neem self nie deel aan die kultus nie.

> Die liturgie het 'n vaste, statige orde. Prediking is kognitief-lerend met 'n sterk proklamerende trek waarin die huidige orde (status quo) verdedig en versterk word. Die hermeneutiese (vertolkende)

denkraamwerk is die handhawing van die kerklike instituut en die heersende orde (Hendriks 1992:17).

### 5.1.7 Evangelisasiestyl

Die evangelisasiestyl hang saam met die kerkbegrip waarmee die institutêre model werk, nl: die bestaan van een ware kerk. Die evangelisasiestyl is dus daarop gebou om mense in die kerk in te bring en nie om hulle by 'n lewende verhouding met Christus te betrek nie. Saligheid lê in die lidmaatskap van die kerk.

### 5.1.8 Maatskaplike betrokkenheid

Dulles beweer dat hierdie model bestaan tot voordeel van sy lede: "In saying that the Church, so conceived, exists for the benefit of its own members" (Dulles 1985:41).

Maatskaplike betrokkenheid is dus belangrik, maar hou weer verband met hulle kerkbegrip en evangelisasiestyl.

### 5.1.9 Sterkpunte van die model

1. Die institutêre model maak dit duidelik dat die kerk 'n gestruktureerde gemeenskap moet wees.
2. 'n Kerklike model moet ruimte maak vir 'n vorm van ampsgesag. Die posisie van die ampte in hierdie model kan tog as 'n as sterk punt genoem word.
3. Die model bevorder die sogenaamde "Esprit de Corps"

4. Die model het 'n baie sterk sendingvisie, al is die einddoel nie wat die skrywer in gedagte gehad het nie.

### 5.1.10 Swak punte

1. Die institutêre model is 'n baie rigiede model.
2. Die model stel sy doktrines so hoog dat daar geen ruimte vir buigbaarheid is nie.
3. Die model kan maklik die "kerk" in die plek van God begin sien.
4. Die amptelike gesag word oorspan, die ampte kan feitlik sê en doen wat hulle wil, niemand durf hulle teëgaan nie.
5. Die model bied geen ruimte vir die uitleef van koinonia nie. Die probleemstelling van die studie vra juis die vraag of die bestaan van kleingroepe die vlak van koinonia in die gemeente kan verhoog. Hierdie model is volgens die skrywer nie geskik om die vlak van koinonia te verhoog nie.

## 5.2. Die kerk as herout (kerugmatiese model)

### 5.2.1 Teologiese uitgangspunte

Met die ontdekking van die boekdrukkuns het die Bybel meer toeganklik geword vir die gewone mens. Die hervorming het daarna plaasgevind as 'n reaksie op die situasie binne die Roomse kerk. "Daar is sterk gereageer teen die primaat (oppergesag van die pous en die absolute gesag van Rome, teen die oorweldigende rol van simboliek, ritueel en sakrament" (Hendriks 1992:20).

Vanuit die reformatoriese tradisie het ons die klem op die geloof-alleen konsep geplaas, en soos dit verder uitgebrei is na die trilogie van die drie "solas":

- "**Sola fide**": Geloof alleen.
- "**Sola gratia**": Genade alleen.
- "**Sola Scriptura**": Woord alleen.

Tereg sê Dulles:

> This model is kerygmatic, for it looks upon the Church as a herald-one who receives an official message with the commision to pass it on. The basic image is that of the herald of a king who comes to proclaim a royal decree in a public square (Dulles 1985:76).

Die sentrale boodskap van hierdie model is dat God sondaars uit genade red. Die sentrale leerstuk waarmee hierdie model werk is die verlossingsleer en dan in besonder die leerstuk van die regverdigmaking deur die geloof. Dulles meen dat die ekklesiologie van hierdie model rondom Christus sentreer en die primêre taak van hierdie model proklamasie is (Dulles 1985:76).

Waar die Institutêre model met die natuur/genade-skema werk met die sentrale posisie van die sakrament waarin die heil in die mens ingestort word, staan die kerugmatiese model in die teologiese denkskema van 'n spanning tussen die genadige God en 'n sondige mens. Jesus Christus as middelaar het hierdie spanning kom ontlont deur met sy lewe die prys vir die sonde te betaal.

Tereg meen Dulles dat in hierdie model die Woord voorop staan. Die sakrament kan getipeer word as "sigbare woord". Die wese van die woordverkondiging in hierdie model is egter baie outoratief - sodoende word die verkondiging van die woord God se teenwoordigheid in die kerk. By die institutêre model is God se teenwoordigheid in die sakrament, veral in die Mis-offer.

### 5.2.2 Metafore en ekklesiologie

Hierdie model werk primêr met die metafoor van die kerk as "herout", die boodskapper van God. Ekklesiologies konstitueer hierdie model nie om die amp, soos by Rome nie, maar om die Woord. "Daar waar die woord suiwer verkondig word en die sakramente reg (nie soos by Rome) bedien word, is die kerk teenwoordig" (Hendriks 1992:20).

> Die kerk bestaan nou uit almal wat in Christus is, en ware gelowiges is. In 'n sekere sin is die kerk dus onsigbaar, want net Christus kan in die hart van die sondaar sien en weet wie werklik tot sy kudde behoort en wie se geloof vals is. Waar die gelowiges om die verkondiging van die Woord saamkom, is die kerk egter vir die wêreld sigbaar (Hendriks 1992:20).

Burger pleit vir die herontdekking van die familie-metafoor wat ook 'n plek binne die liggaamsmodel het. "Die heel belangrikste wins is waarskynlik dat die familie-metafoor mense sou kon help om die kommunale aard van die christelike geloof beter te waardeer en te verstaan. Ek glo dat geeneen van die ander metafore of beelde die gemeenskaplikheid of koinoniale aard van die geloof so helder na vore bring as juis die een nie" (Burger 1995:4).

Die kerk is dus volledig in sy "plaaslike" verband – waar drie of vier in Sy naam vergader, daar is Christus in hulle midde.

### 5.2.3 Siening van kerkeenheid en ekumene

Dulles gee hier tereg goeie kritiek op die model as hy sê dat die model so "proklamasie gesentreerd" is dat hulle nie altyd baie bekommerd is oor die sigbare eenheid in die kerk nie.


As gevolg van die onafhanklikheid van die individuele gemeente in hierdie model, is 'n ekumeniese pad dikwels verberg onder die outonomie van die plaaslike gemeente, wat soos ons reeds gesê het, "volledig" kerk is.

### 5.2.4 Ampsbeskouing

Die primêre bedieningsvorm van hierdie model is dié van "proklamasie". Die ampsbeskouing is afgelei van die "munus triplex" waar Christus se drieledige amp van priester, profeet en koning afgelei is na die ampte in hierdie model. Die ampsbeskouing van hierdie model is reeds in die vorige hoofstuk volledig bespreek.

### 5.2.5 Kommunikasiestyl

Alhoewel die ekklesiologie van hierdie model radikaal van die institutêre model verskil, is daar 'n ooreenkoms in die kommunikasiestyl. Die kommunikasiestyl is, soos die institutêre model, van bo na onder.




(Hendriks 1992:19)

Die kommunikasielyn is steeds van bo na onder as 'n eenrigting verkeer, ongeag die sentraliteit van die kerugmatiese element. Die Woord kom van "Bo" met openbaringsgesag en vra om geglo te word.

### 5.2.6 Kenmerke van die erediens en prediking

Die eredienste van hierdie model is baie formeel. Die Woordverkondiging staan egter sentraal, waar die leraar as "herout" die boodskap aan die gemeente proklameer. Die Woord word van "Bo" ontvang en die gewone lidmaat reageer daarop deur die Woord te glo.

### 5.2.7 Evangelisasiestyl

Die evangelisasiestyl van die verkondigingsmodel lê veral in die tipiese evangelisasieprediking. Deur middel van hierdie prediking word die individu aangemoedig om tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te kom.

Dulles stel dit so:

> The beneficiaries of the Church, according to this type of ecclesiology, are those who hear the word of God and put their faith in Jesus as Lord and Savior. Faith understood in the sense of a reliant commitment to Jesus Christ, is regarded as the necessary condition for receiving the salvation that God promises in Jesus Christ. The goal of the Church, in this style of theology, is simply to herald the message. This ecclesiology goes with a strong missionary thrust. The Church's responsibility is not necessarily to produce conversion (only God can do that), still less to build the kingdom of God; but rather to evangelize the nations in accordance with the "great commission" of Mt. 28:18-20 (Dulles 1985:84).

### 5.2.8 Maatskaplike betrokkenheid

Waar die institutêre model sterk leun op sy maatskaplike betrokkenheid, is dit nie die geval met hierdie model nie. Die plaaslike gemeente is soms so op homself ingestel dat hulle moeilik 'n sterk maatskaplike betrokkenheid openbaar. Dit wil nie sê dat daar geen maatskaplike betrokkenheid in hierdie model is nie, maar die klem van die model lê gewis nie op hierdie vlak nie.

### 5.2.9 Sterk punte

1. Hierdie model het 'n sterk positiewe Bybelse fondasie.
2. Die ekklesiologie van hierdie model gee 'n duidelike begrip van identiteit en missie van die kerk (soos die kerk homself plaaslik manifesteer)
3. Die model gee 'n sterk geestelike fokus op God.

4. Die model vertoon 'n ryk teologie van die Woord.
5. Die feit dat die proklamasie van die Woord sentraal staan en mense aangemoedig word tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

### 5.2.10 Swak punte

1. Hierdie model het die probleem om maklik biblisisties en fundamentalisties te word.
2. Volgens Dulles kan hierdie model tereg 'n oorvereenvoudigte "verlossing" aanbied, 'n sogenaamde "cheap grace".
3. Daar is wel die genoegsaamheid van die Woord, maar die dade ontbreek dikwels.
4. Die model vertoon 'n groot mate van onbetrokkenheid in die sosiale en publieke lewe.
5. Die kommunikasielyn is steeds 'n van "bo" na "onder" model wat die lidmate tot 'n mate onbetrokke laat.
6. Alhoewel die "gemeenskap van die gelowiges" 'n basiese uitgangspunt van hierdie model is, is daar 'n verlies aan koinonia in die praktyk te bespeur.

## 5.3. Die kerk as liggaam (charismatiese model)

### 5.3.1 Teologiese uitgangspunte

Die vorige twee modelle het beide 'n "bo-onder" styl gehad. 'n Nuwe model het egter begin vorm aanneem, veral vanuit die herlewings van die vorige eeu, waar wonders en tekens van die eerste Pinkstergeleentheid na vore getree het.

Die sogenaamde Pinksterbeweging het vorm aangeneem waarin die gawes van die Gees of die charismatiese gawes begin manifesteer het. Waar die Christologie in die vorige twee modelle op die voorgrond staan, funksioneer hierdie model vanuit die pneumatologie.

Die teologiese uitgangspunt van hierdie model sit nie meer vasgevang in 'n natuur/genade of sonde/genade-spanning nie, maar hierdie model beklemtoon die teenwoordigheid en die immanensie van God in die lewe van die gelowige.

Hierdie model is dus duidelik 'n van "onder na bo" model. God is 'n God wat uitreik na die mens. Christologies is Jesus Christus die Here wat mens geword het en uitreik na die noodlydendes. Christus het aan sy kerk die Heilige Gees gegee wat as Gees van Christus in ons kom woon en aan elke gelowige gawes gee. Verder lei die Heilige Gees ons in die waarheid.

### 5.3.2 Metafore en ekklesiologie

In hierdie model figureer daar twee metafore:

- Die kerk as die volk van God.
- Die kerk as die liggaam van Christus.

Die liggaamsmetafoor word veral vanuit Paulus se teologie afgelei. Paulus wil dan sê dat die kerk die liggaam van Christus is. Christus is die hoof van die kerk en elke lid

of ledemaat het 'n besondere plek binne die liggaam waar elkeen dien volgens sy besondere gawes. (Vgl. 1 Kor. 12, Ef. 4)

Die kernkonsep van hierdie model se ekklesiologie lê binne die koinonia-beginsel. Daarom vorm die "gemeenskap van die gelowiges" 'n sentrale beginsel binne die liggaamsmodel. Die kerk word dus opgebou deur lidmate wat hulle gawes tot die voordeel van die gemeente aanwend. Derhalwe konstitueer die kerk (gemeente) hier van "onder" af.

Tereg sê Hendriks in hierdie verband: "Die gemeenskap van die gelowiges (Grieks: ***koinonia*** *)* is 'n wesentlike kenmerk van die kerk. Die 'mekaar-tekste' speel 'n groot rol in die gelowiges se verhouding tot mekaar" (Hendriks 1992:26).

Hendriks gaan voort om die ekklesiologie van die liggaamsmodel soos volg uiteen te sit:

> Teenoor die institusionele van die vorige modelle oorheers die spontane hier die kerkbegrip. Die kerk is nie aan 'n gebou, 'n amp of 'n leerstellige belydenis gebonde nie, maar is dáár waar twee of drie in die Naam van die Here vergader. Geografiese grense is nooit binne hierdie model gewild nie. Die gemeente bestaan heel dikwels uit klein groepe wat as huiskerke, wykskerke, dissippelskapgroepe of basisgemeentes bymekaarkom (Hendriks 1992:26).

### 5.3.3 Siening van kerkeenheid en ekumene

Die model gaan van die standpunt uit dat die kerk reeds een is, en dat hierdie eenheid nou sigbaar moet manifesteer in die kerklike wêreld. Hulle sal ook hierdie eenheid sien as 'n eenheid tussen broers in die Here. Ekumene in hierdie model is nie bloot pragmaties nie, maar eerder 'n herontdek van "mekaar" in die Here. Eenheid kan dus nie gefabriseer word nie maar moet aanvaar word en Christus moet daarvoor gedank word.

Tereg sê Hendriks in hierdie verband:


> Alle gelowiges wat met die Heilige Gees vervul is, is immers een. Dit word vergemaklik omdat die model institutêre reglementering en oorheersing vermy en min belangstelling in dogmatiese verantwoording toon. Die klem lê by die gewone gelowige se geloofsbelewing (Hendriks 1992:26).

### 5.3.4 Ampsbeskouing

Hierdie model is in opstand teen enige hiërargiese regeringsvorm in die kerk. Die uitgangspunt van die model is dat enige "bediening" of leidinggewing koinonia in die kerk moet bevorder. Volgens Ef. 4:12 is dit die taak van die "gawes" of dan ampte in die kerk om die gemeente toe te rus vir hulle dienswerk binne die gemeente. Soos reeds in die vorige hoofstuk uiteengesit, word die woord "bediening" eerder verkies bo die term "amp".

### 5.3.5 Kommunikasiestyl

Soos reeds gesê konstitueer die gemeente/kerk hier van "onder" af:




(Hendriks 1992:24)

### 5.3.6 Kenmerke van die erediens en prediking

Die erediens is baie meer informeel as by die vorige twee modelle. Die model se erediens word gekenmerk deur desentralisasie na kleiner groepe. Die kleingroep of selgroepkonsepte is baie kenmerkend van die liggaamsmodel. In sommige komponente van hierdie model sal daar wel 'n gesamentlike byeenkoms wees wat hulle as 'n "celebration"- geleentheid sal tipeer. Die inhoud van die prediking lê veral klem op lering, toerusting en bemoediging.

### 5.3.7 Evangelisasiestyl

"'n Meer persoonlike benadering word hier gevolg en evangelisasie geskied binne 'n verhouding van persoon tot persoon. Die konfrontasiegesprek, lewenswyse of vriendskapsevangelisasie is tipiese voorbeelde...Weens 'n sterker ontwikkelde gemeenskap van gelowiges is die opvolgwerk van diegene wat tot bekering of tot hernude oorgawe kom, dikwels beter as in die ander modelle" (Hendriks 1992:27).

### 5.3.8 Maatskaplike betrokkenheid

Die model is by uitstek op "mekaar" gerig waar die koinoniakonsep funksioneer. "Die nood, behoeftes en regte van die individu en die lyding van sovele in die wêreld staan werklik in die sentrum van hierdie model se besorgdheid. Dit word egter hoofsaaklik op die persoonlike vlak of as bediening van 'n enersdenkende groep aangespreek" (Hendriks 1992:27).

### 5.3.9 Sterk punte.

1. Die klem val op die liggaamsmetafoor waar elke lidmaat met sy gawes dien.
2. Die sentrale plek wat die koinoniakonsep in die model inneem: Hierdie model is na die mening van die skrywer die beste geskik om die vlak van koinonia in die gemeente te verhoog.
3. Die plek wat kleingroepe in hierdie model inneem is belangrik. Die kleingroepe bied 'n raamwerk waarbinne koinonia kan funksioneer. Hieroor maak Heyns en Pieterse die volgende waardevolle opmerking: "In die stadsituasie waarin ons al

meer in ons land verkeer, bied die gemeente as liggaam van Christus die ruimte vir innige persoonlike geloofsomgang met mekaar en met ons Heer. Daarom is 'n kenmerk van hierdie gemeentemodel dat dit veral in groepe funksioneer. Binne die groter ruimte van die gemeente, wat in die erediens tot een saamgetrek word, is daar plek vir gesprek en koinonia binne kleiner eenhede...Die groepe funksioneer as selle in die liggaam en verskaf samesyn, persoonlike binding, inspirasie en geleentheid tot bediening aan mekaar en aan mense buite die gemeente" (Heyns & Pieterse 1990:62).

4. Hierdie model kry dit reg om die kerk te mobiliseer om effektief in die wêreld te wees.
5. Vanuit die koinoniabeginsel beleef die lidmate liefde vir mekaar.

### 5.3.10 Swak punte

1. Sommige kritici meen daar heers 'n ongesonde gees van emosionalisme in hierdie model.
2. Die model kan daartoe aanleiding gee dat sommige lidmate valse verwagtinge beleef rondom sekere geestelike waarhede soos welvaart en genesing.
3. Die liggaamsmetafoor kan so toegepas word dat daar nie genoeg rekening gehou word met die sonde en die kerk se voortdurende stryd daarteen nie (Hendriks 1992:29).

## 5.4 Die kerk as dienskneg (transformasiemodel)

### 5.4.1 Teologiese uitgangspunte

Hierdie model is ook in reaksie teen die van "bo" modelle. Die model het ontstaan vanuit die reaksie op samelewingstrukture wat besig is om die menswaardigheid van die mens aan te tas en wat die voortbestaan van die wêreld bedreig.

"Die model het twee gesigte (gestaltes waarin dit voorkom): die van die *bevrydingsteologie* en die van die *ekologie*" (Hendriks 1992:29). Waar die ander modelle wel na die wêreld kyk, ontstaan hierdie model vanuit die nood van die wêreld.

> Die bevrydingsteologie het ontstaan in die lande van die Derde Wêreld, waar die gevestigde kerke die *status quo* ondersteun en die armes feitlik aan hulle lot oorgelaat het. In tussen het korrupsie of onderdrukking, onder andere in die vorm van strukturele geweld soos apartheid, die minderbevoorregtes in 'n onmenslike bestaanswyse ingedwing (Hendriks 1992:29).

Teologies konsentreer die bevrydingsteologie op die skeppingsteologie waar die mens vooropstaan as geskapene na die beeld van God. Enige sisteem wat dit aantas oortree dus God se skeppingsorde. In hierdie model word God nou die God van die noodlydendes. Die Eksodustradisie figureer baie sterk in hierdie model.

Versoening in hierdie model:

> ...beteken dus nie soos in die instituutmodel om in gehoorsaamheid die genade van bo te ontvang nie; of soos in die verkondigingsmodel om deur die geloof alleen geregverdig te word nie; of soos in die liggaamsmodel om deur die Heilige Gees wedergeboorte en bekering te ontvang nie. Versoening is iets wat aktief nagestreef moet word, selfs in die uiterste gevalle deur geweld (Hendriks 1992:31).

### 5.4.2 Metafore en ekklesiologie

Die metafoor van die "dienskneg" staan in die transformasiemodel sentraal. Soos met die liggaamsmodel konstitueer die kerk hier van onder af, vanuit die konteks van die armes en die noodlydendes. "Die gemeenskap (koinonia) onder die noodlydendes is dus 'n solidariteit wat rondom die situasie van die arme ontwikkel en hom in subgroepe saamgooi wat aksie-georiënteerd is" (Hendriks 1992:31).

Die ekklesiologie van die model vertoon veral nie institusionele kenmerke nie. In teenstelling met modelle waar kerk en wêreld geskei staan, is hierdie model solidêr met die wêreld. Die kerk in die transformasiemodel het 'n sterk profeties-maatskappy-kritiese rol in die wêreld, en hulle streef met oorgawe 'n utopie na.

### 5.4.3 Siening van kerkeenheid en ekumene

Hulle sien eenheid veral ten opsigte van dienslewering as uiters belangrik. "Doctrine divides but service unites" is 'n prominente slagspreuk van hierdie model. Die model is sterk ekumenies ingestel.


### 5.4.4 Ampsbeskouing

Die amp in die transformasiemodel staan sterk in die lig van die dienskneggestalte van die kerk. As diensknegte is die "ampte" gerig op die nood van die maatskappy. Elke vorm van skeiding tussen "amp" en nood word in die model afgekeur en verwerp. Amp moet homself identifiseer met die "struggle" vir vryheid.

### 5.4.5 Kommunikasiestyl

Die kommunikasiestyl in hierdie model is 'n meerrigtingstyl:

Geloof word dus in die transformasiemodel aan "dade" gemeet. Skrifgedeeltes wat enigsins die status quo sou ondersteun kom onder verdenking.




(Hendriks 1992:30)

### 5.4.6 Kenmerke van die erediens en prediking

Die eredienste is gewoonlik protesbyeenkomste, waar protesprediking die mense aanmoedig om in reaksie te kom teen die status quo.

### 5.4.7 Evangelisasiestyl

Die model het geen begeerte om mense vir 'n eie kerk te werf nie, maar eerder om die noodlydendes te help waar hulle is, ongeag hulle denominasionele affiliasie. Dus is daar nie van enige noemenswaardige geestelike uitreik in hierdie model sprake nie.

### 5.4.8 Maatskaplike betrokkenheid

Hierdie model is by uitstek gerig op maatskaplike betrokkenheid in die samelewing. Dit is 'n model wat die mens in sy nood wil raaksien en bystaan. Die model wil dus totaal solidêr met die mens wees.

### 5.4.9 Sterk punte

1. Die visie en dringendheid om die kerk betrokke te maak by die transformasie van die sekulêre lewe van die mens.
2. Om die hele samelewing te impregneer met die waardes van die koninkryk van God.
3. Die rol van koinonia is tog belangrik in hierdie model.

### 5.4.10 Swak punte

1. Die model gee maklik die indruk dat die mens se finale redding in die geskiedenis te vinde is.
2. Die model kan die kerk lei om sekulêre waardes te aanvaar, en daardeur die ware getuienis van Jesus Christus te verduister.

## 5.5. Dulles se gemeenskap van dissipels

Tereg meen Dulles dat nie een model die volle rykdom van die kerk van Jesus Christus beskrywe nie. "No one set of categories can capture in their full richness the

manifold dimensions of the Church. Various models can compliment one another and compensate for one another's shortcomings" (Dulles 1985:206).

Dulles werk hier met 'n konsep wat hy noem die "community of disciples". Hierdie konsep sien hy as 'n variant van die liggaamsmodel. Die konsep moet ook dien as 'n brugbouer na die ander vier modelle. Die "community of disciples" vorm dus die basis van sy ekklesiologie. Die wortels van die dissipelskapmodel vind hy terug in die bediening van Jesus (Dulles 1985:207). Die dissipels was 'n alternatiewe gemeenskap met sy eie reëls en lewenswyse. Jesus het 'n klein groepie om hom saamgetrek en hulle toegerus met die evangelie boodskap sodat hulle weer ander kan toerus.

Binne die vergadering van dissipels was daar ook grade van intimiteit met Christus, dit wil sê daar was 'n eerste groep of "ring" van dissipels bestaande uit die twaalf, dan 'n groep van sewentig en die buitenste "ring" bestaande uit die groep van 120. Dissipelskap het beteken om jouself te verloën en Christus te volg (Luk. 14).

Die dood van Christus het die hele wese van die dissipelskap verander. Na Pinkster was Jesus deur die Heilige Gees weer teenwoordig in die lewens van die dissipels en sy ander volgelinge. Ons sien dus na Pinkster 'n uitbreiding van die dissipelskap. Alle gelowiges word nou dissipels genoem, en die kerk word nou die "gemeenskap van dissipels" genoem (Hand 6:2). Die sendingopdrag van Matt. 28:19 "Gaan dan heen ..maak dissipels van al die nasies..." word 'n prominente uitgangspunt van die vroeë kerk. Dissipel word nou 'n tipe sinoniem van die term "Christen" of gelowige.

Die verhouding kerk tot dissipelskap was belangrik in die tyd van die vervolging. Maar 'n nuwe krisis bedreig die kerk:

> But a new crisis for the church arose after the conversion of Constantine, when Christianity became the established religion of the empire. Christians became increasingly involved in the ordinary tasks of civil life, including family ties, secular work, and govermental duties (Dulles 1985:213).

Dissipelskap het nou 'n wyer meer buigsame konsep geword:

1. Vir die kerk om deel te neem in hierdie ideaal van dissipelskap moet daar 'n verskeidenheid van gawes funksioneer: liggaamsmodel.
2. Kerk is vir Dulles daar waar mense aan die voete van Jesus vergader- soos dit in die liturgie gebeur: institutêre model.
3. Vir Dulles bereik die liturgie sy hoogtepunt in die sakramentshandeling (Hy het 'n aparte model wat hy die Sakramentele model noem). "Every sacrament is a transaction between the living Lord and the community of disciples" (Dulles 1985:215).

Ten opsigte van die amp in die dissipelskapmodel probeer Dulles om 'n brug te bou tussen die institutêre- en liggaamsmodel met 'n pastorale element: "The pastors must be close to Christ in order to lead, but they must also be seen as disciples under the authority of the Chief Shepherd" (Dulles 1985:217).

Hierdie "ampte" moet sakramenteel georden wees, maar hulle moet tog saamwerk met die groot groep leke, leiers en leraars.

In 'n gesekulariseerde wêreld moet daar volgens Dulles sekere geleenthede wees vir leke wat hulle godsdiens ernstig opneem, om hulleself geestelik te vernuwe, hy noem dit : "Novitiates for life".

Die kerk is dus ook weer net kerk waar God aanbid word. Dit moet voortgesit word met 'n missie na die wêreld – om volledig kerk te wees. Sending is vir Dulles twee dinge:

1. Evangelisasie.
2. Diens (transformasiemodel).

Evangelisasie is die taak van elke gelowige, nie net die taak van die priester en 'n paar helpers nie.

Die dissipelskapmodel streef daarna om navolgers van Jesus in hulle persoonlike lewens te wees.

### 5.5.1 Kritiese samevatting van die dissipelskapmodel

Alhoewel Dulles vanuit 'n Rooms-Katolieke hoek die dissipelskapmodel aanbied, vereenselwig die skrywer hom met sommige beginsels wat Dulles deurgee.

1. Die kerk behoort veel meer van dissipelskap te maak, veral in 'n tipiese verkondigingsmodel waar die lidmaat tradisioneel 'n passiewe rol begin speel het, met die gevolglike afname in koinoniabelewing.

2. Hierdie studie identifiseer ook graag met die posisie van die charismatiese- of liggaamsmodel. Die dissipelskapmodel veronderstel tereg 'n groter klem op die individuele gawes. Heyns en Pieterse kies tereg ook vir die liggaamsmodel: "Ons kies vir 'n basisteorie vir die gemeente volgens die liggaam-van-Christus-tipe gemeente waarin al drie die wesenlike funksies op 'n gebalanseerde wyse geïntegreer is" (Heyns & Pieterse 1990:61). Die vier wesensfunksies is kerugma (verkondiging), koinonia (gemeenskap), leiturgia (liturgie) en diakonia (diens).
3. Tereg meen Heyns en Pieterse dat 'n gemeente wat volgens Bybelse voorskrif wil bestaan volgens die teologiese inhoud van hierdie wesensfunksies moet funksioneer (Heyns & Pieterse 1990:61).
4. Aangesien die liggaamsmodel van die koinoniakonsep uitgaan, is dit ook ter sprake in die dissipelskapmodel waar die gebruik van kleingroepe tot 'n verhoging van koinoniabelewing sal lei. "Daar is 'n groeiende besef dat koinonia 'n meer wesenlike deel van kerkwees en geloof is, as wat ons vir lank gemeen het" (Burger 1995:4).
5. Tereg meen Dulles dat daar tog iets van die instituut moet teregkom in die dissipelskapmodel.

Die volgende probleme met Dulles se dissipelskapmodel verdien om genoem te word:

1. Dulles oorspan die sakramentsbeskouing. Tipies Rooms-Katoliek is die sakramente weer in die sentrum van sy ekklesiologie.
2. Hy ignoreer feitlik geheel en al die verkondigingsmodel. Proklamasie van die Woord is een van die belangrike komponente van 'n kerkmodel. Alles kan ook

nie weer net om dissipelskap en diens draai nie. Die dissipelskapmodel sou met vrug uitgebrei kon word deur 'n groter klem op die kerugmatiese moment te plaas.

Hierdie studie kies dus vir 'n dissipelskapmodel waarin al die ander modelle figureer met die klem op 'n liggaamsmodel waarin, volgens die oordeel van die skrywer, die koinoniakonsep die beste na vore kom.

# Hoofstuk 4

## *Gemeentebou as 'n pastorale proses: Die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid*

### *1. Inleiding*

Die doel van hierdie hoofstuk is om die konsep "gemeentebou" te bespreek. Hierdie studie is in wese 'n studie rondom die beginsels vir die opbou van die gemeente. Die tema spreek derhalwe die rol van koinonia in die opbou van die gemeente aan.

"Gemeentebou" is op almal se lippe. Soos dit met 'n nuwe begrip gaan, het mense verskillende reaksies daarop. In sekere kringe word die gemeenteboubeweging met agterdog bejeën, terwyl dit deur ander aangegryp word omdat hulle in 'n groot mate "nuwigheidjagters" (Nel 1995:858) is. Kellerman meen ook dat gemeentebou 'n "vernuwingsbeweging" (Kellerman 1993:331) is.

Die studie het reeds die "liggaamsmodel" as ekklesiologiese uitgangspunt gekies. Die keuse van 'n ekklesiologiese model plaas die studie in die dampkring van gemeentebou.

Die vraag wat hierdie hoofstuk wil beantwoord, is presies wat beteken die term "gemeentebou". Gemeentebou is nie bloot die doen van 'n klomp nuwighede nie: "...gemeentebou is nie net 'n paar marginale verstellings of aanpassings om die 'historiese monument' meer na die oorspronklike te laat lyk nie. Soms is die kern siek en sal enkele funksionele verstellings nie help nie" (Nel 1995:860).

Die voorveronderstelling waarmee die studie werk, is die feit dat die kerk gebreke het in sy funksionering. Die tradisionele of "herder-kudde-model" het die lidmate onmondig gelaat in hulle geloofsbelewing. Die doel van gemeentebou is om die lidmate te bemagtig om as geloofsvolwasse mense hulle verantwoordelikhede as deel van die liggaam van Christus te verstaan en uit te leef. Die skrywer is van mening dat dit net moontlik is waar die wesensbeginsel van koinonia in die gemeente funksioneer. Verder is die veronderstelling dat koinonia ten beste funksioneer in 'n kleingroep-opset. Die hipotese kan dan verder getrek word deur te beweer dat koinonia in die kleingroep net moontlik is in 'n milieu waar daar gewerk word aan die geestelike volwassenheid van die lede. Dit is vir die doel van hierdie studie die betekenis van die term "gemeentebou".

## *2. Probleemstelling*

Die gemeenteboubeweging moet daarteen waak dat dit nie net 'n oppervlakkige programgeoriënteerde beweging word nie. Die idee kan maklik geskep word dat die gemeente besig is met "gemeentebou"- terwyl dit net bloot 'n reeks aktiwiteite is wat plaasvind, sonder dat die spiritualiteit van die lidmate daardeur geraak word. Gemeentebou is dus nie net die doen van nuwe dinge soos reeds gesê is nie - dit moet die lidmate lei tot geloofsvolwassenheid. Gemeentebou sal die lidmate in hulle private lewenswêreld moet bereik en hulle weer deelmaak van die gemeenskap van gelowiges.

D. J. Louw stel dit so:

> Ontleed ons die oënskynlike "Christelikheid" van baie lidmate dan kan ons nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die terrein waarbinne die geloof opereer beperk is tot die private lewe van die individu (Louw 1985:21).

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat gemeentebou as 'n "program"- bediening nooit die private lewe van die lidmaat kan deurdring nie. Gemeentebou moet eerder gesien word as 'n proses wat die gemeente begelei tot geloofsvolwassenheid. Indien die kerk dit nie kan laat realiseer nie, beweeg die kerk in Suid-Afrika, veral die Ned. Geref. Kerk, in dieselfde rigting as die kerk in Wes-Europa - nl. 'n tyd van "post-Christendom", waar die kerk sy betekenis vir die mens verloor het.

Die doel van hierdie hoofstuk is om na die proses van gemeentebou te gaan kyk met die oog daarop om die gemeente tot geloofsvolwassenheid te lei. 'n Geloofsvolwasse geloofsgemeenskap is in staat om die beginsels van koinonia in kleingroepe tot sy reg te laat kom.

### *3. Basiese uitgangspunt van hierdie hoofstuk*

***Wanneer gemeentebou bloot as 'n "program"- bediening in die kerk bedryf word, gaan dit moeilik tot die private lewe van die lidmaat deurdring. Gemeentebou moet eerder gesien word as 'n proses - 'n pastorale proses - waardeur die lidmate gelei word tot geloofsvolwassenheid.***

## *4. Konstrukte waarmee hierdie hoofstuk werk*

### 4.1 Gemeentebou

As ons praat van gemeentebou, praat ons nie in die eerste plek van sekere strukturele veranderinge wat in 'n gemeente moet plaasvind nie. Gemeentebou is die werk van die drie-enige God:

- Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories - verbondmatig aan die mens openbaar.
- Dit is gebaseer op die kruisversoening en opstandings-oorwinning van Jesus Christus wat as Hoof van die kerk sy kerk regeer.
- Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees.
- Die drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedienings speel hierin 'n grondliggende rol.
- Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd (Hendriks 1992:85).

Alhoewel die skrywer met Hendriks se uitgangspunt van gemeentebou saamstem, wil dit tog voorkom asof Hendriks nog te min maak van die koinoniakonsep as wesenskenmerk van die kerk. Dienswerk vind vir hom plaas in die konteks van onder

andere koinonia. Die wisselwerking tussen koinonia en die groei na geloofsvolwassenheid is 'n element wat die skrywer in Hendriks se uiteensetting mis.

Vir Nel "gaan dit in gemeentebou primêr om die gemeente as gedefinieerde subjek in die plan van God met sy wêreld" (1986:2).

Tereg meen Nel verder dat gemeentebou se doel nie is om "'restoratief' met die empiriese subjek besig te wees nie. In hierdie sin van die woord is gemeentebou nie 'n bewaringsaksie van historiese monumente nie. Gemeentebou is ewe-eens ook nie marginale verstellings of aanpassings nie. Gemeentebou is komprehensief - intensioneel gerig op die sentrale - vernuwing van die gemeente - in wese, bestaan en funksionering" (Nel 1986:3).

Hierdie vernuwing moet egter nie berus op blote nuwe strukture nie, vernuwing moet die vernuwing van mense se harte beteken. Hierdie vernuwing is deel van die proses van groei na geloofsvolwassenheid.

Tereg spel Hendriks die doel van gemeentebou soos volg uit:

- die kwantitatiewe opbou (dit is: geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en betrokke raak by die *missio dei*) van die *ekklesia*;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die *ekklesia*;

- die daarstelling van die ekklesia as die voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God;
- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die ekklesia as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer (Hendriks 1992:86).

D. J. Louw beskryf gemeentebou as volg:

> Die opbou beginsel (Oikodomein) is met die oog op die gestalte van die gemeente in 'n veranderde samelewing uiters belangrik. Dit is 'n tussenbegrip wat die kerk van twee uiterstes bewaar: die statiese posisie (institutêre stramheid) en die eksperimenteel avontuurlustige posisie (ondergrondse waaghalsigheid; die kerk incognito; die revolusionêre eksodus gemeentes). Die begrip "opbou" is 'n soort bemiddelingsbegrip wat as rek tussen die vastigheid van die instituut en die soepelheid van die organisme dien (Louw 1985:30).

Met hierdie siening van gemeentebou kan die skrywer hom vereenselwig. In die begrip gemeentebou is daar beslis 'n bipolêre spanning: die statiese posisie van die kerk as "instituut" en die meer soepel konsep van die kerk as organisme. Gemeentebou moet nie net oorleun na die organisme kant waar net die organisatoriese beklemtoon word nie. 'n Spanningselement in die gemeentebouproses is dus 'n gesonde situasie.

Die instituut moet korrektief op die organisme wees, sonder om die dinamiek van die organisme te onderdruk. Hierdie korrektief sien die skrywer as 'n goed gefundeerde, prakties-teologiese ekklesiologie van die hele gemeenteboukonsep.

Nel gee 'n interessante werksformule vir gemeentebou as bediening in die gemeente:

> Gemeentebou is daardie bediening - naas en met integrering van alle ander gestaltes van die bediening soos die prediking, lering, pastorale sorg, evangelisasie, sending, ens. -
>
> Waar: * God-drie-enig deur sy Woord en die ampte Sy gemeente oplei om
>
> * Sy wese en doel te verstaan;
>
> * gemotiveerd self (as gemeente) sy funksionering te evalueer en doelwitte vir sy opbou (intensief en ekstensief) te formuleer en op beplande wyse te bereik;
>
> * soos nodig op 'n voortgaande basis strukture van gemeentelike lewe te ontwikkel wat die heilshandelinge van God-drie-enig in kerk en wêreld dien (Nel 1986:3).

Die skrywer meen dat Nel gemeentebou steeds as 'n aparte handeling van die kerk wil sien. Gemeentebou is vir die skrywer 'n omvattende begrip vir die bediening van die gemeente. Alle aksies of bedieninge in die gemeente behoort ingestel te wees op die een doel, naamlik om lidmate te begelei op hulle pad na geloofsvolwassenheid. Gemeentebou is dus nie 'n blote aanhangsel aan die kerk wat oppervlakkige vernuwing moet fasiliteer nie.

## 4.2 Pastorale proses

Die begrip pastoraat kan ons omskryf as daardie aktiwiteit van die gemeente van Jesus Christus waar gesoek word na die konkretisering van die heil:

1. Deur die verkondiging van die verlossing van skuld.
2. Die bediening van die versoening.
3. Die verlening van hulp met die inrigting van 'n nuwe lewe.

(Wessels 1982:52)

Die pastorale proses in die opbou van die gemeente het nie net te doen met hulpverlening aan die individu nie, maar dit het 'n korporatiewe gerigtheid. "Dit gaan egter in die opbou nie net om die individuele gelowige nie. Opbou is 'n korporatiewe begrip wat dui op al die gelowiges saam as die liggaam van Christus" (Louw 1992b:51).

Louw meen dat die pastorale proses in die opbou van die gemeente daarin bestaan om die individu uit sy isolasie te neem en hom in te skakel binne die geheel van die gemeente (Louw 1992b:51).

Die pastorale teologie soek egter na 'n Bybelse metafoor om hierdie proses van opbou beter te verstaan en te verwoord. Vervolgens kyk ons kortliks na enkele metafore in die Bybel:

### 4.2.1 Die herdermetafoor

In hierdie metafoor word die herderstyl as die proses van sorg aan die lidmaat vooropgestel. In Handelinge 20:28 kry ons 'n verwysing na die herdermetafoor en sy gerigtheid op die versorging van die gemeente:

> Soos wagters 'n kudde moet versorg so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy Seun.

Alhoewel hierdie 'n baie belangrike metafoor is vir die pastoraat, beskryf die herder metafoor met sy sorgdimensie nie presies alle dimensies van dit wat ons met die proses van opbou bedoel nie.

### 4.2.2 Die diensknegmetafoor

Hier staan die "diens"-motief voorop. "Toegepas op die pastorale sorg beteken dit dat die diensknegmetafoor die gedagte van offervaardigheid en identifikasie met die lydende mens in nood deurgee" (Louw 1992b:47).

Hier gaan dit om die pastorale diens as genesing en herstel - 'n baie belangrike komponent van die "mekaar"- tekste van die Bybel. Maar weereens is die dienskneg-metafoor opsigself nie geskik om die uniekheid van die opbou van die gemeente as pastorale proses mee te beskryf nie.

### 4.2.3. Die paraklesemetafoor

Die vorige twee metafore het gekonsentreer rondom herstel en genesing. Maar dit het nie presies beskryf wat ons met 'n pastorale proses in die opbou van die gemeente bedoel nie.

Tereg sê Louw: "Die proses van gemeente-opbou geskied nie buite die dimensie van tug, vermaning en bestraffing om nie" (Louw 1992b:51). Vir hierdie dimensie is die woord "paraklein" die beste om die inhoud en die styl van die pastorale proses tot gemeente-opbou te beskryf.

Die woord "parakléo" staan in verband met die woord "paraklétos" wat as advokaat, helper, trooster en berader vertaal kan word (Louw 1992b:54). "Dit bring ons by die belangrike gevolgtrekking dat pastoraat heilsbemiddeling is van die troosboodskap van die evangelie met die oog op die heiliging van die ganse skepping in die teenwoordigheid van God" (Louw 1992b:54).

Die konklusie wat ons hieruit kan maak is dat die woord "paraklein" die beste aan hierdie opbou- en sorg-dimensie van die gemeente voldoen. Dit dui dus op 'n proses van geloofsopbou na geloofsvolwassenheid.

In die pastorale proses identifiseer D. J. Louw twee dimensies wat hierdie parakletiese opbou- en sorg-handeling ondersteun, nl:

1. 'n Eskatologiese en

2. 'n Pneumatologiese dimensie.

Louw noem dit die konvergensiemodel in sy pastorale teologie.

#### 4.2.3.1 Die eskatologiese dimensie

Met die eskatologiese dimensie in die pastorale proses van gemeentebou word die konkretisering van die heil in die lewe van die gemeente bedoel.

> Met eskatologie word nie futurologie bedoel nie. Die begrip eskatologie moet nie in die eerste plek as 'n tydskategorie verstaan word nie. Eskatologie veronderstel dus nie 'n temporele spanning tussen God en mens wat as "daarvoor" en "hieragter" geïnterpreteer moet word nie. Eskatologie is 'n heilskategorie wat die kwalitatiewe verskil tussen aeone aandui. Hierdie verskil is die verskil tussen die sfeer van die nuwe skepping en die van die ou skepping (Louw 1992b:76).

Die eskatologiese dimensie veronderstel dus die herskepping van die mens. Hierdie "herskepping" van die mens word ten beste uitgebeeld met die woorde van Paulus aan die Korintiërs waar hy sê:

> Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom (2 Kor. 5:17).

'n Nader vertaling kan ook lui "'n nuwe skepping". Dit wil sê iemand wat in Christus is, is 'n nuwe "skepping".

Die doel van die pastorale proses in eskatologiese perspektief is die geloofsvolwassenheid van die gemeente, individueel en korporatief. Hierdie geloofsvolwassenheid kan egter nie realiseer sonder die inwerking van die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees bewerk die nuwe lewe in die mens sowel as in die gemeente. Dit bring ons dan by die "pneumatologiese" dimensie van die paraklesemetafoor.

**4.2.3.2 Die pneumatologiese dimensie**

Die pneumatologiese dimensie se waarde lê daarin dat die mens se innerlike potensiaal nie ontken word nie. Maar hierdie potensiaal is tereg alleen haalbaar deur die inwerking van die Heilige Gees.

> Deur die Heilige Gees woon Christus in die mens in (Inhabitatio Spiritus). Hierdie inwoning is só radikaal dat menslike seksualiteit en liggaamlikheid 'n besondere plek inneem in God se openbaring: die liggaam word 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19) (Louw 1992b:225).

Dit is juis as gevolg van hierdie inwoning van die Heilige Gees dat die mens in staat is om sy potensiaal te bereik. Hierdie potensiaal is ook 'n potensiaal tot geloofsvolwassenheid. Die nuwe mens het die potensiaal om die gawes van die Heilige Gees in sy lewe te ontsluit, daarom kan ons ook praat van 'n "charismatiese" potensiaal.

Die pastorale proses van opbou na geloofsvolwassenheid, vind plaas wanneer die gemeente "korporatief" begin groei na aanleiding van die inherente potensiaal van die lidmate vanweë die inwoning van die Heilige Gees.

## 4.3 Geloofsvolwassenheid

Die doel van die pastorale proses in die opbou van die gemeente is geloofs-volwassenheid. As ons hier van geloofsvolwassenheid praat is dit nie op die individu gerig nie, maar korporatief t.o.v. die gemeente.

Die "volwasse" man van Ef. 4:13 dui dan ook direk op die gemeente:

> So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy ***kerk***, soos 'n volgroeide "volwasse man", [ou vertaling] mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

Die "volwasse **man**" van Ef .4:13 is dus 'n **korporatiewe** begrip wat na die gemeente verwys.

- Die gelowige word volwasse in dié sin dat die versoeningswerk van Christus voortaan sy denke, wil en lewe bepaal en hy op grond hiervan saam met alle gelowiges getuie is van hierdie middelaarswerk. Saam is alle gelowiges betrokke by die konkrete lewenswerklikheid van elke dag met die oog op die verandering daarvan vanuit die perspektief van die komende Christus. Volwassenheid staan in verband met die volheid van die heil

> (pleróma); die belydenis van die waarheid (marturia), die nuwe lewenstyl in 'n veranderde werklikheid (ethos) en die koms van Christus (adventus) (Louw 1985:32).

Hierdie geloofsvolwassenheid het dus met ons versoening in Christus te doen (Louw 1992b:207). Die pneumatologiese dimensie in die pastorale proses van gemeente-opbou wil die versoeningswerk van Christus 'n realiteit maak in die lewe en werk van die kerk. Hierdie proses lei tot 'n verhouding met Christus - en dus geloofs-volwassenheid.

Vanuit die pneumatologiese dimensie vloei die soteriologiese realiteit van geloofsvolwassenheid. Tereg meen Louw dat die soteriologiese element van geloofs-volwassenheid bestaan in die proses van daaglikse bekering of oorgawe:

> Dit is uit dankbaarheid vir die verlossing in Christus dat die mens groei in heiligmaking. Met volwassenheid bedoel die Bybel 'n proses van daaglikse oorgawe en omkeer en 'n voortdurende gerigtheid op Christus en die koninkryk van God (Louw 1992b:208).

Geloofsvolwassenheid is dus die uitleef van jou christenskap, die daaglikse toewyding aan Christus.

Tereg sien Overduin geloofsvolwassenheid as volg:

> Zo is het ook gesteld met wat wij onder geestelike volwassenheid verstaan. Wij bedoelen daarmee het geestelike leven in enger zin, het godsdienstig leven vanuit Jezus Christus (Overduin 1974:45).

Hiermee het Overduin ook die soteriologiese dimensie in die oog. Hy gaan egter verder en maak 'n onderskeid tussen "geestelike volwassenheid" wat 'n lewe van verbondenheid aan Christus beteken en "geestelike mondigheid" wat die implikasie van geestelike volwassenheid is:

> De definitie luidt ongeveer als volgt: Onder geestelijke mondigheid verstaan wij de geestelijke zelfstandigheid, verantwoordelijkheid, de mact om niet meer onder de voogdij en de macht van de duivel, het vlees, de wêreldgeesten en wêreldmachten, de oude mens en de vloek en slavernij van de wet te leven, maar vrij, mondig, rein, volmaakt, rijp en volwassen te leven doordat Jesus Christus als koning door zijn Woord en Geest in en over ons heerst (Overduin 1974:47).

Louw sien hierdie proses van geloofsvolwassenheid in 'n eskatologiese dimensie:

> In Christus is God besig om deur die werking van die Heilige Gees die ganse skepping te begelei na 'n uiteindelike doel: die algehele verheerliking van God deur sy ganse skepping (Louw 1992b:209).

Laastens het volwassenheid ook 'n korporatiewe dimensie:

> Geloofsvolwassenheid sien die Christen nie meer as 'n enkeling nie, maar as deel van 'n groter geheel: die liggaam van Christus... Geloofsgroei is daarom "groei van die liggaam" [gemeente] vir sy eie opbouing in liefde (Ef. 4:16) (Louw 1992b:210).

Geloofsgroei vind dus nie net individueel plaas nie, maar korporatief in die gemeente. Die opbou van die gemeente vind plaas wanneer daar korporatiewe geloofsgroei is.

Hierdie groei na geloofsvolwassenheid kan na die oordeel van die skrywer eers werklik realiseer in 'n bedieningskonsep waar mense in koinoniale verbande van groepe van nie meer as vyftien mense nie, nader na mekaar sowel as aan Christus groei. Die selgemeentekonsep is derhalwe uiters geskik vir die groei na volwassenheid, wat dan die primêre doelwit van gemeentebou is.

## *5. Die proses van ontwikkeling tot geloofsvolwassenheid*

Die uitgangspunt van hierdie hoofstuk is om te sê: gemeentebou is nie bloot 'n program bediening nie - programme alleen kan nie die geestelike behoeftes van 'n gemeente aanspreek nie. ***Gemeentebou moet eerder gesien word as 'n proses: 'n pastorale proses om 'n gemeente te lei tot geloofsvolwassenheid.***

Hierdie volgende punt wil nou hierdie proses van groei na geloofsvolwassenheid nader omskryf. Vanuit die uitgangspunt het ons reeds die konstrukte gedefinieer. Die doelwit in gemeentebou is nou om die gemeente te lei tot geloofsvolwassenheid. Hierdie geloofsvolwassenheid kan onderskei word in vier dimensies:

1. Soteriologies.
2. Pneumatologies.
3. Eskatologies.
4. Korporatief.

## 5.1 'n Prakties - teologiese ekklesiologie

Die sukses al dan nie van die proses van gemeentebou tot geloofsvolwassenheid hang ten nouste saam met die model van kerkwees waarmee gewerk word. Dit was dus nodig dat ons in hoofstuk drie vir onsself 'n model geïdentifiseer het vir 'n prakties-teologiese ekklesiologie.

> Onder 'n prakties-teologiese ekklesiologie word verstaan 'n model vir kerkwees wat nie soseer konsentreer op die wese van die kerk nie, maar op die lewe van die kerk (Louw 1992a:2).

Ons het reeds gesien dat Dulles in sy boek *"Models of the church"* aan ons waardevolle insigte oor die belangrikheid van "kerkmodelle" gebied het:

> ...models serve to synthesize what we already know or at least are inclined to believe. A model is accepted if it accounts for a large number of biblical and traditional data and accords with what history and experience tell us about the Christian life (Dulles 1989:24).

Tereg sê Hendriks dat die kerkmodelle vir 'n mens 'n bruikbare verwysingsraamwerk bied vir jou kerkbegrip (Hendriks 992:12). Kerkbegrip is baie belangrik ten einde die proses van gemeente-opbou te verstaan. Aangesien die modelleteorie in die vorige hoofstuk volledig bespreek is, gaan ons hier volstaan met 'n kort samevatting van die vier ekklesiologiese modelle en hulle invloed op die proses van groei tot geloofsvolwassenheid in die gemeente.

In die formulering van so 'n prakties-teologiese ekklesiologie is dit dus uiters belangrik om die opboumotief te verstaan.

Louw vra die vraag:

> ...hoe 'n prakties-teologiese ekklesiologie geformuleer moet word sodat die opbou-komponent van lidmate se geloofsvolwassenheid sodanig sal wees dat dit gestalte gee aan die kerk se dienende funksie in die wêreld en die transformerende effek van haar handelinge in die wêreld (Louw 1992a:3).
>
> 'n Prakties-teologiese ekklesiologie wil dus die kerk verstaan in terme van dinamiese struktuurmodi, effektiewe diensgestaltes en kommunikatiewe geloofshandelinge (Louw 1992a:5).

Vervolgens wil ons nou die vier heersende ekklesiologiese of kerkmodelle kortliks herhaal:

> Modelle word hier gebruik om die praktykteorie en bedienings-praktyk, soos dit in bepaalde kerklike tradisies waargeneem word, veralgemenend te teken. 'n Model lê dus die kerkbegrip en -praktyk uit, soos dit in die gewone lidmate se optrede sigbaar word (Hendriks 1992:13).

Die modelleteorie is afgelei van metaforiese- of beeldspraak uit die Bybel. 'n Metafoor word 'n model wanneer so 'n beeld herhaaldelik gebruik word en uiteindelik ontwikkel tot 'n model. "'n Model veralgemeen dus en orden in die proses die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld" (Hendriks 1992:13).

### 5.1.1 Die kerk as instituut

Die institutêre model word hoofsaaklik getipeer vanuit sy sigbare strukture - die kerk as instelling. In hierdie model speel die regte en die gesag van die "ampte" 'n fundamentele rol. In hierdie model is die ampte oorheersend en vorm die regering van die kerk 'n hiërargiese piramide. Louw noem hierdie model ook die "kultiese" model (Louw 1992a:3).

"In hierdie model is die lidmate passief in die sin dat hulle alles ontvang wat hulle vir hulle saligheid nodig het" (Hendriks 1992:16). Tereg sê Louw dat die lidmate self as leke beskou word, wat hulle in 'n hoë mate onaktief maak in die funksionering van die kerk met 'n oorafhanklikheid van die ampte (Louw 1992a:8).

Hierdie is nie 'n model om geloofsvolwassenheid te laat ontwikkel nie. Louw meen tereg dat dit juis die geestelik onvolwasse lidmaat is wat homself in so 'n kerkmodel tuis voel (Louw 1992a:8).

### 5.1.2 Die verkondigingsmodel

In hierdie model ontstaan die kerk nie om die amp nie, maar om die Woord. "Daar waar die Woord suiwer verkondig word en die sakramente reg (nie soos by Rome nie) bedien word, is die kerk teenwoordig" (Hendriks 1992:20).

In hierdie model is daar 'n belangrike spanningsmoment wat raakgesien moet word. "Die spanning tussen die verhewenheid van God en die sondigheid van die mens kom

in die kerkbegrip na vore" (Hendriks 1992:20). Dit kan aanleiding gee dat hierdie model maklik met die sonde/genade-skema werk.

Louw meen dat dit veral "lidmate met 'n gereformeerde agtergrond, asook lidmate in die middelklasgroepe" (Louw 1992a:8) is wat in hierdie model tuishoort. Dit is net gedeeltelik waar. Die skrywer is van mening dat 'n "verkondigingsmodel" op baie lidmate afgedwing word.

'n Kernargument in die boek van C. Burger "*Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*" is dat "...baie van ons gemeentes tans 'swaar trek' onder so 'n bediening waar die woordverkondiging deur die prediking verabsoluteer word ten koste van ander wesenlike momente van die Christelike lewe en bediening" (Burger 1991:21).

Vir die proses van geloofsvolwassenheid lê die pluspunt van hierdie model in die soteriologiese swaartepunt van die evangelisasiestyl.

Die negatiewe kant lê ook ten opsigte van die soteriologie:

> Die eensydige konsentrasie op die heilswerk van Christus geskied ten koste van die belangrike gesigspunt van die heilswerk van die Heilige Gees. Teenoor Rome het die Reformasie die leer oor die regverdigmaking helder uitgeklaar, maar die leer oor die heiligmaking het nie klaar ontplooi nie (Hendriks 1992:23).

Die model bly net op die kognitiewe kant van die mens konsentreer, terwyl die affektiewe of gevoel agterweë bly. Dit hou negatiewe gevolge in vir die proses van geloofsvolwassenheid in die gemeente. Die skrywer is van mening dat die verkondigingsmodel nie geskik is om die proses van groei na geloofsvolwassenheid te fasiliteer nie.

### 5.1.3 Die liggaamsmodel

Hierdie model is veral die model van Paulus waar hy die kerk as "liggaam van Christus" bestempel het. In hierdie model word heelwat klem gelê op die emotiewe. Tereg sê Louw in hierdie verband:

> Lidmate met 'n behoefte aan emosionele betrokkenheid, aanskoulike erediensbetrokkenheid, belewing en pastorale ondersteuning toon 'n sterk voorkeur vir so 'n model (Louw 1992a:8).

Hendriks noem hierdie model ook die charismatiese model en wys op die belangrikheid van koinonia in hierdie model: "Die gemeenskap van die gelowiges (Grieks: koinonia) is 'n wesenlike kenmerk van die kerk" (Hendriks 1992:26).

Tereg sê Hendriks verder:

> In die liggaamsmodel is 'n lewende verhouding met Christus en 'n lewe onder beheer van die kragtige werking van die Heilige Gees die deurslaggewende faktore. Jy moet van wedergeboorte en bekering kan getuig (Hendriks 1992:26).

Die model is belangrik omdat die opboumotief sentraal daarin staan:

> In sy kern gaan dit dus in hierdie model om 'n groeiproses waardeur die gelowige vestig in Christus (konsolidasie); om 'n spesifieke dinamiese doelwit, naamlik geestelike volwassenheid (ontwikkeling) asook om onderlinge betrokkenheid en 'n eenheid in liefde (gemeenskap) (Louw 1992:9).

Dit wil dus voorkom of die liggaamsmodel met sy klem op koinonia geskik is om die proses van groei na geloofsvolwassenheid te fasiliteer.

### 5.1.4 Die transformasiemodel

Hierdie model word ook genoem die "revolusionêre-transformasiemodel": 'n Model met 'n swaar klem op die kerk as protesliggaam. "Lidmate vasgevang in onmenslike politieke strukture en maatskaplike krisisse gebruik hierdie model om van die geweld in die samelewing ontslae te raak" (Louw 1992a:8).

Alhoewel die skrywer nie met die eensydige gebruik van die model in die bevrydings-teologie kan saamstem nie, is daar een belangrike pluspunt in hierdie model wat uiters belangrik is vir die proses van geloofsvolwassenheid, nl. die beklemtoning van die diensknegggestalte van die kerk.

### 5.1.5 Konklusie

Alhoewel 'n prakties-teologiese ekklesiologie nie net een model wil verabsoluteer nie, wil die skrywer met Louw saamstem:

> Met die oog op hierdie belangrike eksistensiële behoeftes doen 'n prakties-teologiese ekklesiologie die keuse vir die liggaamsmetafoor. Die verstaan van die kerk as liggaam van Christus gee die beste uitdrukking van die primêre funksie van die kerk (Louw 1992a:7).

Die liggaamsmodel word gekies weens die sentraliteit van die koinoniamotief in die opbou van die gemeente. Hierdie model is ook uiters geskik om die pastorale proses na geloofsvolwassenheid te akkommodeer - veral die "charismatiese" perspektief van die model, waar lidmate deur die Heilige Gees toegerus word met die vrugte van die Gees, wat niks anders is as die proses van groei na geloofsvolwassenheid nie. Hierdie proses van groei na geloofsvolwassenheid is uiteindelik slegs haalbaar in 'n situasie waar daar sorgende koinoniale verbande bestaan.

## 5.2 'n Basisteorie vir die groei na geloofsvolwassenheid

Die doel van só 'n basisteorie is om kortliks die basiese funksionele handelings-dimensies van die kerk te bespreek ten einde die karakter en die aard van die groeiproses na geloofsvolwassenheid saam te vat. Hier gaan op die volgende vier handelingsdimensies gekonsentreer word, nl:

1. Visie.
2. Verbintenis (Commitment).
3. Koinonia.
4. Diens.

Burger beweer dat "'n gemeente reg funksioneer, leef soos hy moet, indien [hierdie] vier prosesse tegelyk en in ewewig effektief in beweging gehou word" (Burger 1991:20). Louw noem dit "vier basiese geloofshandelinge of funksionele dimensies" (Louw 1992a:13).

Hierdie dimensies is deel van die groeidinamika van 'n gemeente. As hierdie dimensies nie in 'n gemeente teenwoordig is nie, kan daar nie sprake wees van 'n "geloofsvolwasse" gemeente nie.

Burger en Louw identifiseer elk vier dimensies. Vir die doel van hierdie studie wil die skrywer beide se dimensies inkorporeer om een funksionele geheel te vorm. Louw se bewering dat Burger se dimensie van "visie" nie werklik genoem kan word nie en dat dit op 'n ander vlak lê, is na die mening van die skrywer nie heeltemal korrek nie en is dit die rede waarom hy dit juis as sy uitgangspunt gebruik:

### 5.2.1 Visie

Die dimensie van visie is die eerste stap in die rigting van geloofsvolwassenheid in die gemeente. Burger stel dit so: "Sonder 'n visie wat funksioneer op die vlak van 'n

gedeelde droom, kan daar nie sprake wees van 'n lewende en effektiewe geloofsgemeenskap nie" (Burger 1991:37).

Met visie bedoel ons "belydenis". Burger sê dat hy eerder kies vir die term "visie" bo "belydenis", omdat dit baie maklik is om bloot met 'n belydenis saam te stem. 'n Visie is iets anders, dit dui daarop dat jy aangegryp is deur die inhoud van die geloof.

> Die bewuste keuse vir die term "visie" bo "belydenis" is gedoen omdat dit ook wil sinspeel op die element van *aangegrepenheid* deur die inhoud van die geloof. 'n Belydenis waarmee bloot ingestem word, wat maar net op 'n intellektuele vlak vir waar gehou word, mis die kern van waaroor dit in die Christelike geloofsgemeenskap gaan. In baie Westerse kerke het mense geloof begin reduseer tot 'n kognitiewe verstaan-aksie, terwyl die emotiewe en die konatiewe momente (die gevoel en wil) tot sake van 'n sekondêre orde gemaak is. Die visie waaruit die Christelike geloofsgemeenskap leef, omvat egter na sy wese ál drie funksies van die menslike bestaan - verstand, wil en emosie (Burger 1991:38).

'n Visie mag nie bloot aanspraak maak op die verstand nie, maar moet ook die harte van die lidmate aanspreek. Hierin lê die waarde van 'n visie van 'n gemeente vir geloofsvolwassenheid.

"Geloofsvolwassenheid begin juis groei waar mense besef dat hulle 'n visie, die hoop op Jesus Christus en sy evangelie, met mekaar deel" (Burger 1991:38). Hierdie visie word dan die krag van die geloofsgemeenskap om te groei na geloofsvolwassenheid.

### 5.2.2 Verbintenis (Commitment)

'n Tweede dimensie lê vir die skrywer in die verbintenis wat mense aan die visie van 'n gemeente maak. Tereg sê Burger:

> Solank individue nie 'n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis ("commitment") aan die visie van die gemeente het nie, kan daar geen sprake wees van 'n lewende en effektiewe funksionerende geloofsgemeenskap nie (Burger 1991:73).

Tereg sê Burger verder dat dit hier om die "daad-kant van die geloof" (Burger 1991:73) gaan. "Die kwaliteit van 'n geloofsgemeenskap se lewe en getuienis kan nie wesenlik beter wees as die vlak van sy toewyding aan die visie nie" (Burger 1991:74).

Die dinamika van geloofsgroei is daarin geleë dat mense iewers wil behoort. 'n Geloofsverbintenis bring ook sekuriteit. Pattison maak 'n interessante opmerking in hierdie verband:

> Yet it is noteworthy that young people are no longer interested in the dead and empty humanism of religiosity. They look for a place, a belief, a value, to which they can commit themselves. Young people see clearly that we have sold out faithful commitment, and they are yelling loudly that the church (like the fabled Emperor) has no clothes (Pattison 1977:23).

Patisson noem hierdie "commitment", "the shared identity that forms the cohesive ground of the system" (Patisson 1977:23).

Die kerk sal weer ernstig aandag moet gee aan die lidmate se geloofsbeloftes, waarsonder daar nie sprake kan wees van geloofsvolwassenheid nie.

Dit is die mening van die skrywer dat dit weens die verlies aan 'n duidelike omlynde geloofsverbintenis is dat die kerk, by name die Ned. Geref. Kerk, gebuk gaan onder geloofsonvolwassenheid. Die bedieningspraktyk waar die lidmate in die "verkondigingsmodel" bloot 'n "besoekpunt iewers in 'n wyk is" maak dit feitlik onmoontlik om 'n geloofsverbintenis of "commitment" van sulke lidmate aan die gemeente te kry. Hierdie vlak van verbintenis was wel nog moontlik in 'n tyd toe die gemeentes veel kleiner was en lojaliteit aan die "denominasie" 'n hoë prioriteit geniet het.

Hierdie tyd is egter vir altyd verby. Groot gemeentes, verstedeliking en die proses van sekularisasie het die lojaliteit aan die kerk as denominasie erg geërodeer. In 'n bedieningspraktyk waar die lidmaat weer gaan voel dat hy of sy "behoort", sal hierdie probleem grootliks voorkom word. Lojaliteit word dan weer gefokus op die "gemeente" eerder as die "denominasie".

Dit bring ons dan by die derde dimensie wat juis hierdie stelling verder wil neem:

### 5.2.3 Koinonia

Met koinonia verwys ons na die "communio sanctorum", dit wil sê die gemeenskap van die Heiliges, as 'n dimensie van geloofsgroei. Louw stel dit so:

> Die communio sanctorum is dan as opbouproses die gebeure waardeur die *sancti* deel het aan die *sancta* terwyl hulle dit onderling met mekaar deel in belydenis, danksegging, lof, feesvreugde, verkondiging, diens, gebed en aanbidding. Kortom, dit gaan in opbou as liefdesgemeenskap om die koinonia (Louw 1985:33).

Koinonia is 'n fundamentele dimensie van geloofsvolwassenheid, want daarsonder kan die ander dimensies van visie en verbintenis nie volgehou word nie. Die wese van die kerk lê in die koinoniabeginsel. "Dit is een van die grootste en mees fatale misvattings binne die Christelike geloofsgemeenskap dat daar oor geloofsverbintenis met Christus gedink en gepraat word as iets wat 'n mens op jou eie moet kan volhou" (Burger 1991:99).

In geloofsgroei tot geloofsvolwassenheid het ons mekaar nodig, want "In hierdie geloofshandeling gaan dit om die onderlinge sorg en troos waar gelowiges op mekaar aangewys is en in medelye uitreik na die nood en lyding van ander mense" (Louw 1992a:13).

"Die gemeente vorm 'n gemeenskap van mense wat saam deel het aan Jesus Christus en wat deelkry (deelgee en deelneem) aan mekaar se lewens" (Nel 1986:21). In hierdie deelhet en deelkry aan mekaar, vind daar dinamiese groei plaas, individueel en korporatief. Die kerk sal dus sy bedieningspraktyk moet aanpas om ruimte te maak vir die koinoniabeginsel as fundamentele dimensie tot die groei na geloofsvolwassenheid.

"Die kerk beweeg in hierdie proses vanuit 'n oorwegend institutêre (die sogenaamde herder-kudde) model na 'n bedieningspraktyk wat meer ruimte bied vir *koinonia*, vir die deelname van die lidmate binne bepaalde bedienings (die liggaamsmodel)..." (Hendriks 1992:92).

Waar lidmate die geleentheid gegun word om met "mekaar" te begin deel in aanvullende koinoniaverbande vind daar groei in die gemeente plaas. Hierdie groei is nie oppervlakkige groei nie, maar dieptegroei na geloofsvolwassenheid.

Hieroor maak Hendriks die volgende opmerkings:

> Dit is interessant dat navorsing in die VSA aantoon dat gemeentes wat groei aan sekere minimum ratio's (verhoudinge) beantwoord. Hierdie ratio's is ten nouste verbind met die konsep van aanvullende koinoniaverbande. Indien 'n gemeente strewe na die ideaal om liggaam van Christus te wees, om lidmate tuis te laat voel in die gemeente en hulle gawes te benut, dan gee die syfers tog vir 'n mens 'n aanduiding van hoe verhoudinge daar (statisties) behoort uit te sien (Hendriks 1992:103).

Hy gaan verder om sekere tersake statistieke te noem om aan te toon hoe sulke aanvullende koinoniaverbande nodig is om groei in 'n gemeente te verseker:

- Nuwe lidmate 1 : 7

  Binne die eerste 6 maande behoort nuwe lidmate ten minste 7 werklike vriende in die wyk of gemeente te hê. Dit help hulle om in te skakel en tuis te voel.

- Bedienings 60 : 100

  Ten minste 60 uit elke 100 belydende lidmate behoort 'n spesifieke bediening, funksie, verantwoordelikheid in die gemeente te hê. Sodra die verhouding minder word, lei dit al hoe meer tot onaktiewe en onbetrokke, onverantwoordelike lidmate wie se kerkgang en dankoffer afneem.

- Kleingroepe 7 groepe : 100 lidmate

  Vir elke honderd belydende lidmate moet daar ten minste sewe kleingroepe wees. Indien dit nie die geval is nie, word daar gevind dat lidmate nie in betekenisvolle verhoudinge tot mekaar staan nie, gevolglik nie geestelik groei nie en ook nie meelewend inskakel nie.

- Nuwe kleingroepe 5 : 1

  Veral geestelike groeigroepe bereik na 9 - 18 maande 'n versadigingspunt. Groepe wat langer in 'n bepaalde bediening tot mekaar of tot die gemeente staan, akkommodeer nie maklik nuwe lede nie en stagneer maklik. Een uit elke vyf groepe behoort in die afgelope twee jaar nuut te begin het.

- Leierskap 1:5

  Van elke vyf kerkraadslede behoort ten minste een persoon binne die afgelope 2 jaar tot die kerkraad toegetree het. Indien 'n gemeente nie sy leierskapskern vir nuwe intrekkers oopmaak nie, verloor hy kontak met sy omgewing en mense. By ons is die gevaar soms anders om. Ons vinnige en verpligte wisseling van kerkraadslede kortwiek kontinuïteit en doelgerigte gemeentebou.

- Voltydse personeel 1:150

  Die Amerikaners het bevind dat jy ten minste 1 voltydse personeellid vir elke 150 meelewende (gereelde kerkgangers) lidmate nodig het. As die verhouding 1:225 of 250 raak, groei die kerk nie verder nie, betrokkenheid neem af en mense verlaat die gemeente en gaan na ander gemeentes. In die VSA-eerstewêreld-konteks word gevind dat dit die minimum verhouding is wat meelewing waarborg, aangesien toerusting, koördinasie, leiding en bedieninge se instandhouding dit verg. Al die voltydse personeellede is natuurlik nie leraars nie. Die verhouding sluit sekretariaat en leraars of lidmate in gespesialiseerde bedieninge in.

- Bekering 1:8

  In die afgelope jaar behoort ten minste een uit elke agt persone van die area waarin die gemeente is, 'n meelewende lidmaat te geword het.

- Dankoffer 1:10

  Ten minste R1 uit elke R10 van die gemeente se inkomste moet buite die gemeente bestee word in bedienings waarmee die gemeente direkte kontak en verantwoordelikheid het. So nie word die gemeente selfsugtig en raak dit geestelik dood...

(Hendriks 1992:104)

Hierdie gegewens kan egter nie net so op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas word nie. Dit gee bloot 'n aanduiding van die invloed van aanvullende koinoniaverbande op die groeipotensiaal van 'n gemeente. Hieruit kan wel die gevolgtrekking gemaak word dat die koinoniadimensie een van die belangrikste faktore in gemeentebou as pastorale

proses tot geloofsvolwassenheid is. Dit is ook konkludeerbaar dat 'n gemeente wat nie erns maak met die daarstel van aanvullende koinoniale verbande nie, 'n afname mag toon in die proses van groei na geloofsvolwassenheid.

### 5.2.4 Diens-diakonia

'n Vierde dimensie in die proses van geloofsvolwassenheid is die dimensie van diens.

> Die gemeente wat dinamies ingeskakel is in die kosmosverowerende werk van die Heilige Gees, word juis deur die Gees gelei en geleer om dienende liggaam van Christus te wees (Nel 1986:4).

Louw sê dat diens die "demonstrasie van God se priesterlike teenwoordigheid, deernisvolle barmhartigheid en neerbuigende liefde is" (1992a:13). Diens is 'n teken van geloofsvolwassenheid wat in 'n gemeente intree:

> Dade en diens is nie 'n konsekwensie van geloof nie - dit is self deel van geloof. Jy glo nie eers en gaan doen dan nie. Deur die doen word jou geloof gevorm en gevestig en versterk. 'n Mens verstaan nie eers en dan doen jy nie. Jy leer om te verstaan juis deur die doen heen (Burger 1991:124).

Daarom is die diensdimensie een van die eerste treë van 'n geloofsgemeenskap op pad na geloofsvolwassenheid. "Daarom is dit so belangrik dat doen en diens van die eerste treë af deel sal wees van die leerskool en lewe van elke lid van die Christelike geloofsgemeenskap, kinders inkluis. Daar kan nie vestiging en begrip van geloof plaasvind sonder dienswerk nie" (Burger 1991:124).

### *6. Gevolgtrekkings*

1. Hierdie hoofstuk wou aantoon dat 'n effektiewe gemeentebouprogram nie bloot die daarstel van sekere organisatoriese strukture is nie, maar 'n pastorale proses wat moet lei na geloofsvolwassenheid.
2. Die omgekeerde is ook waar: in 'n geloofsonvolwasse gemeente is 'n proses van gemeentebou onwaarskynlik, hoewel teologies gesproke nie onmoontlik nie.
3. Strukturele veranderinge kan nie diepgewortelde probleme in 'n gemeente oplos nie.
4. Die groei na geloofsvolwassenheid moet die doelwit van enige gemeentebouprogram wees.
5. Hierdie groei na geloofsvolwassenheid is alleen moontlik as sekere prosesse in die gemeente werksaam is:
   - Visievorming
   - Verbintenis of "commitment",
   - Koinonia, en
   - Diens.
6. Sonder hierdie dinamika as basisteorie vir 'n prakties-teologiese ekklesiologie is geloofsvolwassenheid in die gemeente nie haalbaar nie.
7. Die basis van die groei is alleen moontlik waar daar sorgende, aanvullende koinoniaverbande in 'n gemeente bestaan.
8. Hierdie proses is ook 'n pastorale proses, want dit gaan oor die korporatiewe opbou van die gemeente as "liggaam van Christus". Dit haal die lidmaat uit sy isolasie uit en skakel hom in die geheel by die gemeente in.

# Hoofstuk 5

## *Koinonia as wesenskonsep in die opbou van die gemeente*

### *1. Inleiding en probleemstelling*

Die doel van hierdie hoofstuk is om die konsep koinonia van nader te ondersoek. Die hipotese waarmee hierdie studie werk, is om te beweer dat koinonia een van die wesenskonsepte van die kerk is, waarsonder die kerk moeilik kan funksioneer. Die hipotese kan verder uitgebrei word om te sê dat koinonia ten beste binne die ekklesiologiese sfeer van die kleingroep kan funksioneer.

Die skrywer gaan van die standpunt uit dat die kleingroep die inkubator is waarbinne koinonia uitgeleef en beleef kan word. In die hoofstuk oor gemeentebou is reeds aangetoon dat die konsep "gemeentebou" vir die skrywer 'n pastorale proses is. Hierdie pastorale proses moet 'n gemeente lei tot geloofsvolwassenheid. Daar is reeds aangetoon dat 'n groei na geloofsvolwassenheid net in 'n ekklesiologiese model kan plaasvind waar daar aanvullende koinoniaverbande funksioneer.

Hierdie studie het reeds die ekklesiologiese liggaam-van-Christusmodel gekies. Die hipotese is dan om hierdie aanvullende verbande in die funksionering van 'n kleingroepkonsep te gaan vind waar koinonia die wesenselement is.

## 1.1 Wat is koinonia?

> Koinonia is 'n diepe innige omgang met mekaar in liefde. Die band van Christus bind ons saam tot 'n diepe, persoonlike samesyn met mekaar. Dit kom veral tot uiting in die erediens op Sondae. Dit is die hart van die gemeente. Vandaar vloei dit na die gesinne, die groepe en die gemeente en dan weer terug na die erediens (Heyns & Pieterse 1990:63).

Die skrywer kan homself met die eerste deel van die aanhaling vereenselwig. Koinonia kan nie anders gesien word as die diep innige omgang van mense met mekaar nie. Die probleem lê egter waar daardie diep innige omgang met mekaar moet realiseer. Heyns en Pieterse meen dat die erediens die plek is waar hierdie koinonia moet funksioneer. Hierdie studie probeer juis om aan te toon dat die verkondigingsmodel waar die erediens in die sentrum staan, nie die plek is waar koinonia beleef kan word nie.

Die erediens is by uitstek 'n tweerigting verkeer tussen God en mens. In daardie sin kan daar wel van 'n vorm van koinonia gepraat word, van koinonia tussen mense is daar egter weinig sprake. In die praktyk is die mens grootliks passief in die erediens, van diep innige omgang met mekaar in liefde is daar nie sprake nie. Koinonia hoort in 'n bedieningspraxis waar mense intieme kontak met mekaar kan beleef, soos in 'n kleingroep.

Burger gaan verder om die term koinonia of gemeenskap te verduidelik: "Die term gemeenskap word hier gebruik as die aanduiding van die Bybelse begrip koinonia. Dit is 'n tegniese term vir die diep lewens- en lotsverbondenheid wat die Christelike geloofsgemeenskap behoort te kenmerk" (Burger 1991:99).

Louw en Nida gee die volgende betekenis vir die woord koinonia: "...an association involving close mutual relations and involvement - 'close association, fellowship'" (1988:74).

Du Rand gee 'n meer volledige beskrywing van die woord:

> Nadat die voorkomste en gebruike van koinonia in die Nuwe Testament nagegaan is, is dit duidelik dat koinonia nie in die mens sy oorsprong het nie maar in God. Koinonia druk iets nuuts en dinamies in die vroeë Christelike gemeente uit. Dit vertolk die eenheid wat deur die Heilige Gees bewerk is. Die individu het volledig opgegaan in hierdie gemeenskap. Dit is nie 'n vrywillige samekoms van gewone mense omdat hulle gemeenskaplike belange besit nie. Dit is die vergadering van hulle wat God geroep het tot koinonia met Homself deur sy seun en met mekaar....Sowel by Paulus as in Handelinge en in 1 Johannes is die Goddelike inisiatief wat koinonia betref opvallend. God roep die mens, gee aan hom lewe en laat hom deur sy Gees deel hê aan Homself en met mekaar deur koinonia (Du Rand 1985:74).

Du Rand wil dus tereg sê dat koinonia een van die belangrikste elemente van die kerk is. Hendriks sluit hierby aan as hy sê dat koinonia die diepste wese van verhouding in die kerk beskryf (Hendriks 1992:93). Dit is juis hierdie diepte verhoudinge in die kerk wat in die tradisionele ekklesiologiese model verlore gegaan het. Die skrywer meen dat hierdie verhoudinge of belewing van koinonia in die liggaamsmodel tot sy reg kan kom.

Heyns onderskei drie aspekte van gemeenskap (koinonia) wat kortliks genoem moet word:

1. **Congregatio fidelium** - gemeenskap van gelowiges.
2. **Communio sanctorum** - gemeenskap van heiliges.
3. **Coniuration testium** - gemeenskap van getuies.

Vir Heyns staan hierdie drie in direkte verhouding met mekaar: "Die sleutelwoord is hier: ***gemeenskap*** met mekaar op grond van die gemeenskap met Christus deur die Heilige Gees" (Heyns 1977:87,88).

Die woord koinonia is die griekse woord wat gemeenskap, deel en omgee vir mekaar beteken. Trudinger stel dit so:

> This is a beautiful New Testament Greek word meaning fellowship, sharing, mutual communication, communion, participation. It is

> derived from *koinonos* which is translated partner, companion, partaker, sharer (Trudinger 1984:10).

Louw gee 'n verdere betekenis vir die woord koinonia wat 'n duidelike samevatting is van wat koinonia in die kerk moet beteken: "geestelike eenheid" (Louw 1984:147). Wanneer mense 'n geestelike eenheid begin beleef begin hulle om met mekaar te deel (Kirkpatric 1995:54). Dit is die doel van koinonia om mense by mekaar te bring.

Mense het 'n behoefte aan gemeenskap. Nie 'n bloot oppervlakkige vriendelikheid nie, maar 'n dieper verhouding wat ontstaan wanneer gelowiges saam hulle christenskap begin beleef. Koinonia dui op die innigste vorm van saamwees. Dit is 'n saamwees waar die intiemste lewenservarings, van smart tot vreugde, saam beleef word.

Peck skets vir ons die kwaliteite van ware "community":

> Community is a safe place precisely because no one is attempting to heal or convert you, to fix you, to change you. Instead, the members accept you as you are. You are free to be you. And being so free, you are free to discard defenses, masks, disguises; free to seek your own pshychological and spiritual health; free to become your whole and holy self (Peck 1987:68).

Hierdie vorm van gemeenskap kan nie kunsmatig gefabriseer word nie, dit is die spontane gebeure wanneer 'n groep wat besluit om hulle lewens met mekaar te deel intensioneel soek na gemeenskap. Tereg meen Peck dat hierdie vorm van koinonia wel nagestreef kan word: "In other words, if they know what they are doing, virtually any group of people can form themselves into a genuine community" (Peck 1987:84).

Arnold neem die betekenis van koinonia verder as hy beweer dat koinonia nie bloot 'n aspek van die lewe binne die kleingroep verteenwoordig nie, maar dat koinonia die struktuur van die kleingroep bepaal.

Arnold beskryf koinonia as volg:

> Community. People can only learn and grow in an atmosphere of love and acceptance. That atmosphere is Christian community. Community is not one aspect of group life, it is the very structure within which the group operates. A healthy community will produce healthy disciples. Therefore, the goal of small group ministry is discipleship; the foundation is leadership, and the structure of small group ministry is community (Arnold 1992:11).

Met hierdie uitgangspunt van koinonia kan die skrywer homself vereenselwig.

Vanuit die literatuur is daar twee duidelike sienings oor die begrip koinonia. Aan die eenkant word koinonia se oorsprong vanuit die verhouding met God in Christus deur die Heilige Gees gekonstateer. Die woord koinonia verwys dus na hierdie verhouding. Aan die anderkant is dit duidelik dat "community" wat ons as gemeenskap sou vertaal nie noodwendig die heilshistoriese konnotasie moet bevat nie. Die blote gemeenskap met jou medemens is al wat hier van belang is. In die VSA noem Kirkpatric die klassieke voorbeeld van "Alcoholics Anonymous, the fellowship of AA" (Kirkpatric 1995:8) wat as so 'n vorm van "community" dien.

Hierdie studie kies die eerste siening, nl. dat koinonia nie buite 'n verhouding met die drie-enige God kan funksioneer nie:

> Koinonia wys per definisie na:
> wat God die Vader heilshistories, volgens sy verbond steeds tot stand bring; wat gegrond is in Jesus Christus se soenverdienste; en wat gedra en bewerk word deur die Heilige Gees; dit realiseer in die onderlinge verhoudings tussen gelowiges, jy ontvang en gee dit, dis gawe en opdrag; dit word gekenmerk deur liefde, diens, eenheid, wedersydse opbou, lyding deel, vreugde, orde en aanbidding; dit besit 'n gedeelde eskatologiese koninkryksvisie en is ten diepste gegrond in 'n persoonlike geloofsverhouding tot God (Hendriks 1992:92).

## 1.2 Teoretiese uitgangspunte

In die studie oor die rol van koinonia in kleingroepe in die opbou van die gemeente is dit nodig om hier enkele teoretiese opmerkings te maak. Koinonia funksioneer vir die skrywer ten beste in 'n spesifieke kerklike model, nl: die kerk as liggaam-van-Christus. Tereg meen Heyns en Pieterse dat daar konsensus in die teologiese wêreld is dat koinonia 'n wesenlike funksie van die kerk is (Heyns & Pieterse 1990:61).

Hulle beweer verder dat:

> 'n Gemeente wat volgens Bybelse voorskrif bestaan, sal volgens die teologiese inhoud van hierdie wesenlike funksies moet funksioneer. Deur middel van 'n kritiese teorie - praxis - interaksie moet moontlikhede gesoek word waarin die konkrete gemeente so goed

> as moontlik hierdie funksies in die praktyk kan uitvoer (Heyns & Pieterse 1990:61).

Heyns en Pieterse kies dan vir 'n basisteorie vir die funksionering van die gemeente volgens die "liggaam-van-Christus-tipe gemeente waarin al drie die wesenlike funksies op 'n gebalanseerde wyse geïntegreer is" (Heyns & Pieterse 1990:61). Alhoewel Heyns en Pieterse die funksionering van koinonia hoofsaaklik binne die erediens sien het hulle tog ruimte om koinonia binne die kleingroep te plaas.

Heyns en Pieterse gaan dan voort om in hulle bespreking van die gemeente as liggaam van Christus die plek van koinonia as een van die wesensfunksies te bespreek:

> Binne die groter ruimte van die gemeente, wat in die erediens tot een saamgetrek word, is daar plek vir gesprek en koinonia binne kleiner eenhede. Groepe soos Bybelstudiegroepe, besprekings-groepe rondom aktuele temas....Die groepe funksioneer as selle in die liggaam en verskaf samesyn, persoonlike binding, inspirasie en geleentheid tot bediening aan mekaar en aan mense buite die gemeente (Heyns & Pieterse 1990:62).

Burger meen tereg dat koinonia een van die twee hoekpilare is waarop die hele gemeenteboukonsep geskoei is:

> Gemeentebou het gewerk met 'n redelik eenvoudige program. Hoewel daar heelwat onderlinge verskille ten opsigte van detail was, het dit feitlik oral gerus op twee hoekpilare. Ten eerste moes soveel lidmate as moontlik gehelp word om tot 'n nuwe geestelike oorgawe te kom en te leer hoe om hulle getuienis effektief te lewer. Ten

> tweede is sterk klem gelê op *die gemeenskap van die gelowiges*, oftewel *koinonia* (Burger 1991:15).

Burger meen verder tereg dat koinonia een van die konsepte is wat vandag hoë prioriteit in kerkvernuwing in westerse kerke geniet (Burger 1991:103).

## *2. Konsep "koinonia" nader omskryf*

### 2.1 Gemeinschaft versus gesellschaft

In 'n nader omskrywing van die konsep koinonia is dit belangrik om die twee begrippe "gemeinschaft" en "gesellschaft" te ekspliseer. Beide hierdie begrippe kan met die woord "gemeenskap" vertaal word. Derhalwe moet ons die twee begrippe van mekaar onderskei om daardeur die een te isoleer wat vir ons die beste gaan inpas by wat ons met koinonia bedoel.

Richards vertaal "gesellschaft" met die woord "society": "In 'society' individuals live peaceably with each other, but separated by basic differences in spite of unifying factors. They are bound together by exchanged goods and services, not intimate personal relationships" (Richards 1970:51). Hy gaan verder om die kerk van vandag as so 'n "society" te bestempel. Dit korreleer met die model van kerkwees wat algemeen vandag binne die gereformeerde opset voorkom, naamlik die herder-kudde-model of tipies verkondigingsmodel. Intieme persoonlike verhoudinge is nie die samebindende faktor in hierdie kerkmodel nie. Die kerk is dan bloot 'n "gesellschaft"

van mense wat in 'n gemeente saamgevoeg is. Van noemenswaardige koinonia is daar nie sprake nie.

Richards vertaal die woord "gemeinschaft" met die woord "community" of te wel 'n familie: "This is a basic to the New Testament consept of church (cf. 1 Timothy). The members identify themselves by their basic role as member of the community, not by status" (Richards 1970:51). Die kerk moet dus as 'n "gemeinschaft" funksioneer waarbinne die koinonia beginsels tot sy reg kan kom. Die kerk as "gemeinschaft" korreleer dan ook met die kerk as "liggaam-van-Christusmodel" (vgl. Hendriks 1992:93).

Richards gee 'n bruikbare tabel om aan te toon hoe die twee kerklike modelle "gesellschaft" en "gemeinschaft" funksioneer :

### 2.1.1 Kerk as "Gesellschaft"

Wanneer die kerk as "Gesellschaft" funksioneer kan die volgende invloede op die "lewe" van die kerk geidentifiseer word:

- Hoogs georganiseerd.
- Bediening organisatories van bo af.
- Hoë impak van energie en tyd om die "organisasie" of instituut in stand te hou.
- Die organisasie of instituut kry voorrang bo "waardes".

- Status word gekoppel aan die posisie binne die organisasie.
- Effektiwiteit van die organisasie word gemeet aan getalle en finansiële welvaart.

Die resultaat wanneer die kerk as "Gesellschaft" funksioneer is die volgende:

- Die lidmate word ingelei in die "instituut" en hulle word gelei om goeie en getroue kerkmense te wees.

(Richards 1970:53)

### 2.1.2 Kerk as "Gemeinschaft"

Wanneer die kerk as "Gemeinschaft" funksioneer kan die volgende invloede op die "lewe" van die kerk geidentifiseer word:

- Minimale organisasie.
- Elke lidmaat is betrokke in die bediening met sy gawes.
- Die organisasie het min instandhouding nodig.
- Waardes het prioriteit in hierdie model.
- Status staan in direkte relasie tot die "gemeenskapswaardes".
- Effektiwiteit word gemeet aan die suksesvolle implementering van die gemeenskapswaardes.

Die resultaat wanneer die kerk as "Gemeinschaft" funksioneer is die volgende:

- Lidmate word deel van 'n "gemeenskap" waar hulle die geleentheid gegun word om in kleiner groepe ware koinonia te beleef.

(Richards 1970:53)

Hierdie studie sien derhalwe koinonia as "gemeinschaft" waar die beginsels van "community" aan die orde is.

## 2.2 Koinonia as wesenskenmerk van die kerk

Die literatuur is dit eens dat koinonia een van die belangrikste wesenskenmerke van die kerk is. Tereg meen Trudinger dat "Biblical koinonia lies at the very core of the real nature of the church" (Trudinger 1984:10). Potgieter voel so sterk omtrent hierdie saak dat hy beweer dat daar nie van "kerk" sprake kan wees "sonder intense lewensgemeenskap tussen gelowiges nie" (Potgieter 1995:105).

Die kerk sal dus na 'n model moet beweeg wat ruimte laat vir koinonia. Die studie het reeds vir so 'n model gekies, nl. die liggaam-van-Christusmodel. Dit beteken dat die kerk 'n paradigmaskuif sal moet maak van 'n oorwegend "herder- kuddemodel" na 'n liggaamsmodel van bedieningspraxis waar meer ruimte gebied word vir koinonia.

## 2.3 Aanvullende koinoniaverbande

Koinonia as een van die wesenskenmerke van die kerk het tot gevolg dat daar na die praktyk van koinonia in die gemeente gekyk sal word. 'n Teorie vir die praxis kan as 'n praktykteorie van aanvullende koinoniaverbande getipeer word. "Daarmee word

bedoel dat die koinoniaverhoudings binne verskillende groepe gelowiges mekaar aanvul. Dit staan in verband met mekaar en laat koinonia in die praktyk tot sy reg kom" (Hendriks 1992:93).

Kan die vlak van koinonia in die gemeente deur kleingroepe verhoog word? Hierdie kritiese vraag waarmee die studie werk kan gedeeltelik beantwoord word met die korrekte funksionering van die aanvullende koinoniaverbande.

Hendriks gebruik 'n wiel om die aanvullende koinoniaverbande mee aan te dui:

### 2.3.1 Die as van die wiel - die individuele gelowige

Koinonia begin in die persoonlike verhouding van die gelowige met God. As ware geloof ontbreek kan daar tereg geen sprake wees van koinonia nie (Hendriks 1992:94). "... indien 'n gelowige in 'n lewende verhouding tot die Here staan en 'n kerk se bedieningspatroon vir hom ruimte maak en hom toerus om geestelik betrokke te raak en sy gawes te gebruik, kom koinoniaverhoudings met verskillende mense in verskillende groepsverbande tot stand" (Hendriks 1992:95).

### 2.3.2 Die wiellaers - die huwelik en gesin

Die eerste vlak waar die gelowige koinonia beleef is binne die huwelik en die gesin. Die gesin kan as die inkubator beskou word vir koinoniabelewing. Tereg meen Hendriks dat die kind die Here moet leer ken en dien vanuit die voorbeeld en verhouding wat sy ouers met die Here en met mekaar het ( Hendriks 1992:95). 'n

Groot probleem waarmee die kerk te doen het, is die probleem van gesinsverbrokkeling. Met die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika kan die invloed op die kerk reeds gesien word. Eredienste, veral binne die Nederduitse Gereformeerde kerk, word maar nog deur slegs 36,01% in die oggend bygewoon. Die syfers vir die aand is 'n skrale 9,53% (Smuts 1993:38).

### 2.3.3 Die naaf - die kleingroep

Die hipotese waarmee hierdie studie werk, is om koinonia as wesenskenmerk van die kerk - soos dit veral in kleingroepe voorkom - uit te wys. Die gesin is reeds 'n kleingroep. 'n Gemeente wat egter koinonia tot sy reg wil laat kom moet ook erns maak met die daarstelling van kleingroepe wat as 'n uitgebreide familiekonsep kan funksioneer. So word die huisgesin deel van 'n kleingroep waar koinonia beleef kan word (Potgieter 1995:55). Hendriks meen tereg dat die huisgesin die "koinonia - embrio" is waar die basiese kennis, gesindheid en vaardighede ten opsigte van die groei na geestelike volwassenheid plaasvind (Hendriks 1992:96).

### 2.3.4 Die speke - bedienings in groter groepe

Hendriks verwys hier veral na die bedieningspraktyk van die makrokerke. "'n Gelowige is tuis in 'n erediens in die mate wat hy die mense wat saam met hom aanbid, ken en liefhet. Gegewens....toon aan dat 'n mens ten minste 60 persone redelik goed behoort te ken in 'n groter groep of erediens ten einde in die groep tuis te voel as behorende tot daardie groep" (Hendriks 1992:99). Die buitestaander voel homself

ontuis in die groot onpersoonlike erediens van die makrogemeente. Koinonia in so 'n onpersoonlike klimaat word dan bemoeilik.

In 'n plattelandse klein gemeente waar almal mekaar ken, funksioneer die erediens goed as "groter" groep om die vlak van koinonia te verhoog. Die makrogemeentes moet dus meer kreatief dink om groter groepe te vorm om koinonia te bevorder.

### 2.3.5 Die band van die wiel - die erediens

Die erediens is die kulminasiepunt van die opbou en verloop van die lewe in die gemeente. Dit is die plek waar koinonia tot sy volle wasdom moet kom. Saam met Hendriks kan die vraag gevra word of die lidmate werklike koinonia in die erediens belewe (Hendriks 1992:99)? Hendriks beweer tereg "...dat 'n institutêr-oorlaaide bedieningspraktyk kontraproduktief vir koinonia is en negatief op die erediens inwerk" ( Hendriks 1992:99).

In hierdie verband stem die skrywer saam dat die liggaamsmodel 'n korrektief gebring het op die oorlaaide institutêre model. Die liggaamsmodel skep die nodige infrastruktuur vir die funksionering van die aanvullende koinoniaverbande wat sy kulminasiepunt in die erediens bereik. Die erediens word dan in die woorde van Neighbour 'n ware "Celebration" (Neighbour 1990:197) van koinonia.

## *3. Koinonia in die Skrif*

Die kritiese vraag waarmee hierdie studie besig is, is die vraag of die bestaan van kleingroepe in die gemeente die vlak van koinonia kan verhoog. Hierdie gedeelte probeer die lyn van koinonia vanuit 'n Bybelse hoek belig. Kan ons uit die Bybel die afleiding maak dat koinonia as gevolg van die bestaan van die huiskerke gedy het?

### 3.1 Koinonia in die Ou Testament

Die woord koinonia kom nie in die Ou Testament voor nie. Ons kan wel die beginsels van koinonia uit die lewe van die geloofsgemeenskap in die Ou Testament aflei. "The Old Testament has no specific theology of small group community. However, there is much reflection on tribal community, marital community, familial community and fellowship" (Icenogle 1994:21).

Die wese van Ou Testamentiese koinonia lê in die God-mens relasie. God het die mens geskep om in 'n verhouding met Hom te leef. "At its core, community involves relationships. And a biblical understanding of koinonia includes relationships between God and a group of believers" (Arnold 1992:43).

Die kern van die God-mens relasie in die Ou Testament was die gesinsverhouding. In die eerste plek het die hoof van die gesin in verhouding met God gestaan en daarnaas sy gesin in verhouding met God en hulleself geplaas. Die Bybel lê die klem op die familie en gesin as die eerste plek waar geloof geleer moet word (Burger & Simpson 1997:17).

Hierdie geloofsbelewenis was ingebed in die koinoniabelewenis van die geloofsgemeenskap. "Die Israelitiese samelewing is georden in konsentriese sirkels van al groterwordende familie eenhede" (Hendriks 1990:22).

### 3.2 Nuwe Testament

Die wesenlike van die belewing van dinamiese Christen-wees in die Nuwe Testament kan in een woord saamgevat word: koinonia (Du Rand 1985:56).

> Luister hoe vat Paulus ons hele Christelike roeping saam in die een woord koinonia wanneer hy in 1 Kor 1:9 aan die Korintiërs skryf dat God hulle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here. En in Hand. 2:42 beskryf Lukas die lewe van die eerste Christene met dieselfde woord as 'n "onderlinge verbondenheid" aan mekaar. In 1Joh. 1:3 word koinonia gebruik om die nuwe lewensruimte waarbinne die Christen hom bevind, te beskryf: "Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met sy seun Jesus Christus" (Du Rand 1985:56).

In die Nuwe Testament kom die woord koinonia slegs in die briewe van Paulus en Handelinge voor (Louw 1984:146). Louw onderskei verder drie betekenisse van die woord koinonia in die Nuwe Testament:

1. Koinonia as mededeelsaamheid.
2. Koinonia as "deelhê aan"

3. Koinonia as "geestelike eenheid"

(Louw 1984:146/147)

Du Rand in sy studie oor die voorkoms van koinonia in die Nuwe Testament identifiseer 18 plekke waar die woord koinonia voorkom: 13 keer in die Pauliniese geskrifte, 1 keer in Handelinge, 1 keer in Hebreërs en 3 keer in 1 Johannes (Du Rand 1985:57). Dit is dus duidelik dat koinonia 'n prominente plek in die Nuwe Testament inneem.

Campbell in sy ondersoek na die woord **koinos** in klassieke geskrifte kom tot die volgende gevolgtrekking: "The primary idea expressed by koinos and its cognates is not that of association with another person or persons but participation in something in which others also participate" (Campbell 1932:353).

Du Rand verwys ook na Bauer se vierledige indeling van die Nuwe Testamentiese voorkoms van die woord koinonia :

**Gemeinschaft** (1 Kor 1:9; 2 Kor 6:14; 13:13; Rm 15:26; Gal 2:9; Flp 1:5; 2:1; Hd 2:42; 1 Jh 1:3,6,7);

**Mitteilsamkeit** (2 Kor 9:13; Heb 13:16; Flp 2:1);

**Zussamenhaltens** (1 Kor 10:16; Rm 15:26);

**Anteilhaben** (2 Kor 8:4; Flp 3:10; Filemon 6) (Du Rand 1985:57).

Die gemeenskapsidee van koinonia staan vir Bauer sterk op die voorgrond. Koinonia het dus in die Nuwe Testament 'n unieke gebruik en moet as sodanig bespreek word.

### 3.2.1 Koinonia by Paulus

Paulus gebruik die term koinonia hoofsaaklik in 'n godsdienstige sin. Die woord koinonia gebruik hy om die godsdienstige gemeenskap tussen gelowiges mee uit te druk, sowel as die seëninge wat uit so 'n verhouding kan voortvloei. Koinonia het vir Du Rand 'n tweeledige gerigtheid by Paulus: 'n gerigtheid op die hede waar gelowiges "gemeenskap" met mekaar beleef, maar ook 'n toekomstige gerigtheid aangesien koinonia ook gemeenskap met Christus veronderstel wat eers in die wederkoms in sy volheid ervaar sal word. "En wanneer 'n mens dit in gedagte hou is die ander voorkomste van koinonia by Paulus, slegs konkrete uitdrukking en antwoord op die wesenlike roep tot 'n koinonia met die seun" (Du Rand 1985:58).

Vir Du Rand bring Paulus soteriologie en ekklesiologie by mekaar uit in sy gebruik van die woord koinonia:

> Gemeenskap aan Christus is die wese van verlossing en gemeenskap met mekaar in Christus is vir Paulus die ware Christelike gemeenskap. Die mens ervaar die koinonia wanneer hy deur God geroep is, deur die Heilige Gees beweeg word, en deur die geloof reageer en deelneem aan die verlossingsbrengende bloed en liggaam van Christus. Die gemeenskap van Christus, die Gees en geloof word dan tegelyk 'n samevoegende gemeenskap van alle gelowiges: die gemeenskap van die liggaam van Christus. In hierdie liggaamsgemeenskap vind die gebondenheid aan Christus sy uitdrukking (Du Rand 1985:59).

Die belewing van koinonia by Paulus (1 Kor 1:9) is dus 'n dinamiese herinnering aan God se genade en seën wat gekonkretiseer word in die gemeenskap met die Seun wat sy volle wasdom sal bereik in die wederkoms. Hierdie koinonia het 'n tweeledige gerigtheid; die gerigtheid op God waar die mens koinonia soteriologies beleef, en 'n gerigtheid op mekaar - die ekklesiologiese gerigtheid van koinonia.

### 3.2.2 Koinonia in Handelinge

Die konsep van koinonia kom net eenmaal in Handelinge voor, nl. Handelinge 2:42:

> Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die ***onderlinge verbondenheid***, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Handelinge fokus in op die onderlinge koinonia van die eerste gemeente. Hierdie koinonia moet gesien word teen die agtergrond van die uitstorting van die Heilige Gees. Die eerste gedeelte van Hs 2 verwys na die Pinkstergebeure, die middel gedeelte van die hoofstuk handel oor die toespraak van Paulus op pinksterdag, en die hoofstuk sluit af met die lewe van die eerste gelowiges in die eerste gemeente.

Du Rand meen tereg dat ons nie die voorkoms van koinonia in Handelinge 2 in isolasie moet sien nie. Twee parallelle gedeeltes in Handelinge kan ons help om meer duidelikheid oor die konsep van koinonia te gee, nl. Hand 4:32-35 en 5:11-16.

> Die onmiddellike verband van al drie hierdie genoemde gedeeltes is die manifestasie van die Heilige Gees. In 2:41-47 word vertel van

> die handeling van die Heilige Gees na Petrus se toespraak en hoe dat dit deurgewerk het in die gemeenskap van die gelowiges. Hd 4:32-35 is deel van die konteks van nog 'n toespraak van Petrus, die gebed van die gemeenskap en die aktiwiteite van die Heilige Gees deur die gelowiges in hulle samekomste en daaglikse lewe. Die verband van die derde paragraaf, naamlik 5:11-16 is die straf wat Ananias en Safira ontvang het omdat hulle vir die Heilige Gees 'n leuen vertel het oor die verkoopprys van 'n stuk grond. Op so 'n wyse is die leser in al die paragrawe bewus van die werking van die Heilige Gees en ook hoedat die gemeenskap Christene gegroei het in die gelykvormigheid aan Christus deur die Heilige Gees in hulle daaglikse aktiwiteite ( Du Rand 1985:62).

Die gebruik van koinonia in Handelinge het dus 'n horisontale dimensie. Koinonia in Handelinge word egter gekonstitueer vanuit 'n verhouding met Christus. Sonder Christus is koinonia nie 'n moontlikheid nie. "Koinonia ontspring dus uit die Christologie van Handelinge wat daaraan 'n geestelike dinamiese betekenis gee" (Du Rand 1985:63).

### 3.2.3 Koinonia in 1 Johannes

In die oorsig oor die gebruik van koinonia by Paulus en Handelinge is dit duidelik dat koinonia verskillend gebruik is. By Paulus het koinonia hoofsaaklik 'n Christosentriese duiding, terwyl koinonia in Handelinge meer 'n horisontale duiding het. Du Rand meen dat ons nou by 1 Johannes 'n sintese van die twee gebruike vind. "In 1 Johannes word Jesus Christus as die middelpunt van 'n koinonia tussen die mens en God beskryf" (Du Rand 1985:64).

In 1 Johannes kom daar 'n nuwe dimensie van koinonia by: Koinonia met die Vader (1 Joh. 1:3). Gemeenskap met God die Vader en die Seun moet verder tot uiting kom in die onderlinge gemeenskap wat gelowiges met mekaar het. "Die onderlinge geloofsbelewing van die gemeente is van kardinale belang vir die ervaring van 'n geloofsgemeenskap met die Vader en die Seun" (Du Rand 1985:70).

### 3.2.4 Koinonia en die huiskerk in die Nuwe Testament

Koinonia, soos ons reeds gesien het, het 'n drieledige doel in die Nuwe Testament: Koinonia is Christosentries, kom tot uiting op 'n horisontale vlak, en koinonia is gemeenskap met die Vader, Seun en medegelowiges.

Die vraag is nou of die Nuwe Testament vir ons 'n ruimte skep waarbinne koinonia kan funksioneer. Hierdie ruimte kan gevind word in die "huiskerk"- konsep van die Nuwe Testament. Die kleingroep of familiegroep is ook in die Nuwe Testament die basis waarbinne gemeenskap beleef word. "In Gemeinschaft (community) the group is a family. This is a basic to the New Testament church (cf. 1 Timothy). The members identify themselves by their basic role as member of the community, not by status" (Richards 1970:51).

Hierdie konsep van koinonia word in die Nuwe Testament veral deur Paulus ontwikkel. Die wese vir die bestaan van huisgroepe wat as basiese geloofs-gemeenskappe funksioneer, lê in die Christosentriese belewing van koinonia. Paulus het hierdie huisgroepe as basiese geloofsgemeenskappe gebruik om sy sending-

strategie te dra. Dit het ook gedien as platform vir nuwe sendingbetrokkenheid (Aguirre 1985:153).

Die vraag kan nou gevra word waarom die huis so 'n belangrike rol speel in die geloofsgemeenskap van die eerste gemeente? Hierop gee Aguirre tereg die volgende antwoord: "The first meeting place and the basic membership of early Christian communities was the household. These domestic churches provided community life, missionary platforms, lodging for intinerant preachers, and economic security for the new movement" (Aguirre 1985:154).

## 3.3 Samevatting

Die skrifgegewens gee vir ons genoegsame data om te konkludeer dat die konsepte van koinonia en kleingroep onlosmaaklik van mekaar staan. As koinonia een van die wesenskenmerke van die kerk is, moet ons verder aanvaar dat hierdie wesenskenmerk ingebed is in die kleingroep- of huiskerkgedagte van die Skrif. Die vraag of 'n kleingroep die vlak van koinonia in 'n gemeente sal verhoog, is duidelik deur die skrifgegewens onderskryf.

Die probleem waarmee ons in die twintigste eeu gekonfronteer word, is die verlies aan ware koinonia belewing in die kerk. Daar is reeds in hierdie studie verwys na die rol van koinonia in die erediens as sou dit die plek wees waar koinonia sy hoogste doel moet bereik. Nogtans beleef baie kerke eerder 'n afname in lidmaattal en 'n afname in koinonia. Wat sou die probleem in ons moderne samelewing wees?

### *4. Die paradoks van koinonia*

Indien koinonia een van die wesenskonsepte van die kerk is, bly die vraag waarom koinonia nie werklik in die kerk deur die lidmaat op grondvlak beleef en beoefen word nie? Tereg stel Burger dit so:

> Ons moet realisties wees en erken dat 'n relatief klein groepie lidmate werklike koinonia in die kerk ervaar. Dit is meestal net die mense wat in die kern van die gemeente is wat sterk, vervullende, emotiewe band met die kerk ervaar. 'n Veel groter groep lidmate ervaar wel 'n soort identiteitsband met die kerk – veel dieper as wat hulle self soms besef – maar 'n mens sou hierdie band nie regtig gemeenskap in die ware sin van die woord kon noem nie. Gemeenskap is veel meer as net 'n identiteitsgevoel (Burger 1991:108).

Maddocks, as hy praat van die "Healing community", vertel die volgende verhaal:

> Dr Mowrer, a well known American psychiatrist, once explained to a group of church leaders why he was an atheist. It was, he said, because the church had never learned the secret of community. He therefore felt it had failed him and others like him (Maddocks 1981:146).

Die skrywer kan met hierdie verhaal identifiseer. Hy kan getuig van 'n soortgelyke verhaal wat in die gemeente Dalpark afgespeel het. 'n Sekere gesin is deur regstellende aksie in 'n ekonomiese krisis gedompel. Vir etlike maande het hulle ineensaamheid gely. Eers nadat hulle geen kos meer in die huis gehad en die elektrisiteit afgesny is,

het die bure van die nood bewus geraak. Die kerk het dadelik met hulp aan die gesin begin. Die skrywer was egter diep getref deur die opmerking van die gesin dat hulle ervaar het dat die kerk niks vir hulle omgegee het tydens hul krisisbelewing nie.

Potgieter gaan sover om te beweer dat die kerk 'n "skreiende gebrek aan liefde" het (Potgieter 1995:16). Hy haal Selwyn Hughes aan wat gesê het: "Dit is moontlik die grootste skandaal in die heelal dat 'n kerk, wat gemodelleer is volgens 'n God wat genoeg vir ons omgegee het om sy eie Seun aan die kruis te laat sterf het, so armoedig aan tere, liefdevolle sorg is" (Potgieter 1995:17).

Kirkpatrick vra die vraag:

> Why is genuine Christian community so rare? Why are there so few places where the church is a contagious, alive, and attractive evangelizing fellowship? Why is this inviting quality of life where Christians love one another such a difficult part of our faith to experience? In short, why does so little genuine community exist among us (Kirkpatrick 1995:10)?

Ook Hendriks vra die kritiese vraag of ons lidmate werklik koinonia in die kerk en dan veral in die erediens beleef (Hendriks 1991:101). Die antwoord sou dan ook wees dat ons lidmate nie ware koinonia in die kerk beleef nie.

Dit is opvallend dat al die skrywers die probleem van die afwesigheid van koinonia, by die kerk of te wel "instituut" soek. Die kerk sou dan faal in sy poging om sinvolle koinonia te "bewerk" in die gemeente. Dit blyk tog nie heeltemal waar te wees nie.

Die kerkmodel waarmee gewerk word - soos reeds gesien in 'n vorige hoofstuk - speel 'n groot rol in die vlak van koinonia in die gemeente. Die konsensus bestaan dat, veral in die tradisionele kerke soos die Ned. Geref. Kerk wat met 'n prominente verkondigingsmodel of "herder-kudde-model" werk, die vlak van koinonia nie vanuit die beginsels van die model kan toeneem nie. Hieroor sê Hendriks tereg:

> Hier word beweer dat 'n institutêr – oorlaaide bedieningspraktyk kontraproduktief vir koinonia is en negatief op die erediens inwerk. In dié verband is die liggaamsmodel 'n korrektief, want dit skep 'n infrastruktuur van aanvullende koinoniaverbande wat in die erediens ingedra word (Hendriks 1991:101).

Die studie het dan ook self gekies vir die liggaamsmodel as die model wat die beste geskik is vir die bevordering van koinonia - veral in die kleingroep. Dit wil net voorkom asof dit nie die enigste probleem met die afwesigheid van koinonia in die kerk is nie!

Burger probeer om 'n beeld te skep van koinonia in die Ned. Geref. Kerk en kom tot die volgende gevolgtrekking:

- Daar is min sprake van "emosie" in die koinonia binne die kerk. "Die emosie wat daar wel in die kerk is, word meestal vertikaal geïnvesteer."
- Koinonia, in die kerk, is eerder 'n korrekte en formele lojaliteit teenoor medelidmate van die geloofsgemeenskap.
- Die kwaliteit en aard van die koinonia vertoon egter verskille tussen die stad en die platteland. Op die platteland is daar meer van 'n

"gemeenskapsgevoel" in vergelyking met die stad wat meer privaat en individualisties is.

- "Waar tipiese N G Kerk lidmate oor jare heen tevrede was met 'n meer saaklike en formele soort koinonia is die tekens daar dat, na gelang van kulturele verskuiwings, mense 'n al hoe sterker behoefte ontwikkel aan 'n gemeenskapservaring wat meer emotief gekleur is."

(Burger 1991:109)

Burger beweer dan ook tereg dat daar oor dekades heen in die N G Kerk geen sprake was van 'n doelbewuste bediening met die oog op koinoniavorming en ervaring nie (Burger 1991:108). Hy gee daarvoor enkele redes aan:

- Ons is gewoond aan 'n meer institusionele tipe kerkbegrip waarin daar nie veel ruimte is vir 'n sterk koinonia – ervaring nie.
- Waar daar wel in beginsel ruimte gemaak is daarvoor, het mense gemeen koinonia is iets wat spontaan uit die normale Woordbediening moet ontwikkel en groei. Daar was dus geen spesiale pogings om koinonia te skep nie.
- Al sou daar 'n behoefte aan gemeenskap bestaan, sou heelwat mense tog beswaar gehad het teen 'n direkte bemoeienis ter wille van koinonia (Burger 1991:109).

Wat Burger dus wil sê, is dat die model waarmee die kerk vir dekades gewerk het nie koinonia vriendelik is nie. Dit onderstreep die uitgangspunt van die studie dat die kerk

nodig het om 'n paradigmaskuif te maak na 'n model waar koinonia as wesenfunksie van die kerk weer tot sy reg kan kom.

Burger spreek die probleem verder aan as hy sê :

> Die rede waarom die kerk jare lank kon wegkom met 'n bediening waarin daar nie direk aandag gegee is aan die gemeenskapservaring van die lidmate nie, is dat daar in die tipiese NG Kerk – omgewing en – konteks nog heelwat natuurlike gemeenskapsverbande was waarop die kerk as't ware kon teer. Hierdie situasie het egter gedurende die afgelope paar jaar, veral in die stad, ingrypend verander. Daarom werk die soort bediening wat dekades lank toereikend en effektief was, nou skielik net nie meer so goed nie (Burger 1991:109).

Burger het hiermee die veranderinge wat besig is om in die samelewing plaas te vind aangeraak. Hierdie samelewingsveranderinge het 'n invloed op die belewing van koinonia. Die mens en nie net die kerk nie, het in hierdie verband begin verander. Die kerk werk nie meer met 'n homogene groep landelike mense wat mekaar almal ken en wat natuurlike gemeenskapsverbande het nie. Die mens in die stad sowel as die post-moderne mens het nuwe uitdaginge aan die kerk kom stel.

Kirkpatrick stel dit as volg:

> Our problem of community, which noted sociologist Robert Nisbet calls the single most impressive fact in twentieth-century Western society, is relatively modern. For most of our human history , group life was a given. But we have less and less reason to be together and

> fewer and fewer ways of knowing each other, while our need for intimate, interpersonal relationships remains constant (Kirkpatrick 1995:10).

Die paradoks lê daarin dat mense meen dat hulle nie 'n behoefte aan gemeenskap het nie, maar tog nie daarsonder kan leef nie. "On the one hand, people today feel they do not need each other. People who do know one another are rarely neighbours. On the other hand, while people seek community, they are scared of it and are fearful of getting too close to others" (Kirkpatrick 1995:11). Hierdie uitspraak van Kirkpatrick is tiperend van die tyd en die omstandighede vandag in Suid-Afrika. Mense, uit vrees vir hulle veiligheid, sluit hulleself toe agter hoë sekuriteitsheinings en alarmsisteme, en ontbeer so die warm en intieme koinonia van ander mense. As hierdie sogenaamde individualistiese mense by 'n kleingroep ingeskakel word, is dit verstommend in watter mate hulle wel 'n behoefte aan koinonia toon.

Wuthnow huldig dieselfde argument as hy sê: "The villages and farming communities where most people lived at the start of the century have become virtually extinct" (Wuthnow 1994:33). Hy gaan voort om te sê dat 'n eeu gelede driekwart van die Amerikaanse bevolking in die landelike gebiede gewoon het. Vandag is dit net mooi omgekeerd: "Today fewer than one – quarter reside in these locales" (Wuthnow 1994:33), verwysend na landelike gebiede .

Die afwesigheid van koinonia in die kerk vandag kan dus toegeskryf word, enersyds aan die kerkmodel en andersyds aan die tyd waarin ons leef, te wete die moderne tyd. 'n Kenmerk van die moderne mens is juis sy strewe na individualisme: "People now

live anonymous lives in suburban housing developments or in high – rise apartment buildings. Instead of feeling a common bond with our neighbours, we fear them" (Wuthnow 1994:34).

As koinonia een van die wesenskenmerke van die kerk is, is koinonia meer as bloot vriendskap tussen mense met dieselfde belangstellings.

> The same may be true of the people we know at church. Sitting together in the pews on Sunday morning, we may feel that there is much in common among us. But do we know that? Skeptics, at least, ask: Have we ever opened up to these people by admitting our fears, discussing our deepest anxieties, or sharing our most basic dreams and aspirations? In other ways, personal experience in contemporay society often leads us to see evidence all around us of the breakdown of community. The smile and "hello" that used to greet us at the grocery store have been replaced by the pallid face of an automation who busily passes our items across a bar-code scanner (Wuthnow 1994:34).

Alhoewel die moderne samelewing 'n individuele leefstyl legitimeer, bestaan daar 'n soeke by die mens na die warme intimiteit van verhoudinge:

> Most people, however, seem to believe at some level that this selfcentered individualism is no way of life. They may not have the security of a tight neighborhood, but they want it. They may not enjoy the comfort of a warm family, but they wish they could. They value their individual freedom, but go through life feeling lonely. They desire intimacy and wonder how to find it. They cling to the conviction that they have close friends who care about them, but

> they frequently feel distant from these friends. They worry what would happen if they were truly in need. Wanting community, and not being able to find it, they turn to other solutions, some of which become their worst enemies (Wuthnow 1994:35).

Die studie gaan van die hipotese uit dat hierdie behoefte na koinonia by die mens alleen binne 'n kerkmodel waar kleingroepe funksioneer, aangespreek kan word. Soos reeds in die hoofstuk oor kerkmodelle gesien, kan die institutêre of verkondigingsmodel nie aan die mens se behoefte na koinonia voorsien nie- veral die postmoderne mens wat sy vertroue in die status quo verloor het. 'n Nuwe model van kerkwees sal die soeke van hierdie mens na sinvolle koinonia moet aanspreek. Die volgende hoofstuk sal volledig die kleingroepkonsep as antwoord op die probleem aanspreek. Tereg sê Wuthnow in hierdie verband: "Certainly, this yearning for community is one of the significant forces behind the small-group movement" (Wuthnow 1994:36).

## 4.1 Spiritualiteit en die verlies aan koinonia

Die verlies aan koinonia in die kerk is reeds 'n probleem opsigself, maar die probleem word groter in die lig van die feit dat koinonia en spiritualiteit so nou aan mekaar verwant is. Wuthnow vra die vraag of spiritualiteit sal "oorleef" in 'n klimaat waar koinonia nie meer funksioneer nie. "Spirituality, they fear, will retreat so far inside the individual that it may never come out again" (Wuthnow 1994:36).

## *5. Die moderne mens en sy verhouding tot koinonia*

Die vraag is nou: Wie is die moderne mens en waarheen is hy op pad? Om die dilemma van ons tyd reg te verstaan sal ons kennis moet neem van die "mens" wat vandag in die kerkbanke sit. Die mens wat vandag deur die kerk bedien word, is in 'n oorgangsfase van modernisme na postmodernisme. Terwyl die mens besig is om te verander, het die kerk nog nie die nodige veranderinge aangebring om die behoeftes van die veranderende mens aan te spreek nie.

Müller sien tereg hierdie verskuiwing in die samelewing as 'n verskuiwing van modernisme na postmodernisme:

> Die moderne mens word deur 'n nuwe paradigma aangespreek. Die klem het verskuif van die objektiewe waarheid na die verbeelde en gekonstrueerde waarheid. Hierdie verskuiwing word deur verskillende skrywers op verskillende wyses beskrywe. Oor die algemeen word daarna verwys as die verskuiwing weg van die modernistiese lewensbenadering na 'n postmodernistiese (Müller 1999:18).

### 5.1 Die modernistiese denksisteem

Die moderne mens is ten diepste 'n produk van die "verligting". Die Fransman Descartes kan as die Vader van die Verligting bestempel word. Descartes het met sy beroemde spreuk "cogito ergo sum", (ek dink daarom is ek), die wese van die filosofie van die tyd saamgevat.

"Skeptisisme is die geboortemerk van die modernisme! Descartes sê daar is net twee dinge waarvan hy seker kan wees: homself en die betroubaarheid van die rede en die logika" (Hendriks 1996:3). Hierdie filosofiese uitgangspunt van Descartes kan as die geboortepunt van die modernisme met sy vertroue op die rede beskou word.

Die verligting het dus die rasionele op die voorgrond begin stel. Die ontstaan van die universiteit was ook in hierdie denkrigting vervat. Net so het die teologie wat in wese nie 'n "rasionele" wetenskap is nie, deel van hierdie denkskema geword. Tereg sê Hendriks dat die Gereformeerde leer in hierdie denkklimaat sy oorsprong het (Hendriks 1996:4).

Die modernisme word gekenmerk deur twee kernmomente:

- Die klem op die individu en sy vermoëns: individualisme.
- Die klem op die rede van die mens: rasionalisme.

Hierdie twee kernmomente het drie gevolge waarvan ons moet kennis neem:

- Die klem op rasionele het die gevolg dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen "feit en waarde". "Geloof, waardes, etiek, reg en verkeerd, was subjektiewe oordele, nie feite nie. Op feite kon 'n mens peiltrek, op waardes nie" (Hendriks 1996:4). Dit het tot gevolg gehad dat die rasionele en die intellektuele dimensie van die mens die affektiewe begin oorheers het. Die verdere implikasie van hierdie denksisteem is dat waardes in die samelewing in die gedrang gekom het. Die waarde en eties morele krisis

van die twintigste eeu is dus direk terug herleibaar na die modernistiese denksisteem.

- 'n verdere logiese uitvloeisel van die modernisme is die subjek-objek onderskeiding. Die klem op die individualistiese ideaal het daartoe gelei dat die mens sentraal begin staan en alles om hom begin manipuleer het. In 'n sekere sin kan gesê word dat die "vertroue" wat die mens in homself begin stel het, het daartoe gelei dat die mens self "god" van sy eie lewe begin word het! Die logiese uitvloeisel van die siening was dat verhoudinge daaronder begin lei het. Dit kan dus ook as 'n rede aangevoer word vir die gebrek aan koinonia wat die moderne mens beleef. Die konklusie kan gemaak word dat koinonia moeilik binne 'n modernistiese denkskema sal inpas.
- Die derde gevolg van 'n modernistiese denkskema is die verhouding waarin oorsaak en gevolg gesien is. Aanvanklik het die mens (middeleeuse wêreldbeeld) alles wat hy nie kon verklaar aan God toegeskryf. Die Aufklärung het die konsep omgekeer: "...die rasionele werk met 'n oorsaak-gevolg, kousale denkpatroon. Daar is nie in hierdie denkskema ruimte vir geloof en waardes nie, want dit kan nie logies-wetenskaplik en empiries bewys word nie. Gevolglik word die mens as't ware afgesny van die transendente" (Hendriks 1996:5). Hiermee was die moderne samelewing gedoem tot eventuele wanhoop en sinloosheid wat sou intree.

Die kerk sal moet kennis neem van die moderne mens wat elke Sondag in die kerkbanke kom sit. Die kerkmens vandag sit vasgevang in hierdie denksisteem wat die

mens juis op die persoonlike vlak beïnvloed - veral in sy verhoudinge met ander mense.

Alhoewel die kerk sal beweer dat koinonia een van die wesenskenmerke van die kerk is, wil dit voorkom asof die moderne mens 'n "onvermoë" het om verhoudinge te hanteer. In 'n ondersoek na die Amerikaanse samelewing met sy "American dream" van "I will do it my way" is hierdie probleem ontbloot. Wuthnow is net eerlik as hy van die Amerikaanse samelewing praat as 'n "society of lonely, self-interested individuals suffering from isolation, disrupted families, a lack of friends, difficulty in establishing intimate relationships, and the demeaning anonimity of large-scale institutions..." (Wuthnow 1994:12).

Die vraag kan gevra word of die tipies blanke Suid-Afrikaner nie ook dieselfde profiel as die tipies moderne Amerikaner vertoon nie. Potgieter meen dat ons van kleins af individualisties grootgemaak word. "Ironies genoeg, is die oorsprong van hierdie individualisme juis in die Christelike godsdiens van die weste (modernisme) geleë. In plaas van die Bybelse aksent op die individu as deel van 'n gemeenskap, word gemeenskap onderwaardeer..." (Potgieter 1995:65).

Daar is egter 'n verdere element wat die individualisme van die moderne Suid-Afrikaner nog verder vervreem van sinvolle verhoudinge: Die veiligheidsituasie van die land noop mense om met veiligheids- en sekuriteitsisteme agter hoë mure en hekke te leef. Die gevolg van hierdie lewenstyl is 'n verdere vervreemding van mense. Die kerk beleef ook hierdie situasie waar die lidmaat in 'n groter mate besig is om

ontoeganklik vir die kerk te word. Die individualisme het tot gevolg dat verhoudinge in die kerk daaronder begin lei en koinonia as ideaal klaaglik faal.

## 5.2 Die postmodernistiese denksisteem

Postmodernisme verwys na die periode wat direk op die modernisme volg. Alhoewel ons nie kan sê dat ons volledig die tyd van die postmodernisme betree het nie, is die tekens baie duidelik dat ons vinnig besig is om 'n postmodernistiese samelewing te word.

Die modernisme met sy klem op die rasionele en die individuele is gedra deur die geloof in die potensiële vermoë van die mens. Die mens met hierdie potensiaal, gedring deur die geloof in die rede, sou dus 'n utopie op hierdie aarde kon skep. Die realiteit van twee verskriklike wêreldoorloë het die moderne mens tot in sy wortels geskok. Die modernistiese ideaal het veral na die tweede wêreldoorlog in Wes-Europa aan skerwe gelê. Die geloof in die "rede" wat so 'n vernietigende oorlog moes verhoed, het die mens in die steek gelaat.

Die inherente "goeie" potensiaal van die mens word omgedraai en die feit dat die mens in sy diepste wese eintlik nie in staat is tot enige goed nie, het skielik op die voorgrond begin tree. Die moderne mens is in sy diepste wese ontgogel met die skynbare onvermoë om die wêreld van selfvernietiging te red.

Die sogenaamde postmoderne mens, gestroop van die idealisme van die modernisme, besef sy afhanklikheid aan ander mense. Die individualistiese ideaal om jou eie "ding"

te doen, het nie die mens se innerlike verlange na koinonia totaal onderdruk nie. Die Amerikaanse samelewing wat as die hoogtepunt van 'n modernistiese ideaal beskou kan word, het tekens begin vertoon dat mense nie meer in die "American dream" hulle enigste vertroue plaas nie.

Die werk van Robert Wuthnow het hierdie transisie in die Amerikaanse samelewing vir ons kom ontsluit. Hy praat van 'n "profound reorientation in life" (Wuthnow 1994:3) wat in die Amerikaanse samelewing besig is om plaas te vind. Hy gaan voort om te beweer dat dit juis die soeke na koinonia was wat die dryfveer geword het agter die opbloei van die kleingroepbeweging in die VSA. Die basiese hipotese waarvandaan hy uitgaan is die volgende: "This book argues that the small-group movement is beginning to alter American society, both by changing our understanding of community and by redefining spirituality" (Wuthnow 1994:3).

Die interessante is dat navorsing getoon het dat 40% van die Amerikaanse bevolking aan een of ander kleingroep behoort (Wuthnow 1994:4). Die doel van die opbloei van die kleingroepbeweging kan toegeskryf word aan 'n nuwe soeke na koinonia. Die ideale van die modernisme het nie die na-oorlogse mens verder bevredig nie. Ontgogel deur die mislukking van die menslike rede om vrede en stabiliteit te bring, het die vereensaamde modernistiese mens begin uitreik uit sy isolasie om koinonia te soek.

Hierdie sosiale verskuiwing kan ons die begin van die postmodernistiese mens noem. Die kerk sal ook moet kennis neem van hierdie mens. Waar die bedieningspraktyk van die tipies "modernistiese" bedeling gekonsentreer het op die institutêre en verkondigingsmodel van kerkwees, sal daar dus ook deur die kerk 'n aanpassing of 'n

paradigmaskuif moet kom om die postmodernistiese mens te bereik. Hierdie studie het reeds in die vorige hoofstuk gekies vir die liggaam-van-Christusmodel as die mees geskikte model om die behoefte aan koinonia by die postmoderne mens aan te spreek.

### *6. Die rol van die kleingroep in koinonia*

In die hoofstuk oor kerkmodelle is daar tot die slotsom gekom dat die kerk 'n paradigmaskuif na 'n ander model sal moet maak om die behoefte van die mens aan te spreek. Ons het ook in die vorige punt bespreek dat daar 'n verskuiwing in die sosiale gerigtheid van die mens aan die intree is; 'n verskuiwing na 'n postmodernistiese tyd. Hierdie mens het weer 'n behoefte aan verhoudinge of koinonia met ander. Die kerk sal dus die behoefte na koinonia moet raaksien en daarvoor ruimte maak in die bedieningspraktyk.

As koinonia een van die wesenskenmerke van die kerk is kan dit tog nie in 'n vakuum funksioneer nie. Die literatuur is dit eens dat die kleingroep die gunstigste ruimte is waarbinne koinonia geleef en ervaar kan word. "In die onpersoonlike stadsituasie waarin ons al meer in ons land verkeer, bied die gemeente as liggaam van Christus die ruimte vir innige persoonlike geloofsomgang met mekaar en met ons Heer. Daarom is 'n kenmerk van hierdie gemeentemodel dat dit veral in groepe funksioneer" (Heyns & Pieterse 1990:62).

Kirkpatrick gaan ook van die standpunt uit dat die kleingroep die geskikste ruimte is waar koinonia in die kerk geskep kan word: "A genuine sense of community is

contagious. For when we in the body of Christ share ourselves with one another in small groups, the Spirit works through us to create an inviting, attractive quality of life" (Kirkpatrick 1995:20).

Die kleingroep is dus by uitstek die plek om koinonia in die kerk te skep en in stand te hou. In 'n lewe waar die mens maklik en dikwels van homself en sy medemens vervreem word (modernisme), speel die kleingroep 'n betekenisvolle rol om ware koinonia onder mekaar te herstel.

Alhoewel de Klerk vanuit die tipies herder-kuddemodel skryf, lewer hy 'n waardevolle bydrae as hy na die behoefte aan koinonia in die gemeente verwys:

> In die gewone gang van die lewe vereensaam soveel mense en mis die warme gemeenskap met ander mense waar diepgaande en blywende verhoudings bestaan. In die kerk self - veral in groot, onoorsigtelike stadsgemeentes- verdwyn die enkeling in die massa en word die gemeenskap gemis...By uitstek is die kleingroep geskik om hierdie warme, deurleefde, onderlinge gemeenskap te bied en inderdaad te laat uitleef (de Klerk 1979:136).

Dit is insiggewend dat de Klerk die gevolgtrekking maak dat die kleingroep die mees geskikte ruimte vir die funksionering van koinonia is. Die probleem is egter dat hy die kleingroep slegs as 'n aanhangsel of byvoegsel tot die gemeente sien. 'n Gemeente wat derhalwe nie die "luuksheid" van kleingroepe het nie, gaan dan inderdaad ook mank aan sinvolle belewing van koinonia.

Neighbour is ook van mening dat koinonia hoofsaaklik binne 'n kleingroep kan funksioneer: "...community can occur most completely only in small groups, a cell group, numbering less than fifteen people" (Neighbour 1990:94). Scott Peck skryf in dieselfde trant as hy sê:

> If we are to use the word (community) meaningfully we must restrict it to a group of individuals who have learned how to communicate honestly with each other, whose relationships go deeper than their masks of composure, and who have developed some significant commitment to "rejoice together, mourn together," and to "delight in each other," (Peck 1987:59).

Arnold, wanneer hy oor "community" skryf, is dit eens dat koinonia alleen tot sy volle reg kom binne die kleingroepkonsep. Hy sê in hierdie verband die volgende:

> People can only learn and grow in an atmosphere of love and acceptance. That atmosphere is Christian community. Community is not one aspect of group life, it is the very structure within which the group operates....Therefore, the goal of small group ministry is discipleship; the foundation is leadership, and the structure of small group ministry is community (Arnold 1992:10).

Wanneer Arnold na koinonia as die struktuur van 'n kleingroep verwys moet ons vra wat hy daarmee bedoel. Vir Arnold is koinonia nie bloot dit wat die mens in die kleingroep doen nie- dit gaan vir hom veel verder as dit. Hy sê: "...community runs like a current through all of ministry," (Arnold 1992:42). Hy sien dus koinonia as die onsigbare draad wat die hele bediening aanmekaar hou. Hierdie koinonia vind dan sy

oorsprong in die kleingroep waar verhoudinge gebou word: "At its core, community involves relationships" (Arnold 1992:42).

Die literatuur is dit dus feitlik eens dat koinonia in die kader van die kleingroep tuishoort.

In 'n sosiologiese ondersoek binne die Amerikaanse konteks het Wuthnow interessante bevindinge gemaak, wat in 'n groot mate die onlosmaaklike verhouding tussen koinonia en die kleingroep bevestig het. Die vraag wat Wuthnow homself mee besig gehou het in sy ondersoek na "community" in die Amerikaanse samelewing, was die vraag na die ontwikkeling van kleingroepe. Sy ondersoek het bevind dat tot 40% van die Amerikaanse samelewing aan een of ander kleingroep behoort. Die antwoord was duidelik: die mens het 'n behoefte aan koinonia. Binne die Amerikaanse milieu het die kleingroep daardie behoefte bevredig: "But the desire for intimacy, support, sharing, and other forms of community involvement is certainly an essential precondition of the small-group movement" (Wuthnow 1994:52).

In die hoofstuk oor gemeentebou is van die beginsel uitgegaan dat gemeentebou niks anders as 'n groei na geloofsvolwassenheid is nie. In hierdie verband gee Icenogle 'n verrykende nuwe perspektief wanneer hy oor koinonia en die kleingroep skryf: "Spiritual growth is the process and the product of being in community. Isolated individuals cannot grow spiritually" (Icenogle 1994:281). Icenogle sê tereg dat geestelike volwassenheid die vrug is van 'n gesonde verhouding tussen God en die kinders van God. "Such maturity is attained only through the process and experience

of real people who care for one another in gatherings of two or more persons" (Icenogle 1994:280).

Die bestaansreg van 'n kleingroep is dus vanuit die koinoniakonsep gefundeer. Sonder koinonia is die bestaan van 'n kleingroep nie moontlik nie. Die omgekeerde is dus ook waar: sonder die kleingroep is betekenisvolle koinonia ook nie moontlik nie (vgl. Callahan 1983:36, Ashbrook 1964:29,31, Hendriks 1986:82).

Die hele kleingroepkonsep word in die volgende hoofstuk volledig bespreek. Hier is dit net van belang om te konstateer dat die kleingroep die ruimte of medium is waardeur koinonia sinvol geskep kan word. Dit wil nie sê dat koinonia nie op 'n ander wyse geskep kan word nie - daar is tog seker ruimte vir koinonia in die erediens - maar hierdie studie wil aantoon dat koinonia meer suksesvol geskep sal kan word in 'n ruimte waar mense die vrymoedigheid het om mekaar te vertrou en so te groei in hulle geloof. Daarvoor is die kleingroep die beste medium en nie die groot onpersoonlike erediens soos wat ons tans in die makrogemeente konsep kry nie.

## *7. Koinonia en spiritualiteit*

Ons het nou reeds die gevolgtrekking gemaak dat koinonia en die kleingroep nou aan mekaar verwant is. Die punt wat nou bespreek sal word is die verhouding tussen koinonia en spiritualiteit. By spiritualiteit bedoel ons die mens in sy belewing en uitleef van sy godsdiens.

Die Heidelbergse Kategismus in vraag 55 handel oor die "gemeenskap van die heiliges", Veldkamp gaan verder om te vra wat die "gemeenskap van die heiliges" beteken. Vir Veldkamp beteken "gemeenskap van die heiliges" meer as net die saamwees of gemeenskap van mense onderling, dit wil sê bloot horisontale koinonia. Tereg wil hy die "gemeenskap van die heiliges" horisontaal sowel as vertikaal sien:

> Het eerste en voornaamste van de gemeenschap der heiligen is dus de gemeenschap met Christus, het tweede, wat daaruit voortvloeit, is de gemeenschap onder elkander. Ik kan het ook zo zeggen: de gemeenschap der heiligen is eerst een band, die de gelovigen met Christus verbindt, en vervolgens een band, die de gelovigen onderling verbindt. Het is een verticale lijn, gespannen van de Hemel naar de aarde, en het is een horizontale lijn, die in de breedte alle gelovigen omspant. Het eerste is de liefde tot Christus, het tweede de liefde tot de broeders en zusters. Dat laaste kan er alleen zijn door de eerste. Is het met het eerste in orde, dan volgt het tweede vanzelf (Veldkamp 1948:280).

Die pragtige uiteensetting wat Veldkamp vir ons gee van die "gemeenskap van die heiliges", waarmee hierdie studie akkoord gaan, het ongelukkig nie in die praktyk gerealiseer soos wat die Bybelse bedoeling daarvan was nie. In die gedeelte oor die afwesigheid van koinonia het ons daarmee gehandel. Ons het ook die probleem met die lewens- en wêreldbeskouing van die modernistiese mens bespreek (individualisme van die modernistiese mens). Dit wil egter voorkom asof daar 'n skuif besig is om plaas te vind - mense is weer soekend na 'n sinvolle belewing van hulle spiritualiteit.

Wuthnow beweer dat dit een van die redes is vir die opbloei van die kleingroep-beweging. "The quest for spirituality is the other objective that has animated much of the small-group movement. A majority of all small-group members say they have joined because they wanted to deepen their faith" (Wuthnow 1994:8). Die vraag kan onmiddellik gevra word of die tradisionele bedieningspraktyk dan nie in staat is om die mens se behoefte na sinvolle geestelike belewing te bevredig nie. Die antwoord moet dan ongelukkig "ja" wees. Die onpersoonlike bedieningstyl waar die mens grotendeels passief is, is nie bevorderlik vir sinvolle spiritualiteitsbelewing nie.

Wuthnow is dus korrek as hy bevind dat die kleingroepbeweging by uitstek geskik is vir die sinvolle belewing van spiritualiteit. Hierdie studie wil egter verder beweer dat dit nie bloot die bywoning van 'n kleingroep is wat spiritualiteit bevorder nie, maar dat dit juis die koinoniabelewing binne die kleingroep is wat die vlak van spiritualiteit bepaal.

Tereg meen Potgieter dat die liefdesgemeenskap wat 'n kleingroep beleef, 'n ruimte is waar daar geestelike groei plaasvind (Potgieter 1995:54). Burger is dit ook eens dat die normale situasie vir geloof moet wees: dat mens dit alleen kan beoefen, beleef en uitleef binne 'n ruimte waar koinonia bestaan - dus binne die gemeenskap van die gelowiges (Burger 1991:104).

Burger gaan voort om te sê dat daar wel situasies is waar geloof selfstandig moet kan funksioneer, maar dit bly meer die uitsondering as die reël. "En ook in sulke situasies word 'n mens juis gedra deur minstens die wete...van 'n universele geloofs-gemeenskap waarmee jy solidêr is, al is hulle nie in daardie stadium fisiek langs jou

teenwoordig nie. Sosioloë bevestig dat dit haas onmoontlik is vir 'n individu om 'n sterk standpunt op 'n gesonde wyse te bly handhaaf as hy of sy nie deur ander daarin ondersteun word nie" (Burger 1991:104). Hieroor maak Icenogle die volgende waardevolle opmerking: "Spiritual growth is the process and product of being in community. Isolated individuals cannot grow spiritually" (Icenogle 1994:281).

Daar is dus 'n wisselwerking tussen spiritualiteit en koinonia: die twee bestaan nie naas mekaar nie, maar die een gee aanleiding tot die ander. Aan die een kant is daar die soeke na dieper geestelike belewing, wat tot gevolg het dat mense aan kleingroepe begin deelneem en daardeur in koinonia verhoudinge ingelei word. Die ander kant van die saak is ook waar- in mense se soeke na koinonia begin hulle geestelike verdieping in hulle lewe te beleef.

Wuthnow is dit ook eens dat die soeke na "community" in die Amerikaanse konteks 'n rol speel in die belewing van spiritualiteit:

> From whence does the small-group movement originate? Why has it risen at this particular moment in history? To answer these questions we must turn directly to the role of spirituality in American culture, to the quest for community, and to the complex interplay between the two. It is in this vortex that the small-group movement has emerged and acquired its distinctive appeal. The movement is a response both to the intense yearning for the sacred that characterizes the American people and to the breakdown of communities, neighbourhoods, families, and other sources of personal support. As people try to rediscover the sacred, they are led to ask questions about community. And as they seek

> community, they are led to ask questions about the sacred (Wuthnow 1994:31).

Wuthnow gaan verder om te vra of spiritualiteit enigsins kan bestaan sonder die teenwoordigheid van koinonia:

> The lack of community may be serious in its own right, but it is even more serious when we consider how closely spirituality has always been linked to community. Indeed, many observers wonder if spirituality can survive the challenges of our society if it is not connected again in some meaningful way with the power and support of caring community. Spirituality they fear, will retreat so far inside the individual that it may never come out again (Wuthnow 1994:36).

'n Mens kan nie aan die Here verbonde wees sonder om ook aan ander mense (gelowiges) verbonde te wees nie. "Dit is nie so dat die vertikale en horisontale verhoudinge los van mekaar staan nie. Bonhoeffer sê: 'In my broer ontmoet ek Christus en in Christus hoor ek eers my broer'. Horisontaal en vertikaal is onverdeelbaar aanmekaar" (Potgieter 1994:1389). Du Rand is dus korrek as hy dit so opsom: "Gelowiges moet mekaar herontdek in die lig van die heilswerk van God in Jesus Christus. Ons ontdek mekaar in hom wat die konstituerende waarborg vir gemeenskap is. Die gelowiges het deel aan mekaar omdat hulle deel het aan Christus en daarom deel in die een geloof, een hoop, een liefde, een belydenis en een tafelgemeenskap met mekaar" (Du Rand 1985:55).

### 7.1 Koinonia en aanbidding

Spiritualiteit en koinonia is nie bloot die belewing van jou godsdiens in 'n groep nie. Daar is ook 'n direkte vertikale element wat raakgesien moet word. Die hoogtepunt van spiritualiteit is die mens se vermoë om met God direkte kontak te maak in aanbidding. Koinonia en aanbidding staan dus in 'n besondere verhouding tot mekaar. Ludik maak die volgende treffende opmerking in hierdie verband as hy sê: "Aanbidding en 'n gerigtheid op God is in die eerste plek 'n korporatiewe saak wat eers in die konteks van koinonia na behore kan geskied" (Ludik 1992:6).

Die mens se persoonlike tyd van stilwees en aanbidding is 'n uitvloeisel van die ervaring van aanbidding binne die geloofsgemeenskap waar koinonia en aanbidding beleef en geleef was. Tereg meen Potgieter dat mense wat sukkel om die Here op 'n persoonlike vlak te aanbid meestal mense is wat aanbidding in 'n groep ontbeer (Potgieter 1994:141). Potgieter sê wel dat daar in die erediens ruimte geskep word vir aanbidding deur die sing van liedere of die doen van 'n kanselgebed. Hy gaan voort om dan te sê: "Tog belewe min van die teenwoordigers die intensiteit wat nodig is om daarvan 'n belewenis te maak" (Potgieter 1994:142). Hiermee het Potgieter mynsinsiens die kern van die probleem met spiritualiteit in die tradisionele bedieningspraktyk aangesny.

Die individu kan moeilik tot sinvolle aanbidding kom deur die sing van 'n paar liedere en die doen van 'n paar gebede. Die rede vir die gebrek aan ware aanbidding lê eerder op die vlak van die gebrek aan koinonia in die groot onpersoonlike erediensbelewing

van mense. Daar moet dus 'n ander ruimte wees waar koinonia en aanbidding sinvol kan saam funksioneer.

## 7.2 Aanbidding en die kleingroep

Tereg plaas Potgieter aanbidding binne die ruimte van die kleingroep:

> Tussen die twee pole van individuele aanbidding en die aanbidding saam met 'n groot skare gelowiges is daar die aanbidding saam met die selgemeente. Dit is 'n belangrike faset aangesien die verhoudings in die groep baie meer persoonlik van aard is. Waar die gelowige in die aanbidding van die groot groep veral bewus word van die grootheid van God as die God van die leërskare, word hy in die kleingroep makliker bewus van die wonder van God se liefde. Hy hoor hoe God gebede verhoor het of hoe Hy iemand bewaar of gehelp het, en dit bring die groep tot dankbare aanbidding (Potgieter 1994:142).

Indien koinonia en spiritualiteit onlosmaaklik verbind is aanmekaar en koinonia in die kleingroep tot sy reg kom, beteken dit dat aanbidding as spiritualiteitshandeling ook ten beste binne die kleingroep sal funksioneer.

## 8. Koinonia in ekklesiologiese perspektief

Hierdie studie het reeds in vorige hoofstukke standpunt ingeneem omtrent die kerkbegrip waarmee gewerk word. Die ekklesiologiese uitgangspunt van die studie is die kerk as "liggaam-van-Christuskonsep" wat funksioneer. Die doel vir hierdie keuse

is die feit dat die "liggaam-van-Christus" ekklesiologiese model die beste aangepas is om die konsep van koinonia te huisves. Die kleingroepkonsep vind ook 'n tuiste binne die model.

Hierdie afdeling wil die posisie van koinonia binne die kerkbegrip van nader omskryf. Die vraag waarmee gewerk word is steeds of die bestaan van kleingroepe in die gemeente die vlak van koinonia in die gemeente of kerk kan verhoog. Die hipotese bly dat dit wel die geval is - maar hoe funksioneer koinonia dan in ekklesiologiese perspektief? Hoe vind koinonia in die daaglikse bediening van die kerk plaas? Mynsinsiens kan koinonia alleen prakties word in die gemeente wanneer dit in die kleingroep beoefen en beleef word. Die kleingroep is dus die ekklesiologiese medium waarbinne koinonia funksioneer.

Tereg meen Potgieter dat daar nie van "kerk" sprake kan wees sonder intense lewensgemeenskap (koinonia) tussen gelowiges nie. Verder het die studie reeds gekonstateer dat koinonia een van die wesenskenmerke van die kerk is. Dit is dan ook vir Potgieter onvermydelik dat elke gelowige gesin en individu by 'n selgroep ingeskakel moet wees. 'n Selgroep sal dan in die ekklesiologiese model wat hy voorstaan die middelpunt wees waarom die bestaan van die gemeente draai: "Die selgroep is in hierdie gevalle die gemeente, die kerk! Die selgemeente-model mik na hierdie ideaal. Alle gelowiges behoort uiteindelik binne 'n selgemeente in lewensgemeenskap met ander gelowiges betrokke te wees" (Potgieter 1994:105).

Potgieter het 'n hele nuwe ekklesiologiese model rondom die selgemeente konsep gebou wat mettertyd bespreek sal word. Wat verder hier van belang is, is om die

sentrale posisie van koinonia in die model raak te sien. Carl George ondersteun hierdie selfde sentiment as hy na die kerk van die toekoms verwys wat groot genoeg moet wees om 'n verskil in die samelewing te maak, maar klein genoeg om vir mekaar om te gee (koinonia). Hy sê:

> It is my contension in this book that our present models for doing ministry are ineffective and inadequate for the opportunities that are coming our way. If Christian churces are to receive the harvest of soul that we believe God is calling to enter His kingdom, it will happen only because churches have reorganised their structures. They must be large enough to make a difference and yet small enough to care (George 1992:23).

Hy skaar homself dus aan die kant van die kleingroepbeweging wat dit as die kerk van die toekoms beskou: "Thus the church of the future, though far bigger than the typical parish of today, will not be known for its central meeting spot, but for its small-group-ministry..." (George 1992:22).

Hiermee het Potgieter en George heeltemal korrek die konsep van koinonia in die ekklesiologiese raamwerk van die kleingroep of selgroep kom plaas. George meen dat "genuine caring is the engine in each local church that propels its growth...If people see and experience a care-giving environment [koinonia], their lives will change, and their friendship networks [*kleingroep*] will be impacted as well" (George 1992:85). In 'n verdere hoofstuk sal die selgroepmodel van Potgieter en die modelle van Neighbour en George krities beoordeel word.

Die hele konsep van aanvullende koinoniaverbande is ook in hierdie bespreking van belang. Aangesien dit reeds aan die begin van hierdie hoofstuk bespreek is, word daar nou net kortliks van kennis geneem.

Die konsep van aanvullende koinoniaverbande verwys na die koinoniaverhoudinge wat binne die verskillende groepe bestaan en waarmee mense mekaar aanvul (Hendriks 1992:92). Dit laat koinonia in die praktyk tot sy reg kom. Die verskillende aanvullende verbande kan net kortliks weer genoem word:

- Die individuele gelowige.
- Die huwelik en gesin.
- Die sel- of kleingroep.
- Bediening in groot groepe.
- Die erediens ("celebration" in die groot groep)

## 8.1 Koinonia en die "kerk as familie-metafoor"

Die familie-metafoor figureer baie prominent in die aanvullende koinonia verbande en moet kortliks hier aangespreek word. Alhoewel die liggaamsmodel reeds gekies is as ekklesiologiese model waarmee in hierdie studie gewerk word, is daar tog 'n leemte wanneer daar na koinonia in die kleingroep verwys word. Die kleingroep wat wel binne die liggaamsmetafoor goed funksioneer, skiet tekort aan die uitdrukking van koinonia op 'n praktiese vlak. Dit wil voorkom asof 'n ander metafoor - die kerk as familie van God - 'n beter ruimte bied vir die beskrywing van koinonia in die

kleingroepkonteks. Hiermee wil die navorser nie die een metafoor bo die ander stel nie. Hulle vul mekaar eerder aan. Die ekklesiologiese uitgangspunt vir hierdie studie bly die liggaamsmetafoor, maar word met die familie-metafoor aangevul.

Burger is ook van mening dat die familie-metafoor 'n groot bydrae lewer om die kommunale aard van die geloof beter te verstaan en te waardeer. Hy meen dat nie een van die ander metafore die gemeenskaplikheid of koinoniale aard van die geloof so helder na vore bring as juis die familie-metafoor nie (Burger 1995:5).

Die kleingroep vertoon sekere "familie" trekke. Neighbour maak veel van die woord "oikos" wat as "huisgesin" vertaal kan word.

> To fully understand the importance of a cell group church, we must consider the word *oikos*, a biblical term that describes the basic building block of society. It appears throughout the Bible and refers to the personal community which exists for us all. It is translated into English as house or household (Neighbour 1990:114).

Neighbour gaan van die standpunt uit dat elke mens binne 'n huisgesinverband staan wat as sy direkte familie getipeer kan word. Hierdie noue familiegroep word uitgebrei na 'n wyer groep van mense wat hy uitgebreide familie of oikos noem. "...and only those to whom we devote quality time can be said to be part of our oikos, our personal community" (Neighbour 1990:114). So 'n oikos groep bestaan uit hoogstens 20 mense. Dit is in lyn met sosiologiese beginsels vir normale interaksie tussen mense. Die grootte van so 'n "oikos" verskil van persoon tot persoon afhangende van die betrokke persoon se persoonlikheidstipe (vgl. ook Pattison 1977:19).

Die sel of kleingroep is 'n uitgebreide familie wat as 'n oikos funksioneer. Twee verdere konsepte kan geidentifiseer word wat direk verband hou met hierdie siening van die kleingroep as uitgebreide familie:

- **"Oikonomos"**

  The oikonomos was the servant in an oikos who was assigned the oversight of physical needs within the household.....In the early church, the oikonomos spirit invaded the cell groups, who shared their possesions as physical needs became known (Neighbour 1990:121).

- **"Oikodomeo"**

  The second word is oikodomeo,.....It shares similarities with its first cousin, oikonomos. Both words directly relates to the oikos, and both have a steward in mind in which God provides what His people need. However, oikodomeo does not deal with physical needs: it zeros in on spiritual necessities (Neighbour 1990:121).

Oikodomeo kan ons dus as die opboufunksie van die kleingroep noem. Die kleingroep funksioneer dan as 'n uitgebreide familie waar daar ruimte is om mekaar op te bou en so die koinoniabeginsels uit te leef. Ons kan dus konkludeer dat koinonia die wese en die inhoud van die kleingroep is.

Wat is dan nou die waarde van hierdie opbou of "gemeenskap" binne die familie-konteks?

- Die kleingroep word dan 'n plek waar die individu **geborgenheid** ervaar soos in 'n familiekonteks.
- Binne die groep is daar 'n gees van **aanvaarding**, mense aanvaar jou soos jy is.
- Dit word 'n plek waar 'n mens die ervaring kry dat jy **behoort** ("belong").
- Dit word 'n plek, soos binne 'n familie, wat wesenlik is vir die vorming van **identiteit**. (Burger:1995:5, Callahan 1983:25, Foster 1976:66, Richards 1970:41)

## *9. Fases van koinonia*

Alhoewel die kleingroep soos 'n familiegroep funksioneer, is dit belangrik om die fases wat so 'n groep beleef, te onderskei. Die klem in hierdie afdeling is om na die fases van koinonia in die groep te gaan kyk. Omdat koinonia en 'n kleingroep egter so inmekaar verweefd is, kan die fases van koinonia en dié van 'n kleingroep moeilik geskei word van mekaar. Hier word die klem op die koinonia aspek van die fases geplaas terwyl die volgende hoofstuk die klem meer op die fases van die kleingroep sal laat val.

### 9.1 Ontdekkingsfase

Hierdie kan ook as die "wittebrood" fase bestempel word. Dit is die eerste fase van 'n kleingroep. Die verskillende individue is nog vreemd vir mekaar en daar is aan die begin nie veel sprake van diepte koinonia nie. Aangesien daar 'n vertrouens-

verhouding opgebou moet word is dit 'n tyd van ontdekking. Arnold sê dat hierdie fase gekenmerk word deur mense wat alles in hulle vermoë sal doen om die eenheid van die groep te bewaar:

> In the beginning, this means that people will often push aside personal feelings, small differences, and personality clashes. The unifying factor for this first stage is generally the common desire to begin a small group. So you will spend the first few weeks developing a group covenant and prepare to move forward. Then you will settle into the weekly ritual of being a small group. Like a newly married couple, you will be flushed with early successes (Arnold 1992:105).

Tereg meen Arnold dat hierdie fase geniet moet word, want dit is die maklik hanteerbaarste fase van 'n kleingroep. Almal is daarop ingestel om die eenheid ten alle koste te bewaar, dus sal min direkte en aanvallende stellings in hierdie fase gemaak word. Koinonia is wel teenwoordig, maar op so 'n vlak dat mense dit geniet en baie hard werk om mekaar te aanvaar. Algaande verdiep die vlak van koinonia en dit lei ook die tweede fase van 'n kleingroep in.

## 9.2 Konflikfase

Arnold noem hierdie die "transisie" fase. Vir die navorser is dit egter eerder 'n tyd van konflik wat reg hanteer moet word. Transisie vind wel plaas vanaf die ontdekkingsfase na 'n fase wat gekenmerk word deur botsende menings en persoonlikheidseienskappe.

Soos reeds gesê in die vorige punt, funksioneer 'n kleingroep soos 'n uitgebreide familie. Elke individu wat by 'n kleingroep aansluit, bring sy eie stel waardes en persoonlikheids- eienskappe in so 'n groep in: Elkeen kom met sy eie "bagasie" in die groep in.

Die eerste fase was gekenmerk deur geduld en aanvaarding ten alle koste. Algaande word hierdie aanvaarding moeiliker, en mense word gekonfronteer met die persoonlikhede van ander. Arnold stel dit so:

> Fortunately, a healthy small group will move into step two and begin to confront its own diversity. A group may be "going along its merry way" when one member suddenly interrupts the conversation and raises concerns or hurts. The group will often be shocked, for its unity is being called into question. If all goes right, however, others will soon join in, and the leader will have a number of hot issues to work through (Arnold 1992:106).

Die hantering van hierdie konflikfase gaan bepaal of die groep gaan voortbestaan en of die groep uitmekaar gaan beweeg. Die vlak van koinonia kan baie intens wees in hierdie fase en dit kan alleen deur 'n goed opgeleide leier of fasiliteerder reg gekanaliseer word.

As hierdie fase reg bestuur word, kan dit lei tot groei in die groep. Dit beteken dat daar 'n vlak van "gemeenskap" bereik is waar mense mekaar onvoorwaardelik aanvaar. Dit lei dan ook die derde fase van so 'n groep binne.

### 9.3 Stabiliserende fase

Hierdie kan as die ideale fase van 'n groep beskou word. Die konflik is hanteer en die groep beweeg in die plato fase van sy bestaan in. Dit is die fase waar mense geborgenheid, aanvaarding, "belonging", en 'n groepsidentiteit beleef.

Dit kan ook die fase van "aksie" genoem word. Die eenheid van die groep staan weereens voorop, maar daar word deeglik kennis geneem van die diversiteit van die groep. Ons kan dus sê die groep het 'n stadium van volwassenheid bereik.
Die fase word egter ook gekenmerk deur die opbou wat hier plaasvind. Dit is die stabiliserende fase vir die funksionering van koinonia. Koinonia in hierdie fase beteken "oikodomeo". Die praktiese belewing van die "gemeenskap van die gelowiges" vind in hierdie fase plaas. Die studie wil sover gaan om te beweer dat hierdie fase gekenmerk word deur 'n belewing van "gemeenskap" wat nêrens anders in die kerk moontlik is nie. Nie die erediens of enige ander program of aksie van 'n gemeente kan die koinonia wat die groep in hierdie fase beleef ewenaar nie.

Dit is ook in hierdie fase waar die "mekaar" tekste van die Bybel werklik tot sy reg kom, bv. dra mekaar se laste, help mekaar, liefde vir mekaar, ens. Tereg meen Arnold: "By God's grace, many small groups should reach this stage and 'take off.' If you are willing to work within this open, honest, caring environment, you can enjoy the benefits of being affirmed as an individual while discovering the unity that Christ offers" (Arnold 1992:108).

Hierdie fase kan van 'n paar maande tot selfs jare duur. Uiteindelik bereik die groep sy laaste fase van bestaan.

### 9.4 Termineringsfase

Alle dinge kom tot 'n einde- so ook 'n kleingroep. Al het die groep goed gefunksioneer vir 'n lang tyd, breek daar 'n stadium aan waar so 'n groep getermineer word. Die ideaal sou wees dat die groep 'n verdere fase sal inbeweeg - die vermenigvuldigingsfase. Dit beteken dat die groep verdeel om twee nuwe groepe te vorm. Hierdie punt word bereik waar die getalle in die eerste groep soveel geword het dat dit die groepsdinamiek begin benadeel of wanneer die groep 'n fase van stagnasie bereik het. Dit wil sê dat daar nie meer intieme koinonia beleef word nie.

Die "ou" groep word dan getermineer, maar twee of meer nuwe groepe word gevorm uit die kern van die eerste wat dan gereed is om weer te begin groei. Indien die groep hierdie vermenigvuldigingsproses uitvoer, begin die siklus weer van vooraf en is die twee of meer nuwe groepe weer in 'n ontdekkingsfase.

Die groep kan egter ook finaal termineer en dan uitmekaar gaan sonder om te vermenigvuldig. Hierdie terminering sou egter 'n negatiewe aksie wees. Derhalwe verkies ons dat daar 'n proses van vermenigvuldiging plaasvind.

### *10. Koinonia en die uitbou van die gemeente*

Tot hier het die klem meer geval op die opbou aspek van koinonia in die kleingroep. Hierdie afdeling wil die klem op die uitbou-funksie van koinonia plaas. Die gevaar is dat mense in hulle "opbou" van die gemeente perspektief verloor en dan na binne begin groei. Tereg maak Hendriks die volgende opmerking:

> Die gevaar dat gelowiges op die klank van die woord **gemeentebou** af, en met 'n eensydige konsentrasie op **koinonia,** net met hulle eie gemeente besig bly, is nie denkbeeldig nie. Dit is ewe belangrik om te besef dat ons binne die huidige Gereformeerde kerkmodel baie swak toegerus is vir evangelisasie...'n Gemeente wat nie die groot opdrag uitleef nie, vervlak en sterf geestelik (Hendriks 1992:102).

Die doel van aanvullende koinoniaverbande, soos reeds uiteengesit in hierdie hoofstuk, is om die gelowiges toe te rus - nie net vir die opbou van mekaar nie - maar ook die uitreik na die wêreld, anders verval die gemeente in een of ander eensydigheid (Hendriks 1992:102).

Drie gevare kan geidentifiseer word indien die aanvullende koinoniaverbande uit balans raak:

- Indien die erediens die fokus van die gemeentelewe bly, bestaan die gevaar dat die kerk bloot in institusionalisme kan verval. Dit sal op die langduur 'n besliste negatiewe uitwerking op lidmaatgetalle hê.

- Indien die gemeente van die binneste sirkels oorbeklemtoon, bestaan die gevaar dat die kerk kan versplinter in die een of ander vorm van "piëtisme". Kleingroepe word dan eerder broeigroepe wat maklik in geestelike hoogmoed kan verval.
- Die derde gevaar is dat die gemeente net met homself of met sy eie groepering van mense besig kan wees. Dan loop die kerk die gevaar om 'n volkskerk te word. Die kerk word dan as die bewaker van 'n sekere groep se kultuurskatte gesien soos byvoorbeeld taal en kleur.

  (vgl. Hendriks 1992:103)

Dit is dus belangrik dat 'n gemeente 'n "uitbou" visie sal hê. Koinonia beteken nie net omgee vir mekaar in die kleingroep nie, maar ook 'n omgee vir die geestelike en fisiese nood van die wêreld.

Burger praat van die geloofsgemeenskap wat erns moet maak met die twee gemeenskapskringe wat hy identifiseer as die:

- Enger kring of die "broeder- en suster kring".
- Die wyer kring of die kring van "liefde vir al die mense" (Burger 1995:44)

Burger meen dit is "prakties-teologies" belangrik om ruimte te skep vir beide gesigspunte binne ons bedieningspraktyk:

> Daar is ruimte vir 'n soort "broeder"-liefde in die sin van die gemeenskap van die heiliges. Vir die instandhouding, die

> kontrolering en energering van die geloof is dit onontbeerlik. Maar die tweede kring van liefde, die vir alle mense, is ewe wesenlik. 'n Geloofsgemeenskap wat dit geringskat, mag 'n merkwaardige voorbeeld van ondersteuning en versorging wees, maar van die uniekheid van Christus sal daar nie veel sigbaar word nie. Dit is eers wanneer ons liefde die eerste grens oorsteek en ook ander buite "ons" groep insluit en omarm, dat dit besonders raak (Burger 1995:44).

Die liefdesverhoudinge wat die lidmaat in die kleingroep beleef moet dan as 'n impetus dien met die oog op die wyer kring van "alle mense". Die kerk bestaan tog om God se opdrag hier op aarde uit te voer. Die koinonia in die kleingroep moet die aansporing wees om uit te reik na 'n wêreld in nood (vgl. Mead 1993:60).

### *11. Die invloed van koinonia op kerkgroei*

Die vraag wat dié studie wil vra is of daar 'n korrelasie is tussen die groei wat gemeentes beleef en die vlak van koinonia wat in die gemeente bestaan vanuit 'n kleingroep bediening. Neighbour maak die aanname dat die groei van "makro" kerke soos die "Yoido Full Gospel Church" in Seoul, wat vandag as die grootste gemeente in die wêreld beskou word, direk toegeskryf kan word aan die bedieningspraktyk van kleingroepe en die funksionering van koinonia daarin (Neighbour 1990:20). Die groei van kerke word dan veral gekoppel aan die groei van getalle of die bywoning van eredienste.

Hierdie studie wil die vraag vra of daar 'n ander vorm van groei moontlik is. Mead in sy boek "More than numbers" wil 'n nuwe perspektief plaas op wat met kerklike groei bedoel word as hy na verskillende vorme van kerklike groei verwys:

- **Numeriese groei**: Groei wat bloot op getalle geskoei is. Die sukses van 'n gemeente word dan gemeet aan die groei in getalle of die bywoning van die erediens.
- **Volwassenheidsgroei**: Hierdie vorm verwys direk na die vlak van geestelike volwassenheid wat die lede van 'n kerk bereik het. In die hoofstuk oor gemeentebou was hierdie konsep juis vir die skrywer die doel van gemeentebou.
- **Organiese groei**: Dit verwys na 'n gemeente as 'n funksionerende "gemeenskap", wat instaat is om homself as 'n lewende organisme te onderhou.
- **Inkarnerende groei**: Groei wat die nood en die behoeftes buite die gemeente raaksien en aanspreek. Groei wat gemeenskapsgerig is. (vgl. Mead 1993:12-13)

Ons uitgangspunt is dat numeriese groei nie die belangrikste parameter is om kerkgroei te meet nie. Getalle kan mens aan die eenkant vlei, maar dit kan ook tot moedeloosheid aanleiding gee as daar nie noemenswaardige getallegroei is nie. Getalle is dus nie die aangewese konsep om groei te meet nie. Talle gemeentes is klein en sal in getalle nie noemenswaardig groei in die toekoms nie. Daarom moet ander maatstawwe gebruik word om groei in die kerk te meet. Tereg noem Mead twee maatstawwe wat groei in die kerk kan "meet": geloofsvolwassenheid en organiese

funksionering van die gemeente as "gemeenskap". Aangaande organiese groei sê Mead die volgende:

> Organic growth is about the task of building the community, fashioning the organizational structures, developing the practices and processes that result in a dependable, stable network of human relationships in which we can grow and from which we can make a difference....Organic growth is the call to shape congregations themselves to become communities that generate life and energy. Organic growth helps the organizational structures of the congregation become a launching pad for ministry, rather than an institutional albatross around the collective neck of the members (Mead 1993:60).

Mead gaan voort om te verwys na die pogings van kerke oor die jare om suksesvolle organismes te wees. Hy verwys na die groei van die kerk in Korea sowel as die pogings in Suid-Amerika waar die Katolieke met hulle "base community"- konsep gewerk het. Hy verwys ook na Chuck Olsen, 'n Presbeteriaan wat die huiskerk-beweging ondersoek het. Die bevinding was dat kerke wat 'n skuif na 'n kleingroep of soos in hierdie geval 'n huiskerkkonsep gemaak het, 'n beperkte leeftyd gehad het. Die bevinding was dat as 'n gemeente organiese groei wil beleef, sal die kleingroepe 'n organiese deel van die gemeente moet uitmaak en nie daarnaas gesien moet word nie (Mead 1993:61).

Die kerk moet dus as 'n lewende organisme gesien word. Groei gaan alleen plaasvind wanneer die lidmate binne die organisme tot geestelike volwassenheid gelei word. Die

plek waar hierdie volwassewordingsproses plaasvind, is binne die kleingroep waar die koinoniabeginsels funksioneer.

Burger, in sy evaluering van die situasie in die Ned. Geref. Kerk rakende die posisie van koinonia, kom tot die slotsom dat 'n klein groepie lidmate werklik koinonia in die kerk beleef. Dit is meestal die klein kerngroep wat by alles betrokke is (Burger 1991:108). Dit is juis die probleem van die tradisionele model, wat tot gevolg het dat die kerk as organisme nie noemenswaardige groei beleef ten opsigte van geestelike volwassenheid of funksionering as 'n gemeenskap nie. Die oplossing lê dus op die vlak waar koinonia deur al die lidmate beleef en geleef kan word: in die kleingroepkonsep van kerkwees binne die liggaamsmodel.

### *11. Slotopmerkings*

1. Die doel van hierdie hoofstuk was om koinonia te bespreek as een van die wesenskenmerke van die kerk. Die skrywer glo dat hy daarin geslaag het.
2. Koinonia is egter volgens die skrywer een van die konsepte wat tans in die kerk afgeskeep word, as gevolg van die bedieningspraktyk wat veral in die Ned. Geref. Kerk algemeen beoefen word, die sogenaamde "herder-kudde- model". Daar sal dus veel meer van die aanvullende koinonia verbande gemaak moet word.
3. Die paradoks wat die kerk beleef, is dat daar aan die eenkant 'n behoefte aan koinonia in die kerk bestaan maar dat die bedieningspraktyk nie ruimte daarvoor laat nie.

4. Die postmoderne mens het behoeftes rondom koinonia wat die kerk in sy bedieningspraktyk sal moet aanspreek.
5. Een van die sentrale uitgangspunte van hierdie studie is om 'n direkte verband te vind tussen koinonia en die kleingroep. Die kleingroep is dan volgens hierdie studie die geskikste ruimte waar koinonia in die kerk beleef en geleef kan word.
6. Die verhouding tussen koinonia en spiritualiteit is belangrik. Die uitgangspunt is dat spiritualiteit veral binne die klimaat van koinoniaverhoudinge kan groei.
7. Ekklesiologies val koinonia binne die model van die kerk as die liggaam-van-Christus.
8. Die probleemstelling van hierdie studie is volgens die mening van die skrywer aan die orde gestel: kan die bestaan van kleingroepe die vlak van koinonia in die gemeente verhoog? Dit is die beskeie mening van die navorser dat hierdie hoofstuk reeds die probleemstelling bewys het.

Daarom kan daar nie net met 'n bespreking oor koinonia volstaan word nie. Daar is reeds verwys na die noue samehang tussen koinonia en die kleingroep. Die volgende hoofstuk gaan die kleingroepkonsep van nader bespreek.

# Hoofstuk 6

## *Die kleingroep as bedieningspraktyk om koinonia te fasiliteer tot die opbou van die gemeente*

### *1. Inleidende opmerkinge oor kleingroepe*

Die gebruik van kleingroepe in die kerk is besig om toe te neem. Ook hier in Suid-Afrika hoor ons die terme: "omgeegroepe", "selgemeente", "koinoniagroepe". Tereg vra Kellerman of ons nou weer 'n nuwigheid het wat een of ander tyd uitgedien sal wees en dan op die agtergrond sal verdwyn (Kellerman 1997:1). As die kleingroepbeweging nie bloot 'n nuwigheid is wat weer gaan verdwyn nie, moet ons, ons aandag toespits op die plek wat die kleingroep in die ekklesiologie inneem. Die vraag waarmee geworstel moet word, is of die kleingroep die vlak van koinonia kan bevorder. Die vorige hoofstuk het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n noue verband tussen koinonia en die kleingroep bestaan. Dit word algemeen aanvaar dat koinonia ook een van die wesentlike funksies van die kerk is. Die drie belangrikste funksies van die kerk kan as volg saamgevat word:

Die Kerugma of verkondiging,
Die Koinonia of gemeenskap,
Die Diakonia of die diensaspek van die kerk.

Hierdie studie konsentreer egter net op die rol van koinonia in die kerk. Aangesien hierdie studie ook gekies het vir die "liggaam-van-Christusmodel" vir kerkwees, (sien hoofstukke 2 en 3), is dit nou nodig om die konsep van koinonia binne 'n prakties teologiese bedieningspraxis te plaas. Tereg meen Heyns en Pieterse dat koinonia 'n plek het binne kleiner eenhede in die gemeente:

> Binne die groter ruimte van die gemeente, wat in die erediens tot een saamgetrek word, is daar plek vir gesprek en koinonia binne kleiner eenhede. Groepe soos Bybelstudiegroepe, besprekingsgroepe rondom aktuele temas in die lig van die Skrif, jeuggroepe, vrouegroepe, omgeegroepe, ondersteuningsgroepe, belangegroepe, wyksgroepe of preekbesprekingsgroepe in die erediens en daarbuite, kan gevorm word na behoefte. Die groepe funksioneer as selle in die liggaam en verskaf samesyn, persoonlike binding en geleentheid tot bedieninge aan mekaar en aan die mense buite die gemeente (Heyns & Pieterse 1990:62).

Die kleingroep is dus die plek waar koinonia beleef en geleef kan word. Die literatuur wat die afgelope paar jaar rondom die onderwerp van die kleingroep ontstaan het, het weer 'n nuwe klem op die belangrikheid daarvan vir die bedieningspraktyk binne die kerk gebring.

Daar is veral drie skrywers wat 'n bydrae tot die kleingroepdebat gelewer het in die afgelope paar jaar: Marius Potgieter met sy selgemeente konsep vanuit 'n gereformeerde perspektief, Ralph Neighbour met sy "cell church" konsep wat meer vanuit 'n charismatiese hoek geskryf is en die "Meta Church" model van Charl George. In die

volgende hoofstuk gaan die drie gesigspunte met mekaar vergelyk word.

Tereg meen Kellerman dat die spoed waarteen die kleingroepbeweging besig is om te versprei, die ernstige nadenke van die teologie sowel as die sosiologie vereis (Kellerman 1997:1).

Dit is egter nie net hier in Suid-Afrika waar daar 'n oplewing in die ontstaan van kleingroepe is nie, maar dit is veral in die VSA waar daar 'n nuwe impetus gekom het rondom kleingroepe.

Hier is dit veral die werk van Robert Wuthnow wat ons aandag verdien. Wuthnow het die groeiende verskynsel van kleingroepe in die VSA in sy boek "Sharing the journey, support groups and America's new quest for community" beskryf. Die waarde van sy werk lê daarin dat hy die samelewingsverskuiwing wat in die Amerikaanse konteks ontstaan het, raakgesien en beskryf het. Dit is dus belangrik om hierdie verskuiwing te verstaan, aangesien ons in die Suid-Afrikaanse konteks reeds die tekens van hierdie verskuiwing begin sien en ervaar het.

Die tipies Amerikaanse samelewing kan beskryf word as 'n samelewing van individualiste, die tipies "modernistiese" ideaal. Die sogenaamde "American dream" het beteken dat elke persoon sy eie lewe uitwerk, vandaar die uitdrukking: "I'll do it my way". Die interessante is dat juis in hierdie individualisties gesentreerde samelewing daar feitlik ongemerk 'n verskuiwing begin plaasvind het: die "individualistiese" mens

begin die behoefte toon aan "community". Dit het, volgens Wuthnow, die groei van kleingroepe in die Amerikaanse samelewing gestimuleer (Wuthnow 1994:ix).

Die vraag wat gevra kan word, is waarom hierdie verskuiwing besig is om plaas te vind? Hierop antwoord Wuthnow dat dit die erodering van die Amerikaanse gemeenskapslewe was wat die stukrag verleen het aan die behoefte na "community". In hoofstuk 5 het ons hierdie aangeleentheid meer volledig bespreek: die skuif van 'n "modernistiese" samelewing na 'n "postmodernistiese" samelewing. Die postmoderne mens is teleurgestel in die vertroue wat in die individu en sy rede gestel is. Dit het in die Amerikaanse konteks gelei tot die verval van "community" in die samelewing. Dit het tot gevolg gesinsverbrokkeling sowel as gemeenskapserodering.

Die gevolg van hierdie verbrokkeling van "gemeenskapsbande" het by die Amerikaner 'n behoefte laat ontstaan na "community", Wuthnow beskryf in sy boek hierdie nuwe soeke na "community" en die gevolge wat dit vir die Amerikaanse samelewing inhou. Tereg vra hy die vrae:

> Is the small-group movement a response to the alleged breakdown of community in American society? How do people in small groups reconcile the strong individualistic tendencies, that exist in American culture with the demands of being a responsible group member? Are small groups in any significant way altering the character of American religion? What do they tell us about the balance between private life and public commitments in our society (Wuthnow 1994:xi)?

Resultate van Wuthnow se ondersoek na "community" in die Amerikaanse konteks het verstommende resultate na vore gebring: "At present, four out of every ten Americans belong to a small group that meets regularly and provide caring and support for its members" (Wuthnow 1994:4). Wuthnow gaan verder om te sê dat hierdie 40% mense wat by kleingroepe ingeskakel is, hoofsaaklik by kerklik gebaseerde groepe inskakel en nie by sekulêre groepe nie.

Wuthnow beweer dat die opkoms van die kleingroepbeweging "is thus the latest in a series of cultural realignments" (Wuthnow 1994:8) in die Amerikaanse samelewing. Dit is dus 'n logiese ontwikkeling in die Amerikaanse samelewing: die ontwikkeling na 'n postmoderne samelewing waar individualisme nie meer die dominante kenmerk van 'n samelewing is nie, maar wel groepsidentiteit.

Die invloed van die postmodernisme is egter nie beperk tot die samelewing nie, maar het ook 'n prominente plek in die kerk van die toekoms. George beweer dat die kerk van die toekoms gekenmerk sal kan word aan die bestaan van kleingroepe, waar die behoefte na "community" aangespreek sal word: "Thus the church of the future, though far bigger than the typical parish today, will not be known for its central meeting spot, but for its small-group-ministry 'franchise'" (George 1992:22).

Die kleingroepkonsep is dus nie 'n nuwe truuk nie, maar is 'n herontdekking van 'n Bybelse konsep, in 'n evolusionêre samelewingsituasie wat besig is om te skuif van 'n moderne na 'n postmoderne konteks.

### 1.1 Wat is 'n kleingroep?

Voordat die kleingroepkonsep verder verduidelik kan word, moet ons eers gaan vra: (a) Wat is 'n kleingroep? (b) Hoe definieer ons 'n kleingroep? In hierdie verband is dit nodig om te kyk hoe die literatuur 'n kleingroep beskryf.

Arnold beskryf 'n kleingroep as volg:

> What is a small group?
> A small group is an intensional gathering of three to twelve people who commit themselves to work together to become better disciples of Jesus Christ (Arnold 1992:9).

Icenogle bied die volgende definisie aan vir die kleingroep:

> There are several popular definitions of a small group, but for this book a simple definition is all that is needed: the small group is a face to face gathering of a few (three tot twenty) persons to be, to share and to act for the betterment of one another and the wider good of others (Icenogle 1994:13).

Kellerman vra ook die vraag na wat 'n kleingroep is. Hy meen dat ons vir 'n antwoord die hulp van die sosiologie moet inroep. "Hier moet ons na die sosiologie beweeg want die kleingroep is in die eerste plek 'n sosiologiese verskynsel" (Kellerman 1997:1).

Kellerman haal Joubert en Steyn aan om die basiese kenmerke van maatskaplike groepe te bespreek:

- 'n onderskeibare patroon van interaksie (aksie en reaksie). Hier moet verder onderskei word tussen interaksie en kommunikasie waar interaksie die meer omvattende begrip is. Interaksie skep oor 'n tyd verhoudings waar daar 'n onderlinge oriëntering of verstandhouding tussen persone is, gegrond op wedersydse verwagtings wat bepalend is vir die aard en inhoud van interaksie tussen hulle. Volgens Marais (1979:20) is kommunikasie 'n noodsaaklike voorwaarde vir die definisie van die kleingroep, veral omdat dit in kommunikasie om vergemeenskapliking van betekenis gaan. Onder vergemeenskapliking word verstaan: ontmoeting en beïnvloeding.
- interaksie vind altyd binne "'n gegewe konteks" plaas. Hierin onderskei verskillende groepe hulle van mekaar.
- 'n "bewustheid by die lede van die groep as groep". Onderlinge identifikasie vind plaas sodat daar van "ons" gepraat word. 'n Groepsbewussyn ontstaan waar die teenwoordigheid van die ander lede invloed het op sy of haar gedrag. Volgens Oosterbrink (1996:99) word die kleingroeplede se bewussyn van hulle deelwees van die groep later geïnternaliseer sodat hulle as't ware die groep in hulle saamdra. Groepkohesie beskryf hierdie onderlinge verbondenheid aan mekaar.
- het bepaalde "doelstellings wat verband hou met die motiverings en behoeftebevrediging van die lede."

- "normatiewe georiënteerdheid van interaksie" Hoe groter die mate van groepkohesie in die groep hoe groter die neiging om aan groepnorme te konformeer (Kellerman 1997:1).

'n Kleingroep is vir die skrywer 'n intensionele verbintenis van 'n groep van tussen drie tot twintig mense. In die groep ontstaan daar 'n onderlinge verbondenheid (koinonia) van omgee en versorging van mekaar. Die belangrikste elemente van 'n groep is kommunikasie en onderlinge interaksie. 'n Kleingroep het ook 'n tweeledige duiding: 'n vertikale duiding op God en 'n horisontale duiding op mekaar.

## *2. Historiese aanloop*

Met die huidige klem wat op die kleingroepbeweging geplaas word, kan die idee gewek word dat dit 'n nuwe bedieningspraktyk is wat die kerk uit sy tradisionalisme en institusionalisme moet verlos. Dit is egter nie korrek nie, aangesien die kleingroepbeweging 'n lang geskiedenis in die kerk het. In hierdie afdeling gaan ons die wortels van die kleingroepkonsep vanuit die Skrif probeer aantoon. Dit is wel waar dat ons in die middeleeuse tydperk nie veel van kleingroepe in die literatuur lees nie. Dit is ook 'n feit dat die kleingroepkonsep self in die middeleeue ekstensief deur die Roomse kerk toegepas is in die vorming van die talle ordes binne die kerk. Vanuit 'n Protestantse oogpunt kan ons die kleingroepkonsep vind in die herlewings van die agtiende eeu waar daar sprake was van die invloed van kleingroepe op die kerk.

Miller wys ons op die rol van kleingroepe in die agtiende eeu:

> As to the effectiveness of small groups in times somewhat like our own, we have only to examine their role in the eighteenth century to discern their power as missionary and revival vehicles. This was a century dominated by materialism, rationalism, and sensualism...In this hostile setting small groups were developed as fellowship societies for preserving faith, enabling Christians to survive. But under the inspiration of George Whitefield and the Moravians, small groups were also organized with a missionary direction (Miller 1986:165).

Hieruit is dit dus duidelik dat die kleingroepkonsep nie 'n resente uitvinding is nie, maar sy wortels diep in die agtiende eeu het. Miller beskryf verder die drie kernelemente van kleingroepe soos Wesley dit uiteengesit het:

1. "Spiritual healing and release. Wesley saturated the class meeting with songs and worship, teaching, testimonies, and exhortation related to justification by faith" (Miller 1986:166). Dit is duidelik vir die skrywer dat Wesley die kleingroep as 'n instrument gebruik het om koinonia binne die kleingroep te bevorder.
2. "Worker mobilization. Wesley taught the members of his class meetings that they did not exist for their own welfare but for Christ's service" (Miller 1986:166).
3. "Outreach action. What controlled all aspects of the class and society meetings was the goal of outreach to the lost" (Miller 1986:167). In sy evangelisasie uitreike het Wesley sy groepslede aktief gebruik in die gemeenskap.

Alreeds in die agtiende eeu is die kleingroep gebruik om min of meer dieselfde doelwitte te bereik as wat ons vandag met die kleingroepkonsep wil bereik.

Sherman huldig ook die standpunt dat die kleingroepbeweging uit die vorige eeue dateer:

> Not only have cell groups been around since biblical times, they formed the basis of the pietistic renewal in Europe and in the Wesleyan revival in England and the United States. For example, part of the "method" in the Methodist revival of John Wesley was to get people into "classes" where a class leader would encourage the group to share what was impending their Christian growth and then proceeded to have the class help that individual (Sherman 1993:5).

Die gevolg van hierdie bedieningspraktyk in die sewentiende en agtiende eeue was die ontstaan van die Wesliaanse en die Metodiste kerke. Dit wat dus reeds in die tyd van die herlewings in Europa in die agtiende eeu gebeur het, is niks anders as wat ons vandag met 'n selgroep bedoel nie!

Die kritiese vraag wat Sherman op hierdie punt vra is: "Why aren't cell groups more prevalent in these denominations today?" (Sherman 1993:6). Hy vind sy antwoord gedeeltelik in die opkoms van die "Sundayschool" beweging:

> I believe that part of the reason for this struggle is that the churches that were spawned by the conventicle and the cell have bought into the modern Sunday school movement.....Sunday school destroyed the Methodist class system, and the Methodist church has not recovered.

> What happened was a replacement of the cell structure with a congregational structure (Sherman 1993:6).

Birkley beweer egter dat kleingroepe, wat hy as "house-churches" definieer, *de facto* die werkende model was binne die kerk se sendinguitbreiding gedurende die eerste paar eeue. Hy beweer dat dit 'n feit is wat dikwels uit die oog verloor word (Birkley 1991:77).

Na die agtiende eeuse gebruik van kleingroepe deur Wesley en Whitefield kry ons weer 'n opbloei van kleingroepe na die Tweede Wêreldoorlog. Barnard maak die opmerking dat daar in 1946 ongekende belangstelling in kleingroepe ontstaan het. Dit wil voorkom asof Barnard hierdie datum sien as die beginpunt van die huidige gebruik van kleingroepe in die kerk. Hy beweer egter dat die gebruik van kleingroepe vêr teruggaan in die geskiedenis sonder om definitiewe datums te noem:

> Op verskillende maniere was daar groepe in die kerk. Later is dit bewustelik uitgebou deur beweging in en rondom die kerk: die kloosters en kloosterordes, Hernhutters, Piëtiste, Oxfordgroep, die Metodistiese groepe, die Kwakers. Vandag word dit algemeen gebruik in verskillende kerke en veral in die verskillende evangelisasie-bewegings in die wêreld (Barnard 1979:125).

Alhoewel kleingroepe 'n ou verskynsel in die kerk is, meen Wismer dat kerkleiers eers in die 1950's ernstig kennis begin neem het van "groepsdinamika"- dit wil sê die gebruik van groepsbeginsels vanuit die sosiale psigologie: "Group dynamics was quickly seen,

primarily by Christian educators, as a potent force for application to church life" (Wismer 1967:7).

Wuthnow sien weer die opkoms van die kleingroep in die Amerikaanse konteks in die sestigerjare as 'n ernstige poging om die fragmentering van die Amerikaanse samelewing teë te werk. "The movement developed on a national scale in the 1960's as a result of a wide variety of local efforts that proved to have increasing value to those involved in them" (Wuthnow 1994:40).

Wuthnow is dit egter eens dat die hele kleingroepkonteks 'n lang geskiedenis het. Hy gaan haal die eerste wortels van die kleingroepkonsep in die lewe van oud Israel met sy goedgevestigde familie- en stameenhede. Hy wys ook op die poging van Moses en Aäron om die moeilik beheerbare volk in kleiner groepe te verdeel. Jesus vorm later die kern van sy bediening rondom 'n kleingroep (Wuthnow 1994:41). (Meer hieroor in die volgende punt.)

Wuthnow beweer dat in die eerste millennium ook swaar op kleingroepe gerus is. Klein groepe was die basis vir die ontstaan van verskeie ordes binne die Roomse kerk. Hy gaan verder om te sê:

> The seeds of Reformation in the sixteenth century often grew in small gatherings that met in private homes. When the first settlers came to America, they did so as self-styled "colonies", often consisting of relatively few members, and modelled their interaction on the closeknit

> cells of religious dissenters from which they had come in England and Scotland. Subsequent waves of immigrants often came as small groups as well... (Wuthnow 1994:41).

In Wuthnow se bespreking van die historiese aanloop van die kleingroepkonsep maak hy 'n baie belangrike opmerking wat veelseggend is vir die tyd waarin ons tans leef, gekenmerk deur afname in die getalle van lidmate in die hoofstroomkerke wêreldwyd:

> ...the denominations that grew most rapidly during the nineteenth century were ones that made effective use of small groups (Wuthnow 1994:41).

Dit het tot gevolg gehad dat die kerk eintlik bestaan het uit talle kleiner gemeentes wat so klein was dat dit nie nodig was om verder in kleingroepe te verdeel nie. "The typical Protestant church had no more than eighty to a hundred adult members; a single worship service brought everyone together..." (Wuthnow 1994:41).

Gesprekke met sendelinge wat tans in Wes-Europa werk bevestig die uitspraak van Wuthnow. Ds Johan Bloemhof, tans nasionale direkteur van "Child Evangelism Fellowship" in Frankryk, het by verskeie geleenthede die opmerking gemaak dat die kerk in Wes-Europe aan die uitsterf is, behalwe in daardie gemeentes waar kleingroepe 'n integrale deel van die bedieningspraxis uitmaak.

Indien dit waar is, behoort ons die gevaartekens vir die kerk in Suid-Afrika raak te sien. Daar word beweer dat die kerk in Suid-Afrika besig is om die voetspore van die kerk in

Wes-Europa na te volg. Die skrywer wil dus die stelling maak dat indien die kerk in Suid-Afrika nie 'n paradigmaskuif na 'n bedieningspraxis gaan maak wat kleingroepe akkommodeer nie, die kerk eventueel irrelevant vir die postmoderne mens gaan word.

Na die groei van die kerk in die negentiende eeu word die begin van die twintigste eeu ook gekenmerk deur die groei van kerke. Alhoewel die kerk op die platteland relatief klein gebly het, het daar groei plaasgevind in die kerk in stedelike gebiede. Hier in ons land het ons dieselfde verskynsel sien gebeur met die verstedelingsproses wat toegeneem het. In die 1950's en 1960's het die groeiende kerke in die VSA veral van die "sundayschool" konsep gebruik gemaak om hulle lidmate in kleingroepe te betrek (Wuthnow 1994:42). Dit is interessant om daarop te let dat die "sundayschool" beweging in die tyd van Wesley 'n remmende faktor in die ontwikkeling van kleingroepe was, maar in die VSA juis 'n stimulerende effek op kleingroep vorming gehad het. Hierdie "sundayschool" konsep was nie soos in ons eie tradisie bloot vir die kind ingerig nie, maar het die hele gesin betrek. Die sukses van die kerk in die VSA word onder andere aan hierdie kleingroepkonsep van die "sundayschool" toegeskryf.

Wuthnow beweer tereg dat die groei van die kleingroepkonsep in die sestiger en sewentiger jare toegeskryf kan word aan die basis wat deur die "sundayschool" beweging gelê is. Die praktyk van die nuwere kleingroepbeweging het egter verskil van die meer tradisionele byeenkomste (Wuthnow 1994:43). Die volgende kan in hierdie verband genoem word:

1. Die kleingroepe in die 1960's en 70's was doelbewus anders gestruktureer as die meer tradisionele "sundayschool" byeenkoms.
2. Die doel van die nuwere kleingroepbyeenkomste was primêr daarop gerig om koinonia te bevorder eerder as om bloot 'n lesgedeelte te behandel: "...the new small groups were often consciously orientated toward the cultivation of community, support, and relationships; activities such as eating together, playing games, sharing problems, and having time for informal conversation were specifically encouraged" (Wuthnow 1994:43).
3. Die invloed van die verlede ten opsigte van groepsdinamika en groepsprosesse is oorgedra op die nuwe kleingroepbeweging van die sewentiger jare en later.
4. Die samestelling van die kleingroepe was ook nie meer net aan die geslag en ouderdom van 'n sekere groep gebonde soos wat dit die geval was in die "sundayschool" beweging nie (Wuthnow 1994:43). Groepe was eerder gekonstrueer rondom belangegroepe, geografiese lokalisasie en so meer.

Hierdie historiese aanloop het die weg gebaan vir die groei van die kleingroep-beweging in die tagtiger jare. "During the 1980's, the small-group movement grew rapidly, especially as religious leaders began to recognize its potential as a way of revitalizing declining congregations and of achieving rapid growth in new congregations" (Wuthnow 1994:44).

Tereg wys Mead (1993:61) op die groei van die kleingroepbeweging in die tagtigerjare met die astronomiese groei van die kerk in Korea. Hierdie groei, soos veral

gemanifesteer by die "Yoido Full Gospel" gemeente van Dawid Yongi Cho, was wêreldwyd een van die katalisators vir die kleingroepbeweging in die tagtigerjare.

Wuthnow se navorsing toon dat die groei van die kleingroepbeweging in die negentigerjare steeds aan die versnel is. Hy beweer dat die kleingroepkonsep al meer gebruik word om 'n gesonde "kerkgroei" te verseker (Wuthnow 1994:44).

Birkley beweer dat die kleingroepbeweging vanaf die jaar 2000 selfs groter groei sal toon. "If futurologists are on target, house-church networks will greatly accelerate by the year 2000" (Birkley 1991:69). Birkley beweer egter dat die kerk in die algemeen nie hierdie verskuiwing na die "huis-kerk" konsep raaksien nie en pleit vir 'n "evangelical house-church theology" (Birkley 1991:69). Alhoewel die navorser Birkley ondersteun in sy bewering dat die kleingroepbeweging in die toekoms selfs groter groei gaan beleef, stem hy fundamenteel nie saam met sy uitgangspunte nie.

Die "huis-kerk" beweging is wel 'n kleingroepkonsep beweging, maar is totaal verwyderd van die bedieningspraktyk van kleingroepe wat hierdie studie voorstaan. Birkley propageer die opkoms van 'n huis-kerk-beweging wat in wese volledig die rol van die tradisionele kerk moet oorneem. Hierdie studie bepleit 'n konsep van kleingroepe binne die bestaande kerkkonsep waar koinonia bevorder kan word.

Die doel hiervan was nie om 'n volledige chronologie vir die ontstaan van kleingroepe te gee nie, maar om die punt te onderstreep dat kleingroepe nie 'n nuwigheid in die kerk is

nie. Dit is duidelik uit die literatuur dat die gebruik van kleingroepe histories gesproke 'n ou verskynsel is. Wat wel waar is, is dat ons nou in die negentiger jare weer 'n opbloei van die kleingroepbeginsels kry. Hierdie studie het egter in vorige hoofstukke probeer aantoon dat die kerk, en by name die Ned. Geref. Kerk, met 'n sekere kerk en ampsbegrip nie ruimte gelaat het vir die kleingroepkonsep soos wat hierdie studie dit wil stel nie. Dat daar kleingroepe in die kerk was is waar, maar die selkonsep wat hierdie studie ondersteun, vereis 'n paradigmaskuif binne die kerk.

## *3. Kleingroepe in die Skrif*

Die kleingroepkonsep as bedieningsmodel kan nie direk vanuit die Skrif afgelei word nie: "Daar word algemeen aanvaar dat die Nuwe Testament ons nie 'n bloudruk vir 'n bepaalde kerkstruktuur wat vir alle tye geld, gee nie. Dit gee wel aan ons 'n oriëntasiepunt: Christus as Hoof wat deur die Gees aan die gemeente gawes gee sodat die liggaam van Christus opgebou kan word" (Hendriks 1990:36).

### 3.1 Kleingroepe in die Ou Testament

Wuthnow sien tereg die ontstaan van kleingroepe in die Ou Testament reeds by die verdeling van die volk Israel in kleiner werkbare eenhede in die tyd van Moses en Aäron. Die doel van die vorming van hierdie kleingroepe was vir administratiewe sowel as religieuse doeleindes (Wuthnow 1994:41).

Carl George verwys ook na hierdie Ou Testamentiese sosiale struktuur as hy die sel-konsep verduidelik:

> This cell-celebration model resembles in some ways the pattern of worship for the nation of Israel. As they occupied the Promised Land, God's people settled by tribes in little towns. They worshiped with their extended families in their homes and, beginning with the exile, in local synagogues (the word means "congregation"). According to tradition, a synagogue could be started with as few as ten Jewish men (George 1992:61).

Vanuit die Ou Testament kry ons dus die aanduiding dat Moses die volk in groepe van tien, vyftig en honderd en so groterwordende eenhede ingedeel het. Die volk Israel was derhalwe gewoond aan 'n vorm van kleingroepbestuur. Dit was egter eers in die Nuwe Testament waar ons die praktiese gebruik van kleingroepe as bedieningsmodel gevind het.

### 3.2 Kleingroepe in die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese blik op die gebruik van kleingroepe sentreer rondom Jesus en sy gebruik van die kleingroep. Jesus het die kern van sy bediening rondom die twaalf dissipels gebou (vgl. Wuthnow 1994:40, Arnold 1992:15). Daar kan selfs verder gegaan word deur te sê dat Jesus 'n kerngroepie van drie dissipels gehad het, nl. Jacobus, Johannes en Petrus, en dan die groep van twaalf.

Die dissipelkring kan as die eerste definitiewe kleingroep in die Nuwe Testament gesien word. Die doel van hierdie kleingroep was egter afgebaken tot die dissipelering van die twaalf om 'n sekere funksie binne die kerk na Christus se dood en Hemelvaart te vervul. Vir drie jaar het Jesus die twaalf geskool. Die navorser meen dat die invloed van hierdie model eers finaal gesien kan word in die vorming van die eerste gemeente, waar die gemeente primêr 'n huisgemeentekerk was. "The first Christians met in homes for mutual support and to affirm their common faith" (Wuthnow 1994:41).

Die dissipels het die kleingroepbeginsel voortgesit aangesien hulle die mense in die "huise" geleer het (Hand 5:42). "People met together in their homes to break bread together and to use the opportunity to encourage each other to live out their faith in ever greater obedience. There were home prayer meetings like the one held while Peter was in prison (Acts12:12), and Paul's letters allude to "house churches" (Rom 16:5)" (Arnold 1992:18) .

Aquirre plaas Jesus se bediening binne 'n huiskerkkonsep as hy sê: "In fact, in Mark's gospel Jesus is usually pictured preaching in someone's house, doubtless reflecting the house churches of early Christianity" (Aquirre 1985:153).

Burger en Simpson is dit ook eens dat die kleingroep 'n belangrike rol in die kerkmodel van die Nuwe Testament gespeel het: "Die eerste gemeentes wat na Pinksterdag ontstaan het, was meestal klein groepe mense wat in die huise van die groepslede

bymekaargekom het. Groter gemeentes soos ons dit ken, kom uit 'n later tyd en ontwikkeling" (Burger & Simpson 1996:17).

Tereg meen Birkey dat die Nuwe Testamentiese beeld van die kerk as die "huishouding van God" sentraal staan in die teologie van die Nuwe Testament: "'The household of God' image contributed excellently to the theological and experiential understanding of the church's essence" (Birkey 1991:70).

Birkey gaan verder om te sê:

> The family-household as an experiential reality no doubt had an overwhelming effect on the early believers' ability to understand and practice the doctrine of the church. Futhermore, "the church that meets in their house" intensified the emphasis on interpersonal family life, and reflects a Hebrew model of Christian education where parents are primary influencers (Birkey 1991:70).

Burger en Simpson vra tereg of die "mekaar" tekste van die Nuwe Testament nie ook "roep na kleingroepe" (Burger & Simpson 1996:17) nie. Die skrywer is van mening dat die "mekaar" tekste nie buite die sfeer van 'n kleingroep kan funksioneer nie.

Die kleingroepkonsep word egter die beste teruggevind in die "huiskerkkonsep" van die Nuwe Testament. "In fact, households were the basic units of society in the ancient world, and many recent studies have shown that they formed the basic organizational structures of the early church" (Aquirre 1985:151).

### 3.2.1 Die huiskerk in Handelinge

Die groei van die kerk soos wat ons dit in Handelinge aantref, was hoofsaaklik op die vorming van huisgroepe ingestel. Die klassieke voorbeeld van die huiskerkkonsep vind ons in Hand 2:46:

> Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou...

Aquirre wys ook op die belangrikheid van die huisgroepe in Handelinge, met sy verwysing na die groot groep hellenistiese Christene wat vir gebed in een van die huise byeengekom het om vir die vrylating van Petrus te bid (Aquirre 1985:151).

Die gebruik van die huis as bymekaarkomplek vir die eerste gemeente is dus goed geboekstaaf in Handelinge.

### 3.2.2 Die huiskerk in die Pauliniese geskrifte

In die Pauliniese geskrifte kry ons 'n aantal verwysings na "huiskerke". In 1 Kor. 16:19 en Rom. 16:3,5 word daar verwys na die huiskerk wat in die huis van Akwila en Priscilla byeen gekom het:

> ...Van Akwila en Priscilla en ook van die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom..."

Dit wil dus voorkom asof die huiskerkkonsep 'n goedgevestigde praktyk in die tyd van Paulus was. "The Christian community at Corinth seems to be made up of a number of house churches. Paul baptized the households of Crispus, Gaius and Stephanas, all of some social standing (1Cor 1:14)" (Aquirre 1985:152) (sien ook Branick 1989:13).

Branick meen ook dat die groet van Paulus in 1 Kor. 16:19 'n bevestiging is dat die eerste gemeentes in huise vergader het: "For them the household with its family setting was the church. Out of that household arose some of the earliest offices and structures that would shape the cource of the church through the centuries" (Branick 1989:13).

Die huis as kerk funksioneer vir Branick op twee vlakke:

- Op die eerste vlak funksioneer die huis as die omgewing waarbinne die kerk kan funksioneer. Die kern van die kerk is dan ook die familiekring wat in die huis woon.
- "On a second broader level, the private dwelling formed the environment for gatherings of the local church, the assembly of all the Christian household and individuals of a city" (Branick 1989:14).

Aquirre maak die stelling dat die probleme in Korinte ook beter verstaan sou word as die huiskerkkonsep in gedagte gehou word:

> Again, the quarreling parties at Corinth rebuked by Paul in 1 Cor. 1 are easier to understand if they represent attitudes of different house

> churches. Similarly, the conflict at Antioch over the question of Peter's first eating with Gentile Christians and later with only Jewish ones, behavior criticized by Paul (Gal 2:11-14), makes sense if we suppose there were various house churches in Antioch (Aquirre 1985:152).

Tereg maak Aquirre die stelling dat die basiese sendingstrategie was: ".. to set up a Christian community in a household of some size and from there work out into others in the town" (Aquirre 1985:152).

In Rom. 16 en 1 Kor. 16 en in ander soortgelyke skrifgedeeltes sien ons dat die eerste gemeentes 'n hegte groep mense was wat hoofsaaklik in kleingroepe bymekaar gekom het. Tereg meen Hendriks dat "Aanbidding, diens (diakonia) en gemeenskap (koinonia) in die kleingroep plaasgevind het en vanuit die kleingroep het hierdie mense getuigend die evangelie in woord en daad uitgedra" (Hendriks 1986:82).

### 3.2.3. Argeologiese getuienis

Uit argeologiese bronne is die huiskerkkonsep genoegsaam bewys. Aquirre wys op 'n aantal ontdekkings waar normale huise eers as 'n huiskerk gebruik is en later in 'n aanbiddingsplek verander moes gewees het (Aquirre 1985:153). Birkey wys ons daarop dat kerkgeboue eers in die derde eeu na Christus algemene praktyk in die kerk geword het. Hy maak die stelling waarmee ek heelhartig kan identifiseer, dat dit juis die beweeg van die huiskerk na 'n vaste gebou was, wat 'n demper op die missionêre uitbouing van die kerk geplaas het (Birkey 1991:73) (sien ook Branick 1989:129). Die invloed wat Konstantyn in die derde eeu op die kerk gehad het met sy verklaring van die Christelike

godsdiens as staatsgodsdiens moet nog ondersoek word. Die reaksie op daardie handeling was dus tereg die verplasing van die kerk as "huisgroep" na 'n gebou. Gevolglik het mense sedertdien 'n verkeerde begrip van "kerk" ontwikkel. (Sien hoofstuk 2)

Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser nie verder op hierdie punt uitbrei nie. Dit is egter belangrik om die huiskerkkonsep as voorloper van die kleingroepkonsep as 'n Nuwe Testamentiese fenomeen uit te wys.

### *4. Die wese en die funksionering van 'n effektiewe kleingroep*

Vanuit die eerste drie punte van hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die kleingroepkonsep al sedert die Ou- en die Nuwe Testament met ons is. Deur die eeue heen het die kerk die kleingroepkonsep op verskillende wyses in die bedieningspraktyk aangewend. Gedurende die middeleeue het die kerk die kleingroep veral gebruik in die vorming van die verskillende ordes binne die Rooms-Katolieke kerk. Dit is egter sedert die agtiende eeu dat die kleingroep weer 'n prominente plek in die Protestantse tradisie begin inneem het. Vandag egter is daar 'n hele opbloei van die kleingroep in die kerk. Soos reeds gesê, wil dit voorkom asof die literatuur nie 'n toekoms vir die kerk sien sonder die bestaan van kleingroepe nie. Hierdie studie wil dan ook die verband tussen koinonia en die bestaan van kleingroepe uitwys. In hierdie punt wil die skrywer die funksionering van effektiewe kleingroepe bespreek.

Die vraag kan onmiddellik gevra word waarom mense by 'n kleingroep aansluit? Watter faktor wat nie in die kerk of die erediens van 'n kerk aanwesig is nie, trek die mens na die kleingroep? Wuthnow meen dat mense na kleingroepe aangetrek word bloot omdat hulle bestaan. Aangesien die postmoderne mens so 'n behoefte aan "community" het, skakel hulle maklik by 'n kleingroep in omdat so 'n groep beskikbaar is. " People do not join groups simply because their hearts tell them to. They join because groups are available, because they have direct exposure to these groups, and because someone encourages them to attend" (Wuthnow 1994:6).

Hierdie opmerking van Wuthnow is 'n duidelike aanklag teen die tradisionele kerk wat nie die behoefte van die postmoderne mens in die verlede raakgesien het nie. Die blote beskikbaarheid van groepe in talle kerke vandag vul daardie leemte aan en die getalle van lidmate wat aktief by sulke groepe inskakel, groei steeds.

Wuthnow skryf die groei van die kleingroepbeweging direk toe aan die behoefte van die mens om te behoort: "...but we can gain an initial sense of why small groups have become so important in our society by considering the movement's relationship to people's desire for community" (Wuthnow 1994:52). Hy gaan sover om te beweer dat "the desire for intimacy, support, sharing and other forms of community involvement is certainly an essential precondition of the small-group movement" (Wuthnow 1994:52). Barnard sluit hierby aan as hy sê: "Hierdie behoefte aan onderlinge gemeenskap deur die groep word vergroot deur die moderne, geïndustrialiseerde en gekommersialiseerde lewe. In die massiewe industriële bedryf word die mens 'n klein ratjie in 'n groot

masjien. Sy gevoelens, gedagtes en betekenis word gewoonlik deur ander dinge oorskadu. Meestal word vir hom besluit en oplaas verloor hy die gevoel van 'n persoon met eie waarde te wees" (Barnard 1979:127).

Indien dit waar is, en ek glo dat dit is, moet hierdie kleingroepbeweging, wat primêr rondom die behoefte na koinonia sentreer, behoorlik funksioneer om sodoende maksimale waarde vir die lede in te hou. Hierdie studie het reeds in 'n vorige hoofstuk gekies vir die siening van gemeentebou as 'n proses tot die groei van geloofsvolwassenheid. Die kleingroep wat effektief funksioneer, kan hierdie groei na geloofsvolwassenheid binne 'n gemeente maksimaal fasiliteer.

Ons vind talle aanwysings in die literatuur oor die effektiewe funksionering van kleingroepe en hierdie aspek verdien nou ons aandag.

### 4.1 Die funksies van 'n kleingroep

Richards onderskei drie belangrike funksies van 'n effektiewe kleingroep:

#### 4.1.1 Die ondersteuning na geestelike groei

"As members of the small group develop concern for the needs of each participant, and minister to each other, the Holy Spirit works through their gifts to mature the members

to maturity. Thus the small group is a vital aid to personal spiritual growth" (Richards 1970:154).

Een van die hipoteses waarmee hierdie studie werk, was om in 'n vorige hoofstuk geloofsvolwassenheid as die doel van 'n gemeentebouproses voor te stel. Hierdie studie vereenselwig homself met hierdie funksie van die kleingroep.

### 4.1.2 Die ontwikkeling van eenheid en koinonia

"In the small church group, concern is also expressed for the development of unity. In the process of sharing their lives with one another, the members become aware that they are more than an association of individuals; they become aware of a group identity. They develop a loyalty and commitment to the group, and a strong sense of belonging" (Richards 1970:155).

Tereg meen Richards dat hierdie funksie van die kleingroep koinonia ontwikkel. Soos reeds in die vorige hoofstuk gesien, is koinonia as een van die wesenskenmerke van die kerk, 'n belangrike funksie van die kleingroep.

In die ontwikkeling van koinonia binne die groep gaan die groep deur sekere fases. In die vorige hoofstuk is die fokus geplaas op die fases van koinonia, maar hier gaan dit oor die fases van die kleingroep. Aangesien daar 'n noue verband tussen koinonia en die kleingroep bestaan gaan daar 'n sekere mate van ooreenkoms wees:

**4.1.2.1 Ontdekking of wittebroodfase**

Die eerste aantal weke vanaf die vorming van 'n kleingroep kan as die ontdekking of die wittebroodfase bestempel word. In hierdie fase is die kleingroepkonsep 'n nuutjie en almal beleef 'n opgewondenheid oor die bestaan van die groep. Dit is 'n tyd waar nuwe bande gesmee word en waar die groep mekaar leer ken.

Arnold sê dit is 'n fase waar mense hulle persoonlike behoeftes en verskille op die kantlyn sal plaas ter wille van die nuutgevonde eenheid en koinonia binne die groep. "The unifying factor in this first stage is generally the common desire to begin a small group" (Arnold 1992:105).

**4.1.2.2 Konflikfase**

Die tweede fase van konflik volg onvermydelik op die eerste fase. In hierdie fase is die nuutheid van die groep verby en die individuele probleme en gevoelens word nou na vore gebring. Dit is egter 'n teken van gesonde groei in die groep as hierdie fase betree word. Die groep word tereg tot die uiterste getoets om sodoende volwassenheid in die groep te bereik.

> Fortunately, a healthy small group will move into step two and begin to confront its own diversity. A group may be "going along its merry way" when one member suddenly interrupts the conversation and raises concerns or hurts. The group will often be shocked, for its unity

> is being called into question. If all goes right, however, others will soon join in, and the leader will have a number of hot issues to work through (Arnold 1992:106).

#### 4.1.2.3 Stabiliseringsfase

In hierdie fase is die konflik hanteer en beweeg die groep in die fase in waar daar groei plaasvind. Die groei vind nie net na binne plaas nie, maar ook na buite. Getallegroei, sowel as geloofsgroei vind dus in hierdie fase plaas.

#### 4.1.2.4 Termineringsfase

Alle goeie dinge kom een of ander tyd tot 'n einde, so ook 'n kleingroep. Hierdie terminering, indien dit korrek bestuur word, is nie die totale verdwyning van 'n groep nie. Om in die terminologie van die selgemeentekonsep te praat, moet daar proses vermenigvuldiging plaasvind. Dit beteken die een groep verdeel om twee groepe te vorm wat weer elkeen sy eie groeipotensiaal kan hê.

Die teendeel kan ook waar wees dat so 'n groep finaal termineer en dan gewoon tot niet gaan. Die uitgangspunt van hierdie studie is om eerder die vermenigvuldigingsproses te steun.

### 4.1.3 Die mobilisering vir "commitment" en bediening (die missionêre gerigtheid van die kleingroep)

"A third dimension of group function is the mobilization of members for ministry to those outside the church. A group can become ingrown. The group experience can become so significant to a person that he shuts out others, seeking to preserve what he has found. Yet the group that is committed to Christ's purposes as revealed in the Word will tend to mobilize its members to draw in others" (Richards 1970:154) (vgl. ook Miller 1986:164, Burger 1991:73).

Tereg meen Richards dat as 'n groep korrek funksioneer, die drie elemente in balans sal wees: "When a group is functioning as the church, these three elements will be in balance. As each function is fulfilled, excesses are guarded against" (Richards 1970:155).

## 4.2 Observasies van Kirkpatrick en Robert Leslie

Kirkpatrick en Leslie maak 'n aantal belangrike observasies oor die funksionering van kleingroepe. Dit verdien om hier as basiese riglyne vir die funksionering van 'n kleingroep genoem te word:

- Kleingroepe, of soos Kirkpatrick en Leslie dit noem, "sharing groups" moet relatief klein wees, ongeveer agt tot agtien lede. Dit is belangrik vir die

effektiewe funksionering van 'n groep dat die getalle tot 'n klein groepie beperk sal word. Die doelwitte van 'n kleingroep soos hierbo uiteengesit, sal nie haalbaar wees in 'n te groot groep nie.

- Daar moet groepskohesie in 'n groep wees om te verseker dat dit sal slaag. Volgens Kirkpatrick en Leslie neem dit minstens twintig uur om dit te bereik.
- Kirkpatrick en Leslie pleit vir 'n taamlik struktuurlose en agendalose styl binne die kleingroep. Die rede wat hulle aanvoer is dat so 'n styl die "self-awareness" van die individu sal bevorder. Hier moet ek van hulle verskil. Ek stem saam met Potgieter en Neighbour dat daar 'n duidelike struktuur en 'n agenda binne 'n sel- of kleingroepbyeenkoms moet wees. Die agenda moet egter buigsaam wees om die lede die geleentheid te bied tot selfontdekking.
- Kirkpatrick en Leslie meen dat die inhoud van die kleingroepbyeenkoms 'n natuurlike ontwikkeling moet toon en nie bloot voorgeskryf moet word nie. Dit is egter - verwysende na die vorige punt - die navorser se standpunt dat daar wel 'n gesprekstema binne 'n kleingroepbyeenkoms moet wees om sodoende die gesprek in te lei. Daarna kan die gesprek meer oop en minder gestruktureerd wees.
- Tereg meen Kirkpatrick en Leslie dat 'n groep wat "studie" georiënteerd is, die beste geskik is om gesprek en "personal sharing" te fasiliteer.
- 'n Belangrike kernfunksie van 'n kleingroep is om kommunikasie te bevorder: "Communication is more the goal than socializing; interaction is on a meaningful level and members freely, without defensiveness, listen and talk on a personal level" (Kirkpatrick 1995:25).

- Kleingroepe kan nie georganiseer word nie, dit moet "vertroetel" word. Waar groepe formeel georganiseer word is die groeieffek skraal, maar waar die groep toegelaat word om evolusionêr self te groei, vind die meeste sukses plaas (vgl. Potgieter, Neighbour).
- Lede moet verantwoordelikheid vir mekaar en die groep in die breë neem.
- Die fokus van die groep moet resent wees sonder om die verlede te ignoreer - die verlede bied 'n verhelderende blik op die hede.
- Voorkeur moet binne die groep gegee word aan "personal sharing" bo "diagnostic probing".
- Mense moet die vrymoedigheid hê om hulle gevoelstoestand met die groep te deel. Die groep moet dus 'n onderlinge vertrouensverhouding ontwikkel waarbinne mense veilig sal voel om hulle gevoelens met ander te deel.
- Groepsdeelname is uiters belangrik. (Kirkpatrick 1995:25)

### 4.3 Die beginsels vir die funksionering van 'n suksesvolle kleingroep

Naas die drie belangrike funksies van 'n kleingroep, kan ons 'n aantal beginsels identifiseer wat as 'n basis moet dien tot die suksesvolle funksionering van 'n kleingroep:

#### 4.3.1 Die beginsel van identifisering

Die mens het in sy wese 'n behoefte na gemeenskap met ander mense. Hierdie beginsel van gemeenskap het ons reeds uitgewys as die behoefte na koinonia. Koinonia dui op die

innigste vorm van saamwees. Dit is 'n saamwees waar mense binne 'n groep die intiemste lewenservaringe van smart en blydskap tot vreugde met mekaar deel (Richards 1990:12).

Om hierdie vlak van koinonia in 'n groep te beleef moet die mense eers met mekaar en die groep identifiseer. Hierdie identifikasie lê in die eerste plek op 'n bloot menslike vlak waar mense mekaar as gewoon feilbare mense sal aanvaar. Alle mense beleef tipiese menslike probleme, daarin is niemand uniek nie. Identifikasie beteken dus dat ek myself nie as anders sal beskou as wat ek werklik is nie.

Die rede vir die mislukking van talle groepe is juis die probleem van identifikasie waar die individue nie met 'n oop gemoed deel word van 'n groep nie, maar met sekere maskers en fronte aan die groep kom behoort. As daardie maskers nie afgehaal word sodat volledige identifikasie kan plaasvind nie, sal die groep nie slaag nie.

Hierdie proses van identifikasie neem egter 'n tyd en die groep moet bereid wees om daaraan te werk.

### 4.3.2 Aanvaarding

'n Tweede beginsel vir die funksionering van 'n suksesvolle kleingroep is die beginsel van aanvaarding. "Wanneer ons mekaar as waardevol en kosbaar sien, en ons dit vir

mekaar sê, vind aanvaarding plaas. Aanvaarding is doodeenvoudig om vir 'n ander persoon te sê: "Jy is belangrik. Jy word bemin" (Richards 1990:28).

Barnard lê ook klem op hierdie punt as hy sê:

> Die groep bring die atmosfeer van vertroue waarin die lede vry voel om hulleself volledig uit te spreek en hulle gedrag te openbaar sonder die vrees vir veroordeling of verwerping. Hierdie vertroue word versterk deur die aanvaarding van die persoon net soos hy is (Barnard 1979:131).

### 4.3.3. Ontdekking

Die mens in sy soeke na gemeenskap kan nie koinonia as 'n doel opsigself beleef nie. Die doel van die groep is om die mens te lei tot die belewing van sinvolle koinonia maar in die proses vind daar op twee vlakke 'n proses van ontdekking plaas:

- Selfontdekking: die groep lei die individu tot die ontdekking van homself in sy situasie.
- Daar vind ook geloofsgroei plaas in die ontdekking van die waarhede in die Woord van God.

### 4.3.4 Die groep moet gerig wees op Christus

Aangesien ons reeds gekies het vir die liggaam-van-Christusmodel vir kerkwees, is dit 'n belangrike beginsel om te besef dat die kleingroep nooit net op homself gerig mag wees

nie. Indien dit die geval is, verval die groep in 'n bloot humanistiese samekoms. Die kleingroep, ekklesiologies gesien, moet gerig wees op die hoof van die liggaam: Jesus Christus.

### 4.4 Kleingroepdinamika

Alhoewel elke kleingroep uniek is, is daar tog sekere universele beginsels wat kleingroepdinamika kan beskryf:

#### 4.4.1 Kommunikasiepatrone

Kommunikasiepatrone is een van die belangrikste elemente van groepsdinamika. Arnold (1992:103) verduidelik dit met die klassieke voorbeeld van die "stuurder - ontvanger" skema wat kenmerkend is van enige kommunikasiemodel. Die dinamika binne die kleingroep is egter daarin geleë dat daar talle kommunikasielyne tot stand kom en dat elke persoon in die groep sy eie "filters" tot interpretasie en reaksie gebruik.

#### 4.4.2 Verwagtinge

Elke persoon in 'n kleingroep het sekere bewuste of onbewuste verwagtinge van die groep:

> Group expectations affect group dynamics because people have ideas about where they are going in the future. People in the small group

> have both conscious and unconscious ideas about how the small group can meet their needs. These thoughts, often unexpressed, provide the motivation for their actions (Arnold 1992:104).

Indien die groep van elke lid se verwagtinge bewus is, kan hierdie een van die mees vervulde aspekte van groepsdinamika wees. Probleme in 'n groep ontstaan juis omdat mense nie hulle verwagtinge met die res van die groep deel nie, of dat daar nie ruimte geskep word dat mense hulle behoeftes met die res kan deel nie.

### 4.4.3 Konsensus

Tereg meen Arnold dat 'n kleingroep nie 'n demokrasie is nie:

> ...neither is it a republic, where elected officials rule. Instead, decisions are made by the group for the good of the group. Each person is vital to survival of the group, so each person's opinions and feelings can and should be expressed on any relevant issue (Arnold 1992:104).

## 4.5 Die selgemeentemodel

Alhoewel die volgende hoofstuk meer volledig na die selgemeentemodel gaan kyk, is dit nodig om hier kortliks na die selkonsep te kyk. Ons het reeds na sekere beginsels in die funksionering van 'n kleingroep gekyk. Daardie beginsels is ook op die selkonsep van

toepassing. Aangesien ons tog hier met 'n klem verskil te make het, is dit nodig om enkele opmerkinge rondom die selkonsep te maak.

Volgens Potgieter beskryf die selgemeentemodel 'n sekere kerklike struktuur met die volgende kenmerke:

1. Die selgemeente is die basiese groep. Alle werksaamhede gaan daarvan uit of dien tot die opbou daarvan.
2. Die selgemeentes in 'n gebied vorm saam 'n groot geloofsgemeenskap wat weer deel is van 'n nog groter geloofsgemeenskap.
3. Alle gelowige gesinne en enkelinge behoort intieme lewensgemeenskap met medegelowiges in 'n selgemeente te beleef.
4. Die dienende aard van en intensiewe toerusting aan leiers is van deurslaggewende belang vir die voortgang van die selgemeentes.
5. Hierdie struktuur word deeglik georganiseer, nie op formele wyse nie, maar soos 'n familie.
6. Ingeboude kontrolemaatreëls verseker positiewe groei en roepingsvervulling.
7. Daar word ruimte gemaak vir 'n oorgangsproses waardeur 'n gemeente kan groei tot hierdie nuwe bedieningspraktyk (Potgieter 1995:20,21).

Potgieter onderskei die volgende fasette van die selgemeente:

- Uitreiking.
- Diens.
- Opbou.
- Gebed.
- Sakramente.

(Potgieter 1995:77)

Die selgemeente (hierdie konsep sal in die volgende hoofstuk verder verduidelik word) is dus niks anders as 'n gewone kleingroep wat op 'n bepaalde wyse funksioneer nie. Dit is veral die selgemeentekonsep wat tans baie aandag geniet in Suid-Afrika.

Potgieter sê dit duidelik dat 'n selgemeente 'n huisgroep of kleingroep is wat as kleingroep die wesentlike eienskappe van 'n volwaardige gemeente vertoon, en wat as 'n geloofsgemeenskap funksioneer sonder om die band met die groter gemeenskap van gelowiges en die kerk in die breë af te skeep (Potgieter 1995:21).

Potgieter en Neighbour gebruik beide 'n basiese model vir die praktiese funksionering van die selgemeente byeenkoms. Kortliks kan dit as volg saamgevat word:

1. Die **mens - tot - mens** fase. Die eerste fase van 'n selgemeentebyeenkoms gaan om die mens die geleentheid te bied om sy leefwêreld met die res te deel. Dit kan ook as die ontvriesingsfase van die byeenkoms gesien word.
2. Die **mens - tot - God** fase (Lofprysingsfase). Die groep fokus in hierdie fase op God in lof en dank, deur lied en gebed.
3. Die **God - tot - mens** fase. Die skrif dien hier as die basis wat die groep lei tot geestelike groei. Dit word ook die opbou of "edification" fase genoem.
4. Die **mens - tot - medemens** fase. Die selgemeente mag nooit 'n doel opsigself word nie. Die doel van die selgroep bly altyd om 'n instrument tot diens in die koninkryk te wees. Hierdie fase konsentreer dus op die missionêre aspek van die selgemeente (vgl. Potgieter 1995:73, Neighbour 1990:194).

Die mees fundamentele verskil tussen 'n kleingroep (byvoorbeeld 'n bybelstudiegroep) en 'n selgemeente, is die fokus wat daar bestaan. In 'n Bybelstudiegroep is die fokus die Bybel, waar die groep 'n skrifgedeelte sal bespreek. Wanneer die saak uitgepraat is, het die groep sy doelwit bereik en praktiese toepassing in die lewe van die groep vind nie noodwendig plaas nie. Die selgemeente daarenteen fokus nie op die Bybel nie, maar op die geloofsgemeenskap of selgroep wat 'n gesinsbyeenkoms is. By 'n selbyeenkoms word die Skrif wel as uitgangspunt geneem, maar die toepassing van die skrifwaarhede in die lewe van die groep is die punt waarop gefokus word (Potgieter 1995:74).

### *5. Die kleingroep en die fundamentele nood van die gemeenskap*

Die kleingroepmodel, soos ons reeds probeer aantoon het, is veral geskik in die post-moderne tyd om die mens se behoefte na gemeenskap aan te spreek. Die fokus het tot dusver meer geval op die kleingroep en sy waarde om koinonia (wat vir die skrywer meer 'n geestelike konnotasie het: sien Hs 5) binne die bestaande kerklike strukture deur middel van 'n kleingroepbediening aan te spreek.

Die kleingroepmodel is egter ook geskik om die nood van die mens, in die algemeen gesproke, raak te sien en te reflekteer. Neighbour gee heelwat getuienis van die waarde van die kleingroep in nie-Christen gemeenskappe, soos byvoorbeeld in Korea en Singapoer. Hy gee 'n viertal redes aan hoekom die kleingroepmodel so geskik is vir juis 'n nie-Christelike gemeenskap:

1. "Because of its ability to deeply penetrate pagan communities" (Neighbour 1990:22). Hiermee bedoel hy dat die vestiging van talle selgebaseerde bedieninge 'n groot area kan "saturate".
2. "Because the gospel is offered by non-professional hands, the hands of friends or neighbours. Suspicion of the Christian clergy is not present when people in the community are the bearers of the gospel.
3. Because the cell groups are battlefields where people are set free from strongholds. It is commonplace for a cell group meetimg to focus on a Biblical teaching related to a life problem.

4. Because it can powerfully meet the needs of pagans. Indeed, it focuses on needs as the key method of making contacts with the unreached" (Neighbour 1990:23).

Neighbour wys voorts op die fenomenale groei van die selkerkmodel in die Ooste. Juis in daardie hoogs geïndustrialiseerde samelewings van die Ooste met hulle sterk gevestigde Oosterse godsdienste, is die kleingroepkonsep met 'n Christelike boodskap besig om ongekende groei te toon. Dit is algemene kennis dat die grootste "gemeente" in die wêreld vandag die Yoido Full Gospel gemeente van David Cho is. Ook in Japan en Singapoer is die kleingroepkonsep bewys as 'n waardevolle instrument om die nood van die gemeenskap aan te spreek.

Die kleingroepkonsep spreek nie net die nood van die oosterse mens aan nie, maar ook die nood van die mens in die weste. Die skrywer meen dit is nodig om die volgende stelling van Wuthnow hier te herhaal:

> At present, four out of every ten Americans belong to a small group that meets regularly and provides caring for its members. These are not simply informal gatherings of neighbours and friends, but organized groups: Sunday school classes, Bible study groups... (Wuthnow 1994:4).

Dus ook in die tipiese modernistiese samelewing van die VSA is die kleingroepkonsep besig om die nood van die gemeenskap aan te spreek en te reflekteer in die groei wat tans daar beleef word. Wuthnow noem dit "the latest in a series of cultural realignments" (Wuthnow 1994:8) in die samelewing.

Wuthnow gaan so ver om die rol van die kleingroep in die samelewing soos volg te tipeer:

> In short, small groups are a significant feature of what holds our society together. And their prevalence means that society does have mechanisms to hold it together. Small groups draw individuals out of themselves, pull them out of their isolated personal lives, and put them in the presence of others where they can share their needs and concerns, make friends and become linked to wider social networks (Wuthnow 1994:12).

### *6. Die kleingroep as verlengstuk van die familiegroep*

Dwarsdeur die wêreld is daar 'n krisis in die verhoudinge van mense. Ook in Suid-Afrika het ons tot in die vroeë negentigs 'n ideologiese sisteem gehad wat die verhouding van mense onderling gereël het. Hierdie krisis in menseverhoudinge het ook 'n direkte invloed op die huwelik en die gesin. "In ons land het die verbrokkeling van die huwelik hand-oor-hand toegeneem, veral onder lidmate van Christelike kerke. Die gesin is onder geweldige druk omdat mense nie die moderne lewe kan hanteer sonder dat die gesin skade ly nie" (Potgieter 1995:14).

Die verbrokkeling van die gesin het dus 'n direkte invloed op die verbrokkeling van die kerk. Ons uitgangspunt is dan om die gesin as die basiese boustene van die kerk en die samelewing te sien. In die soeke na die opbou van die kerk is dit dus noodsaaklik dat ons na die opbou van die gesin sal kyk.

Tereg meen Potgieter dat net soos die gesin die basiese bousteen van die samelewing is, is dit ook die basiese bousteen van die kleingroep of dan in sy idioom, die selgemeente. (Potgieter 1995:51) Potgieter maak 'n uiters belangrike stelling as hy sê:

> In die selgemeente kom Daniël Louw se definisie werklik tot gestalte: "Gesinsbediening is 'n bediening wat daarop ingestel is om die gesinsinteraksie deur middel van die reeds bestaande verbondsisteem te beïnvloed sodat gesinslede gesamentlik groei in volwassenheid en die gesin self toeneem in heiligmaking" (Potgieter 1995:62).

Hendriks meen ook dat die huwelik en die gesin die basiese vorm van die kleingroep is: "Dit is die mees intieme kleingroep, die koinonia-embrio waar die basiese kennis, vaardighede en gesindheid ten opsigte van die groeiproses tot geestelike volwassenheid plaasvind" (Hendriks 1992:96).

Alhoewel kritici meen dat Neighbour soms op 'n fundamentalogiese wyse met die Skrif omgaan, gee hy tog waardevolle insette ten opsigte van die sogenaamde "oikos" konsep: "The greek word oikos, translated "household", refers to people we relate to on a regular basis. We may know a hundred or more individuals, but we spend quality time...with a limited number" (Neighbour 1990:82). Hierdie beperkte groepie individue waarmee 'n mense dus op 'n gereelde basis kwaliteit tyd spandeer, is dan volgens Neighbour jou "oikos" of verlengde huisgesin. In sy argumentering neem die selgroep uiteindelik die rol van hierdie *oikos* oor. "As the extended family is the oikos of society, so the cell group is the extended family, the basic building block, of the people of God" (Neighbour 1990:95).

Dudley, in sy boek oor die "Small Church" konsep, praat van die kleingemeente - opset ook as 'n vorm van 'n kleingroep, wat hy as die "primary group" sien:

> In a primary group, members are united by common interests, beliefs, tasks, and territory. They are not self-conscious about their relationships and are bound together more by sentimental ties than by any contractual agreements. They have a solidarity, a feeling of belonging, nourished by experiences of intimacy and personal need...When so many other contacts are temporary and impersonal, the primary group provides the atmosphere of an extended family (Dudley 1989:32).

Icenogle praat van 'n kleingroep as 'n "familie sisteem". "Families form the character, ethics, beliefs and relational patterns of each human being" (Icenogle 1994:274). Hy gaan verder deur te sê dat 'n mens aan verskeie sulke "familie sisteme" behoort in sy lewe, en dat hierdie sisteme vormend inwerk op die mens se lewe. Net so is elke nuwe kleingroep wat gevorm word die begin van 'n nuwe "familie sisteem":

> A gathering of persons who each brings his or her own family systems, values, attitudes and patterns of group behavior into the new group. Particularly during times of increased stress and tension, group members tend to withdraw into unredeemed practices of previous family systems, especially those from their family of origin. Group behaviour tend to be driven by the family behaviours of each group member, but most strongly by primary and influential group leaders (Icenogle 1994:275).

Ons kan dus saamvat om te sê dat 'n kleingroepbediening nie anders gesien kan word as 'n uitgebreide gesinsbediening nie. Wuthnow (1994:6) gaan sover om die kleingroep nie net as uitgebreide gesinsbediening te sien nie, maar selfs as 'n substituut vir 'n familie. Die skrywer is geneig om hier met Wuthnow saam te stem. Die gesinsverbrokkeling wat tans aan die orde is in ons land en ons kerke, is besig om 'n groeiende groep ontnugterde mense in die samelewing los te laat. Waar gaan hulle versorg en geestelik bedien word anders as in die kleingroep, wat dan as 'n verlengde of substituutfamiliekring funksioneer (vgl. Arnold 1992:28, Burger & Simpson 1997:17, Ashbrook 1964:31).

### *7. Die kleingroep en koinonia*

In die vorige hoofstuk is die konsep koinonia deeglik bespreek. In hierdie punt wil ek die verband tussen die kleingroep en koinonia weer bevestig. Die literatuur is dit eens dat koinonia die rede vir die bestaan van kleingroepe is.

Die moderne wêreld met al sy vryhede het die mens in eensaamheid gedompel Elkeen is so besig met sy eie individualiteit dat ons nie meer bekommerd is oor die nood van andere nie. In hierdie verband maak Burger en Simpson die volgende opmerking:

> In die terapeutiese literatuur word daar tans baie geskryf oor die mens se behoefte aan intimiteit. Daarmee word bedoel ons Godgegewe behoefte aan mense naby ons, wat ons regtig diep ken, wat vir ons omgee en vir ons sorg. Die opkoms van groepe kan ook in hierdie lig

> gesien word. Dit gaan oor individue wat besef dat 'n mens nie regtig alleen kan leef nie (Burger & Simpson 1997:16).

Hierdie behoefte aan intimiteit en versorging is ten diepste 'n behoefte na koinonia. Richards meen dat persoonlike interaksie nodig is as daar koinonia in 'n groep beleef wil word (Richards 1970:55). As hy oor die kleingroep praat, maak hy 'n baie belangrike stelling wat die verhouding kleingroep en koinonia raak:

> The small group in the church. To learn to trust, and to become trustworthy - to learn to love, and to become loving - we must become deeply involved in the lives of others, to whom we commit ourselves in Christ. To develop this kind of relationship we need to share ourselves with others, and they need to share themselves with us (Richards 1970:153).

Wat Richards hier bepleit is niks anders as die funksionering van koinonia in 'n kleingroep nie.

Vir Wuthnow is dit ook duidelik dat die wese van 'n kleingroep in die belewing van koinonia beliggaam is. Wuthnow meen dat die groei van die kleingroepbeweging aan twee eienskappe van die Amerikaanse samelewing toegeskryf kan word. Die skrywer is van mening dat dit gedeeltelik waar is ten opsigte van ons eie situasie in Suid-Afrika:

- The fragmented lives that many of us lead provide an incentive to seek community in support groups.

- But the religious traditions that are so much a part of American culture legitimate this quest by telling us that community is important, and indeed, by leading us to believe that community is also the way to find spirituality and transcendence (Wuthnow 1994:31).

Wuthnow gaan sover om te beweer dat "community" 'n voorwaarde vir die kleingroep beweging geword het of is (Wuthnow 1994:52). Die kleingroep word dan die geestelike groeipunt binne die gemeente en dra die koinonia deur na die res van die gemeentelewe, soos byvoorbeeld die erediens.

Vir Potgieter is die verhouding kleingroep of selgemeente en koinonia ewe belangrik. Koinonia konstitueer vir hom die rede vir die bestaan van die selgemeente. Hy beskryf die selgemeente in die verskillende verhoudinge waarin dit bestaan:

- Die sel as aanbiddingsgemeenskap.
- Die sel as liefdesgemeenskap.
- Die sel as diensgemeenskap.
- Die sel as groeigemeenskap.
- Die sel as feesvierende gemeenskap.

(Potgieter 1995:140-157)

Kleingroep en koinonia kan nie van mekaar geskei word nie. As ons van 'n kleingroep praat, moet ons rekening hou met koinonia. Die teenoorgestelde is vir my ewe waar:

koinonia is net moontlik in 'n kleingroep waar mense werklik vir mekaar omgee en bereid is om met mekaar 'n pad te loop.

### *8. 'n Kritiese blik op kleingroepe*

Die hipotese waarmee hierdie studie werk, is om die kleingroepkonsep as die antwoord te beskou op die probleme wat in die bedieningspraktyk van die tradisionele verkondigingsmodel ontstaan het (vgl. hoofstukke 2 en 3). Die studie het ook gekies vir die liggaam-van-Christusmodel as ekklesiologiese uitgangspunt waar koinonia deur middel van die kleingroep bevorder kan word. Dit wil egter nie sê dat ons geen kritiek mag hê ten opsigte van die kleingroepbeweging nie.

In hierdie punt wil ons eerlik na die probleme van die kleingroepbeweging kyk en daarna die positiewe stel.

Dressel, in 'n artikel oor die funksionering van die kleingroep in die kerk, wys ons op 'n paar belangrike probleme van die kleingroepbeweging:

- Die kleingroep is nie die enigste werkwyse nie. Persone kan meen dat die kleingroep outomaties veranderde persone voortbring. Die kleingroep kan oorskat word. Mense kan meen dis die enigste manier om resultate te verkry. Die werking van die Heilige Gees mag nooit misken word nie - maar geen

metode is onfeilbaar of ideaal nie. Ons moenie slawe word van 'n metode nie.

- Die kleingroep kan aangegryp word deur persone wat nie van die groepdinamiese beginsels bewus is nie. Die resultate van groepwerk en die modegier kan persone na die kleingroep laat gryp. So 'n aangryping hou nie altyd rekening met die geleentheid, doel, inhoud of lede nie. Die gespesialiseerdheid en rol van die leier kan maklik vergeet word wanneer die kleingroep beproef word.
- As gevolg van die groepwerkmetode kan die mense gegroepeer word net om lekker saam te gesels. Dit word doellose meningswisseling. Die indruk kan gewek word dat as mense spraaksaam is, dan is die doel bereik.
- Groepwerk kan die groep oorbeklemtoon ten koste van die individu. Die groep word as die allerbelangrikste beskou (Dressel 1984:426).

Burger en Simpson verwys na Wuthnow om drie bedenkinge rondom die kleingroep uit te wys:

- Daar word beweer dat daar tog 'n probleem is met die "prentjie van God" waarmee sommige groepe werk. Die vraag is of dit werklik die God van die Bybel is of maar bloot 'n opperwese wat al ons probleme wil oplos of ten minste beter wil laat voel daaroor (Burger & Simpson 1997:18). Die skrywer se antwoord op hierdie probleem sal wees dat 'n kerk wat vanuit die kleingroepkonsep wil werk, homself baie goed ten opsigte van sy kerkbegrip

moet verantwoord. 'n Skewe kerk- en ampsbegrip sal lei tot die sien van 'n groep as bloot 'n sosiale geleentheid waar 'n "opperwese" ons beter oor mekaar wil laat voel. Sien hieroor hoofstukke 2 en 3.

- 'n Tweede bedenking wat geopper word, is die feit dat groepe veels te veel uit "eendersdenkendes" of "eendersvoelendes" bestaan. Volgens hulle is dit nie 'n goeie weerspieëling van die Christelike kerk nie (Burger & Simpson 1997:18). Hiermee kan die skrywer gedeeltelik saamstem. 'n Groep mag nooit geslote wees nie. Daar moet altyd uitgereik word na mense buite die groep. Die groep as verlengstuk van die familie of die "oikos" beginsel wil tog reeds sê dat die groep 'n "eendersheid" sal vertoon. Hierdie eendersheid mag net nie tot geslotenheid lei nie.
- Die derde bedenking wat geopper word is om te beweer dat die uiteindelike doel van groepe dikwels 'n "ontvlugting van die werklikheid" is, eerder as 'n konfrontasie of minstens 'n ontmoeting met die werklikheid (Burger & Simpson 1997:18). Die teendeel is eerder waar in die praktyk. Talle groepe waarmee ons te doen het, is ingestel om die nood van die werklikheid aan te spreek: die skielike heengaan van 'n groepslid , regstellende aksie, terminale siekte, ens. dwing die groep om betrokke te raak by die werklikheid van mense se nood binne en buite die groep. Talle verhale in hierdie verband kan genoem word.

Die vraag kan gevra word, as die kleingroepbediening binne die regte raamwerk van kerk en ampsbegrip funksioneer, waarom misluk sommige groepe nog steeds? Burger en Simpson gee vyf sulke redes vir die mislukking van kleingroepe:

- "Groepslede was nie by mekaar betrokke nie en het nie vir mekaar gesorg nie.
- Die groepslede het nooit oor hulle lewe gepraat om dit met hulle geloof te integreer nie.
- Lede is min kans gegee om self nuwe waarhede uit die Skrif te ontdek.
- Die groep was dikwels na binne gerig en het min diens gelewer.
- Daar was min tye om in die groep op God te fokus" (Burger & Simpson 1997:67)(vgl. Ook Hendriks 1992:98, Wuthnow 1994:78).

Kotze in 'n artikel oor die sisteembenadering vir die aanwending van kleingroepe wys op 'n aantal gevare vir die kleingroep. Sy uitgangspunt is om die kleingroep bloot as 'n "subsisteem binne die gemeentesisteem" (Kotze 1987:172) te sien. Die kleingroep is dus bloot 'n aanhangsel van die gemeente. Met so 'n siening kan die skrywer nie saamstem nie, aangesien die kleingroep vir die skrywer die basis is waaruit die gemeente gekonstrueer word, en waar koinonia tot sy reg kom. Nogtans kan ons na Kotze se kritiek luister.

Hy maak die volgende stelling:

> Kleingroepe binne 'n gemeente behoort dermate oop te wees dat lede in en uit kan beweeg. Wanneer 'n kleingroep 'n te sterk kohesiegevoel ontwikkel, ervaar die lede soveel geborgenheid en emosionele bevrediging binne die groep dat die groep homself begin afsluit na buite. 'n Rigiede toestand van homeostase ontwikkel....(Kotze 1987:172).

Hy gaan voort om die gevare te noem. Sy aanvanklike stelling verdien eers kommentaar. Die gevaar waarvan Kotze praat, is juis die doel waarheen ons in die kleingroepbeweging werk, naamlik 'n kohesiegevoel waarbinne mense mekaar kan vertrou sodat daar opbou en geestelike groei kan plaasvind. Die gevare wat Kotze verder noem het wel meriete:

- Daar moet gewaak word dat die groep nie 'n kerk binne 'n kerk word nie.
- Verder kan die groep so afhanklik raak van mekaar dat die groep sekere funksies wat eerder binne die huwelik tuishoort begin oorneem.
- Die gevaar is dat groepe moet waak om nuwe lede nie ontuis te laat voel nie.
- Verder kan 'n te sterk groepkohesie daartoe lei dat die lede wat weens wettige redes nie altyd teenwoordig kan wees nie, later heeltemal ontuis begin voel en wegbly.
- Oorbetrokkenheid by 'n groep kan tot traumatiese ervarings lei indien mense moet verhuis.

- Oorbetrokke groepe loop die gevaar om so in sigself op te gaan deurdat lede oorafhanklik word van mekaar vir emosionele behoeftebevrediging.
- 'n Laaste probleem is dat 'n geslote sisteem energie verloor en so sy funksie binne die groter sisteem nie meer kan vervul nie. (Kotze 1987:173)

Alhoewel die skrywer die bogenoemde kritiek kan aanvaar, het hy 'n fundamentele probleem met Kotze se siening van kleingroepe. Dit wil voorkom asof hy 'n kleingroep bloot as Bybelstudiegroep sien wat by geleentheid bymekaar kom en dan weer uitmekaar beweeg, maar wat vir die grootste deel van die tyd "vreemdelinge" vir mekaar bly. Die hele gedagte dat die groep 'n "extended family" is, wil die teendeel stel. Uit die aard van die saak gaan die lede dan baie nader aan mekaar beweeg as in die ou tradisionele model waar die enigste kleingroepe binne die gemeente die wyk, vrouebybelstudie en die kerkraad was (vgl. Ook van Rensburg 1997:9). Van Rensburg se kritiek lê ook in lyn met dit wat Kotze aanbied. Die nuwe model vra juis na 'n paradigmaskuif om nuut na te dink oor groepe.

Girard daarenteen, wil juis die probleem met die kleingroepkonsep uitwys waar die kleingroep as "selkerk" funksioneer. In die volgende hoofstuk sal die selkerk of selgemeente konsep meer volledig bespreek word. Dit is belangrik om te verstaan dat die selkerkkonsep net die teenoorgestelde beteken as wat Kotze by 'n kleingroepsisteem bedoel. As Girard sy redes vir die mislukking vir kleingroepe aanbied, staan hy in die selkerkkonsep van die kleingroepbeweging. Girard is uitgesproke as hy sê dat daar

mislukkings in sy kleingroepbediening in die kerk was. Hy gee die volgende redes daarvoor aan:

> Sometimes they fail to become very deeply personal, to catch a spirit of openness with one another, where deep needs can be honestly exposed, and deep, fervant agape-love can flourish. Sometimes a group will fail to see itself as "the church." It is still too dependent on the institution who mothered it and the pastor agencies of that institution. Occasionally the members of a group will cling too tightly to the bond of fellowship they enjoy, which is very precious to them after a while. They will fail to divide or, in some other way, to start a new group when the time to do so was strategic. It is a traumatic experience, but done in the spirit, it can enhance both spiritual maturity within the group and growth of the body. An additional failure has been our inability to get all Christians in our church constituency involved in group life (Girard 1972:151).

Donald Williamson spreek agt kategorieë aan wat probleme kan oplewer in 'n kleingroepbediening. Dit is belangrik om van hierdie agt kategorieë kennis te neem.

### 8.1 Doelwitte

Een van die gevare wat 'n kleingroepbediening in die gesig staar, is dat dit met momentum kan begin en fenomenale groei beleef, sonder om te vra wat die doel van die kleingroepbediening is: "Whatever choice is made with regard to goals, the point remains that goals need to be carefully considered and decided upon before any second step is taken" (Williamson 1967:42).

## 8.2 Leierskap

Die sukses van 'n kleingroepbediening steun swaar op die leierskap. Goed opgeleide, ervare leiers is 'n imperatief vir die sukses van die groep. Indien die leiers faal, faal die kleingroepbediening.

## 8.3 Lidmaatskap

Williamson beklemtoon die seleksie van lede vir 'n kleingroep: "As the expression 'selective gathering' implies, some process of screening is inevitable since small groups in the church are unable to offer very much to or to sustain the presence of extremely rigid or defensive or anxious people in their membership" (Williamson 1967:45). Die skrywer stem nie heeltemal met hierdie punt van Williamson saam nie. Die moeilike groepslid hoef nie geselekteer te word nie - 'n proses van natuurlike seleksie vind in die groepe plaas. Indien die moeilike persoon nie wil aanpas nie, lei dit gewoonlik tot die ontbinding en hergroepering van die groep.

## 8.4 Verbintenis of kontrak

In die beginfase van die kleingroep is dit belangrik dat die groep 'n verbintenis met mekaar sal aangaan. Hierdie kontrak impliseer 'n ooreenkoms oor die tyd en plek van die byeenkomste. Indien hierdie fundamentele sake nie uitgeklaar is nie, kan dit tot spanning in die groep lei.

## 8.5 Groepstruktuur en proses

Probleme kan ontstaan as die groepstruktuur te rigied of te los is. "For example, suppose a group abhors any kind of structure at all, and when the members sit down together they just wait to 'see what will happen'. The initial silence will create so much anxiety that someone may break in with the kind of response which is much more appropriate to a group therapy hour and cannot be easily assimilated in this context" (Williamson 1967:46).

## 8.6 Affiliasie met 'n organisasie

Williamson raak hier 'n baie belangrike saak aan: "One common danger in a small-group program is that it may spontaneously appear within a local church, floating free inside the total life of the church, without being organizationally related or affiliated at any point" (Williamson 1967:47). Die kleingroepmodel wat ons in hierdie studie bepleit naamlik die selgemeentemodel is juis 'n model wat vanuit 'n goed geverifieerde kerkbegrip funksioneer. Dit staan nie los van die gemeente nie, maar vorm 'n integrale deel daarvan.

## 8.7 Konsultasie

Kleingroepleiers is nie opgeleide sielkundiges nie, en derhalwe sal 'n kleingroep-bediening voorsiening moet maak vir die dienste van kundiges op die terrein van die pastorale versorging.

## 8.8 Spesiale probleme

Williamson raak hier drie spesifieke probleme aan wat tot spanning in die kleingroepbediening van 'n gemeente kan lei:

- Die verhouding tussen die kleingroepbediening en die leraars van die gemeente.
- Die moontlikheid dat 'n kleingroepbediening 'n kerk binne 'n kerk kan vorm.
- 'n Derde probleem is om die momentum binne die kleingroepbediening te behou. (Williamson 1967:50)

Alhoewel ons talle probleme met die kleingroepbediening kan identifiseer, is dit die skrywer se oortuiging dat daar vir elke probleemsituasie 'n oplossing is, indien die kleingroepbediening met die regte gesindheid van noukeurigheid bestuur word. In die oorgang na 'n kleingroepbediening sal daar altyd 'n mate van spanning wees wat hanteer moet word.

Potgieter noem tereg vier redes waarom die oorgangsproses in 'n gemeente soms met probleme gepaard gaan, en mense dan moeilik by die kleingroepbediening inskakel:

- "Sommiges sien die selgemeentes as 'n onbelangrike nuwigheid wat nie ernstig geneem hoef te word nie en begryp nie die teologiese implikasies nie.
- Party sien nie kans vir enige verbintenis nie, aangesien kerklidmaatskap normaalweg weinig vra.
- Sommige lidmate het nie 'n persoonlike verhouding met Christus nie en sal nooit tuis voel in die nabye gemeenskap van gelowiges as die huisgesin van God nie.
- Sommige mense ken nie intieme groepsverhoudings nie en is selfs bang daarvoor" (Potgieter 1995:116).

## *9. Positiewe opmerkinge oor kleingroepe*

Die groei van die kleingroepbeweging toon dat daar meer positiewe meriete in die beweging is as negatiewe. Enkele voordele van die kleingroepbediening kan hier aangestip word:

- Die kleingroep bied 'n ruimte waarbinne mense die betekenis en die inhoud van die Christelike leer en die Bybelse boodskap kan verstaan en uitleef.

- Die kleingroep bied 'n ideale geleentheid om die gemeente op te bou tot geloofsvolwassenheid. Dit is uiteindelik die hoofdoel van enige gemeentebouprogram.
- Die kleingroep bevorder kommunikasie tussen lede waar daar op 'n intieme vlak met mekaar verkeer word. Dit lei tot wedersydse beïnvloeding van mekaar.
- Mense begin al meer besef dat hulle nie alleen kan staan in die tye waarin ons leef nie - veral wat die huidige veiligheidsituasie in Suid-Afrika betref. Die groep bied dus 'n vorm van sekuriteit. Mense kan op die ondersteuning van die groep staatmaak in tye van krisis en nood. "To their credit, they [*kleingroepe*] provide us with small, portable sources of interpersonal support" (Wuthnow 1994:16). Wuthnow maak ook tereg die volgende stelling in hierdie verband: "The common view is that small groups are successful because they fill needs otherwise unmet in contemporary society; these needs include emotional support, friendship, and ways to develop spiritually" (Wuthnow 1994:22).
- Die kleingroep bied ook die geleentheid tot deelname - teruggetrokke persone kry die geleentheid om deel van die groep te wees en ook deel te neem aan die gesprek (Dressel 1984:427).
- Die kleingroep dien as die verlengstuk van die erediens, en die groep funksioneer dan ook soos 'n "gemeente" in die kleine. Die selgemeentebeweging het juis hierdie punt vir ons kom uitwys, dat die erediens van die kerk te groot en lomp is om die lidmate te lei tot 'n ware

koinoniabelewenis. Die kleingroep is dus die plek waar die "selgemeente" koinonia op grondvlak kan beleef. Dit moet duidelik verstaan word dat die sel of kleingroep nie op homself aangewese is nie en steeds deel uitmaak van die groter gemeente wat gereeld byeenkom vir die "viering" (erediens) van die geloofsgemeenskap.

- Die kleingroep bied die ideale ruimte tot diens. Hier word die mense gemotiveer, en geïnspireer om uit te reik na die noodlydendes in die gemeente, groep of samelewing.
- Die kleingroep is die ideale ruimte om die missionêre opdrag van die kerk te verpersoonlik.
- Die kleingroep bied 'n ruimte waar die lid sy gawes kan ontdek.
- Die kleingroep is die plek waar leierskap ontdek en gevorm kan word. "Many churches now recognize that, in order to effectively carry out the various ministries of the church, a primary task of pastors and church leaders is to equip lay people to use their gifts" (Arnold 1992:33).

## *10. Die kleingroep in prakties teologiese perspektief*

Dit het nodig geword dat die kerk van Christus weer opnuut sal besin oor sy ampstrukture sowel as die kerkbegrip waarmee gewerk word, gesien in die lig van die groter behoefte in die kerk na koinonia. Hierdie besinning het akuut nodig geword na aanleiding van die pad van institusionalisme wat die kerk begin loop, en in 'n sekere sin

verstar geraak het binne 'n enkele bedieningsmodel, die sogenaamde "herder-kudde-model".

Hierdie studie poog om te bewys dat die kleingroepkonsep die behoefte na koinonia in die gemeente kan versterk en ondervang. Tereg meen Hendriks dat die kerk 'n paradigmaverskuiwing moet ondergaan (Hendriks 1991(a):38). Die skuif mynsinsiens is 'n skuif weg van die "herder-kudde-model" na die liggaam-van-Christusmodel, waarin die kleingroepkonsep vergestalt word.

Die hermeneutiese uitgangspunt waarmee hierdie studie werk is, om 'n nuwe paradigma vanuit die praxis te ondersoek en aan die hand van die Skrif te beoordeel. Hierdie nuwe paradigma behels 'n nuwe waardering vir die posisie en plek van kleingroepe binne 'n verantwoordelik ontwikkelde kerkbegrip wat ruimte laat vir die uitleef van koinonia.

Tereg meen Hendriks dat ons teologies vanuit die eskatologie moet dink (Hendriks 1991(a):38). Die beginsels van 'n Prakties Teologiese Ekklesiologie moet ontleen word aan die hele proses van die heilsgeskiedenis as koninkrykgerigte verbondsgeskiedenis, sowel vanuit die praxis wat voor hande is.

Die ekklesiologiese model wat hierdie studie reeds gekies het, nl. die kerk as "liggaam-van-Christus" kan alleen tot sy reg kom in die kerk wanneer die liggaam sigbaar word in die kleingroepe. Hendriks, in sy aanvullende koinoniaverbande, verwys na die kleingroep as die naaf van die wiel. Die naaf verteenwoordig die kern van die wiel en

vanuit die kern strek die speke na buite, tot en met die velling, wat Hendriks dan as die erediens beskou. Hier wil ons nou op die kleingroep konsentreer as 'n vitale element van 'n prakties teologiese ekklesiologie binne 'n nuwe paradigma.

Tereg meen Wuthnow dat die kleingroep nie in konflik tot die groter instituut staan nie maar as 'n element van die kerk wat eerder leemtes kan vul as om die probleme te vererger (Wuthnow 1994:22). Hy sien die kleingroep as 'n weg uit die ou tradisionele siening van die kerk:

> If small groups are the glue holding together American society (as some argue), they are then a social solvent as well. They provide a way out of the traditional attachments that formerly may have bound people tightly to their communities (Wuthnow 1994:25).

Ons sal dus prakties teologies nuut moet dink oor die kerk; presies wáár die kleingroep inpas, ekklesiologies gesproke. Daar kan maklik geredeneer word, soos reeds gesê, dat die kleingroep bloot 'n nuwe truuk is om lewe in die kerk te kry. Die saak gaan egter dieper: die kleingroep is nie bloot 'n aanhangsel aan die kerk nie, maar die kerk word vanuit die kleingroep gekonstrueer. In hierdie verband maak Calahan die volgende opmerking:

> A congregation is a collection of groups. There is, finally, no such thing as a large church. What we call a large church is a collection of small congregations who have enough in common to share the same centralized space and facilities and the same pastor and pastoral staff.

> The art of serving a large church is, in fact, the art of serving a cooperative parish. With the exception of small congregations that are, in themselves, primary significant relational groups, most local churches are collections of groups (Calahan 1983:36) .

Richards meen tereg dat die kleingroep die basiese boustene van die lewe van die kerk is (Richards 1970:152). Maddocks huldig ook hierdie standpunt. Hy meen dat die kleingroep die "doel" van die liggaam van Christus is (Maddocks 1981:149,150) Potgieter verwys ook na die kleingroep as die "primêre groep" in die kerklike lewe (Potgieter 1995:48). Hy vra dan die vraag waarom gemeentes "klein" moet wees. Die antwoord is dat dit die enigste wyse is waarop intieme lewensgemeenskap (koinonia) beoefen kan word (Potgieter 1995:49).

Dudley in sy insiggewende boek "Making the small Church effective" huldig ook die standpunt dat die kleingroep die boustene van die gemeente is: "The small group is, of course the building block of every congregation" (Dudley 1989:34). Sy uitgangspunt is dan om te sê dat 'n klein gemeente opgebou is uit een basiese kleingroep, terwyl groter gemeentes uit meer kleingroepe opgebou is. Tereg maak hy die konklusie dat kleingroepe die lewende selle van die kerk as liggaam van Christus geword het (Dudley 1989:34) (vgl. Ook Girard 1972:132, Miller 1986:165, Potgieter 1995:1, Burger & Simpson 1997:8, Leslie 1964:33, Ashbrook 1964:23, Cook 1983:49). Burger gaan so ver as om te beweer dat die kleingroep 'n vaste deel "op party plekke die hart - van ons gemeentelewe geword" het (Burger 1995:91).

Carl George beweeg ook in die kringe wat meen dat die kleingroep die basiese boustene van die kerk is: "Thus the church of the future, though far bigger than the typical parish of today, will not be known for its central meeting spot, but for its small-group-ministry 'franchise'" (George 1992:22).

Ons het reeds verwys na die drie funksies wat Richards aan die kleingroep in die kerk gee: geestelike groei, koinonia en mobilisering tot 'n verbintenis aan die bediening. Die belangrike punt wat hy wil maak is dat die kerk eers "kerk" is wanneer die drie funksies van die kleingroep in balans met mekaar staan (Richards 1970:155).

Dit wil voorkom asof dit ook die uitgangspunt van die selgemeentebeweging is. Wat is 'n selgemeente? "'n Selgemeente is 'n huisgroep gelowiges wat die wesenlike eienskappe van gemeente-wees vertoon en wat as geloofsgemeenskap funksioneer sonder om die band met die groter gemeenskap van gelowiges en die kerk in die breë af te skeep" (Potgieter 1995:21).

Wat Calahan dus eintlik sê is dat enige gemeente uit verskillende groepe bestaan. Hierdie samegroeperings kan natuurlik bewustelik of onbewustelik bestaan. (Vergelyk ook Hendriks se aanvullende koinoniaverbande 1992:94) Die selgemeentekonsep wil hierdie natuurlike verskynsel van mense om saam te groepeer gebruik om 'n meer funksionele kerk daar te stel wat dan ook inpas by 'n prakties teologiese ekklesiologie wat die liggaamsmodel voorstaan. "Die selgemeentemodel is die volle kerklike lewe gebou op die selgemeente as die basiese eenheid. Alle aspekte van die kerk word

hierdeur geraak - dit beïnvloed die bedieningspraktyk op al die terreine" (Potgieter 1995:47).

## 10.1 Waarom groei die belangstelling in kleingroepe?

Die moderne mens se sosiale lewe is besig om ingrypend te verander. Hierdie verskynsel word veral in die VSA en Europa gesien. Aanvanklik was die mens se lewe stewig ingebed in vaste sosiale strukture en verhoudings. "Dit het heeltemal verander. Veral mense se gevoel van verbondenheid aan middelgrootte instansies het skade gely, word gesê. In die plek daarvan het 'n *binding aan makro- en mikroverbande* gekom" (Burger & Simpson 1996:15).

Die moderne eeu het die gevoel van individualiteit versterk. Hierdie individualiteit het weer gelei tot die gevoel van eensaamheid binne hierdie sogenaamde gesofistikeerde wêreld van die moderne tyd. Die opkoms van die kleingroep kan dus teen die agtergrond gesien word van die besef dat die mens nie regtig alleen kan leef nie (Burger & Simpson 1997:16).

'n Derde rede vir die groei wat die kleingroepbeweging geniet, is die disintegrasie van die huwelik en die gesin. Ons het reeds gesê dat sterk gesinsbande die voortbestaan van die kerk verseker. Waar dié bande tot niet gaan, vul die kleingroep die leemte aan.

### *11. Diversiteit van kleingroepe*

Kleingroepe is nie net beperk tot die bestaan van bybelstudiegroepe of selgemeentes nie. Daar bestaan 'n groot diversiteit van kleingroepe: "There is a wide variation among different types of groups. For example, Bible studies, twelve - step groups, and book discussion groups may all provide caring and support and yet do so for people with very different interests" (Wuthnow 1994:22). Later maak Wuthnow 'n gelykluidende uitspraak as hy sê: "Overall, this broad appeal means that the small-group movement is also quite diverse, reaching people of virtually all ages, socioeconomic groups, and geographical locations. No major demographic category seems to be excluded from this phenomenon" (Wuthnow 1994:48). Ons het reeds in die vorige punt daarop gewys dat die kerk 'n versameling van kleingroepe is. Ook Barnard wys ons op die ryke verskeidenheid van groepe wat daar in die kerk kan funksioneer (Barnard 1979:132).

### *12. Invloed van omgewingsfaktore op die kleingroep*

Die kerk leef nie in 'n geïsoleerde wêreld nie, maar vorm deel van 'n breër gemeenskap waarbinne dit funksioneer. Tereg meen Wuthnow dat die omgewing 'n rol speel in die optrede van die groep (Wuthnow 1994:23). Potgieter stem ook saam dat die kleingroep sosiologies deel vorm van groterwordende geloofsgemeenskappe wat weer deel vorm van 'n groter verband. Hy noem dit jou "primêre groepsverband", as die kleinste verband met tussen twaalf tot twintig mense. Die "sekondêre groepsverband" verteenwoordig die

volgende sirkel van invloed en dan onderskei Potgieter selfs 'n "tersiêre groepsverband" (Potgieter 1995:106,171).

Om die invloed van die omgewing te begryp moet ons verstaan dat die kerk as 'n sisteem funksioneer. Die kerk is 'n sisteem wat binne groter sisteme bestaan en funksioneer.
Tereg meen Mead dat die gemeente meer as die somtotaal van die mense daarin is. In die gemeente bestaan daar vier dimensies wat ons help om die kerk as 'n sisteem te verstaan:

> **Program**: What a congregation does, what appears on its calendar of events and its table of organization;
> **Process**: How the congregation does what it does, how decisions are made and leadership is exercised;
> **Context**: Where the congregation exists within its world, its community, and the interactions between the two; and
> **Identity**: Who the congregation is in its "personality," what its traditions and soul are about (Mead 1993:64).

Mead gaan voort om na die gemeente te verwys as 'n komplekse organisme, wat met sy omgewing interaksie beleef:

> Systems have a boundary that distinguishes and separates them from their environment. They receive inputs from the environment, they act upon those inputs in their own characteristic ways (the throughputs) and they send their outputs back into the environment (Mead 1993:65).

'n Gemeente kan dus as 'n sisteem beskryf word wat na buite in 'n organiese verband staan tot ander sisteme soos byvoorbeeld die skool, ander gemeentes en kerke. Kotze onderskei self 'n paar "suprasisteme" bv. die ring, sinode en die staat (Kotze 1987:170). Na binne bestaan die gemeente ook uit verskillende sisteme of subsisteme, wat met mekaar in verband staan.

Kotze meen nou tereg dat vanuit 'n sisteembenadering die kleingroep 'n logiese bousteen vorm in die opbou van die gemeente. Die kleingroep is een van die subsisteme van die gemeente. Die doel van 'n subsisteem is om die groter sisteem in staat te stel om sy funksie te verrig (Kotze 1987:172). As sisteem staan die kleingroep in interaksie met sy omgewing.

### *13. Die kleingroep in die makrokerkkonteks*

Die kleingroepbeweging word tans hoofsaaklik met die "makrokerkkonsep" geassosieer (vgl. Wuthnow 1994:70). Carl George gaan van die standpunt uit dat die tyd van die "kleinkerkkonsep" verby is en dat die toekoms geken sal word deur groot kerke met kleingroepe:

> I predict that many churches of the future will be larger than anything we've imagined. In fact, the next generation of churches will dwarf our current successes - including the world's largest, the great congregation in Seoul, which is rapidly pushing toward a three-quarters of a million figure (George 1992:22).

George sien die toekoms van die kerk as 'n megakerk met 'n sentrale erediens maar met 'n kleingroepbediening daar rondom (George 1992:22). Later in sy boek stel hy dit so: "I envision the beyond-huge church, therefore, as a metropolis-wide convention of mice-size groups. The term mouse contains added significance in that each of these furry balls of life,...represents a tiny, home-based cluster of believers" (George 1992:51).

Hierdie nuwe "kerk" wat George voorstaan is die sogenaamde "meta" kerk. George gebruik die term "meta" in teenstelling met die term "mega" of "makro" wat algemeen in die vakliteratuur gebruik word om na die sogenaamde "groot" kerke te verwys. Die term "meta" verwys vir George na "verandering". "The name Meta-church, then is quite distinct from megachurch. This new label allows for greater numbers, but its deepest focus is on change: pastors' changing their minds about how ministry is to be done, and churches' changing their organizational form in order to be free from size constraints" (George 1992:51).

Neighbour met sy "cell-church" model is ewe positief oor die kleingroep in die makrokerkkonteks. Vanuit sy beredenering is dit duidelik dat al die "cell" kerke waarby hy betrokke was in die makrotradisie gestaan het. Die grootste sukses van sy model is die kerk FCBC in Singapoer wat in 'n bestek van ongeveer ses jaar fenomenaal gegroei het tot meer as sesduisend lidmate. Neighbour skryf die sukses van die model toe aan die volgende redes:

> They are more efficient than the traditional churches. In the traditional church, only ten to fifteen per cent of the membership are engaged in the tasks required to make the church function....
> They are based on the scriptural concept of community...
> They focus on the importance of prayer for their ministries...
> They penetrate deeply into the structures of the city...The life of the church is to be found in the homemeetings...
> They are not circumscribed by the size of a church building... (Neighbour 1990:21).

### *14 Die kleingroep in kleingemeente konteks*

In die vorige punt het ons uitgewys dat daar 'n beweging is wat wil sê dat die kerk van die toekoms hoofsaaklik vanuit 'n makrokonteks sal funksioneer, met kleingroepe as die boustene van so 'n kerkbegrip. Die vraag ontstaan nou of die kleingemeente konteks dan nog enige bestaansreg sou hê. Dit is die skrywer se siening dat daar beslis plek vir die kleingemeente konteks is. Tereg meen Dudley dat die kleingroep die boustene van elke gemeente is, en dat groter gemeentes uit meer as een sulke boustene kan bestaan. Die kleingemeente is tereg vir hom heel uniek: "But small churches are unique. They are not multicelled organisations with a common base. Small churches are a single, caring cell embracing the whole congregation" (Dudley 1989:34).

Dudley dui tereg die verskille van 'n meersellige en 'n enkelsel gemeente aan:

> The multicelled church is typically open and waiting. The single-cell church is less open but more durable. The multicelled church is designed for diversity and expansion. The single-cell church is more appropriate for caring, and surviving. In the hostile environment of a culturally changing community, the multicelled church must be sustained from outside sources, or it will die (Dudley 1989:40).

In die boek van Dudley "Making the small church effective" is dit duidelik dat hy wel die beginsels van die kleingroepkonsep aanvaar, maar dat dit vir hom hoofsaaklik binne 'n kleingemeente tuishoort wat hy die "primary cell" noem. In sy denke is daar dus nie regtig plek vir die makrokonteks nie, soos hy self in die aanhaling hierbo gemeld het.

Vir die skrywer is Dudley se siening te eng, alhoewel hy groot waardering het vir die feit dat Dudley die kleingemeente opset verduidelik en daaraan bestaansreg gee. Die skrywer meen dat dit moontlik die fout van die makrokerke kan wees dat hulle weer net aan die makrokonsep bestaansreg wil gee. Die feit is dat beide 'n plek het binne 'n prakties teologiese ekklesiologie. Daar is ruimte vir die makrokerkkonsep met sy diverse bedieninge en sy kleingroepe, maar ewe-eens is daar ruimte vir die kleingemeente konsep waar die gemeente as 'n primêre groep funksioneer.

## *15. Kleingroepe in gemeentebou perspektief*

Die hipotese waarmee hierdie studie werk is dat gemeentebou 'n pastorale proses is. In hoofstuk vier is hierdie proses ten volle bespreek: 'n pastorale proses wat die lidmaat moet lei tot geloofsvolwassenheid. As bedieningspraktyk om hierdie groeiproses te fasiliteer, is die "liggaam-van-Christusmodel" as ekklesiologiese uitgangspunt geneem - 'n model wat prakties in die kleingroepbediening uitloop. Hierdie studie staan dus op die standpunt dat gemeentebou as 'n proses van geloofsgroei net moontlik is in 'n milieu waar daar koinonia bestaan en dat koinonia hoofsaaklik in die kleingroep beleef word.

Die skrywer stem dus volkome saam met Hendriks wat sê:

> Ondanks al die gevare is die kleingroep van wesenlike belang in elke gelowige se lewe en in elke gemeente se bestaan. Die proses van heiligmaking en volharding kan nie sonder koinonia voltrek word nie. *Die kleingroep is die geestelike groeipunt van 'n gemeente.* Koinonia kan nie in die erediens beleef word as daar nie koinonia in die kleingroepe is nie (Hendriks 1992:99, vgl. Ook Ashbrook 1970:179).

Hieroor maak Arnold 'n belangrike uitspraak: "...small groups can go a long way toward engaging people in personal growth. Small groups help them to grow in relationships and stimulate them to make a difference in their families, church and world" (Arnold 1992:28). Vir Ashbrook is die beginpunt van vernuwing in die kerk die kleingroep (Ashbrook 1964:23).

Wanneer Nel oor die dinamiese kragte praat wat aanwesig is in die gemeentebouproses, verwys hy na vyf bronne, of soos hy dit stel "motiveringsbronne", wat in elke gemeente in 'n mindere en 'n meerdere mate aanwesig is:

> **Medelye** ("compassion") - omgee, deel, ondersteuning;
> **Gemeenskap** ("community") - gelukkige saamwees, behoort, bewussyn van familie en tuiste;
> **Uitdaging** ("challenge") - bereik, volvoer, behaal;
> **Redelikheid** ("reasonability") - logiese denke, analities, goeie oordeel;
> **Verbintenis** ("commitment") - betroubaarheid, lojaliteit en toewyding aan 'n taak (Nel 1993:124).

Wat hier van belang is, is die plek waar hierdie motiveringsbronne in 'n gemeente funksioneer. Alhoewel Nel dit nie eksplisiet sê nie, kan ek nie anders as om dit binne die kleingroep te gaan soek nie. Tereg sê George in hierdie verband: "smaller groups...are the essential centers of growth" (George 1992:27). Vir George is die kleingroep ook die fundamentele "boustene" van die gemeente (George 1992:87, sien ook Hendriks 1988:49). "Vanuit die sisteembenadering is die kleingroep 'n logiese bousteen in gemeentebou" (Kotze 1987:170). Sherman gaan sover om te sê: "The big news in church growth is small groups" (Sherman 1993:4). Sy konklusie is die volgende: "The basic building blocks for the church growth are celebration, congregation, and cell..." (Sherman 1993:9). Gibbs gaan voort om te sê: "The proliferation of small groups has been one of the most significant developments in church life in recent years" (Gibbs 1982:234).

Tereg kan ons nou tot die konklusie kom dat die kleingroep die plek is waar daar groei in die gemeente sal plaasvind. Die kleingroep is die ruimte waar koinonia beleef en geleef word, en so groei die lidmaat tot geloofsvolwassenheid in die gemeente. 'n Prakties teologiese ekklesiologie van gemeentebou waar daar nie deeglik rekening gehou word met die bestaan en funksionering van kleingroepe nie, is uit pas met die behoeftes van die kerk.

# HOOFSTUK 7

## *Bedieningspraxis, 'n vergelyking tussen kleingroepmodelle*

### *1. Inleidende opmerkinge*

In die vorige twee hoofstukke het ons probeer om die wese van die studie aan te spreek. Hoofstuk vyf het op die konsep koinonia gekonsentreer. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat koinonia 'n wesenlike deel van die gemeentelewe moet wees. Tradisioneel is die erediens gesien as die plek waar koinonia uitgeleef moet word. In hoofstuk ses is aangetoon dat die kleingroep die plek is waar koinonia uitgeleef moet word.

Twee standpunte omtrent kleingroepe kan geïdentifiseer word wat die studie se aandag verdien:

- Die "gedeeltelike" kleingroep standpunt.
- Die "selkerk" standpunt.

### *2. Die kerk met kleingroepe of gedeeltelike kleingroepbediening*

Die tradisionele bedieningspraxis kan as 'n gedeeltelike kleingroepbediening getipeer word. Kleingroepe was nog altyd in een of ander vorm deel van die kerklike praxis. Alle gemeentes, veral in die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika, is gewoond aan

die wyksisteem wat in die gemeentes funksioneer. Ander kleingroepe het ook in die kerk voorgekom, soos byvoorbeeld Bybelstudiegroepe en diensgroepe. In sekere gemeentes het daar ook 'n kleingroepbediening ontstaan wat as die "omgeegroep" benadering bekend gestaan het.

Dit moet duidelik gestel word dat hierdie kleingroepmodel uitgaan van die tradisionele ekklesiologie (sien hoofstuk 3 in hierdie verband). Die uitgangspunt van hierdie standpunt is om die kerk te tipeer as 'n "kerk met kleingroepe". Die gemeente word nie vanuit die kleingroep gekonstrueer nie maar vanuit die sentraliteit van die verkondiging. Kleingroepe in hierdie standpunt is slegs aanhangsels tot die gemeente. Talle gemeentes wat vandag meen dat hulle 'n kleingroepbediening het, val in hierdie kategorie.

### *3. Die selmodel*

Die tweede kleingroepmodel is die sogenaamde "selkerk"-model. Waar die gedeeltelike kleingroepkonsep tipies van bo gekonstrueer word vanuit die sentraliteit van die woordverkondiging en die ampte, word die "selkerk"-model van onder gekonstrueer, vanuit die liggaamsmotief.

Die "sel" vorm in hierdie model die kern of die wese van die gemeente. Die "sel" is die ruimte waar die gemeentelike aktiwiteite plaasvind en waar koinonia prakties uitgeleef word. Die "selkerk" bestaan dus uit talle "selgemeentes" wat saam 'n groter gemeente vorm, die "selbyeenkoms" is die hart van die "selgemeente". Al die

"selgemeentes" kom byeen in die erediens wat as 'n "celebration" of "viering" bekend staan.

Hierdie studie vereenselwig hom met die doelwitte van die "selkerk"-konsep. Die "selkerk"-konsep pas ook goed in by die liggaamsmodel. Hiermee wil die skrywer nie die gedeeltelike kleingroepkonsep afskryf nie, aangesien daar talle gemeentes is wat effektief op daardie model gebaseer is. Hierdie studie kies egter vir die selmodel, aangesien dit die enigste model is wat die "liggaam-van-Christusmodel" ten volle akkommodeer. Dit het tot gevolg dat die kerk vir homself sal moet besluit om die paradigmaskuif te maak of om binne die tradisionele paradigma te bly. Die literatuur is dit egter eens dat 'n kerk wat nie die skuif gaan maak nie, irrelevant gaan word in die toekoms, want dit spreek nie meer die postmoderne mens aan nie. Die selmodel is juis geskik vir die postmoderne tyd waarin die kerk nou inbeweeg.

Daar is tans drie selkerkmodelle wat die aandag van hierdie studie verdien:

- Die "cell-church"- model van Neighbour.
- Die "meta-church"- model van George.
- Die "selgemeente"-model van Potgieter.

### 3.1 Die "cell-church" model van Ralph Neighbour

In 1993 het die breë kerklike gemeenskap in Suid-Afrika van die werk van Ralph Neighbour kennis geneem tydens sy eerste besoek aan die land. Sy sogenaamde "nuwe" denke oor gemeentebou het 'n rewolusie in die kleine veroorsaak. Veral sy

boek "Where do we go from here? A guidebook for the cell group church" het die kerk aan die praat gehad. Neighbour se invloed is hoofsaaklik tot die Pinkster- en die Charismatiese kerke beperk, alhoewel die model tog ook 'n invloed op die Gereformeerde wêreld het.

Neighbour het oor 'n tydperk van ongeveer drie jaar 'n beduidende invloed op die kerklike terrein in Suid-Afrika gehad. 'n Kerk soos die Apostoliese Geloofsending het selfs besluit om die Neighbourmodel amptelik te aanvaar.

Neighbour se model word hoofsaaklik gestimuleer deur sy werk in Singapoer. Die wese van sy model is die "cell group church"- konsep. In sy boek maak hy die stelling: "It is time for a second Reformation" (Neighbour 1990:38). Hiermee bedoel hy dat die kerk 'n nuwe reformasie moet ondergaan, wat niks anders is as 'n paradigmaskuif wat die kerk moet maak nie.

Die hipotese waarmee Neighbour werk, is om te beweer dat die kerklike strukture totaal ontoereikend geword het vir die uitdagings van ons tyd, veral in die stedelike opset. Aangesien die wêreld in 'n greep van verstedeliking vasgevang is, moet die strukture van die kerk aanpas by die veranderende omstandighede (Neighbour 1990:14). Hy beweer dat die tradisionele kerk met "landelike" metodes probeer om 'n stedelike gemeenskap te bereik - en besig is om in die poging die stryd te verloor.

Die primêre oorsaak vir hierdie probleme wat die kerk beleef, skryf hy toe aan die sogenaamde "PBD" konsep van kerkwees:

> The term describes a structure of church life that is neither biblical nor efficient. It's used by nearly one hundred percent of all traditional churches today, whether they are Evangelical, Liturgical, Pentacostal, or "Fullness" in their theology. It has taken a century for this virus to infect the church worldwide, and it may take another half-century before it finally succeeds in decimating the structures it infects. "Program Base Design" churches rightly acknowledge that the foundation of their church is Jesus Christ. What they build upon that foundation is their error, an error which utterly annihilates what makes the church authentic (Neighbour 1990:39).

Neighbour fundeer die selkerk konsep op die feit dat die Nuwe Testamentiese kerk uit kleingroepe bestaan wat in huise bymekaar gekom het. Die basiese beginsel waarmee hy werk is om dan te sê: "One of the greatest struggles of those wishing to make the transition from P.B.D. church life to cell church life involves this shift in thinking: the cell is the church, and the church is the cell. It is the basic building block of the lager community called "local church" (Neighbour 1990:68).


Die sel is dus vir Neighbour volledig kerk. Die sel word nou die plek waar daar koinonia uitgeleef word. (Sien hoofstuk vyf in hierdie verband.) Neighbour fundeer sy siening van "community" of koinonia vanuit die onderlinge verhouding binne die Drie-eenheid. God het die mens in die eerste plek geskep om gemeenskap met Hom en dan met mekaar te hê.

Na aanleiding van die prominente plek wat koinonia in die Ou Testament en later in die Nuwe Testament en die vroeë kerk gehad het, maak Neighbour die volgende gevolgtrekking:

> Cell churches are the only way that true community can be experienced by all Christians. It is not a "purist's dream" to suggest the church should structure itself around this truth. Rather, it is a return to a lifestyle which has been bastardized by centuries of unbiblical, crusted traditions. The cell group is not just a portion of church life, to be clustered with a dozen other organizations. It is church life; and when it properly exists, all other competing structures are neither needed nor valid (Neighbour 1990:112).

Neighbour se model is dus 'n totale kleingroepmodel waarin die sel die primêre rol van alle kerklike bedrywighede speel. Hierbo is gepoog om die kern van Neighbour se model weer te gee. Dit het egter veel meer om die lyf.

### 3.1.1 Die Neighbourmodel skematies voorgestel




(Neighbour 1990:195,196)

Die Neighbour model werk met verskillende vlakke van leierskap. Dit is 'n van bo na onder model. Die "Shepherd group" vorm die basis van sy model. Dit is niks anders as 'n selgroep nie.

Oor elke vyf "Shepherd groups" is daar 'n "Zone Servant" aangestel wat verantwoordelik is vir die vyf "Shepherds". Die "Zone Servant" monitor die versorging van die "Shepherd groups".

Oor elke vyf "Zone Servants" is daar 'n "Zone Pastor" aangestel. Daar is dus drie vlakke van leierskap in so 'n sone. Deur hierdie sone struktuur te dupliseer is dit moontlik om 'n baie groot gemeente doeltreffend te bestuur. Dit is dan ook die struktuur wat Neighbour in Singapoer met groot sukses toegepas het.

### 3.1.2 Gevolgtrekkings

1. Met sy totale kleingroepmodel het Neighbour die kerklike toneel in Suid-Afrika kom aanspreek en nuwe horisonne kom open.
2. 'n Positiewe bydrae wat Neighbour gebring het is die missionêre gerigtheid van die selkerkkonsep.
3. 'n Probleem met Neighbour se model is dat dit teologies swak is. Hy fundeer sy model op die praktyk en nie op 'n goed gefundeerde ekklesiologie nie.
4. Die skrywer stem saam met Kellerman in sy kritiek op Neighbour as hy sê: "Alhoewel daar 'celebration' as 'n gesamentlike geleentheid plaasvind, is die gevaar dat die selgroepe verabsoluteer word" (Kellerman 1997:6).
5. Neighbour se eksegese om 'n direkte lyn vanuit die Nuwe Testament te trek na die kleingroep vandag is nie teologies haalbaar nie. In die vorige hoofstuk is die saak deeglik bespreek. Die Nuwe Testament kan nie as 'n bloudruk vir die bestaan van groepe gebruik word nie, maar kan wel as 'n oriëntasiepunt dien,

waarvanuit ons die beginsels kan aflei. Die kleingroepkonsep is dus eerder op die praxis as die Skrif gefundeer.

6. Die wese van die kritiek op die werk van Neighbour, is sy totale afwysing van die sogenaamde "P.B.D." kerke. Die kritiek in sy boek is so fel dat dit feitlik onmoontlik lyk om 'n tradisionele of "P.B.D" kerk na 'n "selkerk" om te skakel. Dit is nie vir die skrywer aanvaarbaar nie.
7. Alhoewel daar legitieme kritiek op Neighbour se model is, het hy die kerk se horisonne kom verbreed met nuwe denke oor kerkwees.
8. Met sekere aanpassings sou Neighbour se model wel met vrug in Gereformeerde kringe gebruik kan word. Potgieter het na die skrywer se mening daarin geslaag.

### 3.2 Die "Meta church"- model van Carl George

Carl George met sy "meta church"- model is nie so bekend in Suid-Afrika soos die Neighbour model nie. Nogtans lewer George se "meta church"- model 'n waardevolle bydrae tot die kleingroep debat. Carl George is die direkteur van die "Institute of Evangelism and Church Growth" aan die Fuller Teologiese Seminarium in die VSA. Hy het twee werke gepubliseer waarin hy die "meta church"- konsep verduidelik: "The coming Church Revolution" en "Prepare your Church for the Future".

George begin sy boek "The Coming Church Revolution" met die volgende stelling: "Our purpose is not to invent a future, but rather to discover the future to which God is calling his people" (George 1994:25). Hy verduidelik sy siening van die kerk se toekomsverwagting met die beeld van 'n rusper en 'n skoenlapper:

> The key to understanding this book is the ability to understand the difference between a caterpillar and a butterfly. Imagine a drabcolored caterpillar as it spins a cocoon around itself at the biologically appropriate time. Then, through the mystery of the chrysalis (or cocoon) experience, it becomes transformed. It emerges as something new; a beautifully winged creature...The church today is experiencing that same kind of transformation...The church now emerging is no more like the church we have known than the butterfly is like the caterpillar (George 1994:25).

Hiermee het George die wese van die "Meta-church"- model saamgevat. Sy beeld wil eintlik sê dat daar nie tyd is vir die kerk om evolusionêr te verander nie. Die transformasie in die kerk is eerder soos die dramatiese verandering van 'n rusper na 'n skoenlapper. Sy bedieningspraktyk om hierdie transformasie te fasiliteer noem hy die "Meta-church"- model. Die term "meta" kom van die Griekse prefix wat verandering beteken: "Thus the idea of Meta-church means a church in transition, a church that is turning, a church that is becoming" (George 1994:26). George meen self dat die einde van hierdie proses van transformering nog nie duidelik is nie. Die kerk is op pad, waarheen, dit weet hy nog nie.

Die "meta-church"- konsep fokus eerder op verhoudinge en beginsels as op programme (George 1994:27). Nogtans beskou George die "meta-church"- konsep nie bloot as 'n kleingroepbediening nie. "The Meta-Church, therefore, is not the same as a small-group system... It's much more. It's a way of understanding when cell-size ministry is not present, and where the probable blockages are" (George 1994:29).


George vat die kern van die "meta-konsep" saam in die volgende paar punte:

- Die "Meta-Church" is 'n nuwe struktuur, so ontwerp om leraar- en lidmaatsbetrokkenheid in 'n vennootskap te fasiliteer.
- Die primêre bron van onderlinge sorg is 'n netwerk van kleingroepe en nie die geordende leraars nie.
- Die model word gekonstrueer rondom 'n sisteem van leke met pastorale gawes.
- Die doel is: "on developing its staff and volunteer leaders into a network of evangelistic care units" (George 1994:30).
- Die "meta-Church" moet in staat wees om groot numeriese groei te hanteer sonder om die sorg aan die individu af te skeep.
- Die pastorale las word versprei tussen die geestelike leierskap en die amp van die gelowige.
- Die "Meta-Church" moet in staat wees om op 'n deurlopende basis homself te evalueer en die nodige korreksies aan te bring. (George 1994:30)

George plaas 'n groot premie op toegeruste leiers. Sonder toegeruste leiers kan die kerk nie sy taak vervul nie. Leiers is verantwoordelik om toe te sien dat die kleingroepe goeie verhoudinge opbou om so die onderlinge sorg te bevorder. Vandaar sy klem op verhoudinge eerder as op programme. Die plek van die kleingroep in die model is nie 'n doel opsigself nie - die kleingroepe staan altyd in verband met die groter eenheid. Die erediens as viering neem ook 'n sentrale plek in hierdie model in. Die erediens funksioneer dan as 'n "convention of cells" (George 1994:140).

George onderskei twee sigbare elemente in die "meta"- model: "the two most visible elements of a Meta-Church are the small, home-based group and the celebration group" (1992:59).

### 3.2.1 Die Carl Georgemodel skematies voorgestel




(George 1994:219)

Terwyl Neighbour en Potgieter 'n sekere "selgemeente" struktuur voorstaan met uitgewerkte vlakke van leierskap, vind ons by George 'n veel ingewikkelder kleingroepsisteem.

George verdeel sy model in ses kleursones met elk 'n eie bedieningsfokus:

Die eerste sone van onder gesien is die **blousone**. Die blousone verteenwoordig die tradisionele vlak van pastorale sorg, byvoorbeeld siekebesoek, krisishantering ensovoorts. Hierdie sone is dus op die fisiese behoeftes van die gemeente ingestel.

Die tweede of **groensone** is weer ingestel op die geestelike versorging van die lidmate (George 1994:198). Kleingroepe wat op versorging ("nurture") ingestel is funksioneer in hierdie sone.

Die derde of **geelsone** verteenwoordig die na "buite" gerigtheid van die gemeente. Dit is die ruimte waar nuwe lidmate vir die gemeente gewerf word. Dit is dus die voedingsbron vir die numeriese groei van die gemeente.

Die **oranjesone** verteenwoordig 'n verskeidenheid bedieninge wat nie in enige van die ander sones geakkommodeer kan word nie (George 1994:165).

Die **rooisone** word ook genoem die "celebration zone" (George 1994:133). Hierdie sone verteenwoordig die groot byeenkomste van die gemeente soos byvoorbeeld die eredienste.

Die laaste of **perssone** verteenwoordig die vlak waar die leierskapontwikkeling plaasvind. Die model steun swaar op goed toegeruste leiers om die model te laat slaag.

### 3.2.2 Gevolgtrekkings

1. Die grootste waarde van die "Meta Church"- model is die klem op goed toegeruste leiers. Vir die goeie funksionering van enige kleingroepbediening is die gehalte van die leiers van kardinale belang vir die voortbestaan van hierdie model.
2. Hierdie model is nie bedoel vir die klein gemeentekonsep nie, maar vir die Makrogemeentekonsep.
3. Die negatiewe in George se model is dat hy alles in die gemeente in kleiner groepe of selle indeel. Dit maak die struktuur van die gemeente ingewikkeld om te verstaan en moeilik om te bestuur. Kellerman gaan sover om te beweer dat George die kleingroep verabsoluteer (Kellerman 1997:7).

### 3.3 Die selgemeentemodel van Marius Potgieter

Die derde kleingroepmodel waaraan hier aandag gegee word is die "selgemeente"-model van Marius Potgieter. Potgieter se selgemeentemodel is tans die model wat binne die Ned. Geref. Kerk redelike aanhang geniet. Terwyl die Neighbour model veral binne die pinkster en charismatiese groepe figureer, is die selgemeentemodel van Potgieter meer aangepas vir die gereformeerde tradisie. Die vraag is nou, wat is 'n selgemeente?: "'n Selgemeente is 'n huisgroep gelowiges wat die wesenlike eienskappe van gemeente-wees vertoon en wat as geloofsgemeenskap funksioneer sonder om die band met die groter gemeenskap van gelowiges en die kerk in die breë af te skeep" (Potgieter 1995:21).

Die basiese uitgangspunt van die selgemeentemodel is volgens Potgieter verrassend eenvoudig: "die gemeente moet weer klein wees sodat liefde onderling prakties beleef kan word" (Potgieter 1995:1). Weens die gebrek aan ware onderlinge liefde (koinonia) beweer Potgieter dat die kerk in 'n groot mate vir die deursnee mens irrelevant begin word het. Die kerk is gewoon nie meer ter sake nie.

> Talle mense het geen band meer met enige kerk nie en dit maak geen verskil aan hulle nie. 'n Groot deel van die Christene in Suid-Afrika ervaar die kerk as iets op die kantlyn van hulle lewens. Hulle kom slegs by geleenthede met die kerk in aanraking of met verteenwoordigers van die kerk soos die predikant, priester of pastoor. Hulle dink maar min oor die kerk terwyl hulle met hulle daaglikse werk en ander bedrywighede besig is (Potgieter 1995:2).

Terwyl die deursnee christen besig is om apaties te raak teenoor die kerk, is en bly die kerk vir God belangrik. Die selgemeentemodel is dus 'n poging om die kerk weer relevant te maak.

> Die selgemeentemodel gaan uit van die basisteorie dat die gemeente 'n lewensgemeenskap van gelowiges is en daarom kan geen lidmaat los van 'n selgemeente leef nie. Die tradisionele model gaan uit van die basisteorie dat die kerk 'n formele geestelike organisasie is. Daarom is lewensgemeenskap ideaal maar nie noodsaaklik nie; lidmate wat wil, kan by groepe inskakel maar is nie verplig nie (Potgieter 1995:113).

Die kerk, as dit die selkonsep aanvaar, sal dus 'n duidelike paradigmaskuif moet maak.

Potgieter se selgemeentemodel en Neighbour se "cell-church"- model vertoon egter heelwat ooreenkomste. Die praktykteorie van albei modelle is dieselfde, maar volgens Potgieter is daar verskille op die basisteoretiese vlak. Potgieter sê self dat wat die praktyk betref, daar baie ooreenkomste is met die selgemeentemodel, deels omdat laasgenoemde baie daaruit kon leer. Al is daar baie punte van ooreenkoms wat die praktyk betref, is daar belangrike redes waarom die selgemeentemodel bo Neighbour se model verkies word:

1. Die teologiese basis is uiters belangrik. Die selgemeentemodel is op die Gereformeerde teologie gebaseer terwyl Neighbour se model 'n ander basis het.
2. Dit is noodwendig dat Neighbour nie die situasie van die kerke met 'n Gereformeerde belydenis in Suid-Afrika ken nie. (Potgieter 1995:23)

Die pluspunt in Potgieter se model, is sekerlik die Gereformeerde basis van die model. Die basis van die selgemeentemodel berus baie deeglik op die beginsels van die Skrif. Dit is ook die beginsels wat deur die Gereformeerde tradisie aanvaar en bely word:

1. Christus is die Hoof van die kerk, die liggaam van Christus, en dus ook die Hoof van die gemeente.
2. Die Skrif is die Woord van God en word deur die Heilige Gees gebruik om die gemeente te regeer.
3. Die kerk is nie abstrak en onsigbaar nie - die een, heilige, algemene Christelike kerk, word sigbaar in die plaaslike gemeente wat die openbaring van die liggaam van Christus is.


4. Die gemeente is 'n geloofs- en verbondsgemeenskap van gelowige gesinne wat deur hulle verbondenheid aan Christus gered is en diensbaar moet word aan Christus.
5. Elke gelowige is priester, profeet en koning deur hulle verbondenheid aan Christus, en daarom het elke gelowige 'n bediening waarin hy of sy staan.
6. Christus het sekere mense afgesonder om namens Hom die gemeente te regeer en te bestuur. Hulle is nie "heiliger" as ander nie, maar het tog die gesag ontvang om dienend te werk. Die gesagstruktuur is nie hiërargies nie, maar is gelyk in die bedieningstaak.
7. Die gemeenskap van die gelowiges in die gemeente het die taak om die evangelie uit te leef en te verkondig oor die hele aarde. Elke lidmaat is geroepe om as 'n getuie te leef.
8. Vir hierdie taak moet die gelowiges opgebou en versorg word, onder leiding van geestelike leiers wat verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar.
9. By die eredienste staan die woordverkondiging en die sakramente sentraal.
10. Die gemeente kan ook nie alleen bestaan nie en daarom staan die gemeente in verband met ander gemeentes. Hierin lê die eenheid van die kerk as volk van God opgesluit. (Potgieter 1995:27,28)

Die selgemeentemodel funksioneer dus binne die bogenoemde Gereformeerde raamwerk.

Die selgemeente wil dus kerk op 'n mikrovlak wees. Die selgemeentemodel raak alle aspekte van die kerk en die bedieningspraktyk. Alle terreine van die gemeente word daardeur geraak. "Die selgemeente word as die primêre groep in die kerklike lewe

beskou en beskik daarom oor 'n hoë mate van selfstandigheid ten opsigte van byeenkomste en praktiese reëlings. 'n Selgemeente is meer as 'n Bybelstudie- of gebedsgroep, 'n dissipelskapgroep of 'n koinoniagroep want dit funksioneer nie slegs op een spesifieke terrein nie maar op almal" (Potgieter 1995:48).

### 3.3.1 Die Potgietermodel skematies voorgestel




(Potgieter 1995:99,111)

Die leierskapstruktuur van Potgieter se selgemeentes toon 'n sterk ooreenkoms met die Neighbour model. Die selgemeentes word bedien deur herderleiers. Oor elke vier selgemeentes is daar 'n opsiener wat toesig hou oor die herderleiers en die versorging van die selgemeentes. Vir elke drie of vier opsieners in die struktuur is daar een leraar. Weereens het ons ook hier met 'n multivlak van leierskap te make. Deur duplisering kan 'n groot gemeente effektief op hierdie model bestuur word.

### 3.3.2 Gevolgtrekkings

1. Die grootste aanwins van die model is die feit dat die model "verbruikers-vriendelik" vir die Gereformeerde tradisie is.

2. 'n Verdere pluspunt is die rol wat koinonia in die model speel. Potgieter meen dat die gemeente weer klein genoeg moet wees om onderlinge liefde prakties te kan beleef (Potgieter 1995:1). As gevolg van die gebrek aan koinonia, het die kerk vir die deursnee lidmaat irrelevant begin word.
3. Die selgemeentemodel is dus 'n poging om weer die kerk relevant te maak vir die deursnee lidmaat.
4. Die skrywer meen dat die selgemeentemodel van Potgieter 'n antwoord kan wees op die bedieningskrisis van die Ned. Geref. Kerk wat in 'n verkondigingsmodel vasgevang is.

# HOOFSTUK 8

## *Samevatting en gevolgtrekkings*

### *1. Samevatting*

Hierdie studie het homself besig gehou met die volgende vraag: Kan die groei of bestaan van kleingroepe in 'n gemeente 'n invloed hê op die vlak van koinonia wat in daardie gemeente beleef word? Om reg aan die probleemstelling te laat geskied is daar 'n aantal vrae geformuleer om die probleem te beskryf.

Die eerste vraag wat aan die orde gestel was, is die vraag na die kerk- en ampsbegrip waarmee die studie werk. Die vraag kan uitgebrei word om te vra of die kerk- en ampsbegrip 'n invloed het op die belewing van koinonia in die gemeente. Die gevolgtrekking waartoe die studie gekom het, was dat daar 'n noue samehang tussen kerk- en ampsbegrip bestaan. Dit is ook belangrik om 'n goed gefundeerde kerkbegrip te formuleer waarbinne die kleingroep kan funksioneer. Dit bepaal weer die vlak van koinonia wat in die kerkbegrip moontlik sal wees.

'n Kerk- en ampsbegrip wat ruimte maak vir die "liggaam-van-Christus"- metafoor is die beste geskik vir die belewing van koinonia in 'n gemeente.

Die volgende vraag vra na die ekklesiologiese model wat nodig is om 'n kleingroep-bediening te akkommodeer. Vier modelle is vir die doel ondersoek en daar is gevind

dat die liggaams- of charismatiese model aan die vereistes voldoen om die vlak van koinonia in die gemeente te verhoog.

Dit was verder die doel van die studie om die rol van koinonia in kleingroepe by die doelwitte van 'n gemeentebouprogram te laat inpas. Die konklusie waartoe die studie gekom het, is dat 'n effektiewe gemeentebouprogram nie bloot die daarstel van nuwe strukture is nie, maar 'n pastorale proses is wat die lidmaat moet lei tot geloofsvolwassenheid. Hierdie groei na geloofsvolwassenheid kan alleen bereik word wanneer die volgende prosesse in die gemeente werksaam is:

- Visie
- Verbintenis of "Commitment"
- Koinonia en
- Diens

Die rol van koinonia in kleingroepe, in die opbou van die gemeente, is dus niks anders as 'n proses van geloofsgroei na geloofsvolwassenheid nie. Dit is vir die skrywer die doel van gemeentebou.

Vanuit hierdie teoretiese onderbou is die vraag gevra na die rol van koinonia in die kleingroep. Die woord koinonia word verduidelik as daardie diep innige omgang van mense met mekaar in liefde. Dit is 'n term wat verwys na die diep lewens- en lotsverbondenheid wat 'n Christelike geloofsgemeenskap met mekaar deel. Die studie het juis bevind dat koinonia, wat as een van die wesenskenmerke van die kerk bekend staan, een van die mees afgeskeepte kenmerke van die kerk is. Die rede vir

hierdie onderbeklemtoning van koinonia in die kerk, kan toegeskryf word aan die model waarmee die kerk tradisioneel gewerk het, naamlik die sogenaamde "Herder-kudde"- of verkondigingsmodel.

Daar bestaan dus 'n paradoks in die kerk. Aan die eenkant is daar 'n behoefte aan koinonia, maar aan die anderkant bestaan daar 'n bedieningspraxis wat nie ruimte bied vir die belewing van koinonia nie. Die postmoderne mens in sy soeke na koinonia sal die kerk uiteindelik na 'n paradigmaskuif in sy bedieningspraxis dwing.

'n Sentrale uitgangspunt van die studie is om 'n direkte verband te vind tussen koinonia en die kleingroep. Die kleingroep is vir die studie die ruimte waarbinne koinonia uitgeleef moet word. Indien dit waar is, moes die studie die vraag na die funksionering van die kleingroep beantwoord. Die studie het in hierdie verband gekies vir die selgemeentekonsep. Die selgemeentekonsep beteken dat die lewe van die gemeente in die kleingroep plaasvind. Die verskillende selgemeentes vorm saam 'n gemeenteverband wat sy uitdrukking vind in 'n "celebration"- of 'n "vierings"-geleentheid.

Die studie het tot die konklusie gekom dat 'n kerk wat in die nuwe millennium relevant wil wees, 'n keuse sal moet maak vir 'n bedieningspraxis wat ruimte maak vir die belewing van koinonia in kleingroepe.

## 2. *Gevolgtrekkings*

1. Die hipotese waarmee die studie begin het, was om te beweer dat 'n gemeente sy vlak van koinonia kan verhoog deur 'n bedieningspraxis van kleingroepe.

Dit was duidelik in die literatuur dat koinonia as een van die wesenskenmerke noodsaaklik is vir die voortbestaan van die kerk. Die probleem was dat die tradisionele model nie ruimte daarvoor gehad het nie. Die skrywer meen dat die studie genoegsame getuienis bied om te bewys dat die vlak van koinonia wel verhoog kan word deur 'n kleingroepbediening.

2. 'n Tweede hipotese van die studie was om te beweer dat koinonia in kleingroepe die doelwit van 'n gemeentebouproses kan word om lidmate te lei tot geloofsvolwassenheid.

Die uitgangspunt van hierdie studie was om te bewys dat gemeentebou nie bloot die daarstel van nuwe strukture is nie, maar dat dit 'n proses is wat die lidmaat moet lei na geloofsvolwassenheid. Geloofsgroei kan egter net plaasvind waar mense by mekaar betrokke raak in koinoniale verbande. Die kleingroep is vir die skrywer die mees geskikte plek waar hierdie koinoniale verbande uitgeleef kan word. Die belewing van koinonia in die kleingroep lei so tot die groei van die lidmate tot geloofsvolwassenheid, wat ook die doel van gemeentebou is.

3. Die derde hipotese stel dit dat 'n suksesvolle kleingroepbediening rekening moet hou met die kerk- en ampsbegrip waarmee gewerk word.

Geen prakties-teologiese studie vind in 'n vakuum plaas nie. Die kerk- en amps-begrip waarmee die studie werk, bepaal die ekklesiologiese model van die studie. Die skrywer as intersubjektiewe binnestaander het as ekklesiologiese model die "liggaam-van-Christus-model" gekies, omdat dit vir hom die aangewese ruimte bied vir die funksionering van koinonia.

4. Die vierde hipotese stel dit duidelik dat die skrywer meen dat die "Liggaam-van-Christus-model" die beste geskik is vir die daarstelling van 'n kleingroep-bediening, waar koinonia tot sy reg sal kom.

Die skrywer meen dat die studie ook hierdie hipotese bewys het. Geen ander ekklesiologiese model is geskik om koinonia te fasiliteer nie. Alleen die liggaamsmodel bied die ruimte vir kleingroepe waarin koinonia tot sy reg kan kom.

5. In die laaste plek het die studie vir die "selgemeentekonsep" gekies. Die selgemeentekonsep beteken dat alle werksaamhede van die gemeente in die kleingroep sentreer. Die selgemeentes vorm saam 'n groot geloofsgemeenskap of gemeente. Alle gelowige gesinne en enkelinge behoort intieme lewens-gemeenskap met medegelowiges in 'n selgemeente te beleef.

### 3. *'n Eietydse koinoniale diensmodel*

Die doel van hierdie punt is om, met inagneming van die gevolgtrekkings waartoe die studie gekom het, 'n eietydse praktykteorie te formuleer vir 'n gemeente wat met die koinoniamotief wil funksioneer. Dit is nie die doel om hier 'n volledige struktuur vir die funksionering van 'n gemeente uit te werk nie, aangesien die studie reeds in beginsel die selgemeentemodel as bedieningspraxis gekies het. 'n Eietydse koinoniale diensmodel vir 'n praktykteorie wil die konsepte van koinonia en diens in 'n gemeente konseptualiseer.


Die koinoniale diensmodel werk dus met die twee konsepte "koinonia" en "diakonia". Aangesien hierdie twee konsepte reeds volledig in die studie behandel is, gaan hier volstaan word met die implementering van koinonia en diakonia in die koinoniale diensmodel. Hiermee herbevestig die studie die posisie van koinonia en diens as twee belangrike wesensfunksies van die kerk.

Die koinoniale diensmodel gaan uit van vier koinoniale diensmodi in die daarstel van 'n praktykteorie:

1. Koinoniale diens-na-bo.
2. Koinoniale diens-na-binne.
3. Koinoniale diens-na-buite.
4. Koinoniale diens-na-vore.

Skematies kan die model soos volg saamgestel word:

***Skema 1***




***Sleutel tot die skema:***

*1. Gesin*

*2. Sel- of kleingroep*

*3. Gemeente*

*4. Wêreld*

*5. Koinoniale diens-na-bo*

*6. Koinoniale diens-na-binne*

*7. Koinoniale diens-na-vore*

*8. Koinoniale diens-na-buite*

Die model word gekonstrueer uit verskillende groterwordende konsentriese sirkels. Hierdie sirkels stel die verskillende "groepe" voor wat in 'n gemeente bestaan. Die model kies dus vir die liggaam-van-Christus-model as ekklesiologiese uitgangspunt en erken die bestaan van 'n verskeidenheid van groepe in die gemeente.

Die sirkels moet ook gesien word as 'n wiel in beweging. Hierdie wiel is besig om vorentoe te beweeg en dui op die groei in geloofsvolwassenheid van 'n gemeente. Dit is uiteindelik die doel van enige gemeentebouproses. Dit is die mening van die skrywer dat indien hierdie koinoniale diensmodel met sy vier koinoniale diensmodi in 'n gemeente gerealiseer word, dit die vlak van koinonia in die gemeente gaan verhoog. 'n Verdere implikasie is dan dat daar groei begin plaasvind - nie bloot numeriese groei nie, maar organiese groei na geloofsvolwassenheid.

Om die model te verstaan is dit nodig om die skema te verduidelik:

1. Die eerste sirkel waarmee die model werk is die gesin of familiekring. Die studie gaan van die standpunt uit dat die gesin of die familie die kern is van elke kleingroep in 'n gemeente. Dit kan ook as 'n gemeente in die kleine bestempel word. Die "vader" figuur in 'n ideale gesinstruktuur funksioneer as die "priester" van sy huis.
2. Die tweede konsentriese sirkel verwys na die "uitgebreide gesin" of "extended family", wat ons ook noem die selgroep of kleingroep. Die studie het reeds aangetoon dat die sel- of kleingroep die basiese bousteen van 'n gemeente is. Naas die familiekring is die kleingroep die belangrikste groepering in die gemeente. Die kleingroep is egter niks anders as 'n verlengstuk van die huisgesin

nie, en daarom bestaan die ideale kleingroep uit 'n aantal huisgesinne wat 'n verbintenis aangaan om met mekaar 'n geloofspad te loop. Die kleingroep is die plek in die gemeente waar koinonia beleef word en diens aan mekaar en die gemeente geleer word. Anders gestel - die kleingroep is 'n inkubator vir die belewing van koinonia en diens in 'n gemeente. Indien die gelowige lidmaat nie in die kleingroep koinonia en diens beleef nie, gaan die model misluk. Daarom is die vlak van leierskap in die kleingroep van die uiterste belang vir die sukses van hierdie model.

3. 'n Fundamentele uitgangspunt van die studie, is dat die kleingroepe nie onafhanklik van mekaar kan funksioneer nie. Hierdie is dus nie 'n huiskerk model nie. Alhoewel die kleingroepe of selgemeentes die kenmerke dra van 'n gemeente in die kleine, staan hulle nie onafhanklik van mekaar nie. Daar bestaan dus 'n verband tussen die groepe wat ons gemeente noem. Die derde konsentriese sirkel gee dus uitdrukking aan hierdie verband waarbinne die kleingroepe of selgemeentes funksioneer. Die kollektiewe uitdrukking van koinonia en diens in die gemeente vind sy kulminasiepunt in die erediens. Die erediens word nou 'n kollektiewe geleentheid van "viering" of "celebration" vir die kleingroepe.

4. 'n Gemeente leef egter nie in 'n vakuum nie - derhalwe vorm die "Wêreld" die vierde konsentriese sirkel waarbinne die gemeente leef en werk. "Wêreld" in hierdie konteks het twee betekenisse. Eerstens verwys dit na die leefwêreld waarbinne die gelowiges leef en werk, en tweedens verwys "wêreld" na die sekulêre leefwêreld buite die koninkryk van God. 'n Gemeente wat net na binne groei en werk, stagneer en sterf. Daarom moet 'n gemeente gerig wees op die materiële en geestelike nood van die wêreld. Dit is die sendingopdrag van die kerk (vgl. Matt. 28:19).

Die gemeente se verantwoordelikheid eindig dus nie in die versorging van lidmate in 'n kleingroep, of in die groter gemeente opset nie. 'n Gemeente moet 'n gerigtheid na buite hê wat ons sy "missionêre gerigtheid" noem.

Om die ideaal van 'n koinoniale diensmodel te bereik, onderskei ons die vier modi wat die konsepte van koinonia en diens fasiliteer.

**3.1 Koinoniale diens-na-bo**

Koinonia en diens begin in 'n verhouding met die drie-enige God. Die doel van kerkwees, is om in 'n verhouding met God te staan. Hierdie verhouding het 'n dubbele gerigtheid. Die gelowiges staan individueel en kollektief in 'n verhouding met God. Hierdie verhouding tussen God en gelowige word onder andere gekenmerk deur die elemente van aanbidding, lofprysing, vreugde, ootmoed, sondebelydenis en berou.

Koinoniale diens-na-bo, is gerig op God. Hierdie gerigtheid staan in die teken van 'n innige verbondenheid met God deur Jesus Christus en word gedra en bewerk deur die Heilige Gees. Om God te dien beteken dus om jouself te gee (vgl. Rom 12:1).

Die tweede gerigtheid van 'n koinoniale diens-na-bo, is die gerigtheid van God na die gelowige. God reik uit na die gelowige deur onder andere liefde en sondevergifnis. In die koinoniale diens-na-bo vind die intieme verhouding tussen God en gelowige plaas.

### 3.2 Koinoniale diens-na-binne

In die eerste koinoniale diensmodus is daar gefokus op die verhouding tussen God en die gelowige. Hier gaan dit om die onderlinge verhoudinge na binne. 'n Koinoniale diensmodus na binne, fokus op die innige verbondenheid wat daar binne 'n gemeente moet wees. Hierdie verbondenheid het twee fokuspunte: koinonia en diens. Koinonia beteken daardie diep innige omgang van mense met mekaar in liefde. Diens neem daardie diep innige omgang verder in die fisiese en materiële versorging van mekaar. In hierdie koinoniale diens-na-binne, vind die opbou van "mekaar" hoofsaaklik in die kleingroep plaas, maar het 'n effek deur die hele gemeente wat as die liggaam van Christus funksioneer.

### 3.3 Koinoniale diens-na-buite

Die derde koinoniale diensmodus is die gerigtheid na buite. Dit gaan hier om die koinoniale diens aan die wêreld - die missionêre gerigtheid van die gemeente. Hierdie koinoniale diens geskied op verskeie wyses:

- Die verkondiging van die Evangelie - kerugmatiese moment.
- Die uitleef van God se liefde in die wêreld - koinoniale moment.
- Die aanspreek van die nood van die wêreld - diakonia moment.

Dit beteken prakties dat die kerk na buite in 'n nuwe verhouding met die wêreld moet kom staan. Hierdie verhouding het die volgende kenmerke:

### 3.3.1 Outentisiteit

Die kerk sal eerlik en opreg die nood van die wêreld moet raaksien, en nie bloot die evangelie bring nie, maar ook in die materiële en fisiese nood van die wêreld moet voorsien.

### 3.3.2 Empatie

Die kerk kan nie meer ongevoelig staan ten opsigte van die behoeftes van die noodlydende nie. Koinoniale diens beteken empatiese meeleef met die nood van die wêreld.

### 3.3.3 Kontekstuele bewustheid

Dit beteken dat die kerk nie meer in sy "ivoortoring" kan wegkruip nie, maar kerk op die markplein sal moet word. Die kerk sal sy konteks moet verstaan waarbinne hy funksioneer. Koinonia en diens vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar in 'n sekere konteks.


## 3.4 Koinoniale diens-na-vore

Die vierde koinoniale diensmodus is 'n gerigtheid na vore. Wanneer koinoniale diens-na-bo, na binne en na buite in 'n gemeente begin realiseer, vind daar 'n beweging na vore plaas. Hierdie groei na vore is die groei na geloofsvolwassenheid.

Die vier modi vorm saam 'n eenheid wat die skrywer wil tipeer as die funksionering van die kerk as die liggaam van Christus.

'n Gemeente wat die koinoniale diensmodel toepas sal begin ervaar dat die vlak van koinonia in die gemeente toeneem. Koinonia in die gesin en die kleingroep loop uit op die kollektiewe viering van koinonia en diens in die erediens. Skematies kan dit soos volg voorgestel word:

***Skema 2***




***Sleutel tot die skema:***

*1. Viering of "celebration" (die erediens)*


*2. Die gemeente*

*3. Sel- of kleingroepe*

Indien koinonia en diens dus binne die gesin en die kleingroep funksioneer, sal dit oorspoel na die erediens en verder na die wêreld.

Hoe lyk 'n gemeente wat op die koinoniale diensmodel geskoei is? Sonder om die struktuur van die "selgemeente-"model hier te dupliseer, kan die volgende basiese uitgangspunt vir die funksionering van 'n gemeente op die koinoniale diensmodel gegee word:

*Skema 3*




'n Gemeente kan nie in 'n koinoniale diensmodel met tradisionele strukture funksioneer nie . In die koinoniale diensmodel is die volgende belangrik:

1. Alle lidmate behoort in 'n kleingroep of 'n selgemeente opgeneem te wees.
2. Die kerkraad word vervang met 'n gemeentelike dienskommissie wat bestaan uit:
   - Leiers van die kleingroepe
   - Kundiges
   - Leraars
3. Die gemeentelike dienskommissie is nie meer die toppunt van 'n hiërargiese struktuur nie - die kommunikasielyn is nou van bo na onder.
4. Die opdrag van die gemeentelike dienskommissie kan kortliks soos volg saamgevat word:
   - Die fasilitering van die vier fokusareas wat reeds hierbo bespreek is.
   - Leierskapsontwikkeling.
   - Hantering van sake van algemene belang (byvoorbeeld fondse, terreine ens.)

Die skrywer meen dat indien die kerk die paradigmaskuif na die koinoniale diensmodel wil neem, daar ongekende groei in die kerk sal plaasvind. Groei - nie noodwendig slegs in getalle nie - maar geloofsgroei na geloofsvolwassenheid. Die skrywer is deeglik daarvan bewus dat hierdie voorgestelde koinoniale diensmodel tesame met die selgemeente struktuur 'n groot stap vir 'n kerk soos die Ned. Geref. Kerk sal wees. Hoopvolle tekens is egter orals in die kerk te sien en die skrywer meen dat as die paradigmaskuif in die kerk met liefde en omsigtigheid hanteer word, die vernuwing uiteindelik tot groot seën vir die kerk sal wees.

## Geraadpleegde werke

**Aldrich, J. C. 1981.** *Life style Evangelism. Crossing traditional boundaries to reach the unbelieving world.* Portland, Oregan: Multnomah Press.

**Anderson, P. A. 1964.** The group member becomes a servant. *Pastoral psychology,* 5: 4-24.

**Antonites, A. J. 1990.** Paradigma - verandering, relativisme en rasionaliteit. *Hervormde Teologiese Studies,* 46(3):312-322.

**Aquirre, R. 1985.** Early christian house churches. *Theology Digest,* 32(2):151-155.

**Arnold, J. 1992.** *The big book on small groups.* Downers Grove, Ill: Intervarsity Press.

**Ashbrook, J. B. 1970.** Small group as as instrument in personal growth and organizational change. *Journal of pastoral care,* 24:178-192.

**Ashbrook, J. B. 1964.** Theological dimensions of renewal through small groups. *Pastoral psychology,* 15:23-32.

**Birkley, D. 1991.** The house church: A missiological model. *Missiology,* 19(1):69-80.

**Bisschoff, J. 1993.** Die spanning tussen die versorging - en missionêre dimensie in gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 8(1):42-56.

**Bonhoeffer, D. 1971.** *Das wesen der kirche.* München: Kaiser Verlag.

**Branick, V. P. 1989.** *The house church in the writings of Paul.* Wilmington, Del: Michael Glazier.

**Britz, R. M. 1997.** Kleingroepbediening in die Ned Geref Kerk. 'n Kerkhistoriese perspektief. Ongepubliseerde voordrag tydens die teologiese dag van die Universieteit van die Vrystaat, 11 Februarie 1997.

**Burger,C. & Simpson, N. 1997.** *Bybelstudiegroepe Poorte vir die Genade.* Kaapstad: Lux Verbi.

**Burger, C. 1991.** *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi.

**Burger, C. 1995.** Die Kerk as familie van God - 'n verwaarloosde metafoor? Ongepubliseerde voordrag voor die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid Afrika, Januarie 1995.

**Burger, C. 1995.** *Gemeentes in transito, Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.* Gemeente en bediening 3. Kaapstad: Lux Verbi.

**Buys, F. 1988.** Kerkgroei: 'n kritiese evaluering van die kernaspekte van die Church growth movement. *In die skriflig,* 22(87):2-16.

**Die Bybel. 1983**. *Die Afrikaanse Bybel* - Nuwe vertaling. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Callahan, K. L. 1983.** *Twelve keys to an effective Church.* San Francisco: Harper Collins.

**Campbell, J. Y. 1932.** Koinonia and its cognets in the New Testament. *JBL* 51.

**Carrol, J. W. (Red.) 1990.** *Handbook for congregational studies.* Nashville: Abingdon Press.

**Cho, P. Y. 1981.** *Successful home cell groups.* Plainfield, NJ: Logos international.

**Cloete, G. J. 1998.** Die funksionering van die algemene priesterskap van gelowiges binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n teorie en 'n ekklesiologiese model. Dth.- verhandeling, UNISA, Pretoria.

**Barnard, A. C. 1979.** *Evangelistiek.* Onder red. van J J de Klerk, Pretoria: NGKB

**Dressel, L. C. 1984.** Die funksionering van die kleingroep in die kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 25(4):425-429.

**Dulles, A. 1985.** *Models of the church.* Goldenbridge: Gill and Macmillan.

**Du Plessis, W. J. 1991.** Mth.- Aantekeninge.

**Du Rand, J. A. 1985.** Dinamiek van Christenskap - Koinonia. *Fax Theologica,* 5(1): 5-77.

**Edgar, R. A. 1964.** The listening structured group. *Pastoral psychology,* 5:7-13.

**Ellis, E. E. 1989.** *Pauline Theology: ministry and society.* Grand Rapids: Eerdmans.

**Firet, J. 1970.** De plaats van de praktische theologie in de nieuwe structuur van de theologische wetenschap. *Rondom het Woord,* 12.

**Foster, A. L. 1976.** *The house church evolving.* Chicago, Ill: Exploration Press.

**Garbers, G. G. (red).1996.** *Doeltreffende geestes-wetenskaplike navorsing.* Pretoria: J L van Schaik.

**George, C. F. 1992.** *Prepare your church for the future.* Grand Rapids: Flemming H. Revell.

**George, C. F. 1994.** *The comming church revolution. Empowering Leaders for the future*. Grand Rapids: Flemming H. Revell.

**Gibbs, E. 1982.** *I believe in Church Growth*. Grand Rapids: Eerdmans.

**Guba, E. G & Lincoln, Y. S. 1989**. *Fourth Generation Evaluation*. Newbury Park: Sage Publications.

**Healey, J. G. 1986.** Basic christian communities: Church centered or world - centered. *Missionalia*, 14(1):14-32.

**Heitink, G. 1993.** *Praktische theologie: geschiedenis theorie handelingsvelden.* Kampen: Kok.

**Hendriks, H. J. 1986.** Vernuwing in die bedieningstruktuur. *Ned. Gerf. Teologiese Tydskrif*, 27(1):72-85.

**Hendriks, H. J. 1988.** Tendense in die Amerikaanse kerklike situasie en moontlike implikasies daarvan vir die kerk in SA. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 29(1):41-54.

**Hendriks, H. J. 1990.** Bedieninge in en deur die gemeente 'n Praktiese-Teologiese Basisteorie. *Praktiese Teologie in S.A.*, 5(1):19-42.

**Hendriks, H. J. 1991.** Die kerk op sy soektog na die afgedwaaldes. Die opbou van die gemeente met die oog op sy soektog. Ongepubliseerde lesing, Stellenbosch.

**Hendriks, H. J. 1992.** *Strategiese beplanning in die gemeente*. Wellington: Hugenote-uitgewers.

**Hendriks, H. J. 1993.** Konflik en diversiteit in die gemeente: fases waarin groepe verkeer. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2):95-114.

**Hendriks, H. J. 1995.** South African Denominational Growth and Decline 1911 - 1991. *Journal of Theology for Southern Africa,* 91;35-58.

**Hendriks, H. J. 1996.** Kerkspieël IV en die NGK statistiek in die wyer perspektief van die Suid - Afrikaanse Bevolkingsensusse 1911 - 1991. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 37(1):138-145.

**Hendriks, H. J. 1996a.** Modernisme: Tendiepste ons identiteit. Ongepubliseerde lesing, Stellenbosch.

**Hendriks, H. J. 1996b.** Kerklike Megatrends: Bedieningsimplikasies. Ongepubliseerde lesing, Stellenbosch.

**Heyns, L. M. 1988.** Herstrukturering met die oog op doeltreffender stadsbediening. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 29(1):55-60.

**Heyns, L. M & Pieterse, H. J. C. 1990.** *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis.

**Heyns, J. A. 1977.** *Die Kerk.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

**Holmberg, B. 1980.** *Paulinishe literatur und Theologie.* onder red. van S Pedersen. Goltingen: Van den Hoeck en Ruprecht.

**Icenogle, G. W. 1994.** *Biblical Foundations for small group ministry. An integrational approach.* Downers Grove, Ill: Intervarsity Press.

**Kellerman, J. S. 1993.**Gemeentebou: vertrekpunte vanuit 'n basisteorie. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 34(3):331-344.

**Kellerman, J. S. 1997.** Die praktyk van 'n Kleingroepbediening. Ongepubliseerde voordrag tydens die teologiese dag van die Universieteit van die Vrystaat, 11 Februarie 1997.

**Kirkpatrick, T. G. 1995.** *Small groups in the Church, A handbook for creating community.* New York: Alban Institute publication.

**Kloppers, M. H. O. 1988.** *Gereformeerde Ampsbediening*. onder red. van P J Rossow. Pretoria: NGKB.

**Kotze, D. J. 1987.** 'n Perspektief vanuit die sisteembenadering op die benutting van die kleingroep in gemeentebou. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, Deel 28(3):170-175.

**Kuhn, T. S. 1962.** *The structure of scientific revolutions*. Chicago: The University of Chicago Press.

**Leslie, R. C. 1971.** *Sharing groups in the church. An invitation to Involvement.* Nashville: Abingdon Press.

**Leslie, R. C. 1964a.** Small groups in the church. *Pastoral psychology*, 5:5-6.

**Leslie, R. C. 1964b.** The Uniqueness of small groups in the church. *Pastoral psychology*, 5:33-40.

**Louw, D. J. 1985.** *Die opbou van die gemeente in 'n veranderende samelewing.* In "Op die Breuklyn". Kaapstad: N G Kerk Uitgewers.

**Louw, D. J. 1988.** Gesinspastoraat as 'n sisteembediening aan die verbondsgesin. *Praktiese Teologie in Suid - Afrika*, 5:39-65.

**Louw, D. J. 1989.** Spiritualiteit as Bybelse vroomheid in die Teologie en die gemeeentelike bediening. *Praktiese Teologie in Suid Afrika*, 4:2, Pretoria: NGKB.

**Louw, D. J. 1990.** Charisma en amp: Op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 31(2):220-239.

**. J. 1992a.** Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir ›ou. Ongepubliseerde studie Stellenbosch.

**1992b.** Die pastorale ontmoeting. Ongepubliseerde boek Stellenbosch.

**& Nida, E. A. (Red) 1988.** *Greek - English Lexicon of the New sed on semantic domains*, vol 1, United Bible Societies.

**1984.** Dienswerk 'n eietydse bedieningsmodel vie die opbou van die .- verhandeling, UNISA, Pretoria.

**992.** Koinonia in die stad. Verhoudinge in die stadsgemeentes van die Ned. Geref. Kerk. MTh.- Verhandeling, Universiteit Van Stellenbosch.

**Mac Arthur, J. 1984.** *The anatomy of a Church*. Chicago: Moody Press.

**Maddocks, M. 1981.** *The Christian Healing Ministry*. London: SPCK.

**Mead, L. B. 1993.** *More than numbers. The ways churches grow*. New York: Alban Institute publication.

**Miller, C. J. 1986.** *Outgrowing the ingrown Church.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

**Mowrer, O. H. 1972.** Is the small group movement a religious revolution? *Pastoral psychology*, 23:19-22.

**Müller, J. C. 1999.** 'n Nuwe millenium: uitdagings vir die Kerk. In: Die NG Kerk-gereed vir die nuwe millennium? Universiteit van Pretoria.

**Neighbour, R. W. 1994.** *The Shepherd's guidebook.* Singapore: BAC Printers.

**Neighbour, R. W. 1990.** *Where do we go from here? A guidebook for the cell group church.* Houston: Touch Publications.

**Nel, M. 1986.** Teologiese perspektiewe op gemeentebou. *Universiteit van Pretoria Teologiese studies*, Pretoria: NGKB.

**Nel, M. 1993.** Gemeentebou: dinamiese kragte in die vernuwingsproses. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 8(2):115-125.

**Nel, M. 1995.** Gemeentebou: 'n Reformatoriese bediening. *Hervormde Teologiese Studies*, 5(1):858-864.

**Oosterbrink, J. W. 1996.** Korporatiewe Spiritualiteit en kleingroepleierskap. Th.D-verhandeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

**Overduin, J. 1974.** *Worden als een man.* Wageningen: Zomer en Keunig Boeken B.V.

**Pattison, E. M. 1977.** *Pastor and Parish - A Systems Approach.* Philadelphia: Fortress Press.

**Peck, M. S. 1987.** *The different Drum: Community - making and peace.* New York: Simon & Schuster.

**Potgieter, M. 1995.** 'n *Nuwe Bybelse lewenswyse: Die Selgemeente.* George: Lewensvreugde.

**Richards, L. O. 1970.** *A new face for the Church.* Grand Rapids: Zondervan.

**Richards, L. O. 1987.** *99 idees om 'n Bybelstudiegroep te begin en te laat groei.* Oorsproklik in Engels uitgegee, Zondervan, Grand Rapids. Afrikaanse vertaling, van der Merwe, AC. Kaapstad: Lux Verbi.

**Sherman, L. L. 1993.** The big news in church growth - Is your church small enough..? *Covenant Quaterly,* 51:3-9.

**Smuts, M. (red.)1993.** *Kerkspieël IV.* Pretoria: NGKB.

**Theron, P. F. 1978.** *Die Ekklesia as kosmies-eskatologiese teken. Die eenheid van die Kerk as "profesie" van die eskatologiese vrede.* Pretoria: NGKB.

***The Westminster Confession of Faith,* 1990.** Atlanta: Committee for Christian Education & Publications.

**Trudinger, R. 1984.** *Cells for life. Home groups: God's strategy for church growth.* South Plainfield, NJ: Bridge Publishing.

**Van Ruller, A. A. 1971.** *Theologisch werk deel III.* Nijkerk: Callenbach.

**Van Rensburg, J. J. 1997.** Kleingroepe mits...! 'n Diakoniologiese Benadering. Ongepubliseerde voordrag tydens die teologiese dag van die Universieteit van die Vrystaat, 11 Februarie 1997.

**Veldkamp, H. 1948.** *Zondags kinderen. Kanttekeningen bij de Heidelbergse catechismus, zondag 1 - 22.* Frankener: Uitgeverij T. Wever B.V.

**Versteeg, J. P. 1988.** *Gereformeerde Ampsbediening.* Onder red. van P J Rossow. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

**Visagie, J. 1985.** Enkele opmerkings oor Kuhn se paradigma - begrip. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 21(1):17-26.

**Vorster, J. M. 1993.** Die koninkryk van God as paradigma vir kerkvernuwing. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 34(4):522-531.

**Wessels, J. S. F.1982.** Die psigo-pastorale potensiaal van koinonia in die gemeente. MTh- verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

**Wiliamson, D. 1967.** Small groups in the Church: problems and dangers. *Pastoral psychology*, 18(172):42-50.

**Wismer, E. 1967.** Small groups and church renewal. *Pastoral psychology*, 18:7-13.

**Wuthnow, R. 1994.** *Sharing the journey. Support groups and America's quest for community*. New York: The Free Press.